Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

WOORDE EN DADE VAN JESUS

Deur

Dr. PJS de Klerk

Professor aan die Teologiese Skool

en die P.U. vir C.H.O. Potchefstroom.

Inhoud

VOORWOORD **6**

Hoofstuk I **7**
DIE VERSOEKING IN DIE WOESTYN 7
A. DOEL VAN DIE VERSOEKING 7
B. Die Versoeking self 7
C. Slot 9

Hoofstuk II **11**
DIE EERSTE DISSIPELS EN DIE EERSTE WONDERWERK 11
A. Die eerste Dissipels 11
B. Die eerste Wonderwerk, die Bruilof in Kana 12
C. Die Wonders van Jesus 14

Hoofstuk III **15**
DEUR SAMARIA NA NASARET 15
A. Jesus in Samaria 15
B. Genesing van die Seun van die koninklike Beampte 17
C. Jesus in Nasaret 17

Hoofstuk IV **20**
JESUS IN KAPERNAÜM 20
A. 'n Sabbat in Kapernaüm 20
B. RONDREIS DEUR GALILEA 21
C. Teruggekeer in Kapernaüm 22

Hoofstuk V **24**
JESUS IN JERUSALEM 24
A. Genesing van die verlamde man in Betesda 24
B. Jesus se Verantwoording, Sy skitterende Redevoering 25

Hoofstuk VI **28**
WEER TERUG IN GALILEA 28
A. Die Roeping van die twaalf Apostels 28
B. Die Bergrede 29

Hoofstuk VII **32**
JOHANNES DIE DOPER IN DIE GEVANGENIS 32
A. Die Oorsaak van Johannes se Gevangeneming 32
B. Sy Twyfel 32
C. Jesus se Antwoord 33
D. Jesus verdedig Johannes 33
E. Die Geslag vol Willekeur 34

Hoofstuk VIII **36**
DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE EN SY BOTSING MET DIE RYK VAN SATAN 36
A. Die Koninkryk het naby gekom 36
B. Die Koninkryk word openbaar in die krag en die Gees van God 36
C. Die Koms van die Koninkryk wek Laster en Vyandskap 37

Hoofstuk IX **40**
PREDIKING DEUR GELYKENISSE 40
A. Die Wysiging in Jesus se Gedragslyn 40
B. Doel van die Gelykenisse 40
C. Indeling van die Gelykenisse 41
D. Eerste Groep van Gelykenisse 41
E. Die Huisheer en sy Skat 44

Hoofstuk X **45**
WORSTELING MET DIE BOSE 45
A. Die Storm in die Nag 45
B. Die Besetene van Gádara 46

Hoofstuk XI **49**
DIE BROOD VAN DIE LEWE 49
A. Inleiding 49
B. Die Eerste Wonderlike Spysiging 49
C. Die Kritieke Oomblik 50
D. Die Storm 50
E. Die Rede van Jesus in Kapernaüm 51
F. Die Krisis 52

Hoofstuk XII **53**
IN DEKÁPOLIS EN SESAREA-FILIPPI 53
A. Jesus in Dekápolis 53
B. In Sesarea-Filippi 54

Hoofstuk XIII **57**
DIE VERHEERLIKING OP DIE BERG EN DIE MAANSIEKE KIND 57
A. Op die Berg 57
B. Die Verheerliking 57
C. Afdaling van die Berg 59
D. Die Maansieke Kind 59

Hoofstuk XIV **61**
DIE REIS DEUR SAMARIA NA JERUSALEM 61
A. Die Komende Huttefees 61
B. Die Samaritane wys Hom af 61
C. Die Navolging van Christus 62
D. Arbeiders in sy Oes 63
E. Vervloeking van die Stede van Galilea 63
F. Terugkeer van die Sewentig 63
G. Die Wyse en die Kindertjies 64
H. Die Profete en die Dissipels 64

Hoofstuk XV **65**
DIE LEWENDE WATER 65
A. Die Huttefees 65
B. Jesus op die Huttefees 65
C. Die Lewende Water 67
D. TWEEDRAG EN VERVOLGING 67
E. Geestelike Betekenis van die Huttefees 68

Hoofstuk XVI **69**
DIE LIG VAN DIE WÊRELD 69
A. Die Oorspelige Vrou 69
B. Die Lig van die Wêreld 70
C. Genesing van die Blindgeborene 71

Hoofstuk XVII **74**
DIE BAND AAN DIE VERLORENE 74
A. Inleiding 74
B. Die Band van die Herder aan 'n verlore skaap 74
C. Die Band van 'n Vrou aan 'n verlore Penning 75
D. Die Band tussen 'n vader en 'n verlore seun 75
E. Die Oudste Seun 76
F. Samevatting 77

Hoofstuk XVIII **79**
DIE LAASTE REIS NA JERUSALEM 79
A. Begin van die reis na Jerusalem 79
B. Die Vraag oor die Skeibrief 79
C. Jesus seën die kindertjies 80
D. Die Ryk Jongman 80
E. Gelykenis van die Arbeiders in die Wingerd 81
F. Laaste Lydensaankondiging 82
G. Die Vraag van Salomé 82

Hoofstuk XIX **84**
DIE INTOG IN JERUSALEM 84
A. In Betánië 84
B. Die Intog in Jerusalem 85
C. Die Betekenis van die Intog 86
D. Die verdroogde Vyeboom 86
E. Die groot Vloekrede 87

Hoofstuk XX **89**
REDE EN GELYKENISSE OOR DIE WEDERKOMS 89
A. Die Rede oor die Wederkoms 89
B. Die Vyf Verstandige en Vyf Onverstandige Jong Meisies 90
C. Die Talente 91
D. Die Laaste Oordeel 92

Hoofstuk XXI **93**
DIE PAASMAALTYD EN DIE NAGMAAL 93
A. Die Verraad van Judas 93
B. Die Voorbereiding vir die Paasmaaltyd 93
C. Die Opening 94
D. Die Voetwassing 94
F. Die Aanwysing van die Verraaier 95
H. Die hoëpriesterlike Gebed 96
I. Die End van die Paasmaaltyd 96

Hoofstuk XXII **98**
IN GETSÉMANÉ 98
A. Op Pad daarheen 98
B. Die Uur van Benoudheid 98
C. Die Gevangeneming 100
D. Die Jongman 101

Hoofstuk XXIII **102**
DIE VEROORDELING DEUR DIE SANHEDRIN 102
A. Die Voorondersoek 102
B. Voor die Sanhedrin 102
C. Die Verloëning van Petrus 103
D. Die Tweede Sitting 104
E. Saamvatting 104

Hoofstuk XXIV **106**
DIE VEROORDELING DEUR PILATUS 106
A. Jesus na Pilatus gelei 106
B. Jesus voor Herodes 107
C. Jesus en Barabbas 107
D. Die Géseling 108
E. Die Vonnis 109

Hoofstuk XXV 111
DIE KRUISIGING 111
A. Op Pad na Golgota 111
B. Gekruisig 111
C. Die Berouvolle Rower 112
D. Vrou daar is u Seun 112
E. Die Duisternis 113
F. Die Sterwe van Jesus 114
G. Die Tekens 114
H. Die Begrafnis 115

Hoofstuk XXVI 116
DIE OPSTANDING EN DIE VERSKYNINGS IN JUDEA 116
A. Jesus staan uit die graf op 116
B. Die Vroue 116
C. Maria Magdalena 117
D. Petrus en Johannes 117
E. Petrus 118
F. Die Emmaüsgangers 118
G. Die Apostels 119
H. Thomas 119

Hoofstuk XXVII 121
DIE VERSKYNINGS IN GALILEA EN DIE HEMELVAART 121
A. Aan die Meer van Tiberias 121
B. Ampsherstel van Petrus 121
C. Die Koningsverskyning 122
D. Jakobus 123
E. Die Hemelvaart 123

LITERATUUROPGAWE 125

VOORWOORD

Hierdie boek bevat 'n reeks lesings, wat ek gedurende 1950 in die Geloofsleerklas aan die P.U. vir C.H.O. gegee het. Op versoek verskyn hulle nou in druk. Die woorde en dade van Jesus het ek soveel moontlik in chronologiese volgorde geneem. Hierin het ek veral die volgorde van dr J. H. Bavinck in sy *Geschiedenis der Gods-openbaring, N.T.,* gevolg, hoewel ek op 'n hele paar plekke daarvan afgewyk het.

Die woorde van Jesus is op elke konkrete situasie so volledig moontlik uit die vier Evangelies weergegee. Dit kan nie gebeur in die gewone behandeling van die Gewyde Geskiedenis nie. Deur die woorde en dade van Jesus telkens met mekaar in verband te bring, slaan sy woorde baie dieper in. Die beoogde doel was, dat Jesus telkens as 'n lewende werklikheid voor ons staan. Ons vertrou dat hierdie lesings vir Bybelstudiekringe, Jongeliedeverenigings en onderwysers van nut kan wees, dat hulle in wyer kring tot seën mag wees en aan die beoogde doel mag beantwoord.

Die Skrywer.

Potchefstroom, Nov. 1951.

Hoofstuk I

DIE VERSOEKING IN DIE WOESTYN

(Matt. 4:1-11; Mark. 1:12, 13; Luk. 4:1-13)

Ons begin hierdie reeks lesings met die versoeking van Jesus. Eers toe Jesus gedoop en gesalf was met die H. Gees, het sy groot amptelike werk begin. Hy het opgetree as die profeet wat "kragtig was in *werk en woord* voor God en die hele volk" (Luk. 24:19). Deur sy woorde en werke spreek Jesus tot ons, en dwing Hy ons bewondering af.

A. DOEL VAN DIE VERSOEKING

In hierdie versoeking moet ons Jesus sien as die Hoof van die uitverkorenes. In die paradys het ons in Adam met God in 'n verbond gestaan, en dus was ons aan die versoeking van satan onderworpe. Dáár sou dit blyk of die mens, wat tot eer van God geskape was, waarlik tot sy eer sou lewe. En nou lyk dit of satan met die sondeval die pleit teen God vir goed gewin het. Waar Adam ontrou geword het en die guns van die Here verwerp het, daar moet Jesus in die plek van Adam optree. Hy het juis gekom om die werke van die duiwel te verbreek. Sy eerste werk was dus om die stryd teen satan as mense-moordenaar aan te bind. "Waar Jesus in die plek van Adam as ons Hoof optree, daar moet die versoeking opnuut begin. Hy moet in die versoeking nie alleen gehoorsaamheid bewys nie, maar Hy moet ook bedek en versoen wat Adam bederf het. Satan het dit ingesien, dat die geheim van Jesus se krag skuil in sy volkome gehoorsaamheid aan sy Vader. Daarom probeer hy om Jesus tot sonde te verlei en so sy krag te breek.

Waar die eerste Adam vir die listige verleiding van satan beswyk het, daar sal Jesus as die tweede Adam al die aanvalle van die bose afslaan en staande bly in die uur van versoeking. In Hom sal God nou toon, dat die val van die mens nie toegeskrywe moet word aan die onvolmaaktheid van die skepping nie, maar aan die ontrou van die mens. Die volmaaktheid van die skepping sal nou blyk, wanneer die menslike natuur teenoor alle verleiding van satan staande bly. Jesus moes die stryd met satan begin om die skepping van God te red. Sy werk sal begin, en in daardie werk sal menigmaal die versoeking tot Hom kom. Maar nou is dit allereers nodig, dat Hy duidelik sterker blyk as die mag van die bose. Van die uitslag van hierdie versoeking hang die geregtigheid af, die versoening, die lewe en die saligheid van die volk van God. Hiervan hang dit af of God verheerlik sal word. Daarom het op die oomblik van die versoeking die hemel getril en die hel gebeef. Maar in God lê die waarborg, want Hy handhaaf *sy* werk.

B. Die Versoeking self

1. Die versoeking van die mag

Jesus moes versoen wat Adam bederf het, daarom het die versoeking tot Hom in ander omstandighede as Adam gekom. Hy is deur die H. Gees in die *woestyn* gelei. Die woestyn was anders as die paradys, waarin Adam geleef het. In die paradys het alles getuig van die guns en die gemeenskap van God, terwyl die woestyn getuig van verlatenheid van God en mens terwille van ons sondes. Hier in die eensame verlatenheid moes dit blyk, dat die onoorwinlikheid van Jesus in stryd en versoeking tot openbaring moes kom. Hy was 40 dae daar in die woestyn. Die getal 40 was by Israel simbool van 'n volledige tydsduur. So tref ons dit aan by Moses en by Elia en by Israel in die woestyn. Hierdie 40 dae van vas was vir Jesus 'n tyd van heerlike gemeenskap met sy Vader. Hy het geen honger en geen dors gevoel nie. Daar was in sy hart niks anders as blydskap nie. Eers aan die end van die 40 dae het Hy honger gevoel. Nou is dit die oomblik vir satan. Ons lees in Matt. 4, dat die versoeker toe na Hom gekom het. Ons weet nie of die duiwel in sigbare gedaante voor Jesus gestaan het nie. Een ding is egter seker: by Jesus kon die versoeking alleen van buite af kom. By die heilige Christus kon geen verleiding

van binne uit opkom soos by ons nie, ons wat deur ons begeerlikhede verlok word (Jak. 1:14).

Die duiwel kon nie in die hart van Jesus kom soos dit by Adam en Eva was nie. Daarom het Jesus die stem van die versoeker gehoor: "As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word". Die duiwel het gehoor wat God by die Jordaan gesê het, toe Jesus gedoop is: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het". Die versoeker maak asof hy hieraan twyfel. As Jesus dan werklik die Seun van God is, dan moet Hy dit bewys. Hy moet sy mag laat sien deur van klippe brode te maak. In die eerste versoeking het ons te doen met die *versoeking van die mag.* Jesus het werklik die mag gehad om van die klippe brode te maak, maar Hy mog hierdie mag hier nie vir Homself gebruik nie. Jesus het juis in die lief de van sy Vader gedeel om sy gehoorsaamheid te toon, waarin Hy niks vir Homself nie, maar alles vir God en sy volk gedaan het. Sy mag mog Hy alleen in die diens van God gebruik. As Hy teen die wil van sy Vader klippe in brood verander, dan sou dit geen wonder tot verlossing gewees het nie, en dan sou daardie brood Hom ook nie dien nie. Ons lewe tog nie van brood nie, maar van die seën wat God daaroor in sy guns wil spreek. Jesus het dit aanvaar as 'n vaste reël vir al sy werk, dat Hy nooit sy amp sou gebruik om Homself te red nie. En aan hierdie wet vir sy lewe wou Hy gehoorsaam wees. Daarom het Hy die vurige pyl van die versoeking afgeweer met die skild van sy gehoorsaamheid aan God.

Daarom was sy antwoord: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan". Hy behoef Homself nie te help deur brood te maak nie, want God is magtig om Hom ook sonder brood in die lewe te hou. Elke woord wat deur die mond van God uitgaan, is in staat om 'n mens in die lewe te hou.

Jesus haal hier Deut. 8:3 aan. Moses het hierdie woorde eenmaal vir die Israeliete gesê, toe hy hulle wou duidelik maak dat God in die woestyn geen broodnodig gehad het om sy volk in die lewe te hou nie. Hy was ook magtig om Israel te laat lewe deur manna. Daaraan herinner Jesus in hierdie woorde. Soos Israel in die woestyn deur God in die lewe gehou is met manna, met hemelse spyse, so kan Hy nou ook vir Jesus in die lewe hou sonder brood. Hy is in Gods hand, en God kan Hom help sonder brood. Jesus se werk is nie om vir Homself sy mag aan te wend nie. Hy sê dit so duidelik in Joh. 4:34: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en sy werk te volbring". Die bedoeling van die duiwel is om Jesus los te maak van sy Vader en Hom 'n wonder tot sy eie nut te laat doen. As Jesus hier na die stem van die verleier geluister het, dan sou dit ongehoorsaamheid van Hom gewees het. Bowendien sou dit ongeloof wees en 'n vertroue op die stoflike. Maar Jesus het satan met die Woord van God oorwin. Hy het nie geredeneer nie, maar duidelik gekonstateer: daar is geskrywe, en daarmee is dit uit.

2. Versoeking van die Vertroue

Die duiwel sal nou op 'n ander manier probeer om Jesus tot 'n val te bring. Hy neem Hom saam na die heilige stad Jerusalem en laat Hom op die dak van die tempel staan. Sommige verklaarders meen, dat dit die hoë toring van Herodes is wat op die suidoostelike hoek van die tempelmuur staan. Die duiwel waag sy aanval met baie lis. Hy merk dat Jesus op sy Vader vertrou. Daarom sê hy: "As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie". Die duiwel begin nou ook met: daar is geskrywe. Hy haal aan uit Ps. 91:11, 12 en laat Jesus verstaan, dat Hy dit gerus maar kan waag, want God sal Hom tog nie laat val nie. Hy moet as Seun van God tog soveel vertroue in die beskerming van God hê, dat Hy die durf moet hê om na benede te spring. Hier hoor Jesus weer duidelik die stem van die versoeker. Jesus het dit dadelik ingesien, dat dit hier weer gaan om die verhouding van Vader en Seun. 'n Seun mag vertrou dat sy vader hom sal beskerm, maar dan moet die seun ook doen wat sy vader sê. 'n Kind van God mag vertrou, dat God hom sal bewaar, maar dan alleen as hy wandel in die weë van God. As hy sy eie weg bewandel, dan mag hy op hierdie beskerming nie meer reken nie. Dit is die bedoeling van Ps. 91. Om 'n kind van God te

wees beteken altyd twee dinge: gehoorsaam Gods weg bewandel en op daardie weg van God altyd vertrou, dat God sal help. Dit het ook vir Jesus gegeld. Hy mog gerus vertrou, dat *sy* Vader Hom sou bewaak. Hy mag altyd vertrou op die hulp van sy Vader, as Hy wandel op die weg wat sy Vader Hom aangewys het. Maar die duiwel vra hier aan Jesus om iets te doen, wat sy Vader Hom nie opgedra het nie. Om van die tempeldak af te spring, was nie 'n werk wat sy Vader Hom beveel het nie. Die duiwel sê altyd dat ons ons eie weg moet gaan en doen wat *ons* wil, en dat ons dan op Gods hulp moet vertrou. Dit is die dwaasheid van die duiwel. 'n Mens mag tog alleen vertrou, solank hy nie sy eie wil nie, maar Gods wil doen. Ons het daarom hier te doen met die *versoeking van die vertroue.* God sal die gelowiges bewaar, maar nie as hulle hul moedswillig in gevaar begewe nie. Die duiwel haal hier uit Ps. 91 aan, maar hy laat die woorde weg: "op al jou weë". Jesus weerstaan die duiwel met die woorde: "Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie". Dit is 'n aanhaling uit Deut. 6:16. Ons mag nie met God speel nie. Ons mag geen dwase en nuttelose dinge doen en dan kyk of God ons sal help nie. Ons mag met God geen proef neem nie.

3. Versoeking van die Koninkryk

Satan kom nou met die swaarste aanval, wat tot doel het om Jesus sonder lyde in die heerlikheid te bring. Hy neem Jesus na 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid. Hy sorg daarvoor dat Jesus maar alleen die heerlikheid van die koninkryke van die wêreld sien. Hy is daaroor koning, want hy is die owerste van die wêreld, die god van hierdie eeu, 2 Kor. 4:4; Joh. 12:31. Maar satan laat Hom nie die ellende daarvan sien nie. Weer hoor Jesus *sy* listige stem: "Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid". Dit was 'n sware versoeking vir Jesus. Slegs een kniebuig voor satan, en dan hoef Hy nie te ly en nie te sterwe nie.

Jesus het geweet *dat God Hom* die Koninkryk beloof het, maar om daardie Koninkryk van God te ontvang moes Hy eers veel *ly en Homself* oorgee in die dood. Die *weg* na *sy* Koninkryk loop oor Golgota heen. Dit het die duiwel ook wel geweet en daarom wou hy Jesus versoek. Hy wys vir Jesus 'n baie makliker weg. Hy gee Hom al die heerlikheid van die wêreld as 'n geskenk. Hy behoef maar net neer te val en satan te aanbid. Maar satan vergeet, dat Jesus nie gekom het om die wêreld te besit nie, maar om dit te verlos. Jesus sou van God 'n Koninkryk ontvang, maar Hy sou nooit 'n Koninkryk wil hê, waarin Gods lig en liefde nie daar was nie. Jesus het nie gekom om te besit nie, maar om te help. Jesus weet dat hierdie wêreld ook nog 'n ander kant het. Hy ken die lyde en Hy weet van die groot ellende wat daar in die lewe van die mense deur die sonde gekom het. Hy weet dat die gedaante van hierdie wêreld verbygaan. Uit hierdie wêreld hoor Hy die jammerklagte van miljoene, wat sonder hulp en sonder hoop is. Daarom het Hy hierdie *versoeking van die Koninkryk* afgeslaan met die woorde: "Gaan weg, satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien". Dit is 'n aanhaling uit Deut. 10:20.

C. Slot

Satan vlug, want hy is nie bestand teen die swaard van Gods Woord nie. Ons lees in Luk. 4:13: "En toe die duiwel met elke versoeking klaar was, het hy *vir 'n tydlank* van Hom gewyk". Hy sal later wel weer terugkeer en probeer om Jesus in sy strikke te vang. Maar nou vlug hy, want hy het nie daarin geslaag om Jesus vir 'n enkele oomblik te laat wankel nie. Dis nou stil daar in die wildernis. In die hart van Jesus is daar volkome rus. Hy het die vurige pyle van die bose afgeweer en Hy het geen duimbreed afgewyk van die wil van God nie. Hy het nie sy mag gebruik om Homself te dien nie. Hy het Gods beskerming nie ingeroep vir dinge wat God nie beveel het nie. Hy wou geen koninkryk van skyn ontvang uit die hande van die leuenaar nie. Nou is daar vrede. Hy gevoel die teenwoordigheid van sy Vader so sterk. Die engele daal neer en dien Hom.

Markus teken dit so skerp: "En Hy was saam met die wilde diere en die engele het Hom gedien", (Mark. 1:13). Christus is erken as die tweede Adam wat oorwin het. God sal eenmaal weer in sy skepping verheerlik word. Drie dinge het deur die versoeking van

Jesus in die lig gekom:

a. dat Hy sy krag nie aanwend vir eie vleeslike bedoeling nie,

b. dat Hy Hom in selfvernedering en nie in selfverheerliking met ydele prag sal openbaar nie,

c. dat Hy die mag oor die skepping in die weg van gehoorsaamheid aan God en nie in die van afval van God verwag nie.

Hy bly staande in die verbond as die tweede Adam, en dit vir sy hele volk. Deur die lyde van versoeking heen word Hy die barmhartige en getroue Hoëpriester, wat medelyde met ons in al ons swakhede kan hê (Hebr. 2:17, 18).

Vir Jesus self was hierdie tyd van beproewing van die grootste betekenis. Hy gaan sy sware en moeilike Middelaarswerk tegemoet. Elke dag sal die duiwel opnuut probeer om Hom van sy Middelaarswerk af te lei. As die mense Hom later Koning wil maak, dan weet Hy dat dit weer die duiwel is wat terugkeer (Joh. 6:15). As Petrus die lydensbeker uit sy hand wil wegslaan, dan sien Hy hoe satan daaragter sit. As hulle Hom toeroep: kom af van die kruis! (Matt. 27:40), dan is dit weer die duiwel wat spottend vra, waarom Hy Homself nie help deur sy wondermag nie. Die duiwel sal altyd weer in Jesus se lewe terugkeer, maar Jesus het sy listige plan deursien. Maar *ook vir ons* is Jesus se versoeking van groot waarde. Ons sien hier so duidelik dat Jesus groter is as Adam. Ons sien hier dat Hy sterker is as die duiwel. Ons sien hier dat Hy die Koning, die Seun van God is. As ons ons aan Hom oorgee, dan behoef ons nie bang te wees vir die mag van die bose nie, want Jesus wat ons beskerm is sterker as die verleier.

Hoofstuk II

DIE EERSTE DISSIPELS EN DIE EERSTE WONDERWERK

(Joh. 1:19 - 2:12)

A. Die eerste Dissipels

1. Johannes en Andreas

Ons moet hierdie roeping van die dissipels onderskei van die latere roeping in Galilea. Daar word hulle geroep tot die besondere dissipelskap, hier egter bring Jesus hulle tot die belydenis van sy Naam. Hy oorwin hulle almal deurdat Hy toon, dat Hy hulle ken.

Nadat die tyd van die versoekings verby was, het Jesus teruggekeer na die Jordaan, na die plek waar Johannes gedoop het. Johannes het toe net 'n kommissie van die Sanhedrin ontvang. Hierdie kommissie het hom ondervra oor sy reg om mense te doop. Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom en hy sê: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem", Joh. 1:29. Die volgende dag het Johannes met twee van sy dissipels weer by die Jordaan gestaan. Die naam van die een was Andreas, en die ander een was seker Johannes, die skrywer van die Evangelie, wat altyd sy eie naam verswyg. Toe hy Jesus daar sien loop, het hy na Jesus gewys met die woorde: "Daar is die Lam van God!" Die twee dissipels van Johannes het sy woorde seker nog nie begryp nie, maar hulle weet nou wel dat Jesus die Messias was. Hulle het Jesus gevolg, maar tog het hulle Hom nie durf aanspreek nie. Op vriendelike toon vra Hy: "Wat soek julle?" Hulle antwoord: "Rabbi waar is U tuis?" Jesus het hulle met Hom saamgeneem na die plek waar Hy tuis was. Daar het Hy hulle toe vertel van sy werk en van die wil van God en van die Koninkryk van God. Op daardie dag is hulle lewe verander en hulle het Jesus gevolg. So groot was hulle blydskap dat Johannes die uur nog onthou. Dit was die tiende uur. Sommige meen dat Johannes reeds die nuwe tydrekening van die Romeine aanvaar het, en dat dit dan tienuur in die môre was.

2. Simon Petrus

Andreas was so vol van die heerlike woorde, wat hy van Jesus gehoor het, dat hy na sy broer, Simon Petrus gegaan en gesê het: "Ons het die Messias gevind". En hy het hom na Jesus gelei. Simon was blykbaar ook 'n leerling van Johannes die Doper. Hy was ook daar by die Jordaan en hy het die prediking van Johannes gelowig ontvang. Hy het dan ook nie geaarsel nie, maar het dadelik saamgegaan na Jesus toe. Toe Jesus vir Simon sien, sê Hy: "Jy is Simon, die seun van Jona, jy sal genoem word Sefas, wat vertaal word Petrus". Simon is die luisteraar, maar later as sy geloof gegroei het, sal hy tot 'n rotsman gemaak word. Hy sal hoe langer hoe vaster en sterker word deur die kring van Jesus. Dis die werk van Jesus. Hy ken ons nie alleen nie, Hy weet presies wat ons is en kan ons ook verander. Hy kan ons karakter vaster maak, want Hy kan 'n Simon in 'n Petrus verander.

3. Filippus

Die volgende dag wou Jesus na Galilea reis. Die drie dissipels het geen oomblik geaarsel nie. Hulle begryp dat hulle Johannes moes loslaat en Jesus volg. Dit was pynlik vir Johannes die Doper om sy leerlinge te verloor, maar hy was tog bly dat sy werk vrugte gedra het. Op daardie dag het Jesus vir Filippus gekry en vir hom gesê: "Volg My!" Filippus was afkomstig uit Betsaïda, uit die stad van Andreas en Petrus. Hy het hom dan ook gewillig aangesluit by Andreas en Petrus en is also in die dissipelkring van Jesus opgeneem. So het die dissipels van Jesus aangegroei tot vier. Hulle het toe saam met Jesus na die Noorde vertrek. Dit het nou eensaam vir Johannes die Doper geword, want sy beste dissipels het met Jesus saamgegaan. Maar hy het dit verstaan, dat hy minder moes word, sodat Jesus meer kon word.

4. Natánael

Voordat Jesus nog Kana in Galilea bereik het, het daar iets besonders gebeur. Filippus het Natánael ontmoet. Hierdie Natánael word ook Bartholomeüs genoem, Mark. 3:18, en was afkomstig uit Kana in Galilea, Joh. 21:2. Sy naam Natánael beteken Godsgeskenk. Sodra Filippus vir Natánael gevind het, het hy op geesdriftige wyse hom van Jesus vertel: "Ons het Hom gevind van wie Moses in die Wet en ook die profete geskrywe het: Jesus, die seun van Josef, van Nasaret". Natánael moes nog eers worstel om tot helderheid te kom. Die Christus kan tog nie van Nasaret afkomstig wees nie. Daarom vra hy: "Kan daar uit Nasaret iets goeds wees?" Filippus is verslae en antwoord: "Kom kyk!" As hy maar net eers by Jesus kom, dan sal hy wel glo. Toe Jesus Natánael sien aankom, sê Hy: "Hier is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie". Hiermee bedoel Jesus nie, dat Natánael sonder sonde was nie, maar dat Natánael se karakter opreg en sonder veinsery was. Hy is nie alleen uitwendig 'n Israeliet nie, maar hy is dit met sy hele hart. Natánael het hierdie woorde gehoor en was verbaas, en met 'n verwonderde stem sê hy: "Waarvandaan ken U my?" Jesus antwoord hom: "Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien". Hierdie woorde het op Natánael 'n diep indruk gemaak. Natánael was blykbaar onder die vyeboom biddend besig met die vraag, of dit werklik waar is dat die Messias reeds gekom het. Hy is verbaas dat Jesus weet, wat daar onder die vyeboom gebeur het. Dis geen wonder dat hy tot diep in sy siel ontroerd was nie. Dan voel hy hom aangegryp deur die Here en roep uit: "Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!" Jesus was dankbaar vir hierdie belydenis. Tog het Hy in die eerste tyd nooit ingegaan op die belydenisse van sy dissipels nie. Daardie belydenisse was wel opreg, maar hulle was nog nie genoeg gefundeer nie, hulle het nog te weinig wesenlike diepte gehad. Ook Natánael het die werk van Jesus nog nie verstaan nie, want hy het in Jesus nog die Koning gesien wat die heidene met 'n ysterstaf sal verpletter, Ps. 2:9. Daarom het Jesus nie daarop ingegaan nie. Later sal hulle wel onderrig word. Daarom wys Jesus hom na die toekoms en sê: "Glo jy, omdat Ek vir jou gesê het: Ek het jou onder die vyeboom gesien? Jy sal groter dinge sien as dit". Natánael het nog te veel; te doen met sy eie verlossing en die van sy volk. Daarom sê Jesus verder vir hom en almal wat daar staan: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens".

Dis opmerklik dat Jesus Hom hier vir die eerste maal *Seun van die mens* noem. Met hierdie naam laat Jesus sterk die nadruk val op sy waaragtige menslike natuur. Natánael noem Hom die Seun van God, maar hy sal Hom sien as mens, as 'n swak en lydende mens. Verder wys Jesus hier op sy heerlikheid. Natánael mag nie vooruitgryp op daardie heerlikheid nie. Die gesig wat Jakob eenmaal in die droom gesien het, sou in Hom sy vervulling vind. Sy dissipels sal sien, hoe daar daaglikse gemeenskap is tussen God en Hom. Die hemel sou bo Hom geopend wees, en die engele sou sy gebede tot God dra en Gods verhoring vir Hom bring.

B. Die eerste Wonderwerk, die Bruilof in Kana

1. Die Doel hiervan

Dis opvallend dat die eerste plek, waarheen Jesus sy dissipels geneem het, 'n bruilof was. Vir sy dissipels was dit iets vreemds, want hulle vroeëre leermeester, Johannes die Doper, was 'n man wat hom in die eensaamheid teruggetrek het. Hy was 'n askeet wat gedurigdeur gevas het en nie deel geneem het aan enige bruilof of fees nie. Hy het hom alle genot ontsê. Hy het 'n ander boodskap gehad. Hy het deur sy hele lewe getoon, dat ons alles deur die sonde verbeur het. Hoe heel anders is dit by Jesus! Hy keer Hom nie van die wêreld af nie, maar het midde in die wêreld gegaan. Jesus het getoon dat Hy ons alles weer sou verwerf deur die versoening van ons sondes. As ons met God versoen is en met Hom gemeenskap het, dan mag ons in daardie gemeenskap die lewe weer geniet. Hy gee ons die vreugde van die lewe terug. Daarom het Hy geen maaltye vermy en was Hy geen askeet nie. Hy het sy openbare lewe met 'n bruilof begin. Jesus wil ons

daardeur leer, dat die sonde nie skuil in eet en drink nie, maar dat dit skuil in die hoogmoedige hart.

As ons hoogmoedig van hart is, dan kan die eensaamheid ons nie by God bring nie, en dan kan ons ook deur vas en waak nie na God kom nie. Maar as ons ons voor God verneder het en sy genade gevind het, dan mag ons gerus midde in die wêreld bly. Dan mag ons bly wees en feesvier, en in ons blydskap kan ons tog nog dig by God wees.

Die Here wil ons nog iets laat sien. Hy gaan na die mense toe, net andersom as by Johannes die Doper. Hy het die mense opgesoek en hulle vertel van die Koninkryk van die hemele. Dis dinge wat 'n diep betekenis het. Die mense soek God nie, maar God het die mense gesoek. Hy het midde in die lewe van die mense afgedaal en Hy het tot ons almal gekom om ons salig te maak. Daarom het Jesus Hom nie teruggetrek nie, maar het Hy alle stede en dorpe besoek sodat alle mense die stem van God sou hoor en die saligheid sou vind.

Dit was ook die rede waarom Jesus dit nie benede Hom geag het om deel te neem aan die bruilof in Kana nie. Hy het sy dissipels saamgeneem, sodat hulle almal sou sien hoe sy werk was.

2. Die Bruilof self

Kana is 'n dorp in die bergland van Galilea, Noord-Oos van Nasaret. Daar was 'n bruilof, waarskynlik van eenvoudige mense.

Dit blyk veral daaruit, dat daar te min wyn was. In Judea is 'n bruilof gewoonlik met groot prag gevier. Daar was dit die gewoonte, dat die bruid deur die vriende van die bruidegom na die huis van die bruidegom gebring is, en dan neem die bruilof 'n aanvang. Hier in Galilea was die sedes en gewoontes baie eenvoudiger. Die bruilof was hier nie so weelderig nie. Op hierdie bruilof was ook Maria, die moeder van Jesus aanwesig. Deurdat daar soveel gaste was, het die wyn gou opgeraak. Die bruidegom het hom geskaam oor hierdie gebrek. Wat sou die gaste daarvan dink as hulle nie eers genoeg wyn kry nie? Moes die fees ontydig ophou?

Maria het dit gemerk en het na Jesus gegaan en vir Hom gesê: "Hulle het geen wyn nie". Tot hiertoe het Jesus nog geen wonder gedoen nie, en Maria het ook nog nooit 'n wonder van Hom gesien nie. Maar sy het gemeen, dat Hy wat die Messias was hier tog kon help. Hoe sleg het Maria sy roeping verstaan! Jesus was nie gestuur om mense uit hulle moeilikheid te help nie, maar om die gemeenskap met God te herstel. Daartoe het Hy wel uit moeilikhede gered, maar dan moes Hy wag op die geleenthede wat die Vader vir Hom gee. Ons begeer ook soos Maria dikwels redding uit die moeilikhede, maar ons begeer nie die gemeenskap met die Vader nie. Jesus laat sy moeder dan ook duidelik verstaan, dat Hy van nou af heeltemal in die diens van sy Vader was. Hy is nou gedoop en gesalf en nou het die Vader Hom tot sy grote werk geroep. Nou moet Maria Hom loslaat. Sy mag nie meer mag oor Hom uitoefen nie. Sy moet haar terugtrek en haar nie met sy werk bemoei nie. Sy uur het nog nie gekom nie, dit kom dan eers wanneer die Vader dit vir Hom sê. Maria het dit verstaan en na buite gegaan. Sy sê vir die dienaars: "Net wat Hy vir julle sê, moet julle doen".

Daar het volgens die reinigingsgebruike van die Jode ses klip-waterkanne gestaan, waarvan die water gebruik was om die hande te was. Jesus beveel die dienaars om die kanne vol water te maak. Toe die kanne gevul was, het Jesus beveel om daaruit te skep en dit vir die hoofdienaar te bring. Intussen het Hy deur die mag van sy genade die water in wyn verander. En die wyn was so goed, dat die hoofdienaar aan die bruidegom gevra het: "Elke mens sit tog eers die goeie wyn op, en wanneer hulle goed gedrink het, dan die slegste; maar jy het die goeie wyn tot nou toe bewaar".

Ons lees in Joh. 2:11: "Hierdie eerste van sy tekens het Jesus op Kana in Galilea gedoen; en Hy het sy heerlikheid geopenbaar, en sy dissipels het in Hom geglo". Hierdie wonder was 'n *teken,* dit het 'n diepere betekenis gehad. Jesus wou die mense iets laat sien. Hy wou hulle sy heerlikheid toon. Hierdie *heerlikheid* kom daarin uit: a) Deurdat Hy

toon dat Hy wil help. Hy het meegelewe met die moeilikhede van hierdie mense. Sy heerlikheid is die heerlikheid van sy liefde. b) Jesus het nie gehelp deur 'n grote vertoning te maak nie. As Hy ons sy liefde toon, dan doen Hy dit stil en ongemerk. c) Hy verander water in wyn. Hy kan die alledaagse dinge verander in iets wat feesteliks is. Hy maak die gewone dinge van ons alledaagse lewe tot iets moois, sodat ons in alles sy liefde kan sien. d) Die laaste is beter as die eerste. Die algemene reël is: die beste eers en dan die slegte. Maar by Jesus word dit anders. Hy gee die beste aan die end. Dit word in sy gemeenskap hoe langer hoe heerliker.

Hierdie wonder is 'n teken van die algemene karakter van die sending van Jesus. Hy heilig elke handeling in die daaglikse lewe en Hy gee die beste gawes die laaste. Iemand het dit as volg uitgedruk: "Die water van die wettiese gestrengheid verander Hy in die wyn van Evangelievreugde".

Die bruilof in Israel was 'n heilige fees. Dit was 'n simbool van liefde van God vir sy volk.

C. Die Wonders van Jesus

Dis hier die plek om kortliks te let op die wonders van Jesus. Die groot beswaar teen die wonders is, dat die wette van die natuur vir geen wysiging vatbaar is nie. Maar die wonder is geen ingryping van God, waardeur Hy die deur Hom geskape orde opsy sit nie. Dis 'n werking van God op 'n ander wyse, as wat ons gewoon is om te sien. As ons dieper hiervan deurdring was dat al Gods werke wonders is (bv. skepping, wedergeboorte ens.), dan sou die wonders ons minder bevreemd, maar veeleer in God as iets natuurliks vir ons voorkom. Die wonders is geen willekeurige dade nie, maar hulle is bewyse dat die Skepper sy werk deur sonde en vloek heen tot die voorgestelde heerlikheid voer. Alleen as ons die bederf van die sonde loën en die genadewerk van God in Christus nie erken nie, alleen dan kom ons tot loëning van die wonders.

Dis onmoontlik om die wonders van Christus te loën en Christus dan te behou. Wie sy werke verloën, verloën Hom. Hy self is die Wonder, die Teken van God in hierdie wêreld. Al sy wonders is selfopenbarings, daarom word hulle ook *tekens* genoem. Christus laat ons daardeur iets sien. Hy laat daardeur die werke van sy Vader sien. By die wonders staan dit altyd op die voorgrond, dat Jesus die werke van sy Vader doen. Hy het nooit toegegee aan die sug van sovele, dat Hy as wonderdoener hulle ydele sinne sou streel nie. Van *moderne kant* is daar onderskeid gemaak tussen die genesingswonders en alle andere. Die genesingswonders moet dan op gelyke lyn gestel word met die genesings, wat ons in ons tyd langs psigiese weg probeer verkry deur suggestie en hipnose. Jesus sou dan deur die sterke sielskrag van sy persoonlikheid en deur sy wil op senuweeswakkes mag geoefen het tot genesing. So 'n natuurlike verklaring stuit egter op die feite van die Evangelies af, wat ons berig van lammes, blindes, dowes, stommes en melaatse. By siekteverskynsels wat berus op histeriese storinge in die senuwee-lewe sou nog van suggestiewe en hipnotiese werkinge kan sprake wees, maar hulle kan tog seker geen herstel teweegbring wanneer 'n orgaan self verstoord is nie. En dat daar 'n menigte van ellendiges met organiese gebreke na Jesus gekom het, kan nie weerspreek word nie.

Vir die diepe betekenis, wat van Jesus se wonders die agtergrond is, was sy volk blind. Hulle wou hulle vergaap aan die wonder self en het gehunker na 'n Messias wat as wonderdoener sou optree. Aan die wonder as herskeppende, vloekwegnemende krag het hulle geen behoefte gehad nie. Jesus kon alleen sy genesende wondermag aan krankes uitoefen, wanneer daar geloof was (Matt. 13:58; Mark. 6:5).

Hoofstuk III

DEUR SAMARIA NA NASARET

(Joh. 4:1-42; 43-54; Luk. 4:14-31)

A. Jesus in Samaria

1. Jesus Saligmaker van Israel en ook die heidene

Jesus is nie net die Saligmaker van Israel nie, maar ook van die heidene. Selfs die Samaritane, wat deur die Jode gehaat is, sou deel hê aan die heil. Om dit duidelik te laat uitkom het Jesus op sy reis van Judea na Galilea deur Samaria gegaan. Hy het nie die oor-Jordaanse pad geneem nie. Dis 'n bewys dat Hy die deurtog deur die land van die gehate Samaritane nie vermy het nie. Vir Samaria het hierin reeds van die aanvang af 'n profesie gelê. Hier begin die middelmuur van afskeiding tussen die Jode en die heidene reeds te wankel. Jesus neem dus die kortste pad na Galilea, want by Hom is daar geen haat teenoor die Samaritane nie. Hy soek juis die geleentheid om met hulle in aanraking te kom. Dis weens die haat van die Fariseërs dat Hy nou na Galilea vertrek.

2. Samaria, land van die ou tien-stammeryk

Samaria was die land van die ou tien-stammeryk. Toe die tien stamme van Israel weggevoer is na Assirië, is daar koloniste na die ontvolkte gebied gestuur. Dit was meestal Siriërs en Babiloniërs wat hulle afgodsdiens meegebring het. Hierdie heidene het hulle later laat onderwys in die Joodse godsdiens. Hulle het die wette van Moses probeer onderhou, maar hulle godsdiens was gemeng met die heidendom. Hulle het die Here gedien maar tegelyk ook die afgode, 2 Kon. 17:23-33. Hierdie koloniste, wat verbaster het met die klein oorblyfsel van Israel, is later Samaritane genoem. Later toe Juda weer teruggekeer het uit die ballingskap in Babel, het die Samaritane aan Serubbabel gevra of hulle mag help aan die opbou van Jerusalem. Serubbabel het dit geweier, daarom was die Samaritane van daardie oomblik af vyande van die Jode wat in Jerusalem gewoon het. Hulle het met alle mag probeer om die bou van die tempel te verhinder, Esra 4:1-5. Jesus het geweet, dat hulle aanbidding van God heeltemal in stryd was met wat Moses op Gods bevel geleer het. Hy was bekend met die feit, dat die godsdiens van die Samaritane gemengd was met veel bygeloof en heidense gewoontes. Maar Hy het ook geweet, dat God uit hierdie volk mense kon roep tot die ewige lewe.

3. Jesus by Sigar

Moeg van die reis het Jesus gaan sit by die Jakobsbron, digby Sigar of Sigem. Dit was die sesde uur. Volgens Romeinse tyd-rekening was dit sesuur die aand. Johannes het in sy Evangelie meer die Griekse tydrekening gebruik. Terwyl Jesus daar sit, het daar 'n Samaritaanse vrou met 'n waterkan gekom om water te skep. Sy het miskien gedink, dat hierdie put van Jakob beter water gehad het, daarom het sy nie water gaan haal by ander bronne wat naby Sigar was nie. Toe die dissipels na Sigar gegaan het om voedsel te koop, was Jesus alleen daar by die bron. Jesus het dadelik begryp dat hierdie vrou hulp nodig het. Tot haar verbasing het Jesus haar aangespreek en gesê: "Gee vir My water om te drink". Sy sê vir Hom: "Hoe is dit dat U wat 'n Jood is van my vra om te drink, terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is?" Jesus antwoord haar: "As jy die gawe van God geken het en wis wie Hy is, wat vir jou sê: gee vir my water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het." Jesus het sy dors gesien as 'n geleentheid om die vrou aan te spreek. Goeie bronwater is in Palestina dikwels "Godsgawe" genoem. Aan die gedagte sluit Jesus Hom hier aan. Hy wou dit sê: jy noem die water wel 'n gawe van God, en dit is dit ook, maar dis nog nie die egte gawe van God nie. Daar is 'n gawe van God wat baie hoër is as die water. En daardie gawe kan Jesus aan haar skenk as sy dit van Hom vra. Die vrou kyk Jesus met eerbiedige verwondering aan. Sou Hy dan bomenslike kragte besit? Sy verstaan nie wat Jesus bedoel nie. Jesus het met lewende water bedoel die gemeenskap met God, wat Hy kon gee. Die vrou het

onder die indruk gekom van wat Jesus gesê het, en sy het wel begryp dat Jesus nie die water uit die put bedoel het nie. Sy het in sonde gelewe en was sku vir die hand van verlossing, wat vir haar uitgesteek word. Daarom het sy gedoen asof sy Jesus nie begryp nie, en het sy spottend daarop gewys dat die put diep was en dat Jesus niks het om water te skep nie. Jesus wil haar skuldbesef opwek en haar tot dieper geestelike insig bring. Daarom sê Hy vir haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe". Hierdie treffende woorde van Jesus was voorbereidend om die vrou aan haarself te ontdek. Sy dink aan die woorde: elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry. Ja dit was haar lewe. Sy het so menigmaal gedrink uit die bronne van haar verkeerde begeertes, maar telkens het sy opnuut dors gekry. Sy het gedrink uit die bronne van haar hartstogte maar sy het altyd weer dors gekry. Haar lewe was so onrustig, so vol van dors.

Sou Jesus haar die ware water kan gee, wat rus en vrede in haar lewe kan bring? Daarom sê sy vir Hom: "Here, gee my daardie water sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom skep nie". Sy maak asof Jesus oor gewone water spreek, asof sy niks begryp het van wat Hy gesê het nie. Diep in haar hart het sy Jesus wel begryp, maar sy het geveins asof sy Hom nie begryp het nie.

4. Haar Sonde

Omdat die vrou telkens probeer om te ontkom, wil Jesus haar nou deur sy woord vang. Hy wil nou openlik haar sonde aanwys, daarom sê Hy vir haar: "Gaan roep jou man en kom hier". Bewend en aarselend sê sy: "Ek het nie 'n man nie". Hierop antwoord Jesus: "Jy het reg gesê: ek het nie 'n man nie; want jy het vyf mans gehad, en die een wat jy nou het is nie jou man nie. Dit het jy met waarheid gesê." Sy het telkens geluister na die stem van haar hartstog en haar sondige begeertes gevolg. Sy het telkens gedrink uit die bron van sonde-vreugde en telkens het die dors na nuwe sondes gekom. Toe die vrou hierdie woorde van Jesus hoor, het sy tot diep in haar siel geskrik. Sy gevoel nou dat Jesus haar vroeëre sondige lewe ken, en op daardie selfde oomblik gevoel *sy* ook hoe diep verlore *sy* is. Maar sy probeer weer die gesprek van haarself weg te lei. Sy sien dat Jesus 'n profeet is en vra Hom op watter plek hulle moet aanbid, in Jerusalem of op Gerisim. Jesus antwoord haar, dat die uur kom dat hulle nie op hierdie berg of in Jerusalem sal aanbid nie. Straks sal hulle die Vader orals kan aanbid. Dan word die diens van die Here van Jerusalem losgemaak. Orals sal hulle die Vader moet aanbid in gees en in waarheid. Die vrou moet dit besef, dat God orals woon waar 'n mensehart is, wat Hom waarlik soek. En as ons hart Hom waarlik soek, dan mag ons Hom orals aanbid. Dit kom nie aan op die plek nie maar op die hart. Die vrou is nou ontroer. Sou daar vir haar nog 'n Verlosser wees? Sy weet dat die Verlosser eenmaal sal kom. Hoe verras was *sy* om van Jesus te verneem, dat Hy dit is! Toe het die lig vir haar opgegaan en is sy vervul met 'n blydskap, wat sy nog nooit gehad het nie. Sy sien haar sondes wel duidelik, maar sy begryp nou, dat God so dig by haar was.

5. Die vier groot ontdekkings

a. Ontdekking aan die Dors

Jesus ontdek hierdie vrou eers aan die dors, wat haar lewe verwoes. Haar lewe is 'n dorstige lewe. Telkens is sy opnuut dors en moet sy drink, totdat sy heeltemal weggesink het in die sonde. Die mens bly, as hy die dors van sy hart wil les met die sonde, tot die end van sy lewe 'n dorstige mens. Wie van hierdie water drink sal altyd weer dors kry.

b. Ontdekking aan die Sonde

Toe die vrou gemaak het asof sy Jesus nie begryp nie, het Jesus duidelik die vinger op die sonde gelê. Hy het haar aan haar lewenssonde ontdek, aan die dors van die sinne waaraan sy telkens toegegee het en waardeur haar lewe ontwrig geword het.

c. Ontdekking aan God

Die onmiddellike reaksie by hierdie vrou is, dat sy begin te vra na God. Waar kan sy God vind? Toe sy op daardie punt gekom het, het Jesus haar oë geopen vir die altyd nabye teenwoordigheid van God. Hy bring haar uit haar heidense gedagtes oor God, omdat die heidense denkbeelde elke waaragtige berou smoor. Die heidendom veruiterlik die godsdiens. Jesus ontdek haar aan die ewige God, wat digter by haar is as wat sy kan vermoed.

d. Ontdekking aan die Verlosser

Hierdie ontdekking aan God het in haar hart die verlange na die Verlosser gewek. Daarom het Jesus aan haar die heerlikheid van sy eie *wese* en van *sy* werk geopenbaar. Heel selde het Hy aan die mense getoon wie Hy is en watter Naam Hy dra. Maar hier het Hy 'n uitsondering gemaak. Hierdie vrou sal die Messiasnaam nie verkeerd verstaan nie. Sy sal daaraan geen gedagtes van aardse, politieke bevryding verbind nie. Daarom kan en mag Hy teenoor haar die geheim van sy wese onthul.

6. Die Oes

Toe die dissipels teruggekeer het, het hulle gemerk dat Jesus met die vrou spreek, maar hulle het Hom niks daaroor uitgevra nie. Die vrou het haar waterkan vergeet en haastig na Sigar gegaan om hierdie blye boodskap te bring, dat sy die Messias gevind het. Toe die maaltyd gereed was, het die dissipels gesê: "Rabbi, eet". Maar Hy sê vir hulle: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en sy werk te volbring". Op daardie oomblik sien Hy hoe daar 'n menigte Samaritane na Hom toe kom, wat deur die vrou uitgenooi was. Daarop sê Hy: "Sê julle nie: Dit is nog vier maande, dan kom die oes nie? Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes." Wat die oes van die land betref, dit kom eers oor vier maande as die Paasfees verby is. Maar daar is 'n ander oes. Kyk, daar kom 'n menigte van mense uit Sigar aan. Dis die geestelike oes wat God gee, en hierdie oes is nou al ryp. "Want hierin is die woord waar: Dit is een wat saai en 'n ander een wat maai". Die woorde wat Jesus gesaai het, sal vrugte dra en hulle sal die vrugte oes en versamel.

B. Genesing van die Seun van die koninklike Beampte

Twee dae het Jesus daar in Sigar gebly. Toe het Hy sy reis voortgesit na Galilea. Waarskynlik het sy dissipels hier in Galilea Hom weer verlaat om na hulle gesinne terug te keer. Maar Jesus gaan verder en kom weer in Kana aan, waar Hy sy eerste wonder verrig het. Toe Hy daar in Kana was, het die koninklike beampte van Herodes vanaf Kapernaüm daarheen gekom met 'n ernstige versoek. Hy vrees dat sy seun sou sterwe. Vir Jesus is daar maar net een vraag wat alles beslis, en dit is wat sy Vader wil dat Hy moet doen. "Here, kom af voordat my kind sterwe." Jesus antwoord hom: "Gaan, jou seun lewe". Hy het geglo wat Jesus vir hom gesê het, en hy het gegaan. Terwyl hy op pad was huis toe, kom sy slawe hom tegemoet en bring hom die berig dat sy kind lewe. Hy en sy hele huisgesin het in Jesus geglo. Dis die tweede teken wat Jesus in Galilea gedoen het.

C. Jesus in Nasaret

1. Mense wat Jesus na die vlees geken het.

Daar was mense wat Jesus *na die vlees* geken het. Hulle het hulle in Hom beroem sonder dat hulle gelowig sy genade ken. So was dit in Galilea, waar hulle Jesus se groot dade geroem het. Maar hierdie gevaar het daar veral in Nasaret bestaan, waar Jesus opgegroei het. Daarom moes Jesus hier in Nasaret die stryd met daardie vleeslike kennis aanknoop. Hier het Hy Homself geopenbaar as die Gesalfde van die Here volgens die profesie. Ons kry hier die selfopenbaring van Jesus as die Gesalfde van die Here. Die volgende dag was dit Sabbat. Jesus se stadgenote het Hom al spoedig opgemerk. Van alle kante is Hy met eerbied begroet, want ook in Nasaret het die gerugte al deurgedring

aangaande die tekens, wat Jesus in Juda en in Kana gedaan het. Ons lees in Luk. 4:16: "En soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees". Die godsdiensoefening het begin met 'n seënbede. Na die seënbede volg wat ons sou kan noem die geloofsbelydenis, wat bestaan het uit enkele tekste uit die boeke van Moses. Na die geloofsbelydenis het die gebed gevolg. Die woordjie amen is deur die hele gemeente uitgespreek. Na die geloofsbelydenis is die boek van Jesaja aan Hom oorhandig. Hy het die boekrol geopen. Dit was die gewoonte in Israel, dat die boeke van die profete gelees moes word volgens 'n vaste rooster, sodat elkeen al van te vore geweet het watter deel van die profete daardie môre gelees sou word. God het dit so beskik dat Jes. 61 aan die beurt was: "Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbrysel van hart is te genees; om aan die gevangenes vrylating te verkondig en aan die blindes die herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig."

Nadat Hy die boekrol toegemaak het, het Hy dit aan die dienaar teruggee en het sy preek begin. Met groot spanning luister hulle na Hom. Hy begin dadelik met die toepassing: "Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul". Wat God aan Jesaja beloof het, het nou gekom. "Dit is Ek", sê Jesus, "wat Hy gesalf het met sy Gees". Almal was verwonderd en het vir Hom getuienis gegee. Maar hulle het hulself afgevra: "Is Hy nie die timmerman, die seun van Maria en die broer van Jakobus en Joses en Judas en Simon nie? En is sy susters nie hier by ons nie?" Mark. 6:3. Ons lees dat hulle aanstoot aan Hom geneem het. Jesus het dit gevoel dat die mense Hom hier alleen bewonder. Daar is nie een wat Hom smeek om verlossing nie. Die groot sonde van Nasaret is, dat hulle nie verder as bewondering kom nie. Hulle prys Jesus en daar bly dit by. Sy woorde het alleen deurgedring tot hulle ore en tot hulle verstand, maar nie tot hulle hart nie. Hulle kan nie glo, dat hulle verlossing nodig het nie. Dis nog altyd so. As die mense die evangelie alleen maar mooi vind en prys, dan is daar groot gevaar. Dit het Esegiël al ervaar, Eseg. 33:30-32. Dit help nie om Jesus te prys nie. Ons moet leer insien, dat ons armes en gevangenes is, wat sy hulp nodig het. Dan ontvang ons sy seën.

2. Die uitwerking hiervan

Jesus het gesien hoe hulle Hom in hulle verwondering verwerp. Sou Hy dan geen toegang verkry tot hulle hart nie? Daarom begin Hy nou anders te spreek. Hy verkondig nou nie meer die genade van die Here nie, maar Hy wil hulle aan hulle ongeloof ontdek. Toe sê Hy: "Julle sal My ongetwyfeld hierdie spreekwoord toevoeg: Geneesheer, genees uself! Alles wat ons hoor wat in Kapernaüm gebeur het, doen dit hier in u vaderland ook." Hulle dink miskien, dat hulle reg daarop het dat Jesus in hulle midde groot wonders moet doen. Maar dis dwaasheid, want hulle glo nie. Weet hulle dan nie dat Elia sy groot wonder van die olie, wat nie verminder het nie, nie gedoen het in sy eie land nie, maar in die huis van die weduwee van Sarfat (1 Kon. 17:8 v.v.)? Weet hulle dan nie dat Elisa sy groot wonder van die genesing van 'n melaatse gedoen het aan 'n heiden nie (2 Kon. 5)? So moet hulle ook nie dink dat Hy sy groot wonders in hulle midde sal doen nie. God vra nie na die plek waar iemand woon nie, maar Hy vra na die geloof in die hart. As hulle nie glo nie, sal die heil aan hulle verby gaan. So skerp het Jesus hulle aangespreek, sodat hulle hul nog sou bekeer en die heil ontvang. Maar ook hierdie woorde het hulle nie tot inkeer gebring nie. Die verwyt van ongeloof het hulle met toorn vervul. Wil Hy sê, dat heidene deur God uitverkies word bo die Jode? Wil Hy sê, dat die mense van Nasaret nie werd is om gehelp te word nie? Wat verbeel Hy Hom? Hulle het toe op Hom afgestorm en Hom uit die sinagoge gewerp. Hulle het Hom tot bo op die berg gestoot, die berg waarop Nasaret lê, om Hom van die steilte na benede te werp. Maar toe het Jesus Hom omgekeer na hulle toe. En onmiddellik het die skare teruggewyk. Uit Hom het daar 'n majesteit gestraal, wat hulle verbaas het. So het daar 'n pad tussen hulle oopgekom. Ons lees: "Hy het tussen hulle deurgeloop en weggegaan". Sy hemelse Vader het Hom beskerm. Dis of God hulle verblind het, sodat hulle nie eens bemerk het dat Hy weggegaan het nie. Met bose harte keer hulle na hul huise terug. So het die sabbatsmôre in Nasaret in 'n droewige vervolging geëindig. Wie

hom nie buig vir die majesteit van sy genade nie, sal eenmaal sidder vir sy majesteit in die oordeel.

Hoofstuk IV

JESUS IN KAPERNAÜM

(Mark. 1:21-39; Luk. 4:31-34; Matt. 8:14-17)

A. 'n Sabbat in Kapernaüm

Die verblyf van Jesus in Galilea was 'n tyd van wonders. Toe Hy uit Nasaret uitgewerp is, het Hy Hom in Kapernaüm gevestig. Hier het Hy vertoef, waarskynlik in die huis van Petrus. Kapernaüm was in daardie tyd een van die bloeiendste stede aan die meer van Galilea. Hier in Kapernaüm was daar al enkeles wat in Jesus geglo het, soos Petrus en Andreas, Johannes en Jakobus. Ook Maria, die moeder van Jesus, het toe daar gewoon. Verder was die koninklike beampte, wie se seun Jesus genees het, daar. Jesus het die sabbatdag daar deurgebring.

1. Die Woorde van Jesus

Volgens sy vaste gewoonte het Jesus op die sabbatdag na die sinagoge gegaan. Net soos in Nasaret het hulle Hom gevra om die gemeente te leer. Die evangelies vertel ons nie watter teks of tekste deur Jesus gelees en verklaar is nie, maar dit word ons wel meegedeel dat hulle verslae was oor sy leer. Sy prediking was so heeltemal anders as die van die skrifgeleerdes, wat alleen 'n lang verhaal oor allerlei Rabbies was. Jesus het geleer soos een wat gesag het. Hier tref ons dieselfde verwondering aan as in Nasaret, maar hier was soekende harte. Daarom gee Jesus hulle, wat Hy nie aan die Nasareners kon doen nie, 'n teken. In hierdie teken beluister ons sy woorde as van die Oorwinnaar van die duiwel. Die diens in die sinagoge het nog nie geëindig nie, toe daar opeens 'n vreeslike geskreeu verneem word. Dit was die geskreeu van 'n man met 'n onreine gees, wat uitgeskreeu het en gesê: "Hou op! Wat het ons met U te doen, Jesus Nasarener? Het U gekom om ons te verdelg? Ek ken U, wie U is: die Heilige van God!" Die mense in Kapernaüm het hierdie man wel geken, en hulle het geweet dat hy in die mag van 'n onreine gees is. As hy godslasterlike woorde spreek, dan weet hulle dat dit die onreine gees in hom is wat dit doen. Hierdie man was blykbaar rustig en stil. Hy het dan ook rustig in die sinagoge gekom. Niemand het iets besonders aan hom gemerk nie. Sy oë was onafgebroke op Jesus gerig. Opeens het die duiwel in hom wakker geword, sodat hy nie meer kon stil bly nie. Daar staan die arme mens met wilde oë en 'n woeste trek op sy gesig. Die duiwel in hom het Jesus herken. Hy het begryp dat Jesus die Heilige van God is, die Messias. Daarom het daar 'n onbeskryflike angs oor hom gekom. Hy was bang dat Jesus hom nou reeds in die hel sou werp. Elkeen in die sinagoge was verbaas, maar Jesus was kalm en rustig. Hy het sy oë op die besetene gerig en met grote beslistheid gesê: "Bly stil en gaan uit hom uit". Ons lees dat Jesus die onreine gees bestraf het. Hy moet gehoorsaam wees aan Jesus wat magtiger as satan is en satan gedurende sy versoekings reeds oorwin het. Hy het die man toe stuiptrekkings laat kry en geskreeu met 'n groot stem en uit hom uitgegaan. Almal was hieroor verbaas. Wat 'n krag skuil daar in die woorde van Jesus! Hulle het toe onder mekaar gevra: "Wat is dit? Watter nuwe leer is dit, dat Hy met gesag ook aan die onreine geeste bevel gee en hulle Hom gehoorsaam is?" Die gerugte van Jesus het dadelik versprei in die hele omtrek van Galilea. Hier het Jesus in werklikheid gedoen wat Hy in Nasaret oor Homself gepreek het, Hy het vryheid vir die gevangenes gebring.

2. Die Werke van Jesus

Na die diens in die sinagoge het Jesus saam met Petrus en Andreas na Petrus se huis gegaan. Ook Jakobus en Johannes het saamgegaan. Daar in die huis van Petrus wag 'n nuwe arbeid vir Jesus. Die skoonmoeder van Petrus het siek gelê aan die koors. Diep onder die indruk van wat daar in die sinagoge gebeur het, het hulle Jesus gesmeek om sy wondermag ook hier tot genesing aan te wend. Jesus het toe haar hand aangeraak en haar opgerig. Dadelik het die koors haar verlaat en *sy* het hulle bedien. Lukas verhaal ons dat Jesus die koors bestraf het (Luk. 4:39). Hier word dieselfde woord gebruik as in

Mark. 1:25, waar Jesus die onreine gees bestraf het. Hierdie plotselinge koorsaanval was dus blykbaar die werk van 'n bose gees. Orals waar Jesus gekom het, het die duiwel Hom teengewerk. Dit was 'n lis van die bose, sodat die mense hulle van Jesus sou afwend. Orals in die omgewing van Jesus het die duiwel siektes en rampe bewerk. Maar Jesus het *sy* bose spel deursien en het hom bestraf.

Nouliks het die trompet dit aangekondig dat die sabbatdag verby was, of daar het 'n menigte van mense saamgedring om die huis van Petrus. Hulle het mense van alle siektes en kwale na Jesus gebring. Ons leer dat Hy hulle gesond gemaak het en baie duiwels uitgedryf het. Hy het die duiwels nie toegelaat om te praat nie, omdat hulle Hom geken het, Mark. 1:34. Tot laat in die aand was Hy besig. Hierdie sabbat in Kapernaüm het een van die grootste oorwinnings oor die bose geword. Vir die stem van Jesus het alle geeste gewyk.

3. Die Gebede van Jesus

Toe dit nog donker in Kapernaüm was, het Jesus versigtig die deur oopgemaak. Ons lees in Mark. 1:35: "En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid". Hy wou Hom verkwik en versterk in die gemeenskap met sy Vader. Ons kan ons voorstel hoe Hy die Vader gedank het vir die kragtige wonders. By die graf van Lasarus het Hy die Vader gedank, dat Hy Hom verhoor het, Joh. 11:41. In eensaamheid het Hy later nagte deurgebring in die gebed daar op die Olyfberg. Jesus het ons geleer: wie vir God wil werk, moet met God lewe. Kyk ook Luk. 5:16.

4. Besetenheid in die tyd van Jesus

Besetenheid van die duiwel is iets anders as kranksinnigheid. In die dae van Jesus was daar verskillende mense, wat die duiwel in besit geneem het. Dit het daarvandaan gekom, dat die duiwel Jesus wou teenwerk. Die duiwel wou so graag hê, dat die mense Jesus moes beskou as 'n man wat vloek en ellende bring. Onder die O.T. het dit nie voorgekom nie. Dis nie te verwonder nie, dat satan deur hierdie middel getoon het, hoeseer hy alle mag saamgetrek het om Jesus by sy verskyning op aarde te bestry. Sy magsopenbaring in sulke ongelukkige mense was eintlik teen Jesus gerig. In die bestryding van die besetenheid het Jesus dan ook aan satan die neerlaag toegebring. Twee dinge staan hier vas: a) dat daar ook nou nog werkinge van die satan in en op die mens is; b) dat die werkinge in die dae van Jesus, juis deur Jesus se optrede, hulle baie duideliker kenbaar en menigvuldiger geopenbaar het.

"Wat die besetenheid self betref, bestaan dit in die indringing van die bose gees in die liggaam van die mens. Hy wil hom in die mens in die plek stel van die gees van die mens. Dit is dus 'n soort inkarnasie (vleeswording). Daarin lê iets van die gewone poging van satan om die werk van God na te boots. Dis nie die siel van die mens wat besete word nie, maar die liggaam terwyl die siel in die liggaam onderdruk word. Die duiwel besit die mens deur in hom te vaar, daarom bestaan die genesing in uitwerping. Die duiwels oefen so 'n tiranniserende mag uit op hulle slagoffer, dat hulle die gees van die mens terugdring om self die heerskappy oor die liggaam oor te neem. Dis dan ook merkwaardig dat Jesus, waar Hy besetenes genees, nooit handel met die mens maar met die gees of geeste wat in hom is. Vir hierdie genesing word dus nie *soos* by die krankes geloof geëis nie. Ook het Jesus die besetenheid nooit as skuld aan die lyer toegereken nie, want daar het na die genesing nooit 'n vermaning om nie meer te sondig gevolg nie.

B. RONDREIS DEUR GALILEA

Jesus was nie lank alleen nie, toe Hy sy dissipels sien aankom. Hy sê toe aan sy dissipels: "Ek moet aan die ander stede ook die evangelie van die koninkryk van God bring, want daarvoor is Ek gestuur". En Hy het verder in die sinagoges van Galilea gepreek, Luk. 4:43, 44.

1. 'n Melaatse gereinig

Slegs één gebeurtenis op hierdie rondreis word ons noukeurig beskrywe. Terwyl Jesus in een van die stede was, kom daar 'n man vol melaatsheid. Toe hy Jesus sien, val hy op sy aangesig en smeek Hom en sê: "Here, as U wil, kan U my reinig". Jesus was ontroerd oor die groot vertroue van hierdie man. Hy strek sy hand uit en raak hom aan en sê: "Ek wil, word gereinig". Dadelik het die melaatsheid hom verlaat. Dit was in stryd met die Joodse voorskrifte, dat Jesus 'n melaatse aanraak. Maar Jesus het Hom nie aan hierdie bepaling gesteur nie. Hy wou juis deur hierdie aanraking laat sien, dat Hy sterker was as die krag van onreinheid. Verder het Jesus hierdie man laat verstaan, dat hy nie moet dink dat sy liggaam vol is van bonatuurlike krag nie. Jesus moet eers die woord van sy bevel spreek: Ek wil. Toe die man genees was het die vriendelike geneesheer meteens in 'n strenge leermeester verander. Nadat Hy hom ernstig aangespreek het, stuur Hy hom dadelik weg en sê vir hom: "Pasop dat jy vir niemand iets vertel, maar gaan vertoon jou aan die priester en offer vir jou reiniging wat Moses voorgeskrywe het, tot 'n getuienis vir hulle" (Mark. 1:43, 44). Waarom moes hy dit aan niemand vertel nie? Jesus was bedug vir die geesdrif van die mense, dat hulle Hom as die aardse Messias sou gaan toejuig en so die doel van sy koms verydel. Die genese man moes hom aan die priester gaan toon volgens die voorskrif van Lev. 14, en hy moes offer.

Hierdie man het hom nie gehou aan die bevel van Jesus nie, maar hy het begin om baie dinge te vertel en om die saak rugbaar te maak, sodat Jesus nie meer openlik in 'n stad kon ingaan nie. So het hierdie man 'n soort beroemdheid geword. Elkeen wou hom graag sien. *So* het hy *sy* eie lewe bederf. *Hy* wat trots word op die weldade, wat God aan hom gedoen het, rig sy eie lewe te gronde. En die man het ook 'n groot skade aan die werk van Jesus gedoen. Jesus kon Hom nie meer vertoon op die strate van die stede nie.

2. Melaatsheid

Melaatsheid is deur die Jode beskou as een van die swaarste strawwe van God. Dis 'n siekte wat jare lank duur. Elke siekte is gevolg van die sonde. Melaatsheid sien veral op die smet van die sonde en op die innerlike verdorwenheid van die mens. Daarom is die melaatse deur die Wet as onrein bestempel. Die melaatse mense was 'n teken van die gruwelike onreinheid van die sonde. Die verderf van die dood tree by sulke mense in, terwyl hulle nog lewe. Daarom is hulle in die Levitiese Wet gelykgestel aan 'n dode. "Wie 'n melaatse aanraak was onrein. 'n Melaatse mog dan ook nie in die menslike samelewing verkeer nie. Hulle moes afgesonder word buite die leërplek van Israel. As iemand in hulle nabyheid kom, was hulle verplig om 'n waarskuwende teken te gee. Sodra 'n melaatse genees was, moes hy hom aan die priester vertoon. As die priester vind, dat hy werklik genees was, dan moes hy hom buite die leërplek laat reinig. Op die agtste dag moes hy volgens die Wet bepaalde offers tot versoening bring om also weer in die gemeenskap van sy volk opgeneem te word, Lev. 14.

C. Teruggekeer in Kapernaüm

Markus deel ons mee, dat Jesus met sy dissipels na 'n paar dae weer in Kapernaüm gekom het, Mark. 2:1. In daardie "paar dae" het daar baie dinge gebeur. In Kapernaüm het die mense met groot verlange na die terugkeer van Jesus uitgesien. Sodra hulle verneem dat Hy terug was en in 'n huis tuis was, het hulle van alle kante toegestroom. Die huis was gebou in 'n vierkant. Deur die voordeur kom 'n mens in die binneplaas. Rondom die binneplaas was die verskillende kamers. By vele huise was die binneplaas omgewe met 'n breë galery, en op die galery het die deure van die verskillende kamers uitgekom. Die dak van die huis was plat en met 'n muur omgewe. Meestal was daar 'n trap aan die buitekant van die huis, waarlangs die dak bereik kon word. Op die dak was in baie gevalle nog 'n kamer, wat dikwels as loseerkamer gebruik is of as 'n bidvertrek. In so'n huis was Jesus hier. In 'n oomblik was die binneplaas met al die kamers vol mense. Tot selfs by die voordeur is alles vol. Daar was ook Fariseërs, wat uit verskillende plekke van Galilea en selfs uit Jerusalem gekom het. Jesus was net besig om aan hulle die "Woord te verkondig, toe daar vier manne, wat 'n verlamde man dra, aankom. Hulle

het gekom om hierdie verlamde man aan Jesus te toon en om Hom te vra om hom gesond te maak. Die vier draers het gou gesien, dat daar geen kans is om Jesus daar binne in die huis te bereik nie. En hulle durf nie wag tot die volgende dag nie. Hulle besluit toe om met die verlamde man langs die trappe op die dak te klim. Toe hulle op die dak kom, het hulle versigtig van die plat klippe weggeneem. Dis die klippe wat die galery oordek het en waaronder Jesus besig was om die Woord te verkondig. Hulle het toe die verlamde man op 'n mat met toue neergelaat tot voor Jesus. Jesus het die man aangekyk en ook opgekyk na die vier manne op die dak. Daar was iets in hierdie dinge, wat Hom van blye ontroering vervul het. Die vier helpers op die dak het 'n beskamende geloof in Jesus se mag getoon. In die geloof, wat Hy in hulle sien, sien Hy die aanysing van sy Vader, dat Hy Hom mag openbaar. Hy het nie die verlamde man genees om die geloof van sy vriende nie.

Die verlamde man het blykbaar teen hierdie ontmoeting met Jesus opgesien. Daarom voeg Jesus hom toe: "Seun, hou goeie moed" (Matt. 9:2). Daar was angs en vrees in *sy* oë. Jesus het dadelik gesien, hoe daar diep in sy siel 'n gevoel van grote skuld voor God was. Hierdie man het sy siekte gevoel as 'n vreeslike en regverdige straf van God oor sy sonde. Hy het gevoel dat hy hierdie siekte verdien het, en daarom het hy ook geen enkele woord van klagte gespreek nie. In sy hart was die diepe berou oor sy kwaad en die angstige siddering voor God. Daarom het hy gevrees vir die ontmoeting met Jesus. Jesus het hom met ontferming aangesien. Hy was dankbaar, dat Hy nou kon sê dat Hy gekom het om van die sondes te verlos. Daarom sê hy: "Jou sondes is jou vergewe". Daar het 'n heilige blydskap oor die gesig van die verlamde gekom. Al die sorge en angste wat hom gekwel het, wyk nou weg uit sy hart en daar kom 'n groot vertroue. God is hom genadig. Sy sonde is vergewe! Hy vra nou nie om genesing nie. Hierdie ryke seën wat Jesus hom skenk is genoeg.

Jesus het die gemompel onder die Fariseërs en Skrifgeleerdes gemerk: "Hierdie man praat godslasterlik. "Wie kan die sondes vergewe behalwe Een, naamlik God?" Jesus het dadelik in sy gees geweet, dat hulle by hulleself so redeneer, daarom sê Hy vir hulle: "Wat redeneer julle oor hierdie dinge in julle harte? Wat is makliker — om vir die verlamde te sê: Die sondes is jou vergewe! of om te sê: Staan op en neem jou bed op en loop?" Hulle meen dat dit die moeilikste is om te sê: Staan op en loop. Dit kan die mense sien. Maar Jesus laat hulle verstaan, dat Hy nie arbei om van die mense gesien te word nie, maar Hy arbei om die mense voor God vry te maak, om hulle vergewing van sondes en die ewige lewe te skenk. Hulle vra na 'n teken in hulle ongeloof. 'n Teken is nie die moeilikste nie, maar die vrymaking van die hart van die sondes. Jesus wil hulle ook deur sy dade weerstaan om also alle voorwendsel aan hulle te ontneem. Om hulle te toon, dat die Seun van die mens mag het om op die aarde sondes te vergewe, sê Hy vir die verlamde man: "Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe". Hy het dadelik opgestaan, sy bed opgeneem en gegaan. Almal was verbaas en het God verheerlik en gesê: "So iets het ons nog nooit gesien nie". Die oorsaak van die menslike ellende is die sondeskuld. Jesus neem die oorsaak van al die ellende weg, dan wyk die krankheid ook.

Hoofstuk V

JESUS IN JERUSALEM

(Joh. 5)

A. Genesing van die verlamde man in Betesda

1. Betesda

Ons lees in Joh. 5:1: "Hierna was daar 'n fees van die Jode, en Jesus het opgegaan na Jerusalem". Dit was heel waarskynlik die paasfees. Vir Jesus was die eerste jaar van sy openbare optrede nou verby. In hierdie eerste jaar het Hy agt maande in Jerusalem en orals in Judea gepreek en vele het in Hom geglo. Selfs in Samaria was daar vele wat in Hom geglo het. In Galilea het daar gedurende die laaste vier maande groot bewegings gekom. In elke stad en in elke dorp, waar Jesus opgetree het, was die woorde en dade van Jesus die daaglikse onderwerp van gesprek. Daar het 'n groot ontroering in Palestina gekom, en dit was die vrug van die eerste jaar van openlike arbeid van Jesus.

Dit blyk uit Joh. 5, dat die dissipels in Galilea agter gebly het. Jesus wou Hom soveel moontlik verborge hou, omdat Hy geweet het watter verkeerde gedagtes oor die komende Messias in Jerusalem gekoester is. Jesus het alleen opgegaan na Jerusalem vir die paasfees. Op die sabbat het Jesus deur die Skaapspoort gegaan na Betesda, waar daar 'n bad was. Rondom hierdie bad was daar breë galerye gebou met die oog die menigte siekes, wat daarheen vir genesing gekom het. Betesda beteken "huis van barmhartigheid". Hierdie bad het genesende krag besit. Daar was blindes, kreupeles en lammes, wat vir die roering van de water gewag het. Op bepaalde tye het die water in die bad in beweging gekom. Miskien het daar dan water van 'n onderaardse bron daarin uitgestort. Die sieke wat na die opborreling van die water dadelik daarin neergedaal het, het genesing gekry. Hulle het geglo, dat 'n engel telkens neergedaal het en die water geroer het. Dis heeltemal nie onskriftuurlik om die werking van so'n natuurkrag aan 'n engel toe te skrywe nie. So'n genesende werking van die bron is die werk van Gods genade, wat ook die kragte in die natuur beheers.

Hoe rustig was dit hier in Betesda! Jesus het behoefte gehad om die juigende menigte in Jerusalem te ontvlug en Hom hier in die stilte terug te trek. Maar ook hier het daar 'n taak vir Hom gewag, wat Hy weer deur woord en daad moes verrig. Jesus was met diepe ontferming bewoë, toe Hy sien hoe al die ongelukkiges daar wag op die roering van die water. Hy sien 'n siek man, wat verlamd was, daar lê. Die Vader het Hom hierdie man aangewys as die voorwerp van sy reddende barmhartigheid. Aan hierdie man, wat deur sy sonde gebonde was, kon Jesus die doel van sy koms op aarde toon. Hy verlos ons immers van die sonde en van al sy gevolge. Hierdie man het dadelik Jesus se aandag getrek. Hy het daar so droewig uitgesien, dat Jesus ontroerd was, en hom 'n wonderlike vraag gestel het: "Wil jy gesond word?" In sy gesprek met hierdie siek man het Jesus verneem, dat hy al 38 jaar daar hulpeloos gelê het. Dit lyk of alle hoop op gesondheid hier vir goed weg was. Hy het homself al afgevra of daar vir hom nog ontferming is. Hy is verras dat iemand nog na hom omsien en antwoord: "Here, ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie; en onderwyl ek kom, gaan 'n ander een voor my in". Ja, hy het niemand gehad om hom te help nie. Hier verneem Jesus die klag van ontsettende eensaamheid. Elke mens het alleen aan homself gedink, en daar was niemand wat aan hierdie ongelukkige gedink het nie. As die water geroer word, dan was daar in die hele bad niemand, wat hierdie ongelukkige wou help nie.

Nergens sien ons Gods grootheid en barmhartigheid duideliker as hier in Betésda, maar ook nergens sien ons die menslike egoïsme skrynender as hier. Aan hierdie man het Jesus nie gevra of hy glo dat Hy hom kan help nie. Hy het niks van Jesus geweet en het miskien nog nooit van Hom gehoor nie. Die enigste wat Jesus wou weet, is of daar nog 'n verborge verlange na gesondheid in hom was. Dit was vir Jesus genoeg. Met 'n kragtige stem sê Hy: "Staan op, neem jou bed op en loop". Die man het verwag, dat Jesus hom

sou help om in die bad te kom na die roering van die water. Maar nou is hy dadelik genees. Hy was ondergedompel in die bron van Gods genade en was verlos. Die ban van wanhoop was vir hom gebreek. Sou hy van sy sondes verlos wees? Jesus sal hom later in die tempel nog 'n vermaning gee. Hier was daarvoor geen tyd nie, anders het die mense toegestroom en Jesus as 'n wonderdoener vereer. Hoe heerlik was dit vir hierdie man om weer die ryke menselewe in te gaan!

2. Die Konflik oor die Sabbat

Watter blydskap was daar in die lewe van hierdie man! Maar nouliks was hy binne die poorte van Jerusalem of hy word berispe deur die Fariseërs en skrifgeleerdes. Hierdie yweraars vir die Wet van die Here ken geen barmhartigheid nie, maar slegs strenge gehoorsaamheid van die Wet. Hulle weet dat daar in die profesieë van Jeremia geskrywe is: "Neem julle in ag om julle siele ontwil, dat julle geen las dra op die sabbatdag en dit inbring deur die poorte van Jerusalem nie" (Jer. 17:21). Dit vind ons ook in Neh. 13:15. Daarom berispe hulle die genesene, dat hy sy bed (mat) op die sabbat dra. Hulle dink nie daaraan, dat dit hier 'n heel ander geval is as wat Jeremia en Nehemia bedoel nie. Hierdie man is waarlik nie besig om sy daaglikse bedryf uit te oefen nie. Maar die Fariseërs hou hulle aan die letter van die gebooie van die Here: "Dit is sabbat, dit is jou nie geoorloof om jou bed te dra nie". Hulle vra die man toe, waarom hy dit doen. Hy antwoord hulle: "Hy wat my gesond gemaak het, Hy het vir my gesê: Neem jou bed op en loop". Die Jode vra hom toe, wie die man is wat dit gesê het. Die genesing van hierdie man vind hulle nie belangrik nie, maar die bevel dat hy op die sabbat sy bed moet dra, vind hulle vreeslik. Hulle het wel 'n vermoede gehad, dat dit Jesus gewees het.

Enige tyd later het Jesus hierdie genese man in die tempel gevind. Nou kon Hy rustig met hom spreek. Hy het hom getoon, dat Hy wis dat sy siekte 'n gevolg van sy sondes was en het hom op die ontferming van God gewys. Jesus voeg hom toe: "Kyk, jy het gesond geword; moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie". Die lamheid was blykbaar die gevolg van 'n ernstige sonde, wat hy in sy jeug gedoen het. Deur die geloof aan Gods genade sou hy voortaan lewe en die sondes oorwin. As hy dit nie doen, maar weer in die sondes verval, dan sou daar iets ergers oor hom kom. Ons mag met Gods genade nie speel nie. Die wonders wat Jesus doen, is tekens van Gods barmhartigheid. Die mens wat hierdie tekens ontvang, word opgewek om hom te bekeer. Dan is die gesondheid van die liggaam die begin van 'n baie groter seën: die gesondheid, die reiniging van die siel. So dring Jesus hierdie man tot geloof en bekering.

Toe die man hierdie woorde van Jesus gehoor het, het hy na die Jode gegaan en vertel, dat dit Jesus was. Hy het gemeen dat hulle hom nie langer sou kwalik neem, as hulle weet dat dit Jesus was nie. Maar die Jode het daar heeltemal anders oor gedink. Hulle het Jesus hieroor vervolg en probeer om Hom dood te maak, omdat Hy dit op die sabbat gedoen het. Jesus het hulle geantwoord: "My Vader werk tot nou toe en Ek ook".

B. Jesus se Verantwoording, Sy skitterende Redevoering

Die Jode het toe nog meer probeer om Hom dood te maak, omdat Hy nie alleen die sabbat gebreek het nie, maar ook God sy eie Vader genoem het en Hom aan God gelyk gemaak het. Sommige van hulle het toe na Jesus toe gegaan om Hom te beskuldig en om te sien hoe Hy Hom sou verdedig. Hulle beskuldig Hom van sabbatskennis. In hulle hart het hulle gedink, dat dit 'n duidelike teken is, dat Jesus sy wonders nie doen in die krag van God nie, maar deur die krag van die duiwel. God kan sy eie gebod van die sabbat tog nie oortree nie. Jesus het hier diep oor sy werk gespreek. Hy het hierdie Jode laat sien, hoe Hy sy hele werk met groot sorgvuldigheid doen, terwyl Hy altyd let op die wil van sy Vader. In die redevoering (Joh. 5:19-47) kan ons *drie dele* onderskei:

1. Sy Eenheid met die Vader (vss. 19-23)

Jesus se werk is presies in ooreenstemming met al die werk wat God in die wêreld doen.

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so." Jesus kan alleen sulke werke doen, omdat Hy die Vader dit sien doen. Gods grote werk in die wêreld is om te seen en te behou. En Jesus sien dit, en omdat Hy dit sien, daarom kan Hy ook sulke werke doen. Sy Vader werk tot nou toe. Die sewende dag is wel die dag van rus, maar dit beteken nie dat God toe opgehou het met werk nie. So gaan die werk van die Seun ook deur. Hy skend nie die sabbat as Hy siekes genees nie. Dit kom daarvandaan, dat hulle die sabbat verkeerd begryp. Hulle wil hulle strik hou aan die Wet van God, en dit is ook goed. Maar hulle fout was, dat hulle die Wet toegepas het sonder enige barmhartigheid. Volgens die Jode tog mog 'n mens op die sabbat 'n sieke alleen help, wanneer daar doodsgevaar is. Jesus laat hulle sien, dat die sabbat seker daar is om te rus, maar dat dit nie verbied is om 'n arme sieke of lydende te help en te troos nie. As ons so'n sieke help, dan is ons juis in Gods werk besig. Die Jode het geen egte liefde en geen egte barmhartigheid geken nie. Hulle godsdiens was koud en dood. Dit was hulle sonde.

2. Diepere Betekenis (vss. 24-30)

In hierdie gedeelte van sy verantwoording toon Jesus die diepere betekenis van die wonder. Hy het deur sy genesing die siek man opnuut lewend gemaak. Dit beteken dat Jesus magtig is om iemand werklik lewend te maak, d.i. om hom die ewige lewe te gee. "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie My woord hoor en Hom glo wat my gestuur, het die ewige lewe." Die wonder in Betésda was slegs 'n uiterlike wonder, dit was die lewendmaking van 'n verlamde. Maar ons is as mense almal verlamd. *Ons* siel is verlamd. Ons kan nie meer gaan in die weë van die Here nie, ons hande kan Gods werk nie meer doen en ons ore kan Gods stem nie meer hoor nie. Daarom kom Jesus tot ons en as sy stem ons roep, "dan hoor die dode die stem van die Seun van God, en die wat dit gehoor het sal lewe". Jesus bedoel hiermee, dat die dode (d.i. mense wat in sonde lewe en van God afgedwaal het) kan opstaan, wanneer hulle luister na sy woorde, net soos *die* verlamde man opgestaan het op die woorde van Jesus. Maar dan moet hulle eers gesond wil word, dan moet hulle diep in hulle siel 'n groot verlange hê om uit die hande van Jesus 'n nuwe lewe te ontvang.

En eenmaal in die dag van die opstanding sal Jesus al die mense, wat sy woord gehoor het, opwek "tot die opstanding van die lewe". So het Jesus die Jode laat sien, dat die wonder van Betésda 'n baie dieper betekenis gehad het. Hy kan mense, wie se siel verlamd en dood is, weer roep tot die blye lewe in Gods gemeenskap.

3. Die vier Getuies (vss. 31-47)

In hierdie derde deel van *sy* verantwoording laat Jesus die Jode sien, hoe daar vier getuies is, wat oor Hom getuig dat Hy die Saligmaker is.

Die *eerste getuie* is Johannes die Doper: "Daar is 'n ander Een wat van My getuig, en Ek weet dat die getuienis wat Hy van My getuig waar is". Johannes die Doper was die lamp wat brand en skyn. Hy het weinig lig gegee, omdat hy nog nie alles begryp het nie, maar hy het tog van Jesus getuig dat Hy die Koning, die Regter en die Lam van God was.

Die *tweede getuie* is die werke, die baie wonderwerke wat Jesus gedoen het. Hierdie werke "getuig van My dat die Vader My gestuur het". Jesus sê, dat dit werke is wat die Vader Hom gegee het. Hy doen hulle nie in sy eie krag nie, maar die Vader gee hulle aan Hom.

Die *derde getuie* is God self. "Die Vader wat My gestuur het, *Hy* het van My getuig." God self het by die doop van Jesus duidelik getuig, dat Jesus *sy* geliefde Seun is, in wie Hy 'n welbehae het.

Die *vierde getuie* is die O.T. "Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is die wat van My getuig." As die Jode die O.T. maar aandagtig sou lees, dan sou hulle self merk, dat alles wat daar staan in Jesus vervul is. Maar hulle doen dit nie. Hulle vermeng die woorde van Moses met allerlei bose en dwase

eie gedagtes, en daardeur verstaan hulle Moses nie. Daarom sal Moses in die oordeelsdag die volk Israel aankla, dat hulle nie na Hom geluister het nie. As hulle na Moses luister, dan sal hulle Jesus ook aanneem, want "hy het van My geskrywe". "As julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?" Met hierdie woorde het Jesus sy rede tot die Jode geëindig.

Ons vind in hierdie rede van Jesus een van die treffendste getuienisse aangaande sy Persoon en werk. Die wesensbetrekking tussen die Vader en die Seun kom hier *so* duidelik uit. Tog het die Jode hulle nie laat oortuig nie, maar het soveel te meer 'n geleentheid gesoek om Hom dood te maak, omdat Hy God sy eie Vader genoem het. Wat vir die geloof die heerlikste is, nl. dat Jesus die eniggebore Seun van God is en aan ons Gods volle Vaderskap openbaar en skenk, het die Jode godslastering genoem. So gesluit kan die hart deur die sonde wees!

Sommige meen, dat hierdie rede van Jesus 'n verdediging in die regssitting van die Sanhedrin was. Maar dis nie denkbaar, dat Hy werklik as 'n gevangene voor die regbank gedaag is nie. Dit kon egter 'n nie-offisiële vergadering gewees het van die vernaamste manne, wat Jesus se antwoord wou hoor op hulle openlike beskuldigings teen Hom. Die ongewone reëlmatigheid van die hele toespraak, die toespeling op die gesantskap, wat na Johannes die Doper gestuur was, (vs 33) en die besondere, plegtige erns van die laaste sinne skyn op so'n geleentheid te wys.

Hoofstuk VI

WEER TERUG IN GALILEA

(Matt. 10:1-4; Luk. 6:12-16; Matt. 5-7)

A. Die Roeping van die twaalf Apostels

1. Inleiding

In hoofstuk II het ons gesien, hoe Jesus sy eerste dissipels geroep het, nl. Andreas en Johannes, daarna Simon Petrus en Jakobus en daarna Filippus en Natanael. In Matt. 9:9-13 word ons die roeping van Levi die tollenaar of Mattheüs vermeld. Hierdie sewe dissipels het Jesus nog nie op al sy weë gevolg nie. Hulle het soms na hulle huise teruggegaan om hulle gewone beroep uit te oefen. Maar die tyd het nou aangebreek, dat die werk van Jesus 'n vastere vorm gaan aanneem. Daar begin nou 'n gemeente te groei, wat hulle van die sinagoge gaan losmaak en 'n eie lewe gaan lei. Dis die rede waarom Jesus sy dissipels opnuut geroep het en hulle ook die nuwe naam van apostels gegee het.

Voordat Jesus sy twaalf apostels geroep het, het Hy Hom eers 'n nag afgesonder in die gebed. Jesus het alles biddend gedoen, maar as Hy voor besondere beslissinge gestaan het, het Hy 'n hele nag in die gebed deurgebring. In hierdie nagtelike gebed het Jesus van sy Vader die aanwysing gekry, watter manne Hy tot die apostelamp moes roep. Hy het hulle nie self gekies nie, maar die Vader het hulle aan Hom gegee (Joh. 17:6, 12). Hy het op die berg geklim en hulle na Hom geroep die wat Hy wou hê. Hy het volgens aanwysing van sy Vader twaalf aangestel, "sodat hulle saam met Hom kon *wees,* en Hy hulle kon uitstuur om te preek" (Mark. 3:14). Hy het hulle mag gegee oor onreine geeste om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees (Matt. 10:1). Hy het hulle uitdruklik die naam van Apostels gegee (Luk. 6:13). Hulle was die geestelike stamvaders van die kerk van die N.T., wat in hulle persone die skakel gevorm het tussen Christus en sy wêreldkerk. Behalwe die sewe wat Jesus reeds al geroep het, kom hier nog by: a) *Thomas,* wat tweeling beteken. Die Griekse vertaling is Didimus (Joh. 11:16). Hy was 'n swaarmoedige, peinsende man (Joh. 11:16; 14:5). b) *Jakobus,* die seun van Alfeüs. Hierdie Alfeüs was waarskynlik nie dieselfde as die vader van Mattheüs nie (Mark. 2:14). c) *Simon* met die bynaam van Kananites. Lukas noem hom Selotes, wat yweraar beteken. Dis moontlik dat hy tot die sg. Party van die Selote behoort het. d) *Judas,* die seun van Jakobus (Luk. *6:16).* Hy het twee byname gehad nl. Lebbeüs en Taddeüs. e) *Judas Iskariot,* die man van Kariot. Judas was van Judea. Hy sou Jesus verraai.

Hierdie manne moes huis en familie verlaat en Jesus volg.

2. Die Apostelamp

Die woord apostel beteken afgesant. Dit word in die N.T. gebruik:

a) Van Jesus self. Hy is die Apostel van die Vader (Hebr. 3:1). b) Van die twaalf apostels. c) Van die helpers van die apostels, die evangeliste soos Barnabas (Hand. 14:14), Apollos (1 Kor. 4:6, 9) en Jakobus, die broer van Jesus (Gal. 1:19). d) Van persone wat 'n bepaalde opdrag moes uitvoer soos Epafroditus (Fil. 2:25).

In die apostelamp lê die oorgang tot die gewone ampte, wat blywend in die kerk van die Here bestaan. Dit is op allerlei wyse bestry. Die negatiewe kritiek sien in die apostelamp 'n instelling, nie van Christus nie, maar van die apostoliese kerk, wat eers later aan Christus toegeskrywe is. Die hele grondlegging van die kerk met die buitengewone gawes is dan 'n legende van later tyd. Andere meen, dat Jesus volstrek nie bedoel het om in sy apostels buitengewone ampsdraers te kies nie, maar dat Hy slegs enkele manne aangewys het om verkondigers van sy denkbeelde te wees. Die gedagte aan 'n kerk as blywende instelling sou dan nooit by Jesus opgekom het nie. Die Skrifte van die N.T. toon duidelik, dat die apostels as afgeslote kring 'n geheel enige posisie inneem

rondom Jesus en straks na sy hemelvaart in die eerste Christelike kerk. Ook die getal twaalf was nie willekeurig nie, maar dit was in aansluiting aan die twaalf stamme van Israel. Dat die apostels self geen ander gevoel gehad het nie, blyk uit die verkiesing van Matthias tot twaalfde apostel in die plek van Judas Iskariot.

Die apostelamp was 'n *buitengewone amp.* Dit blyk daaruit, dat hulle dissipels was om in die onmiddellike omgewing van Jesus te wees. Dit kon slegs duur tot die hemelvaart. Dit blyk ook daaruit, dat hulle apostels was met die bedoeling om uitgestuur te word. Hulle moes eers gaan na die verlore skape van Israel en na Pinksterdag ook tot die heidene. In hulle amp was die apostels begiftig met 'n besondere apostoliese gawe, waarby hulle 'n buitengewone mag ontvang het, sodat hulle in die gemeentes met apostoliese gesag opgetree het (1 Kor. 11:34; 4:21; 2 Thess. 3:6-10). In hulle amp was die toekomstige ampte opgesluit, en hulle gesag het oor die hele kerk uitgestrek. Die kerk moes op die fondament van die apostels gebou word (Ef. 2:20), nie op hulle opvolgers as persone nie, maar op hulle leer. Dit teen die sg. Apostelsekte. *Paulus* was die apostel van die heidene. Sy taak was heel besonder, nl. om die werk van die twaalf apostels te bevestig en om deur die legging van die fondament in die heidenwêreld die werk van die apostels tot volle uitbreiding te lei. Die apostels sou baie teenstand ontmoet in die vervulling van hulle roeping, maar daar sou 'n heerlike vrug op hulle arbeid wees. Dit het Petrus al geleer in die wonderlike visvangs (Luk. 5:1-10).

B. Die Bergrede

(Matt. 5-7; Luk. 6:10-49)

1. Aanleiding

Toe Jesus sy apostels geroep het, gee Hy aan hulle 'n fundamentele onderrig aangaande die wese en openbaring van sy Koninkryk op aarde. Op die begrip "Koninkryk van die hemele" kom ons later terug. Hier kan ons daarmee volstaan, dat dit die ryk van genade en vrede is, wat Christus *vanuit die hemel* hier op aarde kom oprig in die harte van sy volk. Jesus wil sy dissipels en die skare wat Hom gevolg het nou inlig oor die aard en wese van sy Koninkryk. Die verkiesing van sy twaalf apostels en die onsterflike bergrede dui aan 'n keerpunt van betekenis in die werk van Jesus op aarde. Jesus het die nag op die berg in die gebed deurgebring in verband met die gewigtige werk wat Hom wag. In die môre het Hy sy dissipels na Hom geroep en 'n keuse uit hulle gedoen. Hy daal toe met hulle af. Daar benede wag 'n hele skare van mense op Hom. Hy klim toe weer 'n end teen die berg uit en Hy kies die geskikte plek uit, vanwaar Hy die skare die beste kan bereik. Paasfees was nou verby en dit was lente. Daar is blydskap orals in die natuur. Wat 'n skoon geleentheid! Jesus het tog nie alleen gekom om die mense van hulle liggaamlike kwale te genees nie, Hy wil hulle ook leer aangaande sy Koninkryk, wat Hy in die wêreld bring. Die bergrede kan ons dan ook omskrywe as die "Grondwet van die Koninkryk van die hemele".

2. Die Indeling van die Bergrede

Ons kan die bergrede in drie dele verdeel. Die geestelike orde van die dinge in die Koninkryk van die hemele is die eenheidsgedagte, waarin ons die hele bergrede kan saamvat. Dan kry ons die drie onderdele: a) Die aard en kenmerke van die onderdane van die Koninkryk van die hemele. b) Die grondwet wat daar geld en die grondbeginsels, wat uit hierdie grondwet voortvloei. c) Die geregtigheid, wat ooreenkomstig die aard van die onderdane en die grondwet in teenstelling met die van die Fariseërs, in daardie Koninkryk nagejaag word.

3. Die Inhoud van die Bergrede

a. Die Aard en Kenmerke van die Onderdane van die Koninkryk van die Hemele

Jesus het sy rede begin om sy dissipels en die skare in te lig oor watter mense tot sy Koninkryk behoort. Hy het dit in die vorm van saligsprekings gedoen. Elkeen van hierdie

saligsprekings is 'n groot raaisel. Jesus sê telkens presies die teenoorgestelde van wat ons sou verwag. Hy wil baie skerp laat uitkom, dat die Koninkryk van die hemele volkome verskillend is van alle aardse ryke. Die orde in die Koninkryk van die hemele is heeltemal anders as die orde in hierdie sondige wêreld. Die *armes van gees* is salig, omdat hulle klein en onmagtig voor God is en smagtend uitsien na Gods hulp en genade. Aan hulle behoort die Koninkryk van God. Hierdie armes van gees word deur Jesus vir ons in ses spreuke geteken, wat ons die innerlike en die uiterlike lewe van hierdie begenadigdes om die beurt skilder. Na hulle innerlike lewe is hulle treurendes, bedroefdes, omdat hulle dit so diep gevoel hoe weinig hulle beantwoord aan Gods wil. Na hulle uiterlike lewe in hulle omgang met die mense tree hulle op as sagmoediges. Na hulle innerlike lewe is hulle hongerend en dorstend na die geregtigheid, d.i. na 'n regte, versoende verhouding tot God. Hulle gevoel hulle onwaardig om tot God te nader en tog snak hulle siel na vrede met Hom. Na hulle uiterlike lewe tree hulle in hulle omgang met die mense op as barmhartiges.

Na hulle innerlike lewe is hulle rein van hart, opreg en suiwer in die diens van God. Na hulle uiterlike lewe is hulle in die omgang met die mense vredemakers, versoeners wat die bose harte tot rus kan bring. Hierteenoor staan die natuurlike lewe wat opgebou is op selfvergoddeliking, hoogmoed, selfdiens. In die laaste saligsprekings laat Jesus ons sien wat met hierdie mense gebeur en hoe hulle tog salig bly. Hulle word vervolg terwille van die geregtigheid, hulle word beledig en vals beskuldig. Hulle is vreemdelinge in die wêreld en tog oefen hulle grote krag uit, deurdat hulle die sout van die aarde en die lig van die wêreld is. Hulle is soos 'n stad op 'n berg.

b. Die Grondwet van die Koninkryk

Voordat Jesus die grondwet van sy Koninkryk aangee, laat Hy eers 'n waarskuwing voorafgaan. Hy bring nie as 'n nuwe wetgewer 'n nuwe wet nie. Hy neem geen hoër standpunt in as Moses en die profete nie. Hoe sou Hy kan afbreek wat God gebou het? Hy kom juis om die Wet te vervul, maar Hy gee 'n heeltemal andere, diepere, *geestelike* uitlegging van die "Wet. Daarom volbring die kinders van sy Koninkryk die Wet heeltemal anders as die Fariseërs. Dit toon Jesus eers aan ten opsigte van die sesde gebod: "Julle het gehoor dat vir die mense van die ou tyd gesê is: jy mag nie doodslaan nie..... maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broer sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg". Hier is geen teenstelling met die O.T. nie. Die mense van die ou tyd is die skool van Hillel, waaruit die Skrifgeleerdes voortgekom het. Hierdie *mense* hang alleen aan die letter van die Wet. Haat, afguns en wrok beskou hulle nie as wortels van doodslag nie. Dieselfde geld ten opsigte van die sewende en derde gebooie. Alleen egbreuk is sonde en die eed word misbruik. Die kinders van die Koninkryk staan heeltemal anders teenoor die reg van vergelding. Die Joodse regsreël was "oog om oog en tand om tand". 'n Mens mag elkeen wat kwaad gedoen het, vergeld volgens sy werk. So bly daar geen plek oor vir vergewing en liefde nie. Eindelik moet die kinders van die Koninkryk leer wat dit beteken om hulle naaste lief te hê. Dit het Moses al geleer in Lev. 19:18, maar die Skrifgeleerdes het dit verkeerd gelees. Uit die gebod dat ons ons naaste moet liefhê, het hulle afgelei, dat ons ons vyande moet haat.

c. Die Geregtigheid wat in die Koninkryk nagejaag moet word

Nadat Jesus ons laat sien het, hoe iemand in die Koninkryk van God staan en hoe hy met sy hele siel die Wet van God moet onderhou, wys Hy ons op die geregtigheid wat nagejaag moet word. Dit bestaan uit drie groot godsdienspligte:

1. Aalmoese gee

Om aalmoese aan die arme te gee, was vir die Jode 'n plig, waaraan elkeen hom moes onderwerp. Maar hulle het dit so gedoen, dat die mense dit kon sien en dat hulle daardeur geprys word. Iemand wat dit doen, het sy loon weg. Hy kry die eer van mense, maar God eer hy nie.

2. Gebed

Die Fariseërs het dikwels lank gebid op die hoeke van die strate om by andere as vrome mense bekend te wees. Wie die verborge lewe met God ken, bid in die verborge om in Gods gemeenskap versterk te word. Hy "gebruik dan nie 'n ydel herhaling van woorde soos die heidene nie". Wie die verborge lewe met God ken, weet dat God as onse Vader al ons behoeftes ken en dit wil vervul. Van hierdie egte bidde gee Jesus ons 'n voorbeeld in die gebed van "Onse Vader". As ons die verborge lewe met God ken, waarin ons vergewing van sondes ontvang, dan is ons ook bereid om aan die mense hulle misdade te vergewe.

3. Vas

As ons vas moet dit nie 'n vrome skyn wees nie, wat alleen maar dien om deur die mense geëer te word. Om op die egte wyse te vas, moet dit in die verborge gedoen word. Deur te vas gee ons uitdrukking aan die droefheid oor die sonde en berei ons ons hart voor vir die gebed.

Naas hierdie drie groot godsdienspligte kom nog: (1) *Die strewe* om skatte op aarde bymekaar te maak, waar mot en soes verniel en waar diewe inbreek en steel. Ons moet vir ons skatte in die hemel bymekaarmaak, "want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees". (2) *Die daaglikse lewe,* dat ons nie besorg moet wees as ons geen rykdom het nie. "Wie tog onder julle kan deur hom te kwel een el by sy lengte toevoeg?" Toe het Jesus na die voëls en die lelies van die veld gewys. Hoe onbekommerd is die voëls en hoe kleurig pryk die lelies tussen die groen gras! Daarom moet ons nie bekommerd wees nie. Die grondreël in die Koninkryk is: "Soek eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word". (3) Die *sondige oordeel oor ons naaste* sonder dat ons deurdring is van eie fout en eie skuld. Ons moet vir ander tot 'n seën wees, dan mag ons wel die kwaad in ander veroordeel, maar dan is dit geen oordeel in hoogmoed nie. As ons dit sou doen, sou ons ook onsself verwerp. Ons moet veral krities teenoor onsself staan. (4) *Die genieting van Gods volle guns in Christus.* As ons bid, sal ons ontvang; as ons klop, sal vir ons oopgemaak word. En dan mag ons aansit aan die maaltyd van Gods volle gemeenskap. (5) *Die geloof is 'n nou poort,* waardeur ons moet gaan. As ons in God glo, verloor ons die vertroue op andere. As ons op onsself vertrou, kan ons nie deur die nou poort gaan nie. (6) Die Kinders van die Koninkryk sal *aan hulle vrugte geken word.* Elke goeie boom dra goeie vrugte. (7) *Die waarskuwing teen ydele roem:* "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die Koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is". (8) *Die sekerheid in die Koninkryk* laat Jesus uitkom in die gelykenis van die verstandige man, wat sy huis op die rots gebou het. Ons moet die huis van ons lewe bou op die fondament van die waaragtige gehoorsaamheid, wat hom in dade bewys.

4. Kritiek en die Bergrede

Daar is vele nuwere kritici wat die bergrede verheerlik as 'n sedelike ideaal, hoewel Jesus vir hulle nie die Christus is nie. Die modernes van ons tyd sien in die bergrede die eintlike, die oorspronklike evangelie in sy sobere eenvoud. Ons kan Jesus dan alleen ken in sy religieuse ideë en sy reine gedagtes uit die bergrede. Voorstellings aangaande genade, versoening deur die bloed van Christus, die godheid van Christus, sy opstanding en hemelvaart is dan slegs bedenksels van latere tyd, en is dus 'n vervalsing van die oorspronklike evangelie. Ons mag Christus as Voorbeeld nie stel in die plek van Christus as Versoener en Heiligmaker nie. Wie die Christendom laat opgaan in 'n nadoen van Christus, tas in die diepste grond die wese van die Christendom aan.

Hoofstuk VII

JOHANNES DIE DOPER IN DIE GEVANGENIS

(Matt. 11 en Luk. 7:18-35)

A. Die Oorsaak van Johannes se Gevangeneming

Toe Jesus van stad tot stad gereis het en orals die evangelie van die Koninkryk gepreek het, het Johannes in die gevangenis gesug. Oor die oorsaak van sy gevangeneming moet ons heel kort wees, omdat dit slegs die aanleiding was tot die woorde van Jesus wat ons hier gaan behandel. Onder Herodes Antipas moet Johannes swaar en moeilike dae deurmaak. Hy het oor Galilea geregeer en was getroud met die dogter van Aretas, koning van Arabië. Hy het sy wettige vrou weggestuur, sodat hy kon trou met Herodias, die vrou van sy halwe broer Filippus. Hieroor was hy in 'n oorlog met die koning van Arabië gewikkel, waarin hy verslaan is. Hierdie huwelik was om twee redes onwettig: sy wettige vrou het nog gelewe en Herodias was self ook getroud. Johannes het Herodes en Herodias hieroor ernstig vermaan. Mede as gevolg van hierdie vermaning het Herodes op aandrang van Herodias hom in die gevangenis gesit. Verder was Herodes bang, dat die volgelinge van Johannes teen sy gesag sou opstaan, so verhaal Flavius Josephus ons. Na alle waarskynlikheid was daar nog 'n derde rede, nl. die aanstoking van die Fariseërs en Skrifgeleerdes soos blyk uit Joh. 1:19-28; 4:1, 2; Luk. 13:31, 32. Hulle was spioene van Herodes. Daar in die sterke vesting van Machaerus aan die Oostelike kant van die Dooie See moes Johannes in eensaamheid sy dae deurbring.

B. Sy Twyfel

Daar in die gevangenis het Johannes nog gedurig omgang met sy dissipels gehad. Hulle het hom getrou kom vertel al die dade wat Jesus gedoen het. Ons lees in Matt. 11:2: "En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus". Dis juis die werke van Jesus, wat hom in verwarring bring. Jesus gaan nou al jaar na jaar rond in Palestina en Hy eet saam met tollenaars en sondaars en doen asof daar geen Johannes in die gevangenis is nie. Sal Jesus werklik die Koninkryk laat kom? Dis juis die werke van Jesus wat hom somber en ongeduldig laat nadink. Sy dissipels het hom berig, dat Jesus Hom in Nasaret as die beloofde Messias van Jes. 61 voorgestel het, dat Hy gekom het om die gebrokenes van hart te verbind, om 'n blye boodskap aan die sagmoediges te verkondig en om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep. Hulle het Johannes die berig gebring, dat melaatse gereinig word en dat aan 'n verlamde man vergewing van sondes en genesing geskenk is. Tog kan dit alles Johannes nie tevrede stel nie. Hy begeer iets anders. Wanneer sal sy dissipels hom eindelik van die koms van die Koninkryk van *die* hemele kom vertel? Daar *in* die *woestyn* het hy die Messias aangekondig met sy gaffel in sy hand om sy dorsvloer skoon te maak. Hy het die mense tot bekering en belydenis van sonde geroep (Matt. 3:1-2). Hoe het hy die koms van Jesus luistervol tot die oordeel vir hom voorgestel! Dog hy merk van dit alles niks nie.

Ons meen dat Johannes se ontevredenheid nie voortgespruit het uit ontevredenheid met sy eie lewenslot nie. Ook meen ons nie, dat sy gees geknak en sy moed gebreek was, en dat duistere twyfel aangaande die Persoon van Jesus sy siel vervul het nie. Dan sou Johannes hom seker nie na Jesus gewend het nie. Dis nie *onwaarskynlik,* dat by Johannes die gedagte opgekom het of Jesus miskien net 'n deel van die Messiaswerk sou volbring nie, terwyl na Hom nog 'n ander een sou kom om te voltooi wat deur Jesus aangevang was. Om aan alle onsekerheid 'n end te maak, het Johannes twee van sy dissipels na Jesus gestuur met die vraag: "Is U die Een wat sou kom of moet ons 'n ander een verwag?" Diep in sy hart het Johannes self geweet, dat hierdie vraag dwaas was, God self het hom immers by die Jordaan getoon dat Jesus wel die Messias was (Joh. 1:33, 34). Gelukkig dat Johannes in sy vertwyfeling nie ondergegaan het nie, maar dat hy hom tot Jesus gewend het. Daar is verklaarders wat meen dat Johannes self nie getwyfel het nie, maar dat hy sy twee dissipels na Jesus gestuur het sodat sy dissipels in

Jesus sou glo. Soos ons uit die antwoord van Jesus sien, kan dit nie die geval wees nie. (Kyk Matt. 11:2.)

C. Jesus se Antwoord

Jesus het die dissipels van Johannes aandagtig aangehoor en het hulle nie dadelik geantwoord nie. Hulle moes 'n tydjie daar by Hom bly, dan kan hulle self sien wat gebeur. Lukas verhaal ons: "En in dieselfde uur het Hy baie genees van siektes en kwale en bose geeste en aan baie blindes die gesig geskenk" (Luk. 7:21). In die werke van Jesus lê die antwoord vir Johannes gereed. Toe Johannes se dissipels gesien het wat daar gebeur, sê Jesus vir hulle: "Gaan vertel Johannes wat julle hoor en sien: blindes sien weer en kreupeles loop, melaatse word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig. En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie." Twee dinge wil Jesus op hierdie wyse aan Johannes leer: (i) Johannes het in vroeër dae teveel een kant van die Messias gesien nl. sy koms as Regter met sy gaffel in sy hand. Daarmee was die teenwoordige optrede van Jesus nie heeltemal in ooreenstemming nie. Jesus het nog nie met die oordeel gekom nie, Hy het gekom as 'n weldoener, wat siekes genees. Opsetlik gebruik Jesus hier allerlei woorde uit die profesieë. In Jes. 29:18 is geprofeteer, dat in die dae van die Messias dowes sal hoor en blindes sal sien. In Jes. 35:*6* is geprofeteer dat die lammes sal spring soos 'n takbok en die tong van die stommes sal jubel. In Jes. 42:7 en 61:1 kry ons dieselfde weldade, wat die Messias sal doen. Deur hierdie aanhalings vermaan Jesus vir Johannes om hom nie te vergis nie. Hy moet die profesieë maar noukeurig lees, dan sal hy sien dat die hele werk van Jesus in ooreenstemming daarmee is. Hy sal wel kom as Regter en Hy sal eenmaal 'n groot en heerlik Koninkryk laat verskyn, maar dit kom alles eers daarna. Jesus lei Johannes dus na die Bybel terug. Hy moet uit die somberheid van sy eie gedagtes weer terugkeer na die eenvoudige onderwysing van die Bybel, dan sal hy rus vind. (2) In sy laaste woorde laat Jesus gevoel, dat baie mense aanstoot aan Hom neem. Hulle het van so'n ander Messias gedroom. Gelukkig is die mens wat hom nie laat mislei deur eie aardse gedagtes nie, maar rustig afwag wat Jesus gaan doen. Ons moet die werke van Jesus nie aan ons eie gedagtes toets nie, maar alleen aan die "Woord van God. Dit moet Johannes ook leer.

Wat 'n erns en liefde lê hier in die antwoord van Jesus! Hier is daar geen toornende verwyt nie, maar 'n sagmoedige onderwysing. Johannes moet dit gevoel, dat Jesus ook vir hom nie eers die Regter nie, maar die Heelmeester wil wees. Nie die verpletterende mag nie, maar die innerlike erbarming van die Koninkryk moet eers in die donker deurbreek. Johannes het in sy onbedagsaamheid verbygesien, dat die koms tot die verlossing 'n dubbele kant het: wraak maar ook ontferming oor die ellendiges.

Hierdie antwoord van Jesus het Johannes waarskynlik bevredig en sy sielsrus het teruggekeer.

D. Jesus verdedig Johannes

Toe die dissipels van Johannes vertrek het, het Jesus dit nodig geag om Johannes teenoor die skare te verdedig. Hulle mag Johannes nie van ongeloof beskuldig nie. Hierdie woorde van Jesus, waarmee Hy Johannes verdedig, is so belangrik met die oog op die juiste opvatting van sy Koninkryk. In hierdie verdedigingsrede moet ons veral op twee punte let:

i. Johannes mag 'n oomblik getwyfel het, maar daaroor mag niemand hom beskuldig nie. Johannes was waarlik nie "'n riet wat deur die wind beweeg word nie", nee, hy was 'n reus onder die profete. Hy is die kragtige, standvastige profeet, die gesant wat sou kom volgens die profesie van Mal. 3:1. Hy was die grootste onder die wat uit vroue gebore is, "maar die kleinste in die Koninkryk van die hemele is groter as hy". Wat Jesus hier sê, sien op die plek wat Johannes in die geskiedenis van die Godsopenbaring inneem. Hy staan tussen die profete en die Koninkryk van die hemele in. Hy was meer as 'n profeet, want hy het Jesus as Bruidegom gebring in die arms van die bruid, sy gemeente. Hy het

egter die bruilofsaal van die N.T. nie ingegaan nie. Hy het die Koninkryk slegs van ver af gesien.

Die kleinste leerling van Jesus, wat die dinge van sy Koninkryk begryp, is groter as hy. Die duidelike openbaring van die Koninkryk soos dit met Pinkster opgerig is, het hy nie gesien nie.

2. Hierna het Jesus oor die Koninkryk van die hemele self gespreek. Hierdie Koninkryk is besig om te kom van die dae van Johannes af, maar dit vind baie struikelblokke. Johannes het dit nie verstaan nie. Dieselfde Christus wat hy as Wêreldregter aangekondig het, moes hy aanwys as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1:29). Daar is rede om dit te betwyfel, of Johannes dit verstaan het, hoe hierdie twee uitsprake met mekaar gerym kan word. Reeds nou al is die werkende kragte van die Koninkryk te sien. In hierdie lig moet ons die volgende woorde van Jesus opvat: "Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die Koninkryk van die hemele bestorm, en die bestormers gryp dit met geweld". Hier is geen sprake daarvan om 'n uitwendige koninkryk te laat kom nie. Hier is ook geen sprake daarvan, dat die mense onregmatig en geweldadig sal gryp na die Koninkryk van God nie. Die Fariseërs en skrifgeleerdes kan nie die bestormers van die Koninkryk wees nie, want hulle het die raad van God aangaande hulle verwerp (Luk. 7:30). Hierdie bestormers is die gelowiges self. Die koms van die Koninkryk is aanstaande en dit oefen geweld. Nou al word die mense daaroor verdeel, maar daar is tog vele wat met inspanning van alle kragte daarna strewe om dit te besit. Hulle wil hulle daaraan oorgee, en alles daarvoor verloor. Dit het 'n stryd geword en daar is baie struikelblokke. Hierdie bestorming van die Koninkryk bestaan in die brandende ywergloed van die geloof by die ware kinders daarvan. Hier is 'n worsteling met God om in die geestelike stryd oorwinnaar te bly, soos by Johannes. Wat was die uitwerking van hierdie woorde van Jesus? Lukas sê: "En toe die hele volk en die tollenaars dit hoor, het hulle God geregverdig deur hulle te laat doop met die doop van Johannes" (Luk. 7:29).

E. Die Geslag vol Willekeur

Na die skitterende getuienis van Jesus aangaande Johannes in die gevangenis, het Hy Hom nog meer besonder gerig tot die ongelowige geslag van sy dae met 'n strafrede. Hy weet, dat die Fariseërs en die skrifgeleerdes die raad van God aangaande hulle verwerp het. Vol van heilige verontwaardiging soek Jesus nou 'n beeld om die gees van die volk na waarheid te skets: "Maar waarmee sal Ek hierdie geslag vergelyk?" Watter heerlike weldade, uitnemende seëninge en skone geleenthede is daar! Maar dit stuit alles af op 'n volhardende ongeloof. Hoe kragtig het Johannes opgetree! Elke sonde is deur hom gebrandmerk, elke wond geopen en elke skeur ontdek, elke huigelary ontmasker en elke vleeslike steun weggeslaan. Met die ywer van 'n Elia was hy 'n geweldige man. Hierdie Johannes wat nie geëet en gedrink het nie is uitgeskel: "hy is 'n duiwel".

En Jesus? Ook vir Jesus was die opinie van die dag nie gunstig nie. Hy eet en drink en die oordeel oor Hom is: "Daar is 'n mens wat 'n vraat en 'n wynsuiper is, 'n vriend van tollenaars en sondaars". Johannes was te streng maar Jesus was te los. Johannes was te swaar, Jesus te lig. Johannes was te vreemd en te eng, Jesus te gewoon en te ruim. Jesus deug ook nie. Dis 'n geslag vol willekeur. Jesus vergelyk hulle by wispelturige kinders. Hulle "is net soos kindertjies wat op die marke sit en na hulle maats roep en sê: "Ons het vir julle op die fluit gespeel en julle het nie gedans nie; ons het vir julle 'n klaaglied gesing, en julle het nie getreur nie." Hulle wil eers bruilof speel en dan begrafnis, en hulle kla daaroor dat hulle vriendjies hulle nie na hul grille wil skik nie. Die Wet en die Evangelie roep hulle om hulle voor God te buig en te breek met hulle eie ek. En al preek Johannes en Jesus, die hoogmoedige hart wil nie buk nie.

"Maar die wysheid is geregverdig deur sy kinders." Dis die enigste glanspunt. Die wysheid van God, wat so heerlik in Christus geopenbaar is tot saligheid, het in sy uitnemendheid aan die lig getree in die kinders van die Koninkryk. Waar dit vir die wyse en verstandiges verborge is, daar is dit aan die kindertjies geopenbaar. Alleen in die

kinders van die Koninkryk, wat uit die waarheid is, het die wysheid geregverdig geword.

Die oordeel oor so 'n geslag vol willekeur, wat hulle teenoor so'n groot genade verhard, kan alleen ontsaglik wees. Hoe hoër bevoorreg des te meer verantwoordelik. Tirus, Sidon en Sodom het hulle teen die Here verset, maar hulle het die openbaring van God in die Seun van sy liefde nie geken nie. As hulle dit geken het, "sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het". Daarom sal die oordeel van Górasin, Betsaïda en Kapernaüm swaarder as die van die heidene wees.

Hoofstuk VIII

DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE EN SY BOTSING MET DIE RYK VAN SATAN

(Matt. 12:22-50; Mark. 3:20-30; Luk. 11:14-26)

A. Die Koninkryk het naby gekom

Ons lees in Matt. 4:17 hierdie opvallende woorde van Jesus: "Bekeer julle, want die Koninkryk van die hemele het naby gekom". Hierdie woorde dien as inleiding tot hierdie belangrike hoofstuk. Hier moet ons die vraag beantwoord, wat Jesus onder die Koninkryk van God verstaan het en wat Hy verkondig het aangaande die koms van sy Koninkryk. In Jesus se prediking is daar deurgaans sprake van die Koninkryk soos dit *op aarde* tot stand kom. Dit word Koninkryk van die hemele genoem, omdat dit sy oorsprong in die hemel het. Dis die openbaring van die Koninkryk in hierdie bedeling, wat onder die bediening van die H. Gees van geestelike aard is. Maar dis ook die openbaring van die Koninkryk in die toekomstige bedeling, wat in uitwendige heerlikheid sal skitter. Dit wil niet sê dat die gedagte van die Koninkryk iets nuus was nie. Hele Israel het bely, dat God Koning is en dat sy Koninkryk oor die hele aarde is (Ps. 10:16; 29:10; 47:3; 97:1 en *99:*1). Ook was die gedagte van 'n Koninkryk *van die hemele* nie iets nuus nie. Die profete het al geleer dat die Here tot sy koninklike eer kom alleen langs geestelike weg, deur innerlike gehoorsaamheid, in oorbuiging van die hart tot God. Dit kom nie in uiterlike, geveinsde onderwerping nie (Deut. 30:6; Jer. 31:33; Eseg. 36:26, 27). Wat was dan die *nuwe* by die Koninkryk? Dit, dat dit *naby* gekom het, dat dit nou *ook tot die aarde* gekom het. Die nuwe daarin was, dat die verwesenliking van die skaduwees onder Israel nou gekom het, en dat 'n hele omkeer in die orde van sake sou intree. Die nuwe daarvan was ook dat die deur van hierdie Koninkryk ook vir die volkere sou ontsluit word. Johannes die Doper en Jesus het die bekering geëis, omdat die Koninkryk naby gekom het. By Johannes, die boetgesant, het die geregtigheid in daardie Koninkryk op die voorgrond gestaan, maar by Jesus het die genade op die voorgrond gestaan. Daarom is Hy self die barmhartige Hoëpriester, wat ellendiges help en sondaars saligmaak.

Die koms van hierdie Koninkryk val in twee dele uiteen: Die *eerste* is 'n geestelike koms om die Koninkryk van genade en vrede te fundeer in die harte. Dis *onsigbaar.* Die onderdane van die Koninkryk moet eers versoen en vernuwe word. Om hulle te vernuwe en tot onderdane te herskep, het Jesus sy H. Gees verwerf, waarmee hulle binnekort gedoop sal word. Daarom bly die Koninkryk in geestelike sin nog altyd slegs *naby* tot op die Pinksterdag toe, wanneer die vuurdoop in die harte sal plaasvind. In hierdie opsig is die Koninkryk van die hemele 'n religieus-etiese begrip. Dit behoort aan die armes van gees, aan die wedergeborenes, aan die kinders, aan die bekeerdes en dit skenk vergewing van sonde. Maar die Koninkryk sal eenmaal met *sigbare gedaante* kom. Dis die eschatologiese begrip. Die heerskappy van God in die gelowiges kom tans nog slegs ten dele tot verwesenliking. Die volkome aanskouing en die genieting van God en die besit van die ewige goedere in die hemelse Jerusalem is nog vir die gelowiges weggelê. Die Koninkryk van die hemele is dus die geestelike orde van dinge, wat oorlei tot die Koninkryk van God, die ryk van die heerlikheid. Wat het dit veel gekos, selfs by die getroue dissipels van Jesus, om tot hierdie geestelike kennis te geraak! En wanneer Jesus met sy dissipels die laaste steile weg op aarde betree, die Olyfberg uit, vra hulle Hom nog: "Here, gaan U in hierdie tyd die Koninkryk vir Israel weer oprig?" Tot die laaste uur van sy verblyf op aarde het Israel nog 'n *aardse* Koninkryk verwag.

B. Die Koninkryk word openbaar in die krag en die Gees van God

Ons lees in Luk. 5:17: "En daar was krag van die Here om hulle gesond te maak". En Luk. 6:19: "En die hele skare het probeer om Hom aan te raak, omdat krag van Hom uitgegaan het, en Hy het almal gesond gemaak". Die krag word ons telkens in die

evangelies genoem as 'n kenmerk van Jesus en van die Koninkryk, wat Hy kom bring. Die hele voorstelling van die Koninkryk van God sonder die gedagte aan krag is selfs onbestaanbaar. Ook Paulus wys daarop: "Want die Koninkryk van God bestaan nie in woorde nie, maar in krag" (1 Kor. 4:20). In Jesus se wonders tree die krag van die Koninkryk besonder aan die lig. In sy woorde en dade het Hy die Koninkryk van God gebring, en dit bestaan in die krag van die Here, wat hom keer teen die bose vyand. Ten opsigte van hierdie kragsbetoning van die Koninkryk het die wonders van Jesus 'n besondere betekenis. Sy wonders word selfs kragte genoem.

Ons lees dat Hy in Nasaret geen krag kon doen nie. In sy wonders het die krag van die Koninkryk openbaar geword, maar wesenlik alleen vir die oog van die geloof. Die geloof sien in die wonders nie maar die bewys van buitengewone en onbegryplike kragte wat daar in Jesus werk nie, maar van die krag van die Here wat deur Hom sy Koninkryk oprig. Die geloof sien in die wonders nie alleen, dat Jesus sterk is nie, maar dat Hy sterker as satan is. Daarom is die kragte wat Hy doen ook die onderpand, dat die Koninkryk eenmaal met krag sal kom (Mark. 9:1).

Die krag van die Koninkryk lê in *die H. Gees.* Jesus werp die duiwels uit enkel deur sy woord. Sy woord is egter geen towerformule soos die Fariseërs dit gebruik nie, maar dis die eenvoudige uitdrukking van sy wil. Dit beteken dus dat daar in Hom self 'n krag is, wat sterker as die duiwels is. Hierdie krag kan slegs hierin sy oorsprong vind, dat die Gees van God op Hom rus. Teenoor die mag van die bose geestewereld staan dus die krag van die Gees van God. Maar dan is dit ook geen wonder nie, dat die Koninkryk van God reeds metterdaad aanwesig kan wees. Onsigbaar is die bose vyand deur wie se val die Koninkryk opgerig word, en onsigbaar is die krag van die H. Gees waardeur die vyand bestry word.

Hieruit volg dat die koms van die Koninkryk pas deur die uitstorting van die H. Gees op Pinksterdag sy afsluiting vind. Wat daar op Pinksterdag plaasgevind het, is niks anders nie as dat die krag van die Koninkryk, wat eers op Jesus neergedaal het, nou ook oorgaan op almal wat tot dieselfde stryd onder sy banier geroep word.

C. Die Koms van die Koninkryk wek Laster en Vyandskap

Volgens Jesus se getuienis is die uitdrywing van die bose geeste die onweerspreeklike bewys, dat die vyand gebind is en dat die Koninkryk dus gekom het. Maar daarmee is die stryd nog nie uitgestry nie. Die stryd teen satan is wel in beginsel beslis, maar dis nog nie volstry nie. Daarom moet die Koninkryk van Christus in botsing kom met die ryk van satan.

1. Die Teenstand (Matt. 12:22-37; Mark. 3:20-30).

Hierdie teenstand het eers van die kant van Jesus se *vriende* gekom. Dit het waarskynlik in 'n huis in Kapernaüm plaasgevind. Markus deel ons mee dat Jesus en sy dissipels in 'n huis gegaan het. Daar het Hy tot 'n grote skare van mense gespreek. Terwyl Hy gepraat het, het hulle 'n *duiwelbesetene, wat blind en stom was,* na Hom gebring. Hy kon Jesus se aangesig nie sien en hy kon ook nie om hulp smeek nie. Sodra Jesus hom sien, is Hy met groot medelyde vervul en Hy het hom genees, sodat hy weer kon sien en spreek. Hierdie wonder het onder die aanwesiges 'n ontsaglike beroering gewek. Daar het 'n ekstase oor almal gekom en van alle kante het hulle uitgeroep: "Is hierdie man nie miskien die seun van Dawid nie?" Die drukte was so groot dat hulle selfs nie brood kon eet nie. Jesus self was ook heftig bewoë. Die oorwinning oor die duiwel het groot kragte in sy hart ontketen. Hy staan daar nie meer as die rustige Leermeester nie. Hy staan daar selfs as een wat in ekstase is, in wie onbegryplike kragte werk, wat vervul is met bo-aardse mag. Die gerug van hierdie dinge het deurgedring tot buite die huis. Dit het dan ook nie lank geduur toe daar enige verwante van Jesus aangekom het nie. Markus deel ons die volgende *mee:* "Toe *sy mense* dit hoor, gaan hulle uit *om* Hom in die hande te kry, want hulle het gesê: Hy is buite Homself" (Mark. 3:21). Hulle probeer om Jesus vas te hou. Hulle was bang dat Hy kranksinnig sou word, want alles wat Hy gedoen het

was so groot en vreemd. Hy het daar gestaan as een wat deur die Gees van God besete is.

Na wat ons in par. B gesê het, sal ons dit nou wel verstaan. "Hy is buite Homself", so sê hierdie bloedverwante. Dit beteken dat Hy in ekstase is. Ekstase beteken om die mag oor jouself te verloor en beheers te word deur 'n ander gees. Hierdie gebeurtenis is baie merkwaardig. As reël leer ons Jesus ken uit die evangelies as die rustige, nugtere Leidsman. Hier sien ons Hom op 'n oomblik, dat die mag van die H. Gees Hom so vervul dat Hy nie meer gewoon spreek en handel nie, maar as in 'n geesvervoering is. Die sondige hier is, dat sy bloedverwante dit as abnormaal beskou het. Daar om het hulle probeer om tot Hom deur te dring om Hom in die hande te kry.

Die teenstand het in die tweede plek van die *Skrifgeleerdes* gekom. Hulle het van Jerusalem af gekom om ondersoek in te stel na Jesus se werke. Dis eintlik 'n deputasie wat afgevaardig was om die werke van Jesus te ondersoek en te sien of hulle iets teen Hom kan vind.

Toe hierdie skrifgeleerdes die woorde van die verwante van Jesus hoor, het hulle spottend uitgeroep: "Hy dryf die duiwels uit nie anders as deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels nie". Hy kan die duiwels uitdryf omdat Hy self deur 'n duiwel besete is. Die duiwel wat in Hom woon, is satan self. Dit is volgens hulle dan die geheim van Jesus se krag. Hy kan sulke wonders doen, omdat al die ander demone natuurlik vir Hom moet wyk. So het die verwante van Jesus, sy eie familie, steun aan die Skrifgeleerdes gegee. Dit kom alleen, omdat hierdie mense nog nie kon onderskei tussen verkeerde geesvervoering en vervul-wees met die H. Gees nie. In hulle domheid het hulle die werke van die H. Gees verwar met oorspannenheid. So het die Skrifgeleerdes aanleiding gekry om hulle woorde verder uit te werk en Jesus te beskuldig. Dis die sonde van eiewysheid en dom te wil ingryp in die werk van God, soos die verwante van Jesus dit gedoen het.

Jesus kon nie hoor wat die Skrifgeleerdes gesê het nie, maar Hy het onmiddellik verstaan wat hulle gedink het. Hy het hulle toe na Hom geroep en gesê: "Hoe kan die satan die satan uitdryf?" Eers gebruik Hy die beeld van 'n koninkryk. 'n Koninkryk wat teen homself verdeeld is, kan nie bly staan nie. Die ryk van die duiwel sou nie so'n mag in die wêreld hê nie, wanneer die een duiwel die ander duiwel sou gaan uitdrywe en verban nie. Dan was dit maklik om die mag van die bose te vernietig. Dan gebruik Jesus die beeld van 'n huis. Die Skrifgeleerdes vergeet dat die wêreld van bose geeste metterdaad so'n eenheid vorm, so'n huis waarin almal luister na die magswoord van een gebieder. "Niemand kan in die huis van 'n sterk man ingaan en sy goed roof as hy nie eers die sterk man boei nie, en dan sal hy sy huis berowe." As die duiwel die huisheer in 'n mens is, as hy die mens bewoon en al sy gedagtes en begeertes oorheers, dan kan niemand so'n mens verlos as hy nie sterker as die duiwel is nie.

Maar Jesus het nog 'n ander bewys. Daar was in daardie tyd in Israel ook nog mense, wat die mag gehad het om bose geeste uit te drywe. Hulle het dit dikwels gedoen met towerformules en besprenkelinge. Maar die Jode het in sulke gevalle nooit gesê, dat dit deur die mag van die duiwel geskied nie. Nee, hulle het dit altyd aan die genade en barmhartigheid van God toegeskrywe. Nou, waarom sê hulle dan, dat Jesus deur Beëlsebul die duiwels uitwerp? Daarom is die bewering van die Skrifgeleerdes vals en lasterlik. Jesus is vervul met die H. Gees en daardeur kan Hy die kragte doen. Omdat Hy vervul is met die H. Gees en die Koninkryk besig is om te kom, kan Beëlsebul sy huis nie langer bewaak nie. Jesus is die Sterkere wat die huise, die harte waarin Beëlsebul woon, verower. Waar Jesus kom, daar moet die duiwel wyk.

Toe Jesus hierdie dinge gespreek het, is sy hart met heilige toorn vervul. Hy weet, dat die Fariseërs dit goed begryp, dat die Gees van God in Hom werk. Maar hulle wil nie na die Gees van God luister nie. Hulle was bang dat hulle hul mag en invloed sou verloor as Jesus mag verkry. En daarom sê hulle opsetlik, dat Jesus deur die duiwel besete was. Hulle skrywe dus die werk van die H. Gees aan 'n onheilige gees toe, en in hulle hart weet hulle baie goed dat dit nie so is nie. Daarom het Jesus hulle hard aangespreek. Hy

het die vuile listigheid in hulle oë gesien, en het gesien hoe hulle laster, omdat hulle opsetlik die H. Gees nie wil gehoorsaam wees nie. Daarom spreek Hy 'n verskriklike vonnis oor hulle uit: "Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie met My bymekaarmaak nie, verstrooi". Hy wat nie party kies nie, doen afbreuk aan die werk van Jesus. Elke mens moet kies, hier kan niemand neutraal bly nie.

En tot die Skrifgeleerdes, wat baie goed weet dat die H. Gees in Hom was, sê Jesus: "Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die *lastering teen die H. Gees* sal die *mense* nie vergewe word nie". En verder: "elkeen wat spreek teen die H. Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomende nie". Hierdie sonde teen die H. Gees bestaan daarin, dat 'n mens wat baie duidelik die werk van die H. Gees sien en ook weet dat dit die werk van Gods Gees is, dit opsetlik durf uitspreek dat dit van die duiwel is. Om hierdie sonde te kan doen, moet 'n mens die werking van die H. Gees in sy hart al ondervind het, en hy moet hom met alle krag daarteen verset het. Iemand wat so met oop oë die werk van die Gees van God verwerp, kan later ook geen berou meer hê nie. Die H. Gees trek Hom uit sy lewe terug en laat sy siel agter in 'n doodse verstywing. Daar bly geen vonkie lig meer in sy hart oor nie. Dis die vreeslikste van alle sondes. As die krag van die H. Gees hom in ons geopenbaar het en ons laster dit as 'n krag van die duiwel, dan is daar in ewigheid geen vergewing meer nie.

"Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond." Daarom sal hulle uit hulle woorde veroordeel word.

2. Die Teken van Jona

Die Fariseërs kon die skerp vonnis wat Jesus oor hulle uitgespreek nie verdra nie. Met hooghartige bitterheid vra hulle Jesus om 'n teken. Hulle bedoel 'n duidelike teken van sy Messiaanse roeping. Hulle beskou die wonders van Jesus as duiwelswerk. Nou wil hulle 'n duidelike teken sien, dat Jesus werklik van God gekom het. Jesus voel dat dit nutteloos is om met hierdie mense te debatteer. Daarom antwoord Hy hulle: "'n Slegte en oorspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal vir hom gegee word behalwe die teken van die profeet Jona nie". Soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees. Jona was 'n teken vir die Nineviete, God het hom na die Nineviete as 'n getuie gestuur. En hulle het in hom geglo. En verder, Jona was in die vis, dit was sy vernedering. Ook die Seun van die mens sal verneder word, selfs nog dieper as Jona. Hy sal in die dood gaan. Die vernedering sal die teken wees, dat Hy waarlik van God gekom het, want God sal Hom uit die dode weer opwek.

3. Die sewe Demone

In Luk. 12:43-45 gebruik Jesus die gelykenis van die sewe demone. Daar is 'n mens wat deur 'n onreine gees oorheers word. Om een of ander rede gaan die onreine gees uit die mens uit. Intussen het hierdie mens die huis van sy hart uitgeveeg en versier. Maar één ding doen hy nie, hy vra nie of God self met sy Gees in sy leë siel wil woon nie. Hy maak sy hart nie tot 'n tempel van God nie, nee, hy doen alles self en alleen. So was Israel in Jesus se dae. Hulle het stip volgens die Wet gelewe, en hulle lewe was fatsoenlik. Maar God het nie in hulle harte gewoon nie. En wat was die einde van so'n mens? Die onreine gees kom terug met sewe ander geeste, slegter as hy self. Onder hierdie geeste is daar o.a. hoogmoed, liefdeloosheid en skynheiligheid. Dis 'n versierde huis maar dit word nog deur sewe demone bewoon. Die gevolg was dat die laaste van daardie mens erger as die eerste geword het. So is dit nog met die Fariseërs. Dit het hulle geluk om growwe uiterlike sondes te oorwin, dog sonder om hulle tot God te bekeer. Daarom waarsku Jesus so ernstig teen 'n sierlike huis wat leeg is. Ons mag met ons bekering nie speel nie. Om jou uiterlik te bekeer sonder om die Gees van God te besit is erger as om onbekeerd te wees. "So sal dit ook wees met hierdie bose geslag."

Hoofstuk IX

PREDIKING DEUR GELYKENISSE

(Matt. 13; Mark. 4:1-20; 26-29; Luk. 8:4-15)

A. Die Wysiging in Jesus se Gedragslyn

Die uitbarsting van haat, waaroor ons in die vorige hoofstuk gehandel het, was vir Jesus 'n duidelike bewys dat die Fariseërs en Skrifgeleerdes in Jerusalem tot sy ondergang besluit het. Hulle kon sy wonders nie ontken nie, daarom het hulle openlik aan die skare gesê, dat Hy met Beëlsebul besete was. Jesus begryp nou, dat Hy van nou af sy gedragslyn moet wysig. Hy kon nie meer so gewoon en openlik preek soos voeër nie. Hy het dit ook ingesien, dat Hy van nou af nie soseer na buite kon werk nie, maar dat Hy nou sy volgelinge meer moes opvoed in hulle geloof. Die hele Galilea en Judea het nou van Hom gehoor. In alle stede en dorpe is sy boodskap verneem. Nou het die tyd aangebreek, dat die gelowiges dieper moet ingelei word in die geheime van die Koninkryk van God. Daar het dus 'n nuwe taak tot Hom gekom. Hy moes nuwe lyne volg en nuwe metodes toepas. Dis die rede waarom Hy van daardie oomblik af begin het om deur gelykenisse te leer.

B. Doel van die Gelykenisse

In die O.T. wemel dit van allerlei beelde en vergelykinge. So gee die boek Spreuke ons die diepste gedagtes in die kleed van aanskoulike voorstellings. Wanneer ons die evangelies bestudeer, merk ons al heel spoedig, dat Johannes de Doper beelde en vergelykinge gebruik. Hy praat van die gaffel in die hand van Jesus en die byl wat aan die wortel van die bome lê. So het Jesus ook sy onderwys in vergelykinge geklee. Die bergrede is vol van sulke vergelykinge. Jesus gebruik pakkende beelde om sy wil te verduidelik. Die gelykenisse egter moet duidelik onderskei word van die vergelykinge en beelde. Hulle wyk af van die gewone vergelyking in twee opsigte: a) Hulle is duisterder. Hulle is vir die wat dit die eerste maal hoor, nie onmiddellik deursigtig nie. Hulle het iets raaiselagtigs, iets verrassends. 'n Mens moet eers presies voel waar dit oor gaan, voordat jy die diepere sin kan verstaan. b) Hulle dra 'n verborgenheid in hulle. Hulle handel oor die Koninkryk van die hemele, dus oor 'n wêreld van geheimsinnige werklikheid.

Die *grondgedagte* van die gelykenisse is die uiters gewigtige waarheid, dat alle dinge in die natuur en in die lewe van die mense afskaduwings van geestelike dinge is. Deur die natuurlike en deur die geestelike wêreld loop dieselfde lyne en heers daar dieselfde wette. Daarom kan Jesus so gemaklik aan die natuurlike lewe allerlei beelde ontleen, waarmee Hy die geestelike kragte en werkinge kan verduidelik. Ons onderskei tussen die gewone gelykenis en die allegorie. In die *gelykenis* gaan dit om een punt. Een punt in die gelykenis mag oorgebring word na geestelike dinge. Die ander punte in die gelykenis mag nie sonder meer vergeestelik word nie. By 'n *allegorie* mag al die onderdele, een vir een vergeestelik word. So vind ons 'n allegorie in Joh. 10, wat handel oor die goeie Herder, die skape, sy stem, die deur. Hy gee sy lewe vir die skape. Trek vir trek word behandel en uitgelê.

Jesus het dit aan sy dissipels duidelik gemaak, waarom Hy voortaan deur gelykenisse spreek. Deur die gelykenisse word die verborgenhede van die Koninkryk van die hemele omsluier vir hulle, wat nie daartoe behoort nie. Jesus verduidelik dit self: "Aan julle is dit gegee om die verborgenhede van die Koninkryk van God te ken; maar aan die ander deur gelykenisse, sodat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie verstaan nie" (Luk. 8:10). Jesus haal hier uit die profesie van Jesaja aan (Jes. 6:9, 10). Hieruit is dit duidelik dat die gelykenisse tweërlei doel het; a) Die kinders van die Koninkryk ontvang deur die gelykenisse 'n beter en dieper insig in die verborgenhede van die Koninkryk, en word opgewek om dieper daaroor na te dink; b) Hulle wat nie tot

die Koninkryk behoort, begryp daar niks van nie. Hulle kan die diepere sin van die gelykenisse nie verstaan nie, en daardeur onttrek hulle hulle al meer aan Jesus.

Deur die gelykenisse word daar dus 'n grens getrek. Tevore het 'n skare agter Jesus aangeloop, wat bestaan het uit gelowiges en ook uit mense, wat alleen maar uit nuusgierigheid gekom het. Deur die gelykenisse word dit anders. Die nuusgieriges gaan hulle nou van Jesus afwend, want hulle begryp sy onderwys nie meer nie. En die werklik bekeerdes word nog inniger tot Jesus aangetrek.

C. Indeling van die Gelykenisse

Die gewone indeling is in *drie groepe:*

Die *eerste groep* is eenvoudige gelykenisse, wat meesal aan die natuur of aan die landbou- en vissersbedryf ontleen is. Hulle handel oor die geskiedenis, die groei en ontwikkeling van die Koninkryk van die hemele.

Die *tweede groep* is baie later uitgespreek. Hulle is meesal klein verhale met 'n diepere bedoeling, en handel oor die verhouding van die Koning en die onderdane. Die Koning is die barmhartige, liefdevolle Here wat die verlorenes soek en die armes nooi tot sy maaltyd. Die onderdane moet leer om Hom biddend te dien en self ook barmhartigheid te betoon.

Die *derde groep* dateer uit die laaste periode van Jesus se prediking. Hulle is meestal kort verhale. In hierdie gelykenisse word die haat van die mens teen God sterk blootgelê, en word daar ook gewys op die komende gerig. Die Seun word gedood deur die bose arbeiders in die wingerd, maar die arbeiders sal self hulle oordeel nie ontgaan nie. Tot hierdie groep behoort die profetiese gelykenisse van die verstandige en onverstandige jong meisies, van die talente en van die tien ponde.

D. Eerste Groep van Gelykenisse

Ons behandel hier vir eers net die eerste groep van gelykenisse, wat handel oor die groei en ontwikkeling van die Koninkryk van die hemele.

a. Die Saaier (Matt. 13:1-23; Mark. 4:1-20; Luk. 8:4-15). In agt gelykenisse openbaar Jesus ons die verborgenhede van die Koninkryk van die hemele.

Hier in die gelykenis van die saaier is die hoofgedagte die ontwikkeling van die Koninkryk met die teleurstellings daarby. 'n Saaier het uitgegaan om te saai. Die saad het op vier verskillende soorte grond geval. 'n Deel het langs die pad geval en die voëls het gekom en dit opgepik. 'n Deel het op rotse geval, wat met 'n dun lagie grond bedek was. Die saad het wel ontkiem, maar dit het gou verdroog omdat dit geen vogtigheid gehad het nie. 'n Deel het tussen die dorings geval, en die dorings het opgekom en dit verstik. 'n Deel het in goeie grond geval en het honderd- en sestig-en dertigvoudig vrug gelewer. Toe Jesus hierdie gelykenis verklaar het, het Hy duidelik laat uitkom dat dit enigsins ook 'n allegorie is. Elkeen van die onderdele het 'n geestelike betekenis.

Verklaring

> Die Saaier is Jesus self en sy dienaars.
>
> Die saad is die prediking van die Koninkryk.
>
> Die harde pad is die onontvanklike hart.
>
> Die voëls is die bose.
>
> Die rotsagtige grond is die hart wat oppervlakkig die "Woord skynbaar ontvang, maar wat geen voedsel daaraan gee nie sodat dit verdor.
>
> Die doringagtige grond is die hart wat geen erns maak met die bekering nie. Hulle het 'n gedeelde hart. Die sorge van die wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die Woord, sodat dit geen geestelike vrugte dra nie.

Die goeie grond is die gelowige hart wat die Woord van Jesus dankbaar ontvang.

Hierdie gelykenis handel dus oor vier klasse hoorders:

1. Die onverskillige mense, wat die Woord heeltemal nie ontvang nie.
2. Die oppervlakkige mense, wat eers skynbaar geesdriftig die Woord aanhoor maar dit skiet geen wortel in hulle nie. As daar moeilikhede kom dan keer hulle gou weer hulle van die Here af.
3. Die mense wat nie insien dat geloof gepaard moet gaan met bekering nie. Hulle is slordig en traag en laat hulle sondige begeertes maar rustig voortgroei tot skade van hulle siel.
4. Die mense wat ware Christene is, wat die Woord verstaan, dit aanneem en bewaar. Hulle harte is toeberei deur die H. Gees, daarom dra die Woord by hulle vrugte.

Dit kom by die Koninkryk aan op die saad en op die grond. Die saad alleen is nie genoeg nie en die grond alleen is ook nie genoeg nie. As die goeie saad in goeie grond val, dan word die Koninkryk gebore. Uit hierdie gelykenis moes die dissipels leer, waarom soveel mense hulle van Jesus afwend. Dis nie die skuld van die Saaier en ook nie die skuld van die saad nie. Die gesteldheid van die grond is beslissend.

b. Die Uitspruitende Saad (Mark. 4:26-29). Hierdie gelykenis handel oor die groei van die saad. Dit wys ons daarop hoe die Koninkryk hom ontwikkel deur sy eie geestelike krag. 'n Man het saad in die grond gegooi en dit het van self uitgespruit en opgegroei. Hy kon nie meer doen as om dit te saai nie. Hy moet wag op God wat die wasdom gee. En dit doen God ook. "Want vanself bring die aarde vrug voort: eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar." Hierdie gelykenis leer ons dus om geduldig en rustig te wag op die seën van die Here.

c. Die Onkruid (Matt. 13:24-30; 36-43).

Hierdie gelykenis van die onkruid onder die koring wys ons op die gemengde karakter van die Koninkryk en op die lankmoedigheid van God. 'n Man het goeie saad in sy land gesaai, maar terwyl die mense slaap het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan. Jesus vergelyk die duiwel met so'n onkruidsaaier. Solank die koring op die land staan, kan dit moeilik van die onkruid geskei word. Dit kan eers geskei word as die oestyd daar is. In sy uitlegging gee Jesus die volgende lyne aan:

Die Saaier is die Seun van die mens.

Die saailand is die wêreld.

Die goeie saad is die kinders van die Koninkryk.

Die onkruid is die kinders van die Bose.

Die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel.

Die oes is die voleinding van die wêreld.

Die maaiers is die engele.

God laat die kinders van die Bose saamlewe met die gelowiges tot die oordeelsdag, dan sal die skeiding plaasvind. Hierdie gelykenis is ook 'n allegorie.

d. Die Mosterdsaad en die Suurdeeg (Matt. 13:31-35).

Die mosterdsaad is die kleinste van alle soorte saad, maar as dit gegroei het is dit groter as die groentesoorte en word dit 'n boom, sodat die voëls van die hemel kom en nes maak in sy takke. Daar lê in die evangelie 'n krag, wat die wêreld oorwin, wat al die volke verlos en tot God terugbring. Die hoë boom is deur Israel gebruik as beeld van 'n magtige ryk, vgl. Assirië en Babel. Die gelykenis van die mosterdsaad skilder ons die uitwendige, sigbare voortgang. Dit wys ons op die geweldige uitbreiding van die Koninkryk van God onder alle volke. Vanuit die klein dissipelkring het die Koninkryk hom oor die hele aarde versprei.

Die gelykenis van die suurdeeg wys ons op die verborge, onsigbare werking van die Koninkryk in die lewe van die mens. Die Koninkryk is soos suurdeeg wat 'n vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat dit heeltemal gerys het. Die suurdeeg is later nie meer te vind nie, dit het al die meel tot suurdeeg gemaak. Suurdeeg word in die H. Skrif meesal gebruik as beeld van die sonde, van sondige gedagtes en begeertes, soos bv. Matt. 16:6, 12; 1 Kor. 5:6-8. Daarom mog die Jode op die paasfees alleen ongesuurde brode eet. Die langsaam deurdringende werking van die suurdeeg kan egter net so goed diens doen as beeld van die Koninkryk van die hemele. Die Koninkryk is ook 'n suurdeeg, wat die wêreld deurtrek en eindelik heeltemal vervul. Ons het hier te doen met die geestelike werking van die Koninkryk van God.

e. Die verborge Skat en die kosbare Pêrel (Matt. 13:44-46).

Jesus het sy dissipels eers vertel van 'n man wat in 'n saailand gegrawe het en daar 'n verborge skat gevind het. Uit blydskap daaroor gaan hy en verkoop alles wat hy het en koop daardie saailand. Hy was toe die eienaar van die skat. So is die Koninkryk van de hemele soos 'n skat. God het dit geopenbaar en die krag daarvan het in die lewe van die wêreld ingegaan, maar ons loop daaroor heen. Ons besef nie watter skat God vir ons in die lewe gegee het nie. As ons oë deur die geloof daarvoor geopen is, dan is die Koninkryk vir ons soveel werd, dat ons alles daarvoor oor het. Dieselfde gedagte wil Jesus nog op 'n ander manier duidelik maak. Daar was 'n koopman wat mooi pêrels gesoek het. Toe hy 'n kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het en koop dit. Ons moet alles vir die Koninkryk van God opoffer.

Die verskil tussen hierdie twee gelykenisse is: die vinder van die skat het nooit na die skat gesoek nie, hy het alleen maar in die grond gegrawe en dit daar gekry. Dis suiwer toevallig, dat hy die skat gevind het. Die verborge skat wys ons dus op die rykdom van die Koninkryk, terwyl die koopman iemand was wat altyd mooi pêrels gesoek het. Dit wys ons daarop, dat die Koninkryk bo alles gesoek moet word. Daar is twee soorte mense. Daar is mense wat alleen maar dink aan die gewone, wêreldse dinge, en vir geestelike skatte geen oog het nie. Maar daar is ook mense wat van jongs af aan al soek na mooi pêrels, na die geestelike skatte. God kan aan altwee soorte mense die heerlikheid van sy Koninkryk toon. Dan moet hulle alles wat hulle het verkoop. Hulle moet hulle bekeer en hulle moet as arme sondaars hierdie groot skat ontvang. Die ooreenkoms tussen hierdie twee gelykenisse bestaan hierin, dat altwee mense, die vinder van die skat en die vinder van die pêrel, alles wat hulle het moet verkoop. So waardevol is die Koninkryk, dat 'n mens alles daarvoor moet oor hê. Hy moet alles prysgee om dit te verkry.

f. Die Visnet (Matt. 13:47-50).

Die laaste van hierdie eerste groep van gelykenisse het Jesus aan die visserslewe ontleen. Die bekoring van die Koninkryk van God is so groot, dat daardeur ook wel mense getrek word, wat dit nie sien nie. Hulle sien wel iets van die kragte van die Koninkryk in die wêreld. Hulle kan hulle uit die greep van die evangelie nie heeltemal losmaak nie, daarom doen hulle mee aan die beweging van die Koninkryk maar hulle behoort daar nie by nie. Daarvoor het Jesus sy dissipels gewaarsku, want hulle sou dit by hulle werk ondervind. Die Koninkryk is in hierdie wêreld nog nie heeltemal geskeie van elemente, wat daar nie by hoort nie. Dis nog nie in onvermengde vorm nie. As die vissers die groot sleepnet uitwerp, dan spreek dit vanself dat hulle nie alleen visse vang nie, maar ook allerlei seediere wat waardeloos is. Al lyk die net vol en swaar, dan kan dit nog wel die geval wees dat die getal visse nie so groot is nie. Dit sien hulle eers op die strand as hulle die goeies in bakke bymekaar maak. "So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: die engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei en hulle in die vuuroond gooi." Hierdie gelykenis het, wat die strekking betref, veel ooreenkoms met die van die onkruid. Tog is daar verskil: in die van die onkruid onder die koring val die nadruk op die werk van die vyand, hier nie. Hier is dit meer iets vanselfsprekends, dat daar allerlei ander soorte seediere gevang word. In die gelykenis van die onkruid ontdek die slawe, dat daar onkruid tussen die koring groei, hier nie. Die

vissers trek hulle net uit, en die ewigheid alleen sal dit eenmaal openbaar hoeveel egte visse daarin was. In die gelykenis van die onkruid word ons vermaan om te let op die werkinge van die duiwel en waaksaam te wees. Hier word ons vermaan om ons nie op 'n dwaalspoor te laat bring nie as die net swaar gaan word, as die kerk so geweldig uitbrei. Ons mag nie oormoedig word nie.

E. Die Huisheer en sy Skat

Nadat Jesus hierdie gelykenisse vir sy dissipels vertel het, het Hy vir hulle gevra: "Het julle al hierdie dinge verstaan?" Hulle antwoord Hom: "Ja, Here!" Dis waar, hulle kan nou ook as egte Skrifgeleerdes optree. Maar die skat van die Koninkryk van die hemele is egter so groot, dat hulle telkens nuwe dinge kan sien en sê. "En Hy sê vir hulle: Daarom is elke skrifgeleerde, wat 'n leerling geword het in die Koninkryk van die hemele, soos 'n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring" (Matt. 13:52). 'n Huisheer sal aan sy huisgenote elke dag ook wel dieselfde dinge moet voorsit, maar hy sal hulle tog telkens verras deur dinge, wat hulle nog nooit geproe het en wat hulle ook nie verwag het nie. Die wysheid van die Koninkryk is onuitputlik.

Hoofstuk X

WORSTELING MET DIE BOSE

A. Die Storm in die Nag

(Matt. 8:18, 23-27; Mark. 4:35-41; Luk. 8:22-25)

Deur die mag van Gods genade beteuel Jesus die dreigende kragte in die wêreld. Dit behoort tot sy amp. Hy is nie slegs Koning, soos Adam eens was, oor al die kragte van die natuur nie. Hy het nie slegs sy bloed gestort tot versoening van die sonde nie, sodat Hy die oorspronklike koningskap vir sy volk kon herstel; maar Hy het ook tydelik die mag gekry om die lewe te verlos van die dreigende magte, wat daar deur die sonde in die wêreld gekom het. Tot hierdie dreigende magte behoort allereers satan en die heerskappy van die sonde. Daartoe behoort ook die vloek en alles wat ten gevolge van die vloek ons lewe bedreig. As die dissipels Christus goed geken het as die Oorwinnaar van satan en van die vloek, dan sou hulle ook in die dreiging van die storm hulle veilig gevoel het.

Jesus het 'n lang tyd vanuit 'n skip tot die skare op die oewer gespreek. Hoe afgemat moes Hy gewees het van die sware arbeid van die hele dag? Daarom het Hy sy dissipels versoek om oor te vaar na die ander kant van die meer van Galilea. Daar sou Hy in die eensaamheid met hulle rus vind. Markus verhaal ons, dat die dissipels Hom net soos Hy was saamgeneem het in die skuit. Die woorde: "net soos Hy was" beteken, dat Hy nog nie eers geëet het nie. Nouliks was hulle aan boord of 'n groot stormwind het opgekom. Jesus was agter in die skuit aan slaap op die kussing. Hoë golwe het teen die skuit geslaan en geweldige winde het teen die seile geruk. Die dissipels het Jesus eers ontsien en het probeer om die skuit te red. Hulle moes ook van die gedagte uitgegaan het, dat geen kwaad hulle kon oorkom nie omdat Jesus met hulle in die skuit was. Hulle het hul egter vrugteloos teen die sterk mag van die storm vermoei. Hulle het hulle al die tyd verwonder, dat Jesus daar so rustig lê en slaap. So'n geweldige storm is nie in staat om Hom uit sy slaap te wek nie. Hulle het Hom toe wakker gemaak en gesê: "Meester gee U nie om dat ons vergaan nie?"

Dit was dwaas van die dissipels om Jesus met verwyte wakker te maak. Hulle het al soveel tekens van Hom gesien, dat hulle werklik in rustige vertroue kon verkeer het. Hulle geloof het Hom nog te weinig geken en was daardeur in hierdie omstandighede te swak.

Ons lees verder: "En Hy het opgestaan en die wind bestraf en vir die meer gesê: Swyg, wees stil!"

Hier spreek Christus *sy* koninklike woord, waaraan golwe en winde gehoorsaam moet wees. Jesus het duidelik gesien, dat daar duiwelse magte agter hierdie heftige storm was. Die demoniese magte het dit nie verdra, dat Jesus sou oorsteek na die heidense land aan die oorkant van die meer nie. Daarom bestraf Hy die wind en die golwe. Die wind en die golwe is natuurlik geen persone, wat 'n wil het nie, maar hulle is die wapens waarvan die Bose hom bedien. Dis die demone self wat hier bestraf word.

Toe alles rustig en stil was, het Jesus Hom na sy dissipels gewend met die vraag: "Waarom is julle *so* bang? Hoe het julle dan geen geloof nie?" Hulle moes dit tog geweet het, dat die demoniese magte nooit in staat sal wees om sy werk te vernietig nie. Hulle moes dit tog besef het dat God Koning is en dat al die magte van die natuur aan Hom gehoorsaam moet wees. Die duiwel kan nie verder gaan as wat God hom toelaat nie. As ons weet dat God onse Vader is, dan behoef ons nie vir storm en onweer bang te wees nie.

Jesus wys die angstige dissipels nie op sy eie wondermag nie, maar Hy wys hulle op Gods hulp wat altyd vir hulle gereedstaan. Hulle moet hulle nie blind staar op die oombliklike nood nie. Hulle moet let op die nood van die wêreld, wat dreig om onder te

gaan in sonde en skuld. Uit hierdie nood sou Hy die wêreld verlos. As hulle dit glo, kan hulle vir die nood op die meer nie meer vreesagtig wees nie.

Ons lees verder: "En 'n groot vrees het hulle oorweldig en hulle het vir mekaar gesê: "Wie is Hy tog, dat selfs die wind en die meer Hom gehoorsaam is?" Hierdie geskiedenis is weleens 'n "lewende gelykenis" genoem. Die hele dag deur het Jesus deur gelykenisse geleer, en in die aand bring Hy hulle in 'n *egte gelykenis.* Die aanstormende golwe is 'n teken van die bose magte, wat altyd deur op hulle sal aanval om hulle te vernietig. Die meer is die wêreld waarin die Bose sy geweld uitoefen. Maar Jesus is by hulle, Hy sal hulle beskerm. Hulle moet leer, dat die mag van Hom wat alles regeer, bo wind en storms uitgaan. As hulle dit geleer het, dan kan hulle ook self rustig neerlê en slaap. Hulle kan dan met die psalmis sing:

> "Van God se trou bewus,
> Was slaap my veil'ge rus
> Tot ek versterk ontwaak het.
> Ek sal hul nou nie vrees,
> Hoe sterk hul ook mag wees
> Wat rondom my genaak het." (Ps. 3:2a.)

B. Die Besetene van Gádara

(Matt. 8:28-34; Mark. 5:1-20; Luk. 8:26-39)

Bo hierdie geskiedenis kan ons die woord van Johannes plaas: "Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn om die werke van die duiwel te verbreek", 1 Joh. 3:8.

Die land aan die oorkant van die meer van Galilea is genoem die land van die Gadaréners of die land van die Gergeséners. Hierdie landstreek was nie meer Joods nie. Christus het nou hier aangekom in die heidenwêreld, wat nog in die mag van satan is. Die oorwinning van Jesus oor satan hier in die land van die Gadaréners is 'n profesie van *sy* volkome oorwinning. Dit gaan hier dus nie soseer om die bevryding van hierdie twee manne nie, as wel om die betoning van die mag van Christus. Vandaar dat die krag van satan in hierdie besetenes so geskilder word en Christus die een ook laat sê, dat daar 'n legioen duiwels in hom heers. Vandaar word dit ons hier geteken, hoe satan volkome in die mag van Christus is.

Nouliks het Jesus en sy dissipels aan wal gegaan, toe 'n besetene Hom tegemoet kom. In hierdie buurt was daar baie rotse waarin spelonke en gate was. Daarin het hierdie besetene gewoon.

Volgens Mattheüs is hier sprake van twee manne, wat van duiwels besete was en uit die grafte uitgekom het. Markus en Lukas spreek slegs van een. Waarskynlik was daar twee, maar net een van hulle het op die voorgrond getree, sodat Jesus veral met hierdie een te doen gehad het. Baie duiwels het in hierdie man gewoon en daardeur het hy 'n ontembare krag gehad. Hy was dikwels met voetboeie en kettings gebind, maar die kettings is deur hom uit mekaar geruk en die voetboeie stukkend gebreek. Niemand was in staat om hom te tem nie. Nag en dag het hy aangehou om te skreeu op die berge en in die grafte, en het homself met klippe stukkend geslaan. Die uitoefening van mag deur satan het in daardie tyd geskied onder die beskikking van God. Dit was geen kranksinnigheid nie, maar iets geheel besonders. God het dit so beskik, sodat Christus sy mag oor die satan sou toon. Hoe verskriklik is dit om met eie sin en wil aan die mag van satan oorgegee te wees! Wie nie gelei word deur die Gees van God nie, word gelei deur satan. Van alle geskiedenisse uit die Evangelies oor *besetenes* is hierdie die ernstigste. In baie dinge kom *die werk van die Bose* hier duidelik uit:

a. Die man is in die *graftes.* Daar is altyd 'n verband tussen die duiwel en die dood. Die duiwel lei die mens na die dood.

b. Die man is *gebind.* Daar is in die mag van die duiwel altyd iets van gevangenskap. As hy in ons lewe werk, dan is ons gebind.

c. Die man is *wreed.* Die duiwel maak ons altyd tot vyande van ons medemense. Hy maak ons wreed en haatdraend.

d. Die man is *eensaam.* Hy lewe in die wildernis. Die mag van die duiwel maak die mens eensaam. Jesus bind ons in liefde ook aan ons naaste.

e. Die man *folter en pynig* homself. Die mag van die duiwel in ons lewe toon hom daarin, dat ons self in die weg staan en onsself pynig.

Altyd wanneer die duiwel in ons sy verskriklike werk doen, sien ons hierdie vyf tekens.

Ons lees verder: "Toe die besetene Jesus van ver af sien, hardloop hy en val voor Hom neer en skreeu met 'n groot stem en sê: Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek besweer U by God om my nie te pynig nie." Hy smeek om nie gepynig te word voor die tyd van die groot gerig nie. 'n Siddering het deur almal, wat daar gestaan het, gegaan. Dit was duidelik, dat dit nie die man self was, wat daar gespreek het nie. Sy hulde aan Jesus was ook nie bedoel om aan die werk van Jesus skade te doen nie. Hy noem Jesus die Seun van die allerhoogste God. Dit was hier 'n heidense land, maar ook hier was die naam "Allerhoogste" 'n gewone benaming vir die godheid.

Die vraag is nou: Hoe het dit gekom dat hierdie demone met so'n angstige versoek tot Jesus gekom het? Die oorsaak daarvan lê hierin, dat Jesus kort en gebiedend gesê het: "Onreine gees, gaan uit die man uit!" Die duiwels wil hulle prooi nie loslaat nie. Hulle probeer om hom in hulle mag te hou so lank as dit moontlik is. Daarom het hulle gesmeek, dat hulle nie gepynig sou word nie.

Op die smekende vrae van die demone het Jesus geen antwoord gegee nie. Hy het hom alleen gevra: "Wat is jou naam?" Hy antwoord dat sy naam *legio* is, want hulle is baie. Legio of legioen beteken 'n trop soldate van 6000 man. Dit wil nie sê dat daar 6000 duiwels in die man gewoon het nie, maar alleen dat daar vele is. Die duiwels in die man het Jesus gesmeek, dat Hy hulle nie uit die land moet wegstuur nie. Hier in die land van die Gadaréners kan hy onbeperk sy mag uitoefen en kan hy die mense beheers en lei soos hy wil.

Die Verwoesting deur Satan

Ons lees verder: "En dáár het teen die berge 'n groot trop varke gewei, en al die duiwels het Hom gesmeek en gesê: Stuur ons in die varke, sodat ons in hulle kan vaar."

Jesus het dit dadelik toegelaat en die onreine geeste het uitgegaan en in die varke gevaar.

Die wagters van die 2000 varke kon hulle nie bedwing nie, sodat die trop van die krans af in die meer gestort en verdrink het.

Daar is in hierdie geskiedenis veel wat ons nie begryp nie. Ons weet so weinig van die werke van die duiwel, en ons begryp ook nie waarom Jesus die duiwels toegelaat het om in die varke te vaar nie. Ons weet 'n paar dinge:

a. Die duiwel het deur hierdie daad probeer om die werk van Jesus teen te hou. Hy begryp dat hierdie mense deur die verlies van hulle varke teen Jesus in opstand sou kom, sodat hulle die mag van die genade nie sou erken nie. So kan satan sy ryk dan hier behou. Dis die lis van die duiwel.

b. Jesus het besondere redes gehad, waarom Hy die versoek van die duiwels ingewillig het. Hoewel die vark by die Jode 'n onreine dier was, was dit by verskillende heidense volke, o.a. by die Grieke, juis 'n heilige dier wat by voorkeur aan die gode as slagoffer geoffer is. Miskien wou Jesus hier laat sien, dat die heidense gode die aan hulle gewyde diere nie kan beskerm nie. Of miskien wou Hy laat sien, dat daar in hierdie land, wat tog eintlik tot Israel behoort, nie onreine diere mag wees nie. Of miskien wou Jesus hulle laat sien, dat hulle almal in die mag van satan was, en as hulle dit sien, moes hulle Hom ken wat van die vloek verlos. In elk geval was dit vir die duiwels 'n diepe

vernedering en 'n bewys van hulle afhanklikheid van Jesus.

c. Heel duidelik kom hier uit die teenstelling van Jesus en die duiwel. Die duiwel verwoes, Jesus red. Vir die besetene was dit 'n teken, dat hy werklik verlos was.

Die Gadaréners

Vir die Gadaréners was hierdie daad van Jesus tegelyk 'n besoeking en 'n beproewing, of hulle deur hierdie teken bewoë hulle aan Jesus in die geloof sou verbind.

Die wagters van die varke het gevlug en dit in die stad en in die buitewyke vertel. Toe die Gadaréners die volgende môre vroeg by die plek kom waar Jesus was, het hulle altwee besetenes aan die voete van Jesus sien sit, geklee en by hulle verstand. Hoe verblyd moes hulle gewees het! Maar in plaas daarvan was hulle bevrees. Hulle durf teen Jesus nie opstaan nie, maar hulle sien Hom as iemand wat vir hulle as 'n oordeel gestuur was. Hoe dikwels word Hy ook deur ons ongeloof tot 'n oordeel!

Hulle het Jesus toe begin smeek om weg te gaan uit hulle gebied. Die verlies van die varke het hulle so bang gemaak, dat hulle Jesus liewer nie meer by hulle wou hê nie. Hier sien ons weer so duidelik, hoever egoïsme 'n mens kan bring. Hulle is nie bly dat twee van hulle medeburgers genees is en verlos is van die verskriklike mag van die Bose nie. Die enige, wat hul harte vervul, is droefheid oor die skade wat hulle gely het. Jesus het dan ook gevolg gegee aan hulle wens. Hy kom nooit as 'n ongewenste gas nie, Hy dwing die mense nooit nie. Toe Hy in die skuit klim, het die man wat van 'n legio duiwels besete was Hom gesmeek om by Hom te kan bly. Jesus het dit hom nie toegelaat nie, maar vir hom gesê: "Gaan na jou huis na jou mense toe, en vertel hulle watter groot dinge die Here aan jou gedoen het, en dat Hy jou barmhartig was".

Uit hierdie woorde van Jesus blyk dit, dat Jesus wel weggaan, maar ons nie aan ons lot oorlaat nie. Hoewel Hy weggegaan het, het Hy die Gadaréners nie geheel aan hulself en aan die heerskappy van satan oorgelaat nie. Die genese man moes tot 'n getuienis van sy Naam agterbly. Hy moes aan almal daar vertel die ontferming van God in Christus. Hy moes uit dankbaarheid oor Gods genade die moeilike taak op hom neem om die boodskap van Christus te preek. En dit het hy met voorbeeldige ywer en liefde gedoen. Hy het weggegaan en in Dekapolis begin verkondig, watter groot dinge Jesus aan hom gedaan het, en almal was verwonderd.

Slotsom

Die worsteling met die Bose kom hier tot driemaal toe so duidelik uit: a. Eers het satan die kragte van die natuur, wind en golwe ontketen om Jesus met sy dissipels te verdelg. b. Toe het hy Jesus tegemoet gegaan in die land van die Gadaréners. c. Eindelik het hy die varke laat omkom. Dit was sy skynbare oorwinning, maar dit het hom nie geluk nie. Die prediking van die genese man blyk sterker te wees as die aanvanklike teleurstelling oor die varke.

Die gevolg was dan ook, toe Jesus enkele maande later in Dekápolis kom, Hy graag orals daar ontvang is.

Die *les* hier is: die mens kan as slaaf van die sonde nie in eie krag vry word nie. Paulus kon dit nie regkry nie (Rom. 8:24). Ons word alleen vry deur die mag van Christus, vgl. Hebr. 2:14 en 7:25.

Hoofstuk XI

DIE BROOD VAN DIE LEWE

A. Inleiding

Die grondgedagte wat hierdie hoofstuk beheers, is dat Jesus die brood van die lewe is. Die mense het al so gewoon geraak aan die weldade van Jesus, dat hulle dit gaan misbruik het tot selfsugtige, vleeslike doeleindes. Sy wonders het hulle aanskou met 'n ongeestelike oog. Dit het 'n verkeerde uitwerking gehad en het in hulle hart valse hoop gevoed in plaas van 'n diep afhanklike geloof. Aan hierdie vleeslike verwagting van Israel wou Jesus nou 'n end maak. Hierdie verwagting het so duidelik uitgekom by die eerste wonderlike spysiging. Daarna het die kritieke oomblik gevolg toe hulle Jesus Koning, 'n broodkoning, wou maak. Hy het sy dissipels toe gedwing om in die skuit te gaan en oor te vaar na die Weste van die meer van Galilea. Nadat Hy Hom in die gebed in die eensaamheid in gemeenskap met sy Vader versterk het, het Hy op die meer gewandel en sy dissipels tegemoet gegaan. In Kapernaüm het dit tot 'n beslissing gekom toe Jesus Hom as die brood van die lewe bekend gemaak het, en Kapernaüm met hele Galilea Hom verwerp het.

B. Die Eerste Wonderlike Spysiging

(Matt. 14:13-21; Mark. 6:30-44; Luk. 9:10-17; Joh. 6:1-13)

Dit was gedurende Jesus se derde rondgang deur Galilea toe Hy met sy dissipels vertrek het uit Kapernaüm na 'n eensame plek aan die Oostekant van die meer. Die reis het kort geduur, want hulle het nie verder gevaar as Betsaïda nie. Dit word meesal Betsaïda Julias genoem in onderskeiding van Betsaïda wat Suid-Wes van Kapernaüm lê. Toe hulle daar land, blyk dit dat reeds 'n groot skaar mense uit Kapernaüm oor land daar aangekom het. Hulle het langs die strand daarheen gewandel en was nog eerder op die plek van bestemming as Jesus en sy dissipels. Daar was onder die duisendes blykbaar 'n opgewonde stemming, want die paasfees was naby. Vele van hulle is op pad na Jerusalem vir die paasfees. Wat die stemming vererger het. is die moord op Johannes de Doper. Jesus en sy dissipels is daar met groot entoesiasme ontvang.

Jesus weet dat hierdie skaar mense met groot verwagtings gekom het. Hy en sy dissipels het juis na hierdie stil afgeleë dorpie gegaan om daar alleen te wees en om te bid. Maar toe Hy al die mense voor Hom sien, het Hy dadelik met hulle begin spreek en het hulle gehelp. Jesus is vol erbarming. Johannes die Doper is daar nie meer nie, sodat die volk geen herder as Hy alleen het nie. Met volle erbarming het Hy Hom aan die duisendes gegee en hulle siekes genees (Matt. 14:14). Tot die aand toe het Hy Hom met hulle besig gehou. Toe dit aand geword het, het sy dissipels na Hom gekom en Hom versoek dat Hy die mense moet wegstuur om vir hulle voedsel te gaan koop. Maar Jesus sê vir hulle: "Gee julle vir hulle iets om te eet". Jesus wend Hom tot Filippus en sê: "Waarvandaan sal ons brood koop, sodat hierdie mense kan eet?" Dit het Hy gesê om hom op die proef te stel, want Hy het self geweet wat Hy sou doen. Filippus het nie ingesien dat Jesus met hierdie vraag 'n dieper bedoeling gehad het nie, daarom antwoord hy kinderlik: "Moet ons gaan en vir 200 pennings brood koop (± £10) en vir hulle gee om te eet?" Andreas sê toe vir Hom: "Hier is 'n seuntjie wat vyf garsbrode en twee vissies het, maar wat is dit vir so baie mense?" Dit was blykbaar die voorraad wat die dissipels in hulle skip saamgeneem het vir die reis. Toe Jesus dit geneem het, het Hy die mense beveel om op die gras in groepe van honderd en van vyftig neer te sit. Dit blyk toe dat daar 5000 manne was, behalwe die vroue en kinders. Toe het Hy opgekyk na die hemel en gedank. Daarna het Hy die brode gebreek en dit aan sy dissipels gegee om dit aan die mense voor te sit. Ook die twee vissies het Hy onder almal verdeel. Almal het geëet en versadig geword. Hulle het toe van die stukke wat oorgeskiet twaalf mandjies vol bymekaar gemaak.

Jesus het hierdie wonder van die Vader ontvang. Hy bid en dan ontvang Hy. Toe die mense die teken sien, wat Jesus gedoen, sê hulle: "Hy is waarlik die profeet wat in die wêreld sou kom".

C. Die Kritieke Oomblik

(Matt. 14:22; Mark. 6:45; Joh. 6:14, 15)

Die wonder van die vermeerdering van die brode het die mense se geesdrif tot 'n ongekende hoogte opgevoer. Nou wil hulle Jesus volg. Nou het hulle eindelik hulle leidsman gevind. Ja, Hy is waarlik die Profeet wat in die wêreld sou kom! Nou het die dag van wraak aangebreek. So geweldig is die ontroering, wat deur die duisendes soos 'n stormwind heenvaar, dat Jesus gevoel dat Hy met krag moet optree. Hy begryp dat hulle Hom met geweld Koning wil maak. As Hy sou weier, dan sou hulle Hom eenvoudig wil dwing. Werklik, die versoeking van satan word hier deur die volk herhaal, maar dit word net so beslis deur Jesus weerstaan. Wat 'n heerlike paasfees sal dit wees, 'n tweede bevryding nie uit die mag van Egipte nie, maar van die heerskappy van die Romeine! Jesus is kalm en rustig soos altyd. Hy weet presies wat Hy moet doen. Eers stuur Hy sy dissipels weg, want dit is hier te gevaarlik, omdat hulle self nog te veel vervul is met aardse verwagtings. In Mark. 6:45 lees ons, dat Hy hulle gedwing het om in die skuit te gaan en vooruit te vaar na die Westekant van die meer. Toe die dissipels weg was, het Jesus die skare gebied om terug te gaan. Hoewel met grote teësin het hulle dit tog gedoen. En toe almal heengegaan het, het Jesus op die berg geklim om te bid. Daar het Hy met sy God geworstel. Daar het Hy gedrink uit die bron van Gods gemeenskap om sterk te wees vir die volbrenging van sy roeping op aarde. Dit was aand gewees toe sy dissipels met die skuit vertrek het. Jesus het die grootste gedeelte van die nag in gebed deurgebring, want dit was die vierde nagwaak, 3 uur in die môre toe Hy na hulle toe gekom het. Hoe het Hy geworstel! Daar lê die koningskroon vir Hom te wag. Maar in hierdie gebedsworsteling het God Hom opnuut getoon, watter dood Hy sou sterwe om waarlik die Koning van sy volk te kan wees. Dit was 'n belangrike nag in die lewe van Jesus. Van hierdie oomblik af het Hy met oop oë sy sterwe tegemoet gegaan. Noudat Hy die kroon geweier het, nou wag die doringkroon vir Hom. Dit het God Hom in daardie nag getoon en Jesus het alles gewillig uit die hande van sy Vader aanvaar.

D. Die Storm

(Matt. 14:24-34; Mark. 6:47-53; Joh. 6:16-21)

Daar het daardie aand 'n storm in die mensewêreld gewoed. Die manne van Galilea was aangegryp deur 'n storm van konings-verwagtings. En toe het daar in dieselfde nag weer 'n storm op die meer gekom. Vanaf die berg het Jesus gesien hoe sy dissipels swaar kry met roei (Mark. 6:48), want die wind was teen hulle. Hulle het beangstig begin word. Jesus het hulle gedwing om in die skuit te gaan, en nou is Hy nie by hulle nie. Plotseling het hulle in die verte 'n ligtende gedaante oor die golwe sien naderkom. In hulle angstige verbeelding meen hulle, dat dit 'n spook was. Die dissipels het blykbaar in spoke geglo, hoewel die Bybel ons leer dat die siele van die gestorwenes na die doderyk gaan. Jesus roep hulle toe: "Hou goeie moed, dit is Ek, moenie skrik nie". Petrus kon dit nie meer uithou nie en sê: "Here, as dit U is, gebied my om op die water na U te kom". Toe Jesus sê: Kom! het Petrus van die skuit afgeklim om op die water na Jesus te gaan. Solank hy op Jesus gesien het, het alles goedgegaan, maar toe hy op die golwe kyk het hy bang geword en het begin sink en uitgeroep: "Here, red my!" Dadelik het Jesus die hand uitgesteek en hom gegryp en vir hom gesê: "Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?" Toe hulle in die skuit geklim het, het die wind gaan lê, en hulle was by hulleself uitermate verbaas en verwonder. Toe het hulle voor Hom neergeval en gesê: "Waarlik, U is die Seun van God". Hulle het aangekom by die land Gennésaret en daar aan wal gegaan, Mark. 6:53. Hier is hulle nou in Betsaïda Galilea, Suid van Kapernaüm. Daar het 'n groot skare op Hom gewag en daar het Hy vele genees. Teen die aand was hulle weer in Kapernaüm. Dit was Vrydagaand, die aand voor die sabbat.

E. Die Rede van Jesus in Kapernaüm

(Joh. 6:22-66.)

Die skare wat Jesus gespysig het, het orals na Jesus gesoek. Hoe verbaas was hulle, toe hulle daar teen die aand Jesus en sy dissipels sien aankom uit 'n Suid-Westelike rigting. Hulle het mekaar om Jesus heen verdring en vra Hom hoe Hy daar gekom het. Jesus het hulle hierop geen antwoord gegee nie, want Hy het iets anders vir hulle te sê. Hulle volg Hom alleen om die brood wat hulle geëet het. Jesus voel dit, dat Hy volstrek met hierdie mense moet breek. Hulle soek dinge van Hom, wat Hy tog nie wou gee nie. Hy wil nie Koning wees in die sin soos hulle dit begeer het nie. Hoe hard dit Hom ook geval het, Hy moes volkome met hulle breek. Hulle wil 'n gevaarlike spel met Hom speel en daaraan mag Hy geen oomblik toegee nie. Daarom het Hy op daardie sabbatsmôre hard en streng teen hulle in die sinagoge opgetree.

Kapernaüm, wat al die wonders en tekens gesien het, sal nou moet kies. As hulle Jesus alleen wil aanhang wanneer Hy hulle wense bevredig, dan moes Hy hulle loslaat. Dit gaan nou daarom of hulle Jesus wil aanvaar as hulle geestelike Koning, as hulle waaragtige Verlosser, nie in politieke sin nie, maar in baie diepere sin. Hy moet hulle nou iets onthul van sy werk tot verlossing van die wêreld. Sal hulle Hom dan nog erken of sal hulle Hom verwerp? Die rede self kan in vyf dele verdeel word:

a. In die eerste gedeelte (vs. 26-33) net Jesus tot hierdie mense met groot openhartigheid gespreek oor hulle verwagtings, wat hulle van Hom gekoester het. Hulle soek die brode, maar het nie die tekens gesien nie. Dit was hulle te doen om aardse seëninge, om politieke vryheid, om rykdom en welvaart. As hulle werklik volgelinge van Jesus wil wees, dan moet hulle die werke van God doen, d.i. hulle moet met 'n vertrouende hart hulle aan Hom oorgee. "Moenie werk vir die spyse wat vergaan nie, maar vir die spyse wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee." Jesus roep hulle toe om in Hom te glo, maar hulle vra toe om 'n teken, anders kan hulle hul nie so geheel aan Hom toevertrou nie. Hulle wil 'n teken uit die hemel hê. Hulle vaders het so'n teken uit die hemel gehad, nl. die manna, daarom kon hulle Moses glo. Weer moes Jesus hulle bestry om hulle die geloof te leer. Moses het aan die vaders nie die brood uit die hemel gegee nie. Die manna was slegs 'n bewys van Gods guns. Genade is die eintlike brood uit die hemel. "Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee." Toe sê hulle vir Hom: "Here, gee ons altyd hierdie brood".

b. In die tweede gedeelte van sy rede (vs. 35-40) lê Jesus dit vir hulle uit, dat Hyself die ware manna is. Hy gee nie manna nie, maar is dit. Hy het uit die hemel neergedaal. Daarom doen Hy ook nie sy eie wil nie, maar die wil van sy hemelse Vader. En die wil van sy Vader is: "dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê, en Ek sal hom opwek in die laaste dag" (vs. 40). Hierop het hulle 'n toenemende ongeloof geopenbaar. "Is Hy nie Jesus, die seun van Josef nie? Hoe sê Hy dan: Ek het uit die hemel neergedaal?"

c. In die derde deel van sy rede (vs. 43-51) toon Jesus hulle aan, dat niemand na Hom kan kom nie, as die Vader hom nie trek nie. Daar is 'n wonder in die hart nodig om in Jesus te kan glo. Maar as ons eenmaal glo, dan sien ons ook dat Jesus die brood van die lewe is. Hy is baie heerliker as die manna, want Hy skenk die ewige lewe. "Die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee." Hier sinspeel Jesus op sy naderende dood. Hy wil sy vlees offer vir die lewe van die wêreld.

d. In die vierde gedeelte (vs. 53-58), lê Jesus die nadruk op die daad van geloof in sy offer, wat Hy van sy kinders vra. Hulle wat in Hom glo, moet sy vlees eet en sy bloed drink, d.i. hulle moet vertrouend glo in die offer van Jesus. Van ver af sinspeel Jesus hier reeds op die Nagmaal, wat Hy later ingestel het. Hierdie woorde het 'n sterk verset onder die skare gewek. Selfs onder hulle, wat Jesus gereeld gevolg het, was daar vele wat hieraan aanstoot geneem het. Hulle noem Jesus se woorde hard, wie

kan daarna luister?

e. Aan die end van sy rede (vs. 61-64) stel Jesus nog eenmaal in die lig die geestelike karakter van sy werk. Hyself sal straks na die hemel opvaar, maar sy geestelike werk bly. Wie 'n aardse Messias verwag, vind niks as teleurstelling nie; maar wie sy lewe deur die Gees van Christus laat lei, hy vind die waaragtige lewe. Hierdie woorde was nog 'n laaste poging om die mense van Kapernaüm te trek en hulle die heerlikheid van die ryk van God te toon. Reguit sê Jesus: "Daar is sommige van julle wat nie glo nie". Hulle glo nie en tog volg hulle Hom uiterlik. Dis geen navolging wat Hy begeer nie.

F. Die Krisis

Hierdie rede van Jesus het 'n diep indruk gemaak. Duisendes in Kapernaüm het hulle aan Jesus vasgegryp en wou Hom koning maak. Jesus moes Hom aan hierdie greep ontruk. Hy moes Hom loswring, want so'n koninkryk wou Hy nie hê nie. Hierdie rede van Jesus is gedra deur twee gedagtes: Jesus weer af en Hy trek na Hom toe.

Hy weer alle politieke verwagtings af en sê kort en bondig: dit wil Ek nooit hê nie. Maar Hy wys tegelyk aan wat Hy wel wil hê: Ek wil Myself vir julle offer, sodat julle in My 'n nuwe, ewige lewe mag vind. Diep teleurstellend was dit, dat al die duisendes van Kapernaüm, wat soveel tekens van Jesus gesien het, as een man geantwoord het dat hulle Hom nie langer wil volg nie. So'n koninkryk wil hulle nie hê nie. Hulle ontvang nie wat Jesus hulle wil gee nie, maar hou met kinderlike koppigheid vas aan hulle eie ideale. Ons lees in vs. 66: "Hieroor het baie van sy dissipels weggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie". Dit was 'n voldonge feit, Kapernaüm het Jesus verwerp. Inderdaad het die krisis hier ingetree. Daar kom skeiding. Met trane in sy oë vra Jesus aan sy twaalf dissipels: "Wil julle nie ook weggaan nie?" As hulle sulke aardse gedagtes van Jesus se Koninkryk het, is dit beter dat hulle dan ook maar weggaan. Jesus wil nie uit dwang gedien word nie, maar uit liefde. Toe het Petrus geantwoord: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe. En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God." Petrus het self seker nie alles begryp wat hy gesê het nie, maar een ding begryp hy dat hulle Jesus nie meer kan mis nie. Jesus was dankbaar vir hierdie hartlike getuienis. Tog hang daar 'n skaduwee oor hierdie blydskap. Hy sien Judas Iskariot daar staan en sê: "Het Ek nie julle twaalf uitverkies nie? En een van julle is 'n duiwel." Ja, daar kom selfs 'n krisis in die boesem van sy dissipels. As Jesus nie 'n hele nag gebid het nie dan sou Hy nooit die krag kon hê om sulke teleurstellings te verdra nie.

Hoofstuk XII

IN DEKÁPOLIS EN SESAREA-FILIPPI

A. Jesus in Dekápolis

(Matt. 15:29-39; Mark. 7:31 — 8:10)

Na alles wat daar op die sabbatdag in Kapernaüm plaasgevind het, nadat Kapernaüm Jesus verwerp het, verlaat Hy en sy dissipels vir 'n tydjie Galilea om hulle buite Israel te begewe in die land van Tirus en Sidon. Hier het Jesus die dogter van die Kananese vrou genees. Hiervandaan het hulle na Dekápolis vertrek. Dekápolis beteken tien stede. Dis 'n landskap Suid-Oos van die meer van Galilea. Hierdie tien stede is geregeer deur die goewerneur van Sirië. Die inwoners was heidene, wat die gode van die Grieke vereer het. Hier het Jesus op 'n berg geklim en ondertussen het daar groot menigtes na Hom gekom met kreupeles, stommes, blindes en gebreklikes. Mattheüs verhaal ons hoe hulle by die voete van Jesus neergesit het, en Hy het hulle gesond gemaak (Matt. 15:30). Die skare was verbaas oor hierdie wonderwerke van Jesus en hulle het die God van Israel verheerlik. As heidene het hulle ingesien, dat hulle eie gode geen mag het nie, maar dat die God van Israel magtig is om uit alle nood te verlos. Slegs twee gebeurtenisse in Dekápolis word ons uitvoerig beskrywe:

1. Die genesing van die doofstomme

(Mark. 7:32-37)

Ons lees in Mark. 7 dat hulle 'n dowe wat swaar praat, na Jesus gebring het en Hom versoek het om die hand op hom te lê. Hierdie man was blykbaar nie doof van sy geboorte af nie, want dan kon hy moeilik swaar praat. Jesus was dadelik bereid om hom te help, maar Hy wou dit nie doen op die wyse, waarop sy vriende Hom versoek het nie. In hierdie man moes die gelowige verwagting gewek word. Deur die hande slegs op hom te lê sou hier nie gaan nie. Daarom het Hy hom apart geneem, sy vingers in sy ore gesteek, en gespuug en sy tong aangeraak. So het Hy die man geleer om te verwag. Daarna het Hy opgekyk na die hemel, gesug en vir hom gesê: "Effata, dit is: gaan oop". Deur op te kyk na die hemel en te sug wou Jesus hom daarop wys, dat die genesing van die Vader moet kom en dat dit deur die gebed moet kom.

Deur sy sugting wou Jesus duidelik toon, dat Hy met hom saam ly, dat Hyself bedroef was oor die groot smart wat daar in die hart van hierdie man was. Toe Hy die woord effata gesê het, is die man se ore geopen en kon hy weer duidelik praat.

In hierdie gebeurtenis is dit opvallend, dat Jesus allerlei middels aangewend het. Dit het meer as eens gebeur, wanneer mense nie uit hulleself na Jesus kom nie maar deur andere gebring word. Dit dien om die geloof te beproef. Hierdie man was doof, sodat Jesus nie met hom kon praat nie. Verder was hy 'n heiden en het miskien gedink, dat Jesus 'n towenaar was. Jesus laat hom duidelik gevoel, dat daar van Hom geen magiese krag uitgaan nie. Verder moet ons daarop let, dat Jesus nooit alleen aan die liggaam dink nie, maar ook aan die siel. Daarom moet hierdie man goed verstaan, dat Jesus alleen daarom wonders kan doen omdat Hy deur God gestuur is. Die mense het ook hier almal onder 'n diep indruk gekom en God verheerlik.

2. Die Tweede Wonderlike Spysiging

(Mark. 8:1-9)

Hierdie spysiging van die 4000 mense gelyk baie op die spysiging van die 5000 mense. Tog is daar enkele punte van verskil, waarop ons moet let. Ook hier was daar 'n grote skaar mense rondom Jesus byeen. Blykbaar is daar in Dekápolis nou 'n heel ander houding ten opsigte van Jesus as ses maande gelede. Ses maande gelede het hulle Hom gesmeek om uit hulle gebied te vertrek (Mark. 5:17), en nou verdring hulle mekaar rondom Jesus. Die prediking van die man, wat 'n legio duiwels in hom gehad het en wat

so wonderlik genees is, het wel 'n groot verandering teweeggebring (Mark. 5:18). Hierdie groot skare het drie dae lank na die woorde van Jesus geluister. Hulle wou nie meer van Hom skei nie. Op die derde dag wou Jesus vandaar vertrek, maar Hy het geaarsel om die mense weg te stuur. Hy het toe sy dissipels na Hom geroep en vir hulle gesê: "Ek voel innig jammer vir die skare, omdat hulle al drie dae by My bly en niks het om te eet nie". Hier in die woeste eensame land is daar geen brood nie. Dis eienaardig, dat die dissipels so weinig van die eerste wonderlike spysiging geleer het. Hulle het nie eers meer gedink aan wat Jesus enkele maande gelede gedoen het nie.

Jesus vra hulle hoeveel brode hulle het. Hulle antwoord: sewe. Weer het Hy bevel aan die skare gegee om te gaan sit. Daarop neem Hy die brode en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels om dit aan die skare voor te sit. Dit het Hy ook met die paar vissies gedoen. Hier sien ons weer 'n klein verskil met die vorige spysiging. By die vorige spysiging het Jesus maar net eenmaal gebid, maar hier in die heidense land het Hy tweemaal gebid. Hy wil aan die heidene laat sien, dat altwee dade (nl. van die brode en van die vissies) wonderwerke van God is. Hulle het geëet en versadig geword en die oorskot van die stukke opgetel, sewe mandjies vol. Hierna het Jesus hulle weggestuur. Toe het Hy en sy dissipels met die skuit na Magdala vertrek.

B. In Sesarea-Filippi

1. Na Sesarea-Filippi

(Matt. 16:13, Mark. 8:27)

Die teenstand van die Fariseërs en Skrifgeleerdes het steeds bitterder en skerper geword. Nadat Kapernaüm Hom verwerp het, het Jesus Galilea soveel moontlik ontwyk. Hy het met sy dissipels langs onbekende weë gegaan na eensame plekke. Hy het Hom meer en meer teruggetrek van die arbeidsveld, waar Hy so'n lang tyd die Evangelie gepreek het. In al daardie dae het dit Jesus opgeval, hoe weinig sy dissipels nog van Hom begryp het. Dit het Hom daartoe gebring om sy aandag meer aan sy dissipels te wy. Hy kon tog nou nie meer voor groot skares preek nie, waar gevare en vervolging van alle kante gedreig het. Nou kan Hy Hom ten volle aan sy dissipels gee. So trek Hy alleen met sy dissipels verder.

Van Magdala het hulle na Betsaïda Julias gevaar waar Jesus 'n blinde man genees het. Van Betsaïda voer 'n weg reg na die Noorde toe al langs die Jordaan, by die meer Merom verby tot by Sesarea-Filippi. Die gebied van Sesarea-Filippi was meer 'n heidense land. Hier kon Jesus nog rustig reis, want hier het geen skares hulle rondom Hom verdring nie.

2. Die Belydenis van Petrus

(Matt. 16:13-20; Mark. 8:27-30; Luk. 9:18-21)

Toe Jesus en sy dissipels naby Sesarea-Filippi was, het hulle vir 'n oomblik stil gehou om te rus. Lukas vertel ons dat Jesus Hom toe afgesonder het om te bid. Die dissipels het nog nie geweet, dat hierdie gebed 'n gewigtige daad van hulle Meester ingelei het nie. Hulle het nog nie geweet, dat Hy vir hulle gebid het nie. Na die gebed roep Jesus sy dissipels om Hom heen, en toe stel Hy aan hulle die vraag: "Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is?" Dit was vir hulle 'n vreemde vraag, want Hy weet self wel wat die mense van Hom vertel. Hulle antwoord Hom toe: "Sommige Johannes die Doper, en sommige Elia, en andere Jeremia of een van die profete". Hy sê vir hulle: "Maar julle, wie sê julle, is Ek?" Dis gemaklik om na te praat wat die mense sê, maar die vraag is of ons self 'n oordeel het. Petrus, die vurigste van al die dissipels, antwoord toe: "U is die Christus, die Seun van die lewende God". Die mense dink dat Jesus 'n mens is, maar ons weet, sê Petrus, dat U van God gekom het, van die lewende God. Ons het U byna drie jaar gevolg, ons het U gesien in oomblikke van blydskap en droefheid, ons het u woorde gehoor en u dade gesien. En alles, wat U doen en wat U sê, kom van God. U is die Lig van God in die wêreld, die Seun van God wat in hierdie sondige wêreld neergedaal het.

Petrus het al meer maal Jesus bely as die Seun van God. Die laaste keer het hy hierdie belydenis nog in die sinagoge van Kapernaum uitgespreek. Maar hier in die stille prag van die berge is sy belydenis nog dieper.

Toe Jesus hierdie antwoord hoor, was Hy diep ontroerd. Hy het nie tevergeefs so juis vir sy dissipels gebid nie, die Vader het Hom verhoor. Toe sê Jesus vir hom: "Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit aan jou nie geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is". Met "vlees en bloed" bedoel Jesus die mens soos hy hier op aarde lewe. Deur die sonde is die mens losgeruk van die gemeenskap met God. So het "vlees en bloed" tot 'n teenstelling met "die Vader wat in die hemele is" geword. Hierdie belydenis van Petrus het dus uit God voortgekom. Daarom is Petrus salig, want nou sal hierdie belydenis nie meer uit sy lewe verdwyn nie. Maar Jesus gaan verder: "En Ek sê ook vir jou: jy is Petrus en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie". Hier moet ons op enkele punte let:

a. *Op hierdie petra* sal Jesus sy gemeente bou, nie op Petrus as apostel soos Rome leer nie. Christus sal sy gemeente bou op die belydenis wat deur die apostels in die wêreld bekend gemaak sal word. Petrus is hier die woordvoerder van die apostels. Al die apostels saam en hulle belydenis vorm die fondament, waarop Jesus sy gemeente sal bou, vgl. Ef. 2:20.

b. *My gemeente*. Dis die eerste keer, dat Jesus van sy gemeente spreek. Tot nog toe was die Christelike kerk nog nie los van die Joodse sinagoge nie. Maar die Christelike kerk sal hom nou meer en meer losmaak en die gemeente van Christus word.

c. *Ek sal bou*. Christus bou self. As Petrus en Paulus straks orals kerke stig, dan is dit nie hulle wat bou nie, want hulle is maar alleen middels in die hand van die Here.

d. *Die poorte van die doderyk*. Die doderyk is die plek waar die gestorwe siele is. Dit word hier voorgestel as 'n burg, 'n vesting met poorte. Die poorte het mag. Alles in die wêreld word deur die dood bedreig, maar die gemeente van Christus bly lewend tot die laaste dag.

En dan vervolg Jesus: "En Ek sal jou die sleutels van die Koninkryk van die hemele gee; en wat jy op aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees." In hierdie woorde laat Jesus duidelik sien, watter groot mag aan Petrus en aan die ander apostels toevertrou is. Ook hier moet ons op die volgende punte let:

a. *Die Koninkryk van die hemele* is nie dieselfde as die gemeente nie. In die gemeente kan wel mense insluip, wat tog nie tot die Koninkryk van die hemele behoort nie, en buite die gemeente kan daar wel mense wees wat tot die Koninkryk behoort.

b. *Petrus ontvang die sleutels*. Van hom en van die gemeente hang dit af. Hulle het die sleutelmag, 'n ontsaglike verantwoordelikheid.

c. *Bind en ontbind.* Daaronder word verstaan: verklaar dat iets geoorloof of nie geoorloof is nie. Die apostels sal van die H. Gees aanwysings ontvang, hoe die gemeente gelei moet word. Die kerk van alle eeue is gebind aan die reëls wat die apostels gestel het.

Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het Hy sy dissipels verbied, "dat hulle vir iemand moet sê dat Jesus die Christus is". Jesus het geweet watter misverstande daar by die volk heers, wanneer hulle die naam van "Christus" hoor, daarom wil Hy al hierdie dinge voorlopig nog geheim hou.

3. Die Eerste Lydensaankondiging

(Matt. 16:21-23; Mark. 8:31-33; Luk. 9:22)

Nadat Jesus en sy dissipels 'n weinig gerus het en die ernstige samespreking gehad het, het hulle weer opgestaan om Sesarea-Filippi binne te gaan. Terwyl hulle voortwandel het Jesus sy dissipels begin duidelik maak, dat Hy na Jerusalem moes heengaan en baie van

die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moes ly en doodgemaak en op die derde dag opgewek word. Vroeër het Jesus hierdie dinge oor die algemeen nog verberg, omdat hulle dit nog nie kon dra nie. Noudat hulle egter hulle geloof in Hom so duidelik bely het, nou meen Hy dat die tyd gekom het om hulle in hierdie geheime in te lei. Sy dissipels was so geskok oor die lyde, dat dit lyk asof hulle die woorde oor die opstanding nie gehoor het nie. Weer is dit Petrus wat die tolk van die dissipels is. Petrus neem Jesus toe opsy en begin Hom te bestraf en sê: "Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie!" Petrus het dit seker goed bedoel. Sy woorde het voortgekom uit liefde tot Jesus, maar sy woorde was tog ook dom en eiewys. En bowendien was sy woorde 'n versoeking vir Jesus. Dit was vir Jesus self al so swaar om oor sy lyde te spreek en nou maak Petrus dit nog erger. Daarom wend Jesus Hom met krag van hom af, soos Hy vroeër in die woestyn Hom van satan afgewend het. Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: "Gaan weg agter My, satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie oor die dinge van God dink nie, maar oor die van die mense." Jesus het hierin die hand van satan gesien en het daarin gehoor die verleiding om Hom te laat twyfel aan die opdrag van sy Vader. Petrus het onbewus die rol van satan vervul. Hoe vreeslik en verward is die mensehart wat so kan dwaal!

4. Die Gemeenskap aan die Lyde van Christus

(Matt. 16:24-28; Mark. 8:34-38; Luk. 9:23-27)

Toe Jesus met streng woorde vir Petrus tereg gewys het, het Hy dit nodig geag om nog verder te spreek oor die lyde, wat ook oor sy dissipels sal kom. Markus verhaal ons, dat Jesus die skare met sy dissipels na Hom geroep het. Jesus en sy dissipels is nou blykbaar in Sesarea-Filippi, sodat 'n skaar van mense weer rondom Hom saamgedring het. Jesus wys hulle op die ware aard van sy navolging: "Wie agter My aan wil kom, moet homself verloën en sy kruis opneem en my volg. Verloën beteken: doen asof 'n mens iemand nie ken nie. Om jouself te verloën beteken dus: doen asof mens jouself nie ken, met jouself geen rekening hou nie. Hierdie selfverloëning openbaar hom in die lewe altyd as 'n kruis. Elke volgeling van Jesus moet sy kruis op hom neem. Hierdie kruis kan optree in allerlei vorms. Dit kan wees om die werke van die liggaam deur die Gees dood te maak (Rom. 8:13). Dit kan wees 'n daaglikse stryd van verootmoediging voor Gods aangesig en van selfveroordeling. Meestal word daarmee bedoel alle leed en smart wat ons ondergaan, terwille van ons belydenis van die Naam van die Here. Ons mag terwille van die genot van die wêreld ons kruis nie ontloop nie, maar ons moet dit opneem om sy ontwil. Dan eers, as ons vir daardie kruis nie terugdeins nie, kan ons Jesus volg. Daarby moet ons ons lewe oorgee. ""Want elkeen wat sy siel wil red, sal dit verloor, maar elkeen wat sy siel om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red". Ons moet dus ons lewe oorgee. Dit kan wees dat ons om Christus ontwil ons lewe moet opoffer. Dis nie meer ons lewe nie, want ons is die eiendom van Christus. Jesus is Koning oor my lewe, Hy is die lewe van my lewe. Maar hierdie offer is nie groot nie, "want wat sal dit 'n mens baat, sê Jesus, as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?" Om Jesus te dien is meer werd as die rykdom van die wêreld. Daar mag geen valse skaamte wees nie. "Want elkeen wat hom skaam vir My en My woorde in hierdie oorspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele" (Mark. 8:38). Die woorde van Jesus moet beslag lê op ons hele lewe.

In sy slotwoorde wys Jesus daarop, dat daar sommige is wat daar by Hom staan, wat die dood nie sal smaak nie voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom het. Met hierdie woorde dink Jesus aan wat daar sou gebeur op en na die Pinksterfees. Toe is die koninklike waardigheid van Jesus duidelik aan almal getoon. Jesus het toe gekom as Koning oor sy ryk, en duisendes het Hom aanbid en hulle voor Hom neergebuig. Hier by en in Sesarea-Filippi het Jesus vir die eerste maal die geheim van sy lyde en sterwe aan sy volgelinge blootgelê, maar ook die geheim van hulle gemeenskap aan sy lyde.

Hoofstuk XIII

DIE VERHEERLIKING OP DIE BERG EN DIE MAANSIEKE KIND

A. Op die Berg

(Matt. 17:1; Mark. 9:2; Luk. 9:28)

Jesus het met sy dissipels nog 'n paar dae in die land van Sesarea-Filippi gebly. Na ses dae het Jesus Petrus, Johannes en Jakobus saam geneem en hulle op 'n hoë berg apart gebring. Lukas praat van agt dae. Hierdie verskil is gemaklik te verklaar, as ons aanneem dat Lukas die eerste en die laaste dag saamgetel het. Vroeër is dit algemeen aangeneem, dat hier bedoel word die berg Thabor. So het dr A. Kuyper dit ook opgevat. Waarskynlik moet ons hier aan 'n berg in die omgewing van Sesarea-Filippi dink. Op die berg Thabor was in Jesus se dae 'n stad of vesting gebou, sodat die top van die berg nie vir rustige afsondering geskik was nie.

Dit was seker vir die ander dissipels pynlik, dat Petrus, Jakobus en Johannes bo hulle bevoorreg was, ook by die opwekking van die dogtertjie van Jaïrus. Lukas gee vir ons die rede aan, waarom Jesus op die hoë berg geklim het. Hy het op die berg geklim om te aanbid.

B. Die Verheerliking

(Matt. 17:2-8; Mark. 9:2-8; Luk. 9:29-36)

Hier op die berg het Jesus in die gebed geworstel met sy Vader. Hier het Hy voor God met sy lyde geworstel. Met krag het Hy gebid om met die Vader eenswillend te bly, ook wanneer die lyde hoe langer hoe erger op Hom kom. Die Vader het sy gebed verhoor. Hy was met die Vader so volkome eens, dat Hy in die gees die end van sy lydensweg gesien het, nl. die heerlikheid- wat Hy deur sy gehoorsame lyde sou verwerf. Na die gees het Hy reeds in daardie heerlikheid gedeel, sodat dit hom ook in sy gedaante geopenbaar het. Hy het toe voor sy drie dissipels van gedaante verander, en sy gesig het blink geword soos die son en sy klere het wit geword soos die lig. Lukas sê, dat dit gebeur het terwyl Hy gebid het. In sy gebed het Jesus so dig by God gekom, dat sy gesig die glans van God weerkaats het, soos Moses se gesig vroeër geglinster het (Ex. 34:30). Sy heerlikheid het onder die omhulsel van sy menslike gedaante deurgestraal. Jesus het nou ook bo die grense van tyd en ruimte, van lewe en dood uit gekom, en Hy het die ewige wêreld van Gods lig binnegetree. Hoe verbaas was die drie dissipels! Hulle kan dit nog nie begryp, dat Jesus nie slegs vir Homself verheerlik is nie. Hy het as Hoof van sy kerk van gedaante verander, want eenmaal sal Hy as Hoof van sy kerk die heerlikheid ingaan.

Dat Hy as Hoof van sy kerk verheerlik is, het daarin uitgekom dat Hy plotseling nie meer alleen was nie. In die lig, wat daar van Hom uitgegaan het, het die drie dissipels twee ander gedaantes gesien wat self heerlik was nl. Moses en Elia. Dit word ons nie vertel hoe Moses en Elia daar uitgesien het nie. Die H. Gees het dit aan hulle geopenbaar, dat dit Moses en Elia was. Met diepe eerbied en verwondering het hulle opgesien na Jesus en hierdie twee getuies uit vroeër eeue. Moses en Elia het van sy uitgang gespreek, wat Jesus in Jerusalem sou volbring. Uitgang is exodus in Hebreeus. Moses het so'n exodus geken deur die Rooi See. Elia het ook 'n exodus geken, 'n uitgang uit hierdie wêreld na die hemel. En nou moet Jesus ook 'n exodus volbring. Die exodus van Jesus sou baie moeiliker wees as die van Moses. Moses het wel deur die see gegaan, maar hy het ongedeerd gebly. Maar Jesus moet afdaal tot in die afgrond van die dood. Maar sy exodus sal baie heerliker wees as die van Elia. Sy hemelvaart sal baie groter wees. Elia het alleen na die hemel gegaan en kon niemand saamneem nie. Maar Jesus het heengegaan om vir ons plek te berei. Hy sal al sy volgelinge saamneem in die hemel. So spreek altwee hierdie getuies van vroeër eeue oor die exodus van Jesus, oor sy dood en oor sy hemelvaart. Die verheerliking hier op die berg is die natuurlike end van Jesus se

persoonlike lewe. As Hy nie as Middelaar kragtens sy amp die ander uitgang vanuit Jerusalem gekies het nie, dan sou sy uitgang op die berg die natuurlike end van sy aardse bestaan gewees het.

Waarom het juis Moses en Elia hier verskyn?

a. Omdat altwee 'n exodus geken het.

b. Moses is die brenger van die Wet, Elia die handhawer van die Wet in dae van afval, Jesus is die dader van die Wet wat ons van die vloek van die Wet verlos.

c. Moses het wel gesterwe, maar tog anders as gewone mense, want niemand kon sy graf vind nie. Elia is opgeneem in die hemel.

Moses en Elia het as leiers van die volk hulle loopbaan volbring. En al was dit in veel swakheid, tog het hulle verheerlik geword. Maar hierdie heerlikheid kan daar alleen vir hulle wees, as Jesus in gehoorsaamheid die loopbaan voleindig en verheerlik word.

Toe Petrus, Jakobus en Johannes hierdie manne sien, was hulle sprakeloos van ontsetting. Hulle was geboeid deur die hemelse skoonheid. Toe hulle merk dat Moses en Elia nou gaan skei, was dit 'n groot teleurstelling, want hulle wou nog so graag langer getuies wees van hierdie bo-aardse skouspel. Dat dit alles voorlopig was, het hulle nog nie verstaan nie. Daarom het Petrus met die dwase voorstel gekom: "Meester, dit is goed dat ons hier is, laat ons dan drie hutte maak, een vir U en vir Moses een en een vir Elia". En dan voeg Lukas daarby: "Hy het nie geweet wat hy sê nie". Petrus laat uitkom dat hy Jesus wil dien, maar in werklikheid wil hy homself dien. Hy wil hierdie hemelse skouspel nog langer vashou. Hy wil op die berg van verheerliking bly woon en die sondige wêreld met die ander nege dissipels aan sy lot oorlaat. Daar is in hierdie woorde van Petrus 'n heel fyne, geestelike egoïsme. Petrus het nie geweet wat hy sê nie, want die verheerliking van 'n menselewe op aarde kom alleen deur die guns van God, wat Christus nog eers deur sy lyde moes verwerf. In twee opsigte is die woorde van Petrus dwaas.

a. As Jesus daar op die berg gebly het, dan sou die wêreld verlore gaan. Jesus het nie in die wêreld gekom om op bergtoppe hemelse vreugde te geniet nie. Hy het in die wêreld gekom om deur die kruis die wêreld te verlos. Daarom het Hy vrywillig hier die keuse gedoen om sy uitgang in Jerusalem te volbring.

b. Petrus het dit ook nie begryp, dat sy woorde vir Jesus 'n versoeking was nie. Dit was vir Jesus tog al so moeilik om die weg na die kruis te gaan, en Petrus maak dit deur sy woorde telkens nog moeiliker.

Nouliks het Petrus hierdie voorstel gedoen of daar kom 'n wolk en oordek hulle, en hulle het bang geword toe daardie twee manne in die wolk ingaan. Hierdie wolk is, soos ons dit in die O.T. aantref, die openbaring en die omhulling van die heerlikheid van God. Die drie dissipels mog daar nie ingaan nie, maar Jesus, Moses en Elia het wel daarin gegaan. Daar kom toe 'n stem uit die wolk wat sê: "Dit is my geliefde Seun, luister na Hom!" Toe die drie dissipels dit hoor, het hulle op hulle aangesig geval en was baie bang. Die bedoeling van hierdie stem uit die wolk was vernaamlik om die dissipels die goddelike sending van Christus te laat verstaan en om hulle tot gehoorsaamheid aan Christus te beweeg. Daarom: luister na Hom!

Toe het Jesus nadergekom en hulle aangeraak en gesê: "Staan op en moenie bang wees nie". Toe slaan hulle hul oë op en sien niemand meer nie behalwe Jesus alleen.

Doel van hierdie verskyning

1. Om die dissipels te sterk in hulle geloof, maar ook om Jesus te sterk vir sy aanstaande lyde.

2. Jesus se lyde en dood is 'n vrywillige daad vir sy volk. Hy is hier voor die keuse gestel om dadelik die heerlikheid in te gaan sonder om te sterwe, of om sy uitgang in

Jerusalem te hê. Kies Hy die eerste weg, dan verval daarmee sy versoeningswerk. Daarom het Moses en Elia met Hom oor die versoeningswerk gespreek. Dit sou sy dood in Jerusalem kos. Jesus kies vrywillig die dood en sê die heerlikheid van daardie oomblik vaarwel. Die Vader heg sy goedkeuring hieraan deur 'n stem uit die wolk.

C. Afdaling van die Berg

(Matt. 17:9-13; Mark. 9:9-13; Luk. 9:36, 37)

Toe Jesus met sy drie dissipels van die berg afdaal, gee Jesus aan hulle bevel en sê: "Julle moet vir niemand iets van die gesig sê voordat die Seun van die mens uit die dode opgestaan het nie". Hulle het hulle aan hierdie bevel van Jesus gehou, hoewel hulle nie begryp het wat Hy oor sy opstanding uit die dode gesê het nie. Daar is egter nog 'n vraag wat hulle wil stel, noudat hulle Elia gesien het. Hulle het hulle daaraan herinner, dat die skrifgeleerdes gesê het dat Elia eers moet kom, daarom vra hulle: "Waarom sê die skrifgeleerdes dat Elia eers moet kom?"

Jesus antwoord hulle: "Dis waar, Elia kom eers en sal alles herstel; maar Ek sê vir julle dat Elia al gekom het, en hulle het hom nie erken nie, maar aan hom alles gedaan wat hulle wou. So sal die Seun van die mens ook deur hulle ly." Toe begryp hulle dat Hy Johannes die Doper bedoel. Ook die dood van Johannes was 'n voorteken van Jesus se dood. Uit hierdie woorde blyk dit, dat Jesus ook die Fariseërs aanspreeklik hou vir die dood van Johannes die Doper.

D. Die Maansieke Kind

(Matt. 17:14-21; Mark. 9:14-29; Luk. 9:37-43) Van die berg van verheerliking het Jesus en sy drie dissipels afgedaal in die vallei van smarte. Toe hulle daar kom, vind Jesus sy ander dissipels omring deur 'n groot skare onder wie daar ook die skrifgeleerdes was, wat met hulle geredetwis het. Dadelik toe die hele skare Hom sien, was hulle verbaas en het na Hom gehardloop en Hom gegroet. Onmiddellik het Hy vermoed, dat die skrifgeleerdes die geloof van sy dissipels bestry het. Daarom vra Jesus hulle: "Waarom redetwis julle met hulle?" Van heeltemal 'n ander kant kry Hy antwoord. Iemand uit die skare vertel Hom en sê: "Meester, ek het my seun wat 'n stomme gees het, na U gebring; hy is maansiek en ly swaar, want dikwels val hy in die vuur en dikwels in die water. En kyk, ek het hom na U dissipels gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie." Die vader van hierdie maansieke seun het by homself gedink: Al is Jesus nie hier nie, 'n magtige Leier moet tog ook magtige volgelinge hê, wat die werk kan doen wat Hy doen. En hier was hy seker reg. Dit was vir Jesus 'n pynlike teleurstelling om te ervaar, dat sy eie dissipels deur hulle klein geloof onmagtig was om te help. Daarom wend Hy Hom tot hulle en sê: "O ongelowige en verdraaide geslag, hoelank sal Ek by julle wees, hoelank sal Ek julle verdra?" Die nege dissipels het aan die skrifgeleerdes nou weer stof gegee om Jesus te beskimp. Dit het Hom diep getref. Hy het net van die berg van verheerliking afgedaal. Dáár was alles tot eer en verheerliking van God, en hier word Gods Naam gesmaad. Die geloof van sy dissipels kon niks uitvoer teen die omringende ongeloof nie. So verkeer die kerk in 'n wêreld van ongeloof en daardeur word dikwels die krag van die geloof verlam.

Jesus wil help maar eers moet die ongeloof aan die kaak gestel word, ook by die vader van die kind. Op sy bevel is die maansieke seun na Hom gebring, en toe hy Hom sien, laat die gees hom dadelik stuiptrekkings kry, en hy val op die grond neer vol met skuim in die mond. Jesus neem van al hierdie dinge nie veel notisie nie, maar vra met rustige stem aan die vader: "Hoelank is dit al dat dit hom oorgekom het?" Die vader antwoord: "Van sy kindsdae af, maar as U iets kan doen, help ons en ontferm U oor ons." Nog steeds is daar by hom geen geloof nie maar twyfel. Hy wil dit by Jesus wel probeer, hoewel die genesing vir hom byna ontmoontlik lyk. Daarom wek Jesus die geloof by hom op deur te sê: "Wat dit betref, as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo". Die vraag is nie wat Jesus kan nie, maar wat hy kan. Dit hang nie van Jesus af nie, maar van die vader. So is dit in ons lewe ook nooit die vraag wat Jesus kan nie, maar wat ons

kan. Jesus kan alles as ons maar kan glo. Het Hy nie eenmaal hierdie opvallende woorde vir sy dissipels gesê nie: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen, en hy sal meer doen as dit". Hierdie woord het selfs die nege dissipels vergeet.

Die vader het dadelik gevoel, dat Jesus gelyk het, daarom het hy in trane uitgebars en gesê: "Ek glo, Here, kom my ongeloof tot hulp". Hier het hy hom aan Jesus oorgegee, hier het sy geloof deurgebreek.

Toe die skare dit merk, het hulle bymekaar gestroom. Jesus het dit begryp dat Hy onmiddellik moes handel. Met 'n strenge stem het Hy die onreine gees bestraf en vir hom gesê: "Jou stomme en dowe gees, Ek gebied jou, gaan uit hom uit en kom nooit weer in hom nie". Wat 'n krag is daar tog in die woorde van Jesus! Die onreine gees moes Hom gehoorsaam. Die jong man het vreeslik geskreeu, sterke stuiptrekkings gaan deur sy liggaam sodat hy geskud en gebeef het. Toe hy opeens doodstil bly lê, het die mense gedink, dat hy dood was. Maar Jesus het hom by die hand gegryp en hom opgerig, en hy het opgestaan. Die duiwel is weer oorwin. So sal Jesus eenmaal die duiwel onder sy voete verpletter. Die duiwel was egter oorwin in die weg van die geloof, wat Jesus gewek het. Elke daad in die diens van God, wat nie die gevolg is van 'n lewende geloof nie, is vrugteloos teenoor ons medemens.

'n Oomblik later het Jesus in 'n huis gegaan, waarskynlik die huis van die gelukkige vader en sy kind. Nou is die skrifgeleerdes nie daarby nie. Die nege dissipels is nog nie oor hulle skaamte heen nie. Hulle voel hulle 'n bietjie beledig en wil hulle verdedig. Hulle het geloof dat Jesus sou sê: die skuld lê nie by julle nie maar by die duiwel. Hulle het Hom toe apart gevra: "Waarom kon ons hom nie uitdrywe nie?" Streng en kortaf antwoord Jesus: "Hierdie geslag kan deur niks anders uitgaan as deur gebed en vas nie". Daar is maar een oorsaak vir hulle onmag, sê Jesus: "Deur julle ongeloof, want voorwaar sê Ek vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad, sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan en niks sal vir julle onmoontlik wees nie." Die bedoeling is: 'n mosterdsaad is wel klein maar dit lewe. As hulle geloof werklik lewe, kan hulle alles doen. Die vraag is nou: Waarin toon die lewe van die geloof hom? Jesus se antwoord is: in gebed en vas. Hierdie geslag van bose geeste gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie.

Ons kan die Bose alleen oorwin deur in 'n innige gemeenskap met Christus te lewe. Die eerste voorwaarde vir 'n kragtige geloofslewe is gedurige toewyding aan die Here. Jesus het ons 'n voorbeeld gegee. Toe dit nag was, het Hy na die Olyfberg gegaan, en na 'n nag van gebed het Hy vroeg in die môre in die tempel gekom om te leer. Hy was geestelik versterk in sy werk. Dis die geheim van die krag van sy lewe. Die man wat vir die Here wil werk moet met die Here lewe. Maar by die gebed kom die vas. Daar is so iets as ware asketisme, 'n oefening in die godsaligheid.

Paulus gee aan Timotheüs die raad: "oefen jouself in die godsaligheid". Sonder oefening in die godsaligheid en sonder ware selfbeheersing is daar geen kragtige geloofslewe nie.

Hierdie woorde van Jesus tot sy dissipels is so kragtig. Hoe wys hulle ons op die leegheid van ons diens, op die onbeheerstheid van ons lewe, op die koudheid van ons toewyding aan die Here en op die swakheid van ons geloof! Ons het 'n magtige Heiland, daarom moet ons as sy dissipels sterk wees in die Here en in die sterkte van sy mag.

"Salig is die man wie se sterkte in U is, o Here."

Hoofstuk XIV

DIE REIS DEUR SAMARIA NA JERUSALEM

A. Die Komende Huttefees

(Joh. 7:1-9)

Van die berg van verheerliking in die buurt van Sesarea-Filippi het Jesus en sy dissipels langs dieselfde weg weer teruggekeer na Galilea. Dit was nie sy bedoeling om in Galilea te bly nie. Die verblyf in Kapernaüm was dan ook van korte duur. Ons lees van geen enkele wonder wat Jesus nou daar gedoen het nie. Die tyd van die oes was verby en die najaar het begin kom. Die Huttefees was naby. Dit was by die Jode die gewoonte, dat die feesgangers reeds enkele weke voor die Huttefees na Jerusalem gegaan het. Daar was in Jerusalem dan ook veel te doen. Hulle moet offers bring en hutte moet gebou word. Daar was vele in Galilea wat vir die fees na Jerusalem wou reis, en onder hulle was ook die broers van Jesus.

Die Broers van Jesus, nl. Jakobus, Joses, Judas en Simon, het toe na Hom gekom en gesê: "Vertrek hiervandaan en gaan na Judea, sodat U dissipels ook die werk kan sien wat U doen. Want niemand doen iets in die geheim en soek tegelykertyd om in iedereen se mond te wees nie. As U hierdie dinge doen, vertoon Uself aan die wêreld." Hiermee bedoel hulle dit: As U werklik wil dat die mense U as die Messias sal huldig, dan moet U nie bly rondswerwe deur afgeleë streke nie, maar moet U openlik, omring deur 'n groot menigte, as Koning Jerusalem binnegaan. Dan weet die mense tenminste, wie U is en wat U wil doen. Nou doen U wel tekens maar dit help nie, want op hierdie wyse sal die mense U nooit as Messias huldig nie.

Jesus se broers het ook nog nie sy werk begryp nie. Jesus wil nie as Messias gehuldig word nie, tenminste nie as Messias in uiterlike, Joodse sin nie. Hy wil geen Koning in Jerusalem wees nie. Oor enkele maande sal Hy wel as Koning Jerusalem binnery en Hom as Koning laat huldig, maar dit sou tegelyk die begin van sy lyde wees. Dan sal Hy moet sterwe, maar daarvoor was dit nou nog nie tyd nie. Daarom antwoord Jesus hulle: "My tyd is nog nie daar nie, maar julle tyd is altyd daar. Die wêreld kan julle nie haat nie, maar My haat hy, omdat Ek van hom getuig dat sy werke boos is." Sy broers begryp dit nog nie, wat die werk van die Messias is nie. Om Messias te wees, beteken nie om geëer en gehuldig te word nie, maar dit beteken om gehaat te word deur die wêreld. Vir sy broers is dit geen beswaar om Openlik met die skaar feesgangers na Jerusalem te gaan nie. Vir hulle is die tyd altyd gunstig, maar as Jesus dit doen, dan loop Hy die haat van die wêreld tegemoet en dan wag die kruis Hom. En daarvoor het sy tyd nog nie gekom nie. Sy broers het toe saam met die skaar feesgangers na Jerusalem vertrek, maar Jesus het met sy dissipels agtergebly. Hulle het toe nie langs die gewone pad gegaan nie.

B. Die Samaritane wys Hom af

(Luk. 9:51-56)

Jesus het nou vir die laaste maal Kapernaüm verlaat, en het deur Samaria na Jerusalem gegaan. Lukas verhaal ons: "Hy het sy gesig gerig om na Jerusalem te reis en boodskappers voor Hom uitgestuur". Hierdie boodskappers het vertrek en in 'n dorp van die Samaritane gekom om vir Hom klarigheid te maak. Maar die boodskappers het teruggekom met die tyding, dat die Samaritane nie bereid was om Jesus te ontvang nie. Die rede was, dat Hy in die rigting van Jerusalem reis, en Joodse feesgangers wil hulle nie herberg nie. Jakobus en Johannes het dit as 'n belediging van Jesus gevoel. Hulle wil dat so'n onbeskaamdheid streng gestraf moet word. Daarom sê hulle vir Jesus: "Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elia ook gedoen het?" Hulle vra dit met gekrenkte trots. Wat het Jesus tog 'n moeite gehad om selfs sy eie dissipels duidelik te maak, dat Hy as Messias nie gekom het om te verdelg nie maar om Homself oor te gee vir die verlossing van die wêreld. Daarom bestraf Hy

hulle en sê: "Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie, want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se siele te verderf nie, maar te red". Hierdie "seuns van die donder", Boanerges (Mark. 3:17), het die doel van sy koms in die wêreld nie verstaan nie. Die tyd vir die oordeel het nog nie gekom nie. Later na Jesus se dood sal Johannes nog wel getuie wees van die bekering van die Samaritane (Hand. 8). Hulle het toe na 'n ander Samaritaanse dorp vertrek.

C. Die Navolging van Christus

(Matt. 8:18-22; Luk. 9:57-62) Terwyl hulle op reis was, het Jesus enkele mense ontmoet en het Hy met hulle gespreek hoe Hy gevolg moet word. Mattheüs noem slegs twee van hierdie ontmoetings, Lukas noem drie.

Die eerste ontmoeting was die van 'n man, wat vir Jesus gesê het: "Here, ek sal U volg, waar U ook mag gaan!" Hierdie man het hom dus vrywillig tot diens aangebied, maar Jesus weet dat hierdie man vir hom geen rekenskap gegee het van wat die navolging van Hom inhou nie. Hy moet dit besef dat die diens van Jesus 'n swaar offer insluit. Daarom durf Jesus hom nie in die kring van sy dissipels opneem nie, want hy ag die navolging van Jesus te gemaklik. Toe sê Jesus vir hom: "Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie". Jesus is 'n swerweling wat orals vervolg word. "Wie Hom volg moet bereid wees om daardie selfde lewe van swerwe en lyde met Hom te deel. Jesus kan in sy leër geen mense gebruik, wat meen dat dit alles heel gemaklik is nie. Sulke mense word spoedig geërger en teleurgestel.

Die tweede ontmoeting dra 'n heel ander karakter. Hier is iemand wat deur Jesus geroep is om Hom te volg. Hierdie man het blykbaar al lank die onderwys van Jesus met aandag en instemming gevolg. Nou roep Jesus hom. Hy was gewillig om dit te doen, maar daar is 'n moeilikheid om dit dadelik te doen. Sy vader het gesterf en nou moet Jesus hom eers toelaat om sy vader te gaan begrawe. Die fout van hierdie man was, dat hy Jesus wel wil volg maar nie dadelik nie. Hy wil dit nog enige tyd uitstel. Hy begryp dit nie, dat die roepstem van Jesus bo alles moet gaan nie. Daarom sê Jesus vir hom: "Laat die dooies hul eie dooies begrawe, maar gaan jy en verkondig die Koninkryk van God". Hy moet onmiddellik die bevel van Jesus gehoorsaam. Waar Jesus aan die eerste man die eis van selfverloëning gestel het, daar stel Hy aan hierdie man die eis van volstrekte gehoorsaamheid. Dinge soos dooies begrawe kan natuurlike en geestelik dooie mense doen. Natuurlike dinge mag nooit 'n voorwendsel wees om geestelike belange te verwaarloos nie. Gehoorsaamheid is beter as offerandes. As God roep, moet ons onvoorwaardelik gehoorsaam.

Die derde ontmoeting was met iemand wat vir Jesus gesê het: "Here, ek sal U volg, maar laat my eers toe om afskeid te neem van die wat in my huis is". Die fout van hierdie man is, dat hy na twee kante kyk. Hy sien Jesus en wil Hom volg, maar hy kan nie dadelik met Hom saamgaan nie. Hy sit nog te vas aan sy ou lewe daar in sy huis. Ook sulke mense kan Jesus nie gebruik as dissipels nie. Daarom antwoord Jesus hom: "Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die Koninkryk van God nie". As hy Jesus werklik wil volg, dan moet hy met 'n geruste hart alles agterlaat, en aan niks anders dink nie as alleen aan wat God hom verder sal toon. Die navolging van Christus eis 'n besliste keuse. Die navolging van Christus mag nie beskou word as iets verdiensteliks nie, want dan kyk ons altyd agterom na wat ons verlaat het. En dan is ons onbekwaam vir die arbeid in die Koninkryk van God, net soos iemand wat wil ploë onbekwaam is tot sy werk as hy agterom kyk en nie vooruit kyk om die vore reg te trek nie.

D. Arbeiders in sy Oes

(Luk. 10:1-12, 16)

Galilea was wel deur Jesus en sy dissipels bewerk, maar in die ander provinsies was Jesus slegs nou en dan. Die Oor-Jordaanse land en Judea wil Hy nog bewerk. Maar dit sal moeilik gaan in die kort tydjie. Daarom het Jesus sewentig van sy volgelinge aangewys. Hy het hulle twee-twee voor Hom uitgestuur na elke stad en plek waar Hy sou kom. Aan hierdie sewentig het Jesus dieselfde bevele en dieselfde mag gegee, wat Hy vroeër sy twaalf apostels gegee het, toe Hy hulle in Galilea uitgestuur het. Hulle moes niks vir die reis saamneem nie, want die arbeider is sy loon werd. Hulle moenie van huis tot huis gaan nie. Hulle moes die siekes gesond maak en vir die mense sê: "Die Koninkryk van God het naby julle gekom". Wie hulle verwerp, 'n swaarder oordeel sal oor hulle kom as oor Sodom gekom het. Die oes is groot maar die arbeiders weinig. So het Jesus self in arbeiders voorsien. Hierdie sewentig was blykbaar gewone leerlinge van Jesus. Hulle het geen amp gehad nie. Jesus bewys daarmee, dat die verkondiging van die evangelie wel vernaamlik aan die apostels as ampsdraers toevertrou was, maar dat ook elke gelowige elke oomblik geroep kan word om die boodskap van Christus te preek. Die opdrag van die twaalf apostels was van 'n blywende karakter, soos blyk uit Matt. 10:23. Hierdie sewentig kry 'n veel meer beperkte, tydelike roeping. Hulle moet alleen op hierdie een reis die koms van Jesus orals voorberei. Die apostels het die mag gekry om duiwels uit te dryf, dit word hier by die sending van die sewentig nie uitdruklik gemeld nie. Hulle was later baie verras dat hulle ook die duiwels kon uitdryf.

E. Vervloeking van die Stede van Galilea

(Matt. 11:20-24; Luk. 10:13-15)

Jesus is liefde en Hy is sagmoedig, maar Hy kan Hom verskriklik vertoorn oor hulle wat sy woorde veronagsaam en op sy dade geen ag gee nie. Toe Hy die sewentig manne uitgestuur het, het Hy ook verskriklike vloekwoorde oor drie stede aan die meer van Galilea uitgespreek. Hy het daar in Kapernaüm sulke kragtige dade gedoen en Hom aangemeld as die brood van die lewe, maar hulle het Hom verwerp. In Betsaïda, Suid-Wes van Kapernaüm, en in Górasin het Hy kragtige dade gedoen, maar alles tevergeefs. 'n Mens mag nie speel met die genade van die Here nie. Noudat Jesus van Galilea afskeid geneem het, het diepe droefheid sy siel vervul oor daardie verblinde volk wat hulle nie wou bekeer nie. Hulle het Hom wel gevolg, maar alleen omdat hulle 'n uiterlike koninkryk van Hom verwag het. Sy wesenlike bedoeling het hulle nie begryp nie of hulle wou dit nie begryp nie. "Wee, jou, Górasin, en wee jou, Betsaïda! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle lankal in sak en as gesit en hulle bekeer het." Tirus en Sidon is heidense stede, waar Jesus nie soveel gearbei het as in Betsaïda en Górasin nie. Vir hierdie twee stede sal dit in die oordeel verdraagliker wees as vir Betsaïda en Górasin. "En wee jou, Kapernaüm, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word". Kapernaüm het hemelse tekens aanskou en nou sal dit deur sy ongeloof tot die doderyk toe neergestoot word. Op Kapernaüm val dus die oordeel wat Jes. 14:13-15 oor die goddelose Babel uitgespreek het. Dit sal verwoes word tot op die fondamente. Die reisiger wat vandag Galilea besoek kan Betsaïda en Górasin nie meer terugvind nie. Hulle het van die aarde verdwyn. En daar waar eenmaal Kapernaüm gelê het, vind hy niks as ruïnes nie. So het die profesie van Jesus op ontsettende wyse waarheid geword.

F. Terugkeer van die Sewentig

(Luk. 10:17-20)

Die sewentig dissipels het hulle opdrag vervul en het na Jesus teruggekeer. Lukas vertel ons nie op watter plek hulle Jesus weer ontmoet het nie. Waarskynlik was dit digby Jerusalem, want Jesus is op weg na Jerusalem vir die Huttefees. Wat 'n blydskap was

daar in hulle hart! Met opgewondenheid roep hulle uit: "Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam!" Toe Jesus dit hoor, het Hy Hom verbly dat die mag van satan gebreek was. Toe sê Hy vir hulle: "Ek het die satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val". Satan se mag is nog wel groot in die wêreld, maar hy val orals waar Jesus se Naam gepreek en in Hom geglo word.

Daarom gee Jesus aan sy volgelinge mag om op slange en skerpioene te trap en oor al die krag van die vyand. "Niks sal julle ooit skade doen nie." En dan vervolg Jesus: "Maar julle moenie daarvoor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is". Dis nie goed dat ons met krag soek na bonatuurlike werkinge nie, na openbarings van bo-aardse kragte nie. Vir 'n Christen is dit nie die hoofsaak nie. Hoofsaak vir hom is dat hy in lewe en in sterwe die eiendom van Jesus is. Oor die gemeenskap met God in alles moet ons ons die meeste verbly, soos Jesus Hom verbly het in die gemeenskap van sy Vader.

G. Die Wyse en die Kindertjies

(Matt. 11:25-30; Luk. 10:21, 22)

Hierna het daar oor Jesus 'n hemelse vreugde gekom. Letterlik staan daar: Hy het gejubel in die H. Gees. Hy sien meteens die groot werk van die Vader so helder en so groot, en ook die heerlike opdrag wat die Vader Hom gegee het. "Ek loof U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense (nl. die Fariseërs en skrifgeleerdes) en dit aan kindertjies geopenbaar het (nl. die eenvoudig, kinderlike gelowiges). Ja, Vader, want so was dit u welbehae." Niemand kan die Vader ken as alleen hulle, wat die Seun aanneem, en wat in die Seun die weerspieëling sien van die ewige, goddelike heerlikheid.

Toe het Jesus Hom weer gerig tot die gelowiges, wat daar gestaan het en gesê: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal vir julle rus gee". Watter heerlike woorde verneem ons hier! Hoe anders as die woorde oor die drie onboetvaardige stede! Hoe belas was die mense met al die duisende wetsbepalings, wat die Fariseërs uitgedink het en waarmee hulle die lewe geknel het!

Teenoor hierdie sware laste staan die juk van Jesus. "Neem my juk op julle." Die hele lewe van die Jode was 'n lewe onder 'n juk, by elke stap het die verordeninge van die wet hulle vervolg. En nou sê Jesus: "Neem my juk op julle", dus nie die juk van die oorlewerings van die Fariseërs nie. Hulle moet van Jesus leer, dat Hy sagmoedig en nederig van hart is. In Hom sal hulle rus vind vir hulle siele. "Want my juk is sag en my las is lig."

H. Die Profete en die Dissipels

(Matt. 13:16, 17; Luk. 10:23, 24)

Jesus was nog altyd diep ontroer oor wat die Vader Hom getoon het. Hy draai Hom om na sy dissipels en sê vir hulle apart: "Salig is die oë wat sien wat julle sien, want Ek sê vir julle: baie profete en konings het gewens om te sien wat julle sien en het dit nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor en het dit nie gehoor nie".

Die vromes in die O.T. het gelewe in 'n voortdurende hoop en verwagting, maar die dissipels in die N.T. sien alle dinge duidelik en helder soos die blinde van Betsaïda toe Jesus hom vir die tweede maal aangeraak het (Mark. 8:22-26).

Ons merk hier hoe die Vader vir Jesus op sy lydensweg nou en dan enkele druppels van hemelse vreugde gegee het. Vir ons het dit alles hierdie betekenis, dat ons mag weet, dat dieselfde Jesus nou vanuit die hemel met dieselfde vreugde op ons neersien, as ons die werk in sy diens met trou en met liefde volbring.

Hoofstuk XV

DIE LEWENDE WATER

A. Die Huttefees

Hierdie hoofstuk word beheers deur die grondgedagte, dat Jesus die lewende water is. Dit blyk uit die wyse waarop die Huttefees gevier is en uit die woorde van Jesus op die fees. Die lewende water is nie stoflik nie, maar geestelik, dis die H. Gees self. Hierdie lewende water kan die Here aan almal gee en Hy wil dit ook gee, wanneer ons sy Woord gelowig aangeneem het.

Die Huttefees word ook genoem die "fees van die insameling" (Ex. 23:16; 34:22). Die bedoeling en betekenis van hierdie fees word ons beskrywe in Lev. 23:34-36; 39-43. Die Huttefees moes elke jaar in die sewende maand sewe dae lank gevier word. Op die eerste dag moes hulle palmtakke neem en hutte maak en daarin sewe dae woon, "sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het" (Lev. 23:43). Later het daar allerlei nuwe gebruike bygekom.

Die hoofdoel van die Huttefees was om Israel te herinner aan hulle omwandeling deur die woestyn. Gedurende daardie tyd het hulle in tente of hutte gewoon. Dit was dus 'n gedagtenis aan die beskerming en hulp, wat God in daardie dae aan sy volk verleen het. Paasfees was die fees van die uittog, Huttefees was die fees van die deurtog. Dan was die Huttefees ook 'n dankfees. Dit is gevier in Oktober as die oes reeds verby was. Op die Huttefees het hulle vrolik gedrink. Daarom was dit later die fees, waarop die mees sondige dinge gebeur het. Dan was die Huttefees ook 'n gebed om reën. Die lang, droë somer was verby en die land het behoefte aan reën gehad. Daarom is daar op die Huttefees ook allerlei gebruike in ag geneem, wat in verband met water gestaan het.

B. Jesus op die Huttefees

(Joh. 7:10-36)

Daar was 'n ongunstige stemming onder die volk. Die tien-duisendes wat na Jerusalem saamgestroom het, verkeer in die grootste opwinding. As ons die berigte van Josephus mag glo, dan het daar op die eerste dae van die fees verskriklike dinge in Jerusalem plaasgevind. Daar is 'n poging gedoen deur die vryheidshelde, gesteun deur 'n groot deel van die volk, veral die Galileërs, om 'n opstand teen die gesag van Pilatus te verwek. Die weersin teen die Romeinse gesag was toe groot, veral daarom dat Herodes Johannes die Doper laat ombring het. En Pilatus self het oorsaak tot opwinding gegee, deur gelde te neem uit die tempelskat om daarmee verskillende belange te behartig. Pilatus het planne gehad om die ou waterleiding van Siloam te herstel. Omdat hy uit ander fondse daarvoor geen genoegsame middels kon verkry nie, het hy besluit om gelde vir daardie doel uit die tempelskat te neem. Toe die gerug daarvan tot die volk deurdring, het die begeerte na vryheid weer hoog opgevlam. Kyk Luk. 13:1-5.

Hierdie opstand tydens die Huttefees is baie sorgvuldig voorberei. Die opstandelinge het hulle in drie groepe verdeel. Een groep het hulle na die burg Antonio begewe om daar te kla en om so die Romeinse besetting daar vas te hou. 'n Ander deel het op die tempelplein die vlag van vryheid gehys. 'n Derde groep het hulle na die bron Siloam begewe om daar 'n oproer te begin. Op een of ander wyse het hierdie listige planne aan Pilatus bekend geword, sodat hy kragtig opgetree het en die opstand onderdruk het.

So het die hele listige poging op 'n jammerlike mislukking uitgeloop. Hierdie hele gebeurtenis moes plaasgevind het op een van die eerste dae van die fees. Dis geen wonder nie dat daar toe 'n stemming van groot onrus en moedeloosheid geheers het. Alle hoop op vryheid was nou weg. Sal daar vir Israel ooit 'n kans kom om die gehate Romeinse juk af te skud? Daar was net Een wat dit kon doen en dit was Jesus, maar Hy het Hom op die agtergrond gehou en wou nie.

Johannes vertel ons dat daar baie gemompel is onder die volk oor Jesus en dat hulle Hom orals gesoek het. Sommige het gesê, dat Hy goed is. Ander weer het gesê: "Nee, maar Hy mislei die skare". Hy doen allerlei wonders en wek allerlei verwagtings, maar as dit daarop aankom om te doen wat Israel so vurig hoop, dan trek Hy Hom terug en aarsel Hy. Tog het niemand openlik oor Hom gepraat nie uit vrees vir die Jode. Die vraag is toe algemeen gestel of Jesus na die fees sou kom. Hulle het veronderstel dat dit 'n vaste gewoonte was in Israel om ten minste een van die groot feeste in 'n jaar in Jerusalem by te woon. Jesus was daardie jaar nie op die Paasfees nie, dus verwag hulle Hom op die Huttefees. Toe dit al middel in die fees was, het Jesus daar aangekom, en opgegaan na die tempel om te leer. Die eerste verskriklike dae van die fees het Hy dus nie meegemaak nie. Die Vader het Hom daarvoor bewaar. Hy het gekom toe alle opstand al onderdruk was, en toe alleen nog onrus en onsekerheid Jerusalem vervul het. Toe was dit die oomblik om binne die poorte van Jerusalem te verskyn. Hy het daarvoor gesorg, dat sy koms binne die stad so weinig moontlik aandag trek.

Toe Jesus hier in die tempel optree, het 'n groot menigte dadelik rondom Hom vergader. Hulle het hulle oor sy leer verwonder en kon dit nie begryp, hoe die seun van Nasaret oor sulke kennis beskik nie. Jesus het hulle toe daarop gewys, dat sy woorde nie van Hom was nie maar van God wat Hom gestuur het. Daarom soek Hy ook nie sy eie eer nie, maar die eer van God. Maar Jesus weet dat daar onder hulle nog altyd moorddadige planne is. Hy het dit nog nie vergeet hoe Hy 'n jaar en 'n half gelede op die Paasfees 'n lam man in Betesda op die sabbat genees het nie, en hoe dit aanleiding was dat hulle Hom wou dood maak. "Waarom wil julle My doodmaak?" so vra Hy. Die skare antwoord: "U is van die duiwel besete, wie wil U doodmaak?" Jesus wys hulle daarop, dat ook die besnydenis op die sabbat geskied. Waarom mag Hy dan nie op die sabbat 'n mens genees nie?

Die indrukke wat van hierdie woorde van Jesus uitgegaan het, was baie verskillend. Sommige meen dat Hy gelyk het. As die owerstes Hom wil doodmaak, waarom doen hulle dit dan nie? Sou die owerstes miskien ook begryp, dat Jesus die Messias is? Andere sê dat Hy in elk geval nie die Messias is nie, want hulle weet vanwaar Hy kom, en van die Messias sal niemand weet vanwaar Hy kom nie. Hulle lei dit uit allerlei tekste uit die O.T. af, wat daarop wys dat die Messias plotseling en onverwags sal verskyn (bv. Mal. 3:1). Toe het Jesus met die volgende kragtige belydenis teen hulle opgetree: "Julle ken My en julle weet ook waar Ek vandaan is; tog het Ek nie uit Myself gekom nie, maar Hy wat My gestuur het, is waaragtig, vir wie julle nie ken nie. Maar Ek ken Hom, omdat Ek van Hom kom en Hy My gestuur het." Deur hierdie woorde laat Jesus duidelik merk, dat die mense wel dink dat hulle weet vanwaar Hy kom, maar in werklikheid weet hulle dit nie. Hulle dink dat Hy die seun van Josef was, die timmerman uit Nasaret, maar hulle vermoed nie die raaisel van sy geboorte uit die H. Gees nie. Deur al hierdie dinge het die Fariseërs tot die uiterste toe geprikkel geword. Hulle sien hoe die mense met aandag na Jesus luister en hoe hulle al meer in Hom glo. Toe probeer hulle om Hom gevange te neem, maar niemand het die hand aan Hom geslaan omdat sy uur nog nie gekom het nie.

Toe sê Jesus vir hulle: "Nog 'n klein tydjie is Ek by julle, en Ek gaan na Hom wat My gestuur het. Julle sal My soek en nie kry nie, en waar Ek is, kan julle nie kom nie".

Ook hierdie woorde het die owerpriesters en skrifgeleerdes nie verstaan nie. Spottend vra hulle of Jesus miskien van plan is om na die Jode te gaan, wat in die Griekse lande woon. Of sou Hy miskien die Grieke wil onderwys? Hulle begryp dit nie, hoe hulle woorde nog 'n diepere betekenis het as hulle wel dink. Die apostels van Jesus sal later metterdaad na die Grieke gaan en dan sal die Grieke hulle voorgaan in die Koninkryk van die hemele. Maar daarvan begryp hulle nog niks nie. In hulle hoogmoed spot hulle, maar hulle besef nie dat Jesus oor vreeslike dinge spreek nie. Voordat Hy na die Grieke sal gaan, sal Jerusalem eers verwoes word. Dan sal hulle tevergeefs kla, maar dan sal hulle ook besef: "Waar Ek is, kan julle nie kom nie".

C. Die Lewende Water

(Joh. 7:37-39)

Die laaste dag van die fees het eindelik aangebreek. Vroeg in die môre het 'n groot menigte hulle in die tempel versamel. Dis die laaste dag, die hoogtepunt van die fees. Die ouer mense het in die tempel gebly en daar die môre-offer bygewoon. Andere het onder leiding van priesters buite die stad gegaan om wilgetakke te soek om die altaar daarmee te versier. Andere het onder leiding van die priesters afgedaal na die suidelike stadsgedeelte, waar die vywer van Siloam is.

Koning Hiskia het 'n kunstige waterleiding laat bou, waarlangs die water van die Gihonbron tot binne-in die stad gevoer is (2 Kon. 20:20; 2 Kron. 32:30). In die eerste tyd het die inwoners van Jerusalem hierdie waters van Siloam verag (Jes. 8:6). In die tyd van Nehemia is dit "die vywer van die koning" genoem (Neh. 2:14). Na hierdie vywer van Siloam het vele feesgangers gegaan, begelei deur priesters met trompette. Toe hulle by die vywer aangekom het, het 'n priester 'n goue kruik met water gevul. Daarmee het hulle teruggegaan na die tempel. Die priester met die goue kruik is verwelkom deur drie trompetstote. Hy gaan dan reguit na die altaar en daar gooi hy die water uit die goue kruik uit. Onmiddellik daarna is die woorde van Jes. 12:3 voorgelees: "Julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil". Terwyl die Leviete die psalms sing, het die menigte ingeval met die lofprysing "Halleluja". Ook die woorde van Ps. 118:25 is deur die hele volk saamgesing: "Ag, Here, gee tog heil; ag, Here, gee tog voorspoed". By al hierdie handelinge was daar 'n luide gejubel van die volk.

Hierdie seremonie met die water is elke dag gedurende die Huttefees gehou, maar op die laaste dag het dit met nog meer plegtigheid geskied. Hierdie seremonie was 'n sinnebeeld van die water uit die rotssteen in die woestyn, maar dit was ook 'n sinnebeeldige gebed om reën. Om daardie verlange uit te beeld is die water uitgegiet.

Op hierdie laaste dag van die fees, toe die water uitgegiet is en die Leviete sing en die volk bid, het Jesus op die tempelplein gestaan. Toe alles rustig geword het, het al die duisendes meteens die stem van Jesus gehoor: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê, strome van lewende water sal uit sy binneste vloei." Jesus herinner hier duidelik aan die woorde van Jes. 12:3. Hulle wat in Hom glo, sal werklik water skep met vreugde uit die fonteine van heil. En nie alleen dit nie, maar die water sal in hulle word tot 'n bron van water, sodat hulle ook aan andere daarvan kan gee.

Julle bid om heil en voorspoed, sê Jesus, Ek kan julle die ware heil gee, die ware seën. Ek is die waaragtige rotssteen waaruit die water van die lewe vloei. "Wie waarlik dors het, dors na God, dors na genade, laat hom na My toe kom en drink. Al julle gejubel en gejuig is wel mooi, maar dit het geen waarde nie, as daar nie diep in julle hart lewe die egte verlange na die water van die lewe, na die ewige gemeenskap met die Vader nie. As julle werklik verlang, dan kan Ek julle daardie water gee waarna julle dors. En dit sal uit julle binneste vloei, d.i. julle sal self aan ander mense daarvan kan meedeel.

Die Jode het hierdie woorde van Jesus nie begryp nie. Die dissipels van Jesus het dit later begryp, dat Hy van die H. Gees gespreek het. Die H. Gees is die waaragtige lewende water, wat Christus wil gee. Ons lees in Joh. 7:39: "Die H. Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie". Dit wil sê: die H. Gees was nog nie op die dissipels uitgestort nie.

D. TWEEDRAG EN VERVOLGING

(Joh. 7:40-53)

Weer het daar tweedrag ontstaan. Sommige sê dat Jesus die profeet was, wat hulle verwag het. Andere sê, dat Hy die Christus was. Andere het dit weerspreek deur te sê die Christus nie uit Galilea nie maar uit Betlehem sou kom. Daar het weer groot opwinding gekom, sodat sommige Hom wou gryp. Niemand het Hom egter aangeraak

nie, maar hulle het Hom verwerp.

Die lede van die Sanhedrin het dienaars na Jesus gestuur om sodra hulle die kans sien Hom te gryp. Maar hierdie dienaars het onverrigtersake teruggekom. Hulle het self diep onder die indruk gekom van die rus en die majesteit, wat daar van Jesus uitgestraal het. Hieroor was die Fariseërs woedend en hulle antwoord: "Julle is tog ook nie mislei nie. Het iemand uit die owerstes in Hom geglo, of uit die Fariseërs?" En dan volg die ergste: "Hierdie skare wat die wet nie ken nie, is vervloek". Wat 'n ontsettende hoogmoed het hierdie owerstes van Israel verblind! Hulle kon die grootheid van Jesus nie sien nie, omdat hulle alleen hulself groot vind en met minagting neersien op elkeen wat nie na hulle wil luister nie. Hulle was selfgenoegsaam. Vanuit die hoogte van selfgenoegsaamheid het hulle op die skare neergesien, wat die wet nie verstaan nie.

Maar ook in die Sanhedrin was daar geen eenstemmigheid meer nie. Nikodemus, wat eenmaal in die nag na Jesus gekom het, het skugter die opmerking gewaag: "Oordeel ons wet die mens sonder om hom eers te hoor en te weet wat hy doen?" Hy wil sê, dat hulle tog nie sommer 'n oordeel oor Jesus kan uitspreek nie, dan moet hulle Hom tog eers verhoor en sy saak ondersoek. Nikodemus het nog tot hulle behoort, maar in sy hart het daar al lig begin opgaan. Hy het gesien dat dit onregverdig is, wat hierdie Jode oor Jesus bespreek. Hulle veroordeel Hom sonder Hom verhoor te hê. Hulle het Hom toegesnou: "Jy is tog ook nie uit Galilea nie? Ondersoek en sien dat daar geen profeet uit Galilea opgestaan het nie." Ook hierdie opmerking was weer onwaar. Daar het wel terdeë profete uit Galilea opgestaan. Elisa het afgestam uit die grensgebied van Galilea en Jona was 'n Galileër. Dis ook waarskynlik dat Hosea en Nahum afgestam het uit Galilea.

So het die fees in beroering en tweedrag geëindig.

E. Geestelike Betekenis van die Huttefees

As ons dit geestelik besien, dan is die Paasfees die fees van die verlossing uit die mag van die duiwel. Paasfees sien dus op die wedergeboorte, die bevryding. Die Huttefees is die fees van ons wandel met Christus. Noudat ons deur Hom verlos is, is ons nog nie opeens in die hemel nie. Ons moet die pelgrimsreis deur die woestyn maak. Maar in hierdie reis is Hy altyd by ons. Hy is die rotssteen wat volg, waaruit lewende water vloei, (i Kor. 10:4). Hy is die ligtende wolk wat voor ons uitgaan. As ons Hom volg, kom ons in die ware Kanaän. Eers die uittog (wedergeboorte), dan die deurtog (daaglikse wandel met Christus), en eenmaal die intog. Die Jode het egter geen fees van die intog gehad nie, want die intog in geestelike sin behoort nie meer tot hierdie wêreldorde nie. Daaroor kan ons geen fees vier nie.

Hoofstuk XVI

DIE LIG VAN DIE WÊRELD

A. Die Oorspelige Vrou

(Joh. 8:1-11)

Die grondgedagte in hierdie hoofstuk is, dat Jesus die lig van die wêreld is. Ons kry eers die donker agtergrond van die sonde in die geval van die oorspelige vrou. Dan meld Jesus Hom aan as die lig van die wêreld. Dit sien ons bewaarheid in die genesing van die man wat blind gebore was.

Die laaste dag van die Huttefees was verby. Die laaste aand is daar nog fees gevier op luidrugtige wyse. Die deel van die tempel, die voorhof van die vroue, was feestelik verlig. Hierdie laaste nag van die fees was Jesus nie in Jerusalem nie. Hy het hierdie nag op die Olyfberg deurgebring. Van ver kon Hy die verligting van die tempel sien, en die klanke van die gejuig hoor. Hoe rustig was dit hier op die berg om in gemeenskap met sy Vader te verkeer!

Vroeg in die môre was Hy weer in die tempel. Daar het die mense na Hom toe gekom, en Hy het gaan sit en hulle geleer. Toe het die skrifgeleerdes en die Fariseërs 'n vrou wat in egbreuk gevang was na Hom gebring. Toe hulle Jesus daar sien sit, het hulle dit 'n skone geleentheid gevind om Hom te versoek. Hulle weet dat Jesus bekend staan as 'n vriend van tollenaars en sondaars, en nou wil hulle sien of Hy in stryd met die wet van Moses sal handel. Die wet van Moses tog het gebied dit sulke vroue gestenig sal word. En nou wil hulle weet wat Jesus sê. Toe Jesus dit hoor, was Hy verbaas oor soveel goddeloosheid. Of die vrou gestenig moet word of nie, laat hulle koud. Hulle ken geen medelyde en geen genade nie, daarom speel hulle in hul grenselose onbarmhartigheid met hierdie vrou as 'n interessante geval. Hier ontbreek elke menslike meegevoel. Daarom het Jesus geswyg, gebuk en met die vinger op die grond geskrywe. Hier word nie vertel wat Jesus geskryf het nie. "Wat Hy geskryf het, was blykbaar nie bestemd om deur die mense gelees te word nie. Toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: "Laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi". Hiermee sinspeel Jesus op die ou reël onder Israel dat die man, wat as getuie teen 'n misdadiger opgetree het, die eerste klip op die misdadiger moet gooi (Deut. 17:7). Wel, so sê Jesus, julle is getuie teen hierdie vrou. Voel julle jul rein van sonde en durf julle met hooghartigheid teen hierdie vrou optree en haar doodmaak? Toe hulle dit hoor, het hulle stil geword, want hierdie woorde van Jesus het hulle diep getref.

Jesus het weer gebuk en op die grond geskrywe. Hy wil hulle die tyd gun om tot hulself te kom. Vir 'n oomblik het daar deur hulle harte iets van 'n skuldbesef gegaan. Die mens het in hulle wakker geword, want hulle voel nou iets van wat daar in hulle eie lewe is. Een vir een het hulle uitgegaan, en Jesus alleen het agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het. Eindelik het Jesus die hoof opgerig, en toe Hy die vrou alleen sien staan, sê Hy vir haar: "Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie?" Sy antwoord: "Niemand nie, Here". Toe sê Jesus vir haar: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie."

Die vraag is nou: Was Jesus hier nie te mild teenoor die sonde van hierdie vrou nie? Hier moet ons op drie punte let:

a. Dit gaan in hierdie geskiedenis nie oor 'n regbank nie, maar oor aanklaers. Die Fariseërs was geen regters nie, hulle wou hierdie vrou aankla.

b. Die Fariseërs was slegte aanklaers. Hulle was sonder medelyde. Dit kon hulle weinig skeel, wat daar met hierdie vrou gebeur. Hulle wil die geval van hierdie vrou gebruik as 'n lis om Jesus te vang. Terwyl hulle die vrou beskuldig, doen hulle self 'n baie groter sonde.

c. Jesus wil die vrou nie verdedig nie, maar Hy wil die Fariseërs ontdek aan hulle sonde.

Hulle hoogmoed, hulle gebrek aan medelyde, hulle listige haat teen Jesus, is baie groter sondes as die sonde van die vrou. Dit wil Hy hulle laat sien. Hy wil hulle hoogmoed breek. Wat die vrou betref, wys Hy haar op die noodsaaklikheid van bekering. Teen watter donker agtergrond skyn Jesus hier as die lig van die wêreld!

B. Die Lig van die Wêreld

(Joh. 8:12-59)

Jesus is nog in Jerusalem, en Hy is weer in 'n gesprek met die Fariseërs gewikkel. Jesus sê vir hulle: "Ek is die lig van die wêreld! Wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê." Hy is die ligtende wolk, nie alleen van Israel nie maar van die wêreld. Almal wat Hom volg, lei Hy veilig deur die donker woestyn van hierdie wêreld na die ewige lig van God. Maar dan moet hulle Hom ook volg, dan moet hulle doen wat Hy sê en dan moet hulle op sy weë wandel. As hulle dit doen, sal hulle nie in die duisternis wandel nie. Na aanleiding van hierdie woorde, het daar enkele gesprekke gevolg, waarin die Jode Hom op die bitterste wyse aangeval het. Hierdie gesprekke kan ons in vier dele verdeel:

a. Die eerste gesprek (vs. 13-20) is die wat Jesus met die Jode by die skatkis gehad het. Die Fariseërs kla Hom aan, dat Hy van Homself getuig en dat sy getuienis nie waar is nie. Jesus antwoord hulle, dat die Vader sy getuie was. Die Jode ken nie sy Vader nie en hulle luister nie na Hom nie, daarom kan hulle sy Seun ook nie aanneem nie.

b. Die tweede gesprek (vs. 21-29). Hier spreek Jesus oor sy naderende einde. Hy gaan heen en hulle kan Hom nie volg nie. Hy gaan heen na die plek vanwaar Hy gekom het. "Waar Hy gaan, kan hulle nie kom nie. Hulle is van benede, Hy is van bo. Hulle wil na Hom nie luister nie, daarom sal hulle in hul sondes sterwe. Die Jode sal Hom aan die kruis hang (verhoog vs. 20), maar daardie kruis sal vir Hom die begin van sy verhoging wees. Terwyl Hy hierdie dinge spreek, het baie in Hom geglo.

c. Die derde gesprek (vs. 30-47). In hierdie gesprek het Jesus met die Jode, wat in Hom geglo het, begin spreek oor die ware vryheid. Die ligwolk gaan voor ons uit na die land van die vryheid. "Elkeen wat die sonde doen, is 'n slaaf van die sonde." Om vry te wees, beteken om vry te wees van die sondige hartstogte, vry van die slawerny van die kwaad. In hulle hoogmoed is die Jode boos op Jesus, dat Hy hulle slawe noem. Hulle is tog kinders van Abraham. Hierop antwoord Jesus: "As julle die kinders van Abraham was, sou julle die werke van Abraham doen". Hulle doen die werke van hulle vader.

   "Julle het die duiwel as vader en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin, en staan nie in die waarheid nie omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan." Omdat Jesus die waarheid spreek, glo hulle Hom nie. Hulle is nie uit God nie, daarom luister hulle nie.

d. Die vierde gesprek (vs. 48-59). Die Jode wat so pas begin het om te glo, slaan nou meteens om en word bitter vyandig. Hulle noem Jesus 'n Samaritaan en sê dat Hy van die duiwel besete is. Met eindelose geduld het Jesus nog probeer om hulle tot die geloof te lei. Hy sê, dat hulle die ewige lewe sal ontvang, as hulle die waarheid wil aanneem en bewaar. "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as iemand my woord bewaar, sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie". Na hierdie woorde het die woede van die Jode so groot geword, dat hulle Jesus as 'n onwaardige uitgeskel het. Hulle vra Hom of Hy dan groter as hulle vader Abraham is. Vir wie gee Hy Homself dan uit? Abraham het immers gesterwe en sou Jesus nie sterwe nie? Sou Hy 'n mens die ewige lewe kan gee? Jesus bevestig dit. Abraham het met groot verlange na die Messias uitgesien, en toe hy Isak in sy arms geneem het, "het hy hom verheug dat hy my dag sou sien en hy het dit gesien en het hom verbly". Toe sê die Jode: "U is nog geen vyftig jaar oud nie, en het U Abraham gesien?" Hierop antwoord Jesus

hulle: "Voordat Abraham was, is Ek". Hy is as die Seun van God van ewigheid tot ewigheid. Die ontsaglike misterie van sy wese lê Hy hier in enkele woorde bloot.

Hierdie gesprek het die woede van die Jode opgewek, sodat hulle klippe opgetel het om hulle te stenig. Maar Jesus het stilletjies uit die tempel gegaan, terwyl Hy tussen hulle deurloop, en so het Hy vertrek. So het die Vader Hom ook in Nasaret beskerm (Luk. 4:30). Sy uur het nog nie gekom nie.

C. Genesing van die Blindgeborene

1. Die Genesing (Joh. 9:1-7).

In die tyd van die Huttefees het Jesus nog 'n wonder verrig, wat die toorn van die Jode opgewek het. In hierdie wonder word dit so duidelik bewaarheid, dat Jesus die lig van die wêreld is. Waar Hy optree daar word lig gesien deur hulle wat nie sien nie, en daar word hulle wat sien blind. Jesus het hierdie wonder op 'n sabbatdag gedoen.

By een van die tempelpoorte het daar 'n blinde bedelaar gesit. Op die sabbatdag was dit hom nie geoorloof om te bedel nie, daarom het hy daar stil gesit. Hy was blind gebore. Op die sabbatdag het Jesus daar verbygegaan met sy dissipels. Sy dissipels vra Hom: "Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?" Die Jode het gemeen, dat ernstige kwale die gevolg was van besondere ernstige sondes. Maar hoe kom dit dan, dat hierdie man blind gebore is? Hy was blind voordat hy kon sondig.

Die teosofie met hulle leer van die reïnkarnasie sê, dat 'n mens in 'n vorige bestaan gesondig het en daarom in hierdie lewe gestraf word. Hierdie leer vind nêrens enige grond in die Skrif nie. Ons kan uit die vraag van die dissipels slegs dit aflei, dat hulle gedink het dat 'n mens voor sy geboorte al kan sonde doen.

Jesus se antwoord was: "Hy het nie gesondig nie en sy ouers ook nie, maar die werke van God moet in hom openbaar word". Jesus gaan dus in teen die verkeerde mening van sy dissipels. Die blindheid is nie die gevolg van 'n bepaalde, ernstige sonde nie. Dit het 'n heel ander doel. God het hierdie man so laat gebore word, omdat Hy sy werke in hom en aan hom wil toon. God het dus 'n besondere bedoeling daarmee. Daarom sê Jesus verder: "Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het solank as dit dag is, die nag kom wanneer niemand kan werk nie. Solank as Ek in die wêreld is, is Ek die lig van die wêreld."

Jesus gebruik hier dieselfde woorde as in Joh. 8:12, waar Hy Hom ook aanmeld as die lig van die wêreld. Maar in hf. 8 bedoel Jesus: Ek is die lig wat in die wêreld skyn en wat die wêreld verlig. Hier bedoel Jesus: Dit is Ek wat die oë van die mense oopmaak, sodat hulle die lig kan sien. Al is dit buite lig en my oë is dig, dan is dit vir my nog donker.

Die blindgeborene het hierdie woorde wel gehoor, maar hy kon dit nie begryp nie. Hy het maar rustig afgewag wat sou gebeur. Jesus spuug toe op die grond en maak klei van die spuug en smeer die klei aan die oë van die blinde man. Toe sê Hy vir hom: "Gaan was jou in die bad van Siloam". Die blinde man kan dit nie begryp, waarom hy na Siloam moet gaan nie. Dit was taamlik ver van die tempel af. En tog het hy gegaan. Dit was die daad van die geloof, wat Jesus van hom gevra het. Toe hy hom in Siloam gewas het, het hy op daardie oomblik siende geword.

2. Geestelike Skemering (Joh. 9:8-34).

Die genesing van die blindgeborene het groot opspraak verwek. Hulle wat hom geken het, kon nie glo dat dit hy is nie. En die man self het geantwoord: "Die man wat Jesus genoem word het klei gemaak en op my oë gesmeer en vir my gesê: "Gaan na die bad van Siloam en was jou. Ek het gegaan en my gewas en ek kon sien." Dit het spoedig bekend geword, dat ook hierdie genesing op 'n sabbat geskied het. Daaroor moes die Fariseërs nou weer oordeel. Daarom het hulle die genese man na die Fariseërs gebring. Daar voor die Fariseërs het hy sy verhaal vertel. Hulle was verleë met die saak. Jesus kon nie God wees nie, want Hy hou nie die sabbat nie. God skend tog nie sy eie gebod

nie. Andere het weer gesê, dat 'n gewone mens nie sulke wonders kan doen nie. Eindelik het hulle aan die man self gevra wat hy daarvan dink. Hy antwoord: "Hy is 'n profeet". Die Fariseërs is boos oor hierdie antwoord, en nou stel hulle dit so voor asof Jesus 'n bedrieër is. Hulle wil nie meer glo, dat die man werklik genees was nie. Miskien was alles maar bedrog. Daarom laat hulle die ouers van die man roep. Hulle het dit toe bevestig, dat dit hulle seun is en dat hy blind gebore is. Hulle het egter niks van Jesus gesê nie, want die Fariseërs het al klaar besluit om elkeen wat Jesus as Messias bely, uit die sinagoge te werp. Vir die genese man het dit al duideliker geword, dat Jesus geen gewone mens kon wees nie. Dit het hoe langer hoe ligter in sy hart geword. Die vriendelike Rabbi was tog so anders as die nydige Fariseërs. Daarom staan dit by hom vas, dat Jesus geen sondaar kan wees nie.

Die Fariseërs roep die man toe vir die tweede maal en sê vir hom: "Gee aan God die eer — ons weet dat hierdie man 'n sondaar is". Hy antwoord: "Of Hy 'n sondaar is, weet ek nie. Een ding weet ek: dat ek blind was en nou sien." Toe die Fariseërs al nydiger word, sê hy vir hulle: "Ons weet dat God die sondaars nie verhoor nie, maar as iemand godvresend is en sy wil doen, die verhoor Hy". So kom hierdie man al weer 'n stap verder op die weg na die lig: Jesus is nie alleen 'n profeet nie, Hy is ook sonder sonde. So begin die geestelike skemering. Maar in die skemering begin die lig deur te breek. Hy sê toe vir die Fariseërs: "Van ouds af is dit nie gehoor nie dat iemand die oë van 'n blindgebore mens geopen het nie. As Hy nie van God was nie, sou Hy niks kan doen nie." Dis die derde stap. Nou weet hy dat Jesus van God gekom het.

So het die vyandige aanvalle van die Fariseërs hierdie man stap vir stap verder gebring op die weg na die lig. Eers het hy Jesus genoem die man wat Jesus genoem word. Daarna het hy Hom 'n profeet genoem, toe iemand sonder sonde en eindelik iemand wat van God gekom het. Die Fariseërs het hom toe woedend verwyt, dat hy 'n sondaar was, anders was hy nie blind gebore nie. Daarop het hulle hom uit die sinagoge gewerp. Hy moes die smaad van Jesus ly.

3. Die Siende en die Blindes (Joh. 9:35-41).

Toe Jesus hoor wat daar gebeur het, het Hy die man gesoek. Toe Hy hom vind, sê hy vir hom: "Glo jy in die Seun van God?" Die man moet dit vermoed het dat hiermee sy weldoener bedoel is, maar hy het dit nog nie geweet dat dit Hy is wat daar voor hom staan nie. Toe Jesus Hom aan hom as die Seun van God geopenbaar het, het hy gesêt "Ek glo, Here!" Toe het hy Hom aanbid. Nou glo hy in Hom as die Verlosser, die Seun van die mens wat van God gestuur is. Nou was sy hele lewe verlig. Christus het Hom aan hom geopenbaar as die lig van die wêreld. Die mooie in hierdie geskiedenis is, dat die Fariseërs self meegewerk het om hierdie man tot die ware lig te bring. Deur hulle verblindheid en vyandskap het dit vir hierdie man hoe langer hoe duideliker geword, dat Jesus van God gekom het. Hulle word hoe langer hoe verblinder en hierdie man word hoe langer hoe meer siende. So kan die vyandskap van die mense saamwerk om ons geloof helderder te maak.

Maar Jesus het ook nog 'n woord vir die Fariseërs. Hy gee toe in enkele woorde aan wat Hy bedoel het, toe Hy Homself die lig van die wêreld genoem het. Hy maak blindes siende, die mense wat in die donker woon, bring Hy tot die lig. Nou word ook die betekenis van die klei en van Siloam duidelik. Sodra die man die klei van sy oë by die vywer van Siloam afgewas het, het hy siende geword. Dit beteken: om van harte siende te word, moet die hoogmoed en die verkeerde begeertes van ons oë afgewas word. En hierdie afwassing kan alleen die egte Siloam doen, Hy wat van die Vader gestuur is. Ons harte is blind vir Gods liefde, omdat hulle onrein is deur die verkeerde gedagtes en begeertes. Alleen Jesus kan ons oë oopmaak.

Jesus wys daarop, dat sy koms in die wêreld ook hierdie gevolg het, dat die mense wat hulle inbeel dat hulle sien, blind word. Daarom sê Hy hierdie opvallende woorde: "Tot 'n oordeel het Ek in hierdie wêreld gekom, sodat die wat nie sien nie, mag sien, en die wat sien, blind mag word". Hierdie woorde van Jesus is nie in stryd met wat Hy elders sê, dat Hy nie gekom het om die wêreld te veroordeel nie. Hy het gekom om die wêreld te

behou. Elkeen wat nie glo nie, veroordeel homself. So bring Christus die oordeel.

Die Fariseërs het dit gehoor, daarom sê hulle vir Jesus: "Is ons dan ook blind?" Jesus antwoord hulle: "As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie; maar nou sê julle: Ons sien! Daarom bly julle sonde." Hierdie woorde moet ons so opvat: As julle jul blindheid beken, sou julle in My glo en geen sonde hê nie, sou julle die sonde van ongeloof nie op julle laai nie. Maar nou sê die Fariseërs: Ons sien! daarom bly hierdie sonde van ongeloof. Sonder Christus is ons in die duisternis.

Hoofstuk XVII

DIE BAND AAN DIE VERLORENE

A. Inleiding

Die drie gelykenisse, wat ons hier behandel, is die van die afgedwaalde skaap, die verlore penning en die verlore seun. Hierdie drie gelykenisse moet ons verklaar uit die omstandighede, waaronder hulle uitgespreek is. Ons weet dat die tollenaars en sondaars na Jesus toe gekom het. Hy het hulle vriendelik behandel en het selfs aan maaltye saam met hulle deelgeneem. Dit het ergernis by die Fariseërs verwek, en nou wil Jesus sy handelwyse regverdig. In hierdie gelykenisse wil Jesus die Fariseërs bestraf en die tollenaars troos. Die hoofgedagte is: God ontferm Hom oor die gevalle en afgedwaalde mens. Die rykdom van Gods genade kom die meeste uit in die redding van die verlorenes.

Hierdie gelykenisse is uitgespreek êrens tussen Betábara en Betánië. Daar het die tollenaars en sondaars na Jesus toe gekom en Jesus het vriendelik met hulle gespreek. In hierdie gelykenisse staan die barmhartigheid of die liefde van God nie soseer op die voorgrond nie. Van so'n barmhartigheid is daar by die vrou, wat die verlore penning soek, geen sprake nie. Die vrou soek haar eiendom. Dit gaan hier oor die afgedwaaldes uit die volk van die verbond, oor die tollenaars en sondaars, maar met 'n sekere reg het vele hierdie gelykenisse tog ook toegepas op die heidene. Om sy verbond ontwil is daar nog altyd 'n band tussen God en die verlorene. Daarmee handhaaf Christus sy soek van die verlorene in die Naam van sy Vader teenoor die Fariseërs. Hierdie band beteken by God altyd 'n sekere liefde. God soek wat sy eiendom is, wat na sy verbond toe kom.

B. Die Band van die Herder aan 'n verlore skaap

(Luk. 15:3-7)

By hierdie gelykenis moet ons op ons hoede wees om te spekuleer op die medelyde vir die verlore skaap, en om die ellendige toestand van die skaap breed uit te teken. Dis nie die bedoeling van hierdie gelykenis nie. Ons het hier 'n gelykenis van die band van die herder aan sy skape, veral aan die verlorenes. Dat dit hierom gaan, blyk uit die nadruk, wat Jesus lê op die blydskap as dit teruggevind is. Die eiendom is terug! Dis die motief van die vreugde. Jesus weet wat Hy doen, as Hy die verlorenes soek. Hy het dit gedoen in opdrag van sy Vader, want God het nog nie gebreek met die verlorenes nie. Hulle het oorspronklik tot sy verbondsvolk behoort, maar God dink aan sy reg, wat Hy vanweë die verbond op hulle het, en Hy wil daardie reg nog laat geld. Daarom soek Hy hulle. Dit kom hier in die gelykenis van die verlore skaap so duidelik uit.

'n Man het honderd skape gehad en het een van hulle verloor. Hy laat die verlore skaap nie aan sy lot oor nie. Nee, daar is 'n band tussen die herder en die verlore skaap. Al het die skaap eiesinnig langsamerhand van die kudde afgedwaal, die skaap is nog syne. Hy dra die verantwoordelikheid daarvoor. Hy het reg daarop en wil dit nie 'n prooi laat wees van die wilde diere nie. Hy laat daarom die nege-en-negentig in die woestyn staan en gaan agter die een aan wat verlore is. Hy dink veral aan die verlore skaap. Die band aan die verlorene voel hy die meeste, daarom soek hy die verlore skaap, totdat hy dit vind. As hy dit kry, sit hy dit met blydskap op sy skouers en bring dit na die kudde terug. En as hy in die aand met sy kudde by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: "Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry, wat verlore was".

So is daar mense wat verlore geraak het. Hulle wil niks meer weet van Gods verbond en kerk nie. Hulle het die kudde van God heeltemal uit die oog verloor, en hoor die stem van God as herder nie meer nie. So was dit ook met die tollenaars en sondaars. Maar nou laat God hulle nie los en vergeet Hy hulle nie. Hulle behoort aan Hom, Hy het reg op hulle, want Hy is die herder. En nou soek Hy hulle. Deur sy Woord te laat verkondig, soek Hy hulle. Hy laat sy reg op hulle geld.

En watter blyskap is daar, as so 'n verlorene sy stem weer hoor! Jesus lê nadruk daarop: "Ek sê vir julle, dat daar net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege-en-negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie". In hierdie blydskap deel ook die verlorene, wat teruggekeer het.

In hierdie gelykenis wil Jesus aan die tollenaars leer, dat hulle ook gered kan word, as hulle hul bekeer. Bekering is eintlik niks anders nie as om jou te laat vind deur die goeie Herder.

Vir die Fariseërs bevat hierdie gelykenis 'n vermaning. Hulle mag nie boos word nie, wanneer die tollenaars na Jesus luister, maar hulle moet juis dankbaar wees. Die soekende liefde tot verlorenes tree hier op die voorgrond.

C. Die Band van 'n Vrou aan 'n verlore Penning

(Luk. 15:8-10)

In die gelykenis van die verlore penning is die hoofgedagte die waarde en betekenis van die verlorene. Elke verlorene is 'n verlies vir die Koninkryk van God. Watter vrou, wat tien pennings het, as sy een verloor, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie? Die een penning is vir die vrou 'n groot skat. As sy altyd maar nege pennings besit het, was dit nie so erg nie; maar dis hard om te verloor wat jou eiendom is. Die vrou is nie onverskillig oor die verlore penning nie, omdat sy tog nog nege pennings besit. Nee, die een verlore penning vervul al haar gedagtes. Dis of dit alleen op hierdie een penning aankom. En as sy dit eindelik gevind het, is sy bly en hou sy fees saam met haar buurvroue en vriendinne. So kan 'n mens nege pennings vir 'n oomblik vergeet en al sy aandag rig op een penning wat verlore is, en verheug wees as hy die een weer terugvind. Sou God dan nie bly wees, as Hy sy kind weer terugvind nie?

Vir die tollenaars beteken hierdie gelykenis 'n aanwysing hoe diep hulle verlorenheid was. 'n Mens kan so diep verlore wees, dat hy nie eens meer op 'n skaap lyk nie, wat tenminste nog blêr wanneer hy verlore is, maar dat hy op 'n penning lyk wat daar dood en onverskillig onder die vuilgoed lê. Dan kan dit die mens nie meer skeel dat hy verlore is nie, dan is hy innerlik volkome dood. Maar selfs dan nog soek God hom en het hom lief. So groot is sy liefde vir sy dwalende kinders. Jesus het die verlorenes so lief, dat Hy vir hulle die dood ingegaan het. As Jesus die verlorenes van soveel waarde beskou, dan het ons geen reg om hulle maar aan hulle lot oor te laat nie. As die hemel soveel belangstel in die bekering van een sondaar, mag ons dan onverskillig daaronder wees?

Vir die Fariseërs is hierdie gelykenis 'n vermaning. Hulle het 'n gesegde gehad: "Daar is vreugde in die hemel by God, wanneer hulle wat sy wil oortree, verdelg word". Jesus keer dit om en sê, dat daar vreugde is wanneer die sondaar gered word. Kyk Eseg. 33:11. Die verlore sondaar behoort ook by die tien, al is hy nog bedek onder die vuilgoed. Daarom soek God hom, en is God bly as hy weer gevind word.

D. Die Band tussen 'n vader en 'n verlore seun

(Luk. 15:11-24)

In die gelykenis van die verlore seun vind ons, hoe die sondaar tot homself inkeer en hoe God hom weer in liefde ontvang. Hier kry ons nie alleen die opsoekende liefde van God nie, maar ook die hartlike verlange van die sondaar na die genade van God wat aan hom bewys word. Hier vergelyk Jesus die mens nie meer met 'n skaap of met 'n penning nie, maar Hy vergelyk hom hier met 'n mens. In hierdie gelykenis kom alle gedagtes saam, hier word ook die houding van die Fariseërs die skerpste geteken. Die deel van die gelykenis wat oor die verlore seun handel het drie dele:

a. Die Afkeer

Die verlore seun het vroeër in sy vader se huis gewoon. Daar het hy alles gehad wat sy hart verlang, maar hy wou geniet van die onbekende genietinge van die sonde. Die

sonde en die wêreld lyk vir hom soveel mooier as die vaderhuis. Hier begin die afkeer: die mens gevoel hom nie meer gelukkig by God nie, maar hy luister na die verlokkende stemme van die kwaad en dit betower hom. Op sigself was die begeerte na selfstandigheid nie verkeerd nie, maar daar was by hierdie seun 'n gebrek van waardering vir sy vaderhuis en vir die band, wat in die gesin geheers het, die band van die liefde van sy vader.

As jongste seun het hy reg gehad op 'n derde van die vaderlike erfdeel. Hy wou nie wag op die dood van sy vader nie, maar vra nou al sy erfporsie. Die mens wat hom van God afkeer, wil in hierdie lewe beskik oor al sy besittings, oor sy liggaam, sy krag, sy lewe self. Hy wil daarmee doen soos hy wil.

Die vader het toe die goed tussen sy twee seuns verdeel. Hy wil die jongste seun nie dwing om in die vaderhuis te bly nie. So ook wil God ons nie dwing om by Hom te bly nie. As ons hart na die sonde trek, dan laat Hy ons vry. Die seun het weggereis na 'n ver land en daar het hy sy eiendom verkwis deur losbandig te lewe.

b. Die Inkeer

Toe hy alles deurgebring het, kom daar 'n swaar hongersnood in daardie land en hy het begin om gebrek te ly. As die mens die weg van die sonde tot die end toe afloop, dan kom die hongersnood op 'n bepaalde oomblik. Na die hongersnood en die armoede kom die verlatenheid. Daar is niemand in daardie ver land, wat hom oor hierdie seun bekommer nie. Hy het baie vriende gehad, maar noudat hy arm is, laat hulle hom links lê. Die sondige wêreld lag ons eers toe, maar daarna lag dit ons uit. En nou kom die ver-nedering. Hy moes varke oppas en moes versadig word van die peule, wat die varke eet. As hierdie vier daar is, armoede, hongersnood, verlatenheid en vernedering, dan eers kom die inkeer. "Hy het tot homself gekom en gesê: Hoe baie huurlinge van my vader het oorvloed van brood, en ek vergaan van honger!"

Inkeer beteken wakker word. Hy het in 'n roes of bedwelming gelewe en nou word hy wakker. Maar inkeer beteken ook om jouself te sien soos jy is. Nou eers merk hy, hoe ellendig en armsalig hy is en hoe goed dit in die vaderhuis was. Hy het die band met die vaderhuis verag. Hy was dit nie meer werd om 'n seun genoem te word nie, hoogstens kon hy 'n plek as huurling vra. Dan sou hy tot sy vader sê: "Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge".

c. Die Terugkeer

Die weg van die ware bekering is: inkeer, omkeer en terugkeer. Die terugkeer is moeilik, want dit stry teen die trots. Dis so pynlik om as 'n smekeling te moet terugkeer na Hom, wat ons met vreugde verlaat het. Hierdie trots moet oorwin word en so moet hy die moeilike, pynlike weg gaan. Sou die vader hom nog wil aanneem? Dan volg die ontmoeting. Dis alles baie mooier as die seun gedink het. Sy vader het hom nooit vergeet nie. Vandaar dat sy vader hom by sy terugkeer al van ver gesien het. Bewoë deur ontferming het sy vader gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen. So sterk kan 'n vader verlang na sy dwalende kind! Die vader wil hom nie eers laat uitpraat nie, maar beveel sy slawe om vir hom die beste kleed te bring, hom 'n ring vir sy hand te gee en skoene vir sy voete. Hy ontvang nou alles nuut. Hy is weer kind en die vader berei vir hom 'n fees. Die terugkeer is moeilik, maar as ons alle trots aflê en kom soos ons is en ons skuld bely, dan val die ontmoeting ons te beurt as 'n wonderlike verrassing. In plaas van toorn en verwyt, ontvang ons niks as liefde nie.

E. Die Oudste Seun

(Luk. 15:25-32)

Jesus spreek nog oor die oudste seun, wat in die vaderhuis gebly het. Die oudste seun is nie bly nie. Hy wil selfs nie terugkeer na die huis om saam fees te vier nie. Toe sy vader hom tegemoet gaan en probeer om hom te oortuig, het hy slegs bittere verwyte

verneem.

a. Eers sê hy, dat hy in al die jare nooit *loon* gehad het nie. In hierdie woorde toon hy sy gans verkeerde verhouding tot sy vader. Hy het sy vader gedien, hy was 'n dienskneg en het om loon gedien in die huis van sy vader. Hy het nooit die liefde van sy vader verstaan, en het nooit die band tussen vader en seun gevoel nie. Hy kla daaroor, dat sy vader hom nooit 'n bokkie gegee het, sodat hy saam met sy vriende kon vrolik wees nie. Wat was hy tog geestelik arm! Dit is die oudste seun met wie die vader nooit las gehad het nie, maar wat blykbaar nooit die hart van sy vader geken het nie. Hy het dit nie ingesien dat hy kind mog wees en dat alles sy eiendom was.

b. Dan is hy *jaloers*. Die jongste seun het alles gehad, eers die genieting van die sonde en nou kry hy weer 'n fees. Die oudste seun het gevoel asof hy niks gehad het nie. Daaruit blyk met hoeveel jaloersheid hy altyd aan sy jongste broer gedink het. Hy sou ook self graag die genieting van die sonde wil hê, hy het dit alleen nie gedurf nie. Hy het in die vaderhuis gebly nie soos 'n dankbare kind, dat hy by sy vader mag wees nie, maar soos 'n ontevrede kneg wat nie durf wegloop nie, maar wat tog nooit gelukkig is nie.

c. In die derde plek is hy *toornig* teen sy vader. Hy vind, dat sy vader hom nie goed behandel het nie.

Teen al hierdie verwyte sê sy vader niks anders as: "Kind, jy is altyd by my, en al wat myne is, is joue". So wil Jesus ook nie hê, dat die Fariseërs Hom belet om fees te vier met die tollenaars nie. Hulle moet let op hierdie woorde: "Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind".

Ook hierdie gelykenis het twee kante. Vir die *tollenaars* beteken dit 'n duidelike aansporing. Die Vader het sy dwalende kind nog lief. Maar dan moet hulle hul ook bekeer. Hulle moet tot inkeer kom. Jesus laat hier ook heel duidelik die sonde van die *Fariseërs* sien. Hulle het die kneg-vroomheid van die oudste seun. Hulle voel hulle altyd knegte, wat dors na loon. Hulle begryp dit nie, dat dit heerlik is om in die Vaderhuis te mag wees nie. Uit hierdie harde knegsgedagte kom hulle liefdeloosheid teen die tollenaars voort, wanneer die tollenaars hulle bekeer.

F. Samevatting

As ons hierdie drie gelykenisse saamvat, dan sien ons ook die verskil. Die mens word in al drie verskillend geteken:

a. In die eerste (verlore skaap) is die mens 'n eiesinnige dwaler, wat so ver afdwaal dat hy nie meer kan terugkom nie. Hy sal seker omkom. Sy enigste hoop is die liefde van die herder.

b. In die tweede (penning) word die magteloosheid van die verlore mens nog sterker geteken. Hy kan só ver sink, dat dit hom nie meer kan skeel dat hy verlore is nie. Alleen Gods liefde kan hom red.

c. In die derde (die seun) laat Jesus sien, dat as God die verlore mens roep en as hy tot inkeer kom, dan moet hy nie stil bly lê nie. Dan moet hy opstaan en terugkeer. In die eerste twee gelykenisse lê alle nadruk op wat God doen, in die derde laat Jesus sien, wat die mens moet doen as hy Gods liefde wil vind.

Daar is ook *verskil in die droefheid*:

a. In die eerste is die droefheid die verlies aan die kant van die skaap wat verlore is. Vir die herder is die verlies nie erg nie, maar die arme skaap is verlore.

b. In die tweede laat Jesus sien, dat die droefheid by die vrou die verlore penning is. Die penning is dood en onverskillig. Maar arme vrou wat verloor het!

c. In die derde is die droefheid aan altwee kante. Die Vader ly om sy seun en die seun verlang ook weer terug na die Vader. God en mens behoort bymekaar. As hulle

geskei is, ly altwee.

Daar is ook v*erskil in die tekening van die sonde*:

a. In die eerste is die sonde eiesinnigheid.

b. In die tweede is die sonde absolute onverskilligheid en dood. Die penning kla nie eens nie.

c. In die derde is die sonde bedwelming. Die verlore seun is bedwelm deur die roes van die sonde, totdat hy tot homself kom.

En eindelik is daar *verskil in die tekening van die bekering*:

In die eerste twee is bekering = deur God gevind word.

In die derde is bekering = opstaan en jou voor God verneder en dan gevind word.

Die *Fariseërs* word in die eerste twee alleen genoem. Daar is hulle die 99 regverdiges of die 9 pennings wat nie verlore is nie. In die laaste laat Jesus sien, dat die oudste seun alleen dink, dat hy regverdig is. In werklikheid is hy ook verlore. Hy moet hom ook bekeer. Hy lewe as 'n hoogmoedige kneg en nie as 'n dankbare kind nie.

Hoofstuk XVIII

DIE LAASTE REIS NA JERUSALEM

A. Begin van die reis na Jerusalem

(Matt. 19:1; Mark. 10:1)

Die Paasfees, wat die laaste een vir Jesus sou wees, het begin naderkom. Die mense uit die dorpe en stede van die vlakte van Jisreël het hulle begin gereed maak om op te gaan na Jerusalem. Waarskynlik saam met die eerste feesgangers het Jesus met sy dissipels weer op reis gegaan. Deur die pad in die oor-Jordaanse het hulle suidwaarts gegaan en het deur die Jordaan gegaan Oos van Jerigo. Dis nou die laaste maal wat Jesus die land van Judea binnegaan, hier waar Hom soveel vervolging en soveel lyde wag. Dis die eerste maal dat Jesus openlik saam met ander feesgangers opgaan na Jerusalem. Miskien sou dit beteken dat Hy nou meen dat sy tyd gekom het.

B. Die Vraag oor die Skeibrief

(Matt. 19:2-12; Mark. 10:2-12)

Daar is ook Fariseërs by die skare wat opgaan na Jerusalem. Hulle het na Jesus toe gekom om Hom te versoek en het vir Hom gesê: "Is dit 'n man geoorloof om oor allerhande redes van sy vrou te skei?" Hierdie vraag was in daardie dae baie bespreek in Jerusalem. Die diskussie het altyd oor Deut. 24:1 geloop: "As 'n man 'n vrou neem en met haar trou, en as sy dan geen guns in sy oë vind nie, omdat hy iets skandeliks aan haar ontdek het, en hy haar 'n skeibrief skrywe en in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur". Oor hierdie woorde het die skool van Schammai die opvatting gehad dat so 'n skeibrief alleen gegee mag word, wanneer die vrou self die huwelikstrou geskend het. "Iets skandeliks" sien dan bepaald op owerspel. Die skool van Hillel het geleer, dat die man die reg het om aan sy vrou 'n skeibrief te gee om baie minder ernstige redes, bv. as sy die kos laat verbrand of hom verveel. So het hierdie twee opvattings teenoor mekaar gestaan. As Jesus hierdie vraag beantwoord, dan moet Hy party kies tussen Schammai en Hillel en dan word Hy in 'n teologiese debat gewikkel. Jesus wil Hom nie in hierdie debat inwikkel nie, daarom laat Hy hulle sien dat God "van die begin af" man en vrou tot 'n lewende eenheid verbind het. Hierdie geheimsinnige verband is Gods werk. As man en vrou later hierdie eenheid wil verbreek en wil skei, dan skeur hulle 'n band wat deur God self gelê is. Die huwelik is altyd onverbreeklik. Hierdie onverbreeklikheid bestaan ook, as daar geen kinders gebore word nie. Die wese van die huwelik is nie, dat daar kinders gebore word nie, maar dat daar twee mense tot een word.

Die Fariseërs is met hierdie woorde nie tevrede nie. Hulle vra toe waarom Moses dan in Deut. 24:1 beveel het om 'n skeibrief te gee en van haar te skei. Jesus laat hulle duidelik gevoel, dat die "iets skandeliks" in Deut. 24:1 nie op owerspel kan slaan nie. As 'n vrou werklik owerspel gepleeg het, dan gee die man aan haar geen skeibrief meer nie, maar sy word volgens die Mosaïese wet gestenig. In Deut. 24:1 gaan dit dus oor iets anders. Moses het dit nie "beveel" om 'n skeibrief te gee nie, maar hy het alleen "toegelaat" dat hulle weens die hardheid van hulle harte kan skei, "maar van die begin af was dit nie so nie". Dit was 'n praktiese reëling, sodat die vrou deur die skeibrief kon aantoon dat sy nie van haar man weggeloop het nie. Daardeur kon sy ook bewys, dat sy geen owerspel gepleeg het nie. So is haar eer enigsins gered.

Nou kom Jesus met die regte huweliksordinansie: "Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk". Egskeiding is dus 'n verbreking van wat God tot een gemaak het.

Deur hierdie woorde is die dissipels ook diep getref. Die saak van die huwelik het nou groot en ernstig geword. Daarom vra hulle: "As die saak van 'n man met 'n vrou so is,

dan is dit nie wenslik om te trou nie". Jesus wys hulle daarop, dat hulle die huwelik moet sien in sy hele goddelike, heerlike bedoeling. Dit begryp hulle alleen, wat in die Koninkryk van God staan. Daar is mense wat metterdaad nie kan trou nie omdat hulle so gebore is, en daar is persone wat deur die mense ontman is. Maar daar is ook persone, wat hulle die huwelik ontsê met die oog op die Koninkryk van God, bv. Paulus. Maar sulke persone kry dan ook deur Gods genade die gawe van onthouding, sodat hulle nie in versoeking val nie.

C. Jesus seën die kindertjies

(Matt. 19:13-15; Mark. 10:13-15; Luk. 18:15-17)

Na die moeilike gesprek oor die huwelik volg hier nou iets, wat die gesinslewe in die regte lig plaas. Daar het moeders met hulle kindertjies na Jesus gekom met die versoek, dat Hy die hande op hulle sou lê. Die dissipels het die moeders bestraf, want die werk van Jesus is te ernstig om Hom met kindertjies te bemoei. Jesus neem hulle kwalik en sê: "Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie, want aan sulkes behoort die Koninkryk van die hemele".

Die Koninkryk van die hemele is tog die vervulling van die verbondsbelofte, daarom behoort dit ook aan die kindertjies. Jesus het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën. Maar hieruit moet almal 'n les leer: "Voorwaar, Ek sê vir julle, elkeen wat die Koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie".

D. Die Ryk Jongman

(Matt. 19:16-30; Mark. 10:17-31; Luk. 18:18-30)

Markus verhaal ons, dat Jesus op die pad uitgegaan het en dat 'n man na Hom toe gehardloop het. Hy val op sy knieë en vra Hom: "Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?" Hierdie jongman was ryk en was een uit die hoëre stande van Israel. En dan was hy reeds owerste van die sinagoge. "Wat opvallend is, is dat hierdie aansienlike jongman met die nederigste eerbewyse na Jesus gekom het. Hy spreek Jesus aan as "goeie Meester". Deur die Rabbyne is Moses altyd "goeie leermeester" genoem, omdat hy die wet aan Israel gegee het. Jesus antwoord hom: "Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie behalwe een, naamlik God." Uit hierdie antwoord het sommige afgelei, dat Jesus erken dat Hy nie sonder sonde was nie. Jesus wil daarmee slegs te kenne gee, dat "goed" in die volmaakte sin alleen toepaslik is op God. As die jongman Jesus "goeie Meester" noem, dan moet hy daarmee erken dat Jesus van God gekom het. Hy moet weet wat sy woorde inhou. Hulle beteken niks meer as dat Jesus van God gestuur is nie. Jesus sê dus nie, dat Hy nie goed is nie. As Hy waarlik goed is, dan beteken dit dat Hy van God is.

Jesus wys hom op die gebooie van God, dis dieselfde weg wat Moses aangewys het. Met opset noem Jesus die konkrete gebooie van die tweede tafel, en "jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Lev. 19:18).

Die jongman antwoord, dat hy al hierdie gebooie onderhou het van sy jeug af. Hy hou nog vas aan al die verkeerde uitleggings, wat die Fariseërs aan die wet gegee het. En tog gevoel hy hom nie rustig en bevredig nie. Daarom vra hy: "Wat kom ek nog kort?" Toe Jesus dit hoor, het Hy gesien dat die man dit opreg meen. Markus verhaal ons, dat Jesus hom aangekyk en hom lief gekry het. Hy het werklik van sy jeug af geprobeer om die wet te onderhou, en hy het dit nie ingesien watter verkeerde beskouings die Fariseërs oor die wet gehad het nie. Hy het altyd in die ernstige oortuiging gelewe, dat hy al die gebooie van God ten volle onderhou het. Hy het dit nie ingesien, hoe hy in die diepste wese nog nooit iets anders as homself gedien het nie.

Sy godsdiens was deurgloeid van hoogmoed en selfvertroue. Dit was 'n egte soeke na God, gemengd met 'n hardnekkige diens van sy eie ek. Hy het met die een hand sy lewe

aan God geoffer en met die ander hand het hy sy eie hart tot voorwerp van aanbidding gemaak. Hy het nooit met hart en siel en alle krag hom onvoorwaardelik aan God gegee nie.

Daarom antwoord Jesus hom: "As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee dit vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My". Jesus wil hom met een ruk uit die halfheid van sy lewe uittrek. Hy wil hom losskeur uit die mengsel van hoogmoed en godsverlange, wat tot nou toe sy godsdiens gewees het. As hy werklik meen dat Jesus die goeie Meester is, dan moet hy nou ook onvoorwaardelik doen wat Hy hom gebied.

Ons moet dit hier in die oog hou, dat Jesus se woorde hier nie beteken, dat elke ryke sy goed moet verkoop en aan die armes gee nie. So het Franciscus van Assisi en andere dit opgevat. Jesus ag dit vir hierdie jongman noodsaaklik. Solank hy ryk is en owerste van die sinagoge bly, sal hy vashou aan die eiegeregtige godsdiens van die Fariseërs. Daarom moet hy hom absoluut losmaak van sy vorige lewe. Hy moet baie opoffer, sy geld en sy amp.

Dit was vir hom te veel. Hy het bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad. Toe sê Jesus vir sy dissipels: "Voorwaar, Ek sê vir julle dat 'n ryk man beswaarlik in die Koninkryk van die hemele sal ingaan". Om in die Koninkryk in te gaan moet jy jou tog so klein voel. Daarom sê Jesus: "Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald deur te gaan as vir 'n ryk man om in die Koninkryk van God in te gaan". Gelukkig, by God is alle dinge moontlik.

Die loon van geloofsgehoorsaamheid

Die aanleiding om hieroor te praat was die vraag van Petrus: "Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar vir ons dan wees."

Jesus sê vir hulle, dat hulle by die wedergeboorte van hemel en aarde sal sit op twaalf trone en die twaalf stamme van Israel sal oordeel. Immers wat hulle gedoen het, moes hele Israel doen, nl. om die Here te volg. Daarom sal die gedrag van sy dissipels tot 'n oordeel vir hele Israel wees. Maar die dissipels mag hulle nie daarop beroem nie, want God het hulle die genade laat sien. Gods roeping het vir hulle te sterk geword, sodat hulle Jesus gevolg het. So'n eer ontvang elkeen wat Jesus volg en alles vir Hom oor het. Wie om sy ontwil soms alles moet loslaat, vergoed Hy honderdvoudig en hulle beërwe die ewige lewe. Maar die dissipels moet daaraan dink, dat baie wat eerste is, laaste sal wees, en wat laaste is eerste.

E. Gelykenis van die Arbeiders in die Wingerd

(Matt. 20:1-16)

Wat Jesus so pas gesê het, lê Hy nou uit deur middel van 'n gelykenis. Hy vertel van 'n besitter van 'n wingerd, wat in die môre om sesuur uitgegaan het om arbeiders te huur. Hy het met die arbeiders ooreengekom, dat hy hulle 'n penning per dag sou betaal. Om 9 uur die môre, om 12 uur, om 3 uur en om 5 uur het hy telkens nuwe arbeiders gehuur. Om 6 uur die aand het hy aan die arbeiders hulle loon uitbetaal. Aan hulle wat om 5 uur begin werk het, is ook 'n penning uitbetaal. Toe het die manne, wat om sesuur die môre begin werk het, gedink dat hulle baie meer sou ontvang omdat hulle soveel langer gearbei het. Maar hulle het ook elkeen 'n penning ontvang. Hulle het toe by die huisheer gekla en gesê: "Hierdie laastes het een uur gewerk en u het hulle gelykop behandel met ons, wat die las van die dag en die hitte gedra het". Maar die huisheer antwoord: "Vriend, ek doen jou geen onreg aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir 'n penning nie? Neem dan wat joue is en gaan heen. Ek wil vir hierdie laaste een gee net soos vir jou." Op hierdie manier, sê Jesus, kan die laastes wel eens eerstes en eerstes weleens laastes word.

Die *bedoeling* van hierdie gelykenis is: Die arbeiders wat die hele dag gearbei het, was in die begin die eerstes. As hulle die werk in die wingerd (die diens van God) beskou het

as 'n rede tot blydskap, dan sou hulle ook die eerstes gebly het. Want dan het hulle aan die end van die dag twee seëninge gehad: die loon (Gods grote weldade) en die herinnering aan 'n lang dag van arbeid in die diens van God. Dis immers vreugde om God te dien. Dan sou die laastes, wat om 5 uur begin werk het, ook die laastes gebly het. Want hulle het wel loon, maar verder het hulle die herinnering aan 'n lang verknoeide dag van niks doen, en slegs 'n enkele uur van arbeid. Dan het die eerstes die eerstes en die laastes die laastes gebly. Dan sou die eerstes die laastes ook nie beny het nie, maar hulle sou hulle dankbaar onder die ander arbeiders begroet het. Nou het egter alles anders geword. Die eerstes het die werk opgevat as iets moeiliks wat hulle *moes* doen. Hulle het geknibbel oor die loon, en het te weinig gevoel dat die diens self hul vreugde moes wees. Hulle het met agterdog na die andere gekyk, wat so laat geroep is. Hulle het hulle beny omdat hulle eers die hele dag werkloos op die mark gestaan het (in die sonde geleef het). Hulle het met jaloerse oë toegesien, of hulle ook te veel loon ontvang. Hulle het medelyde met hulself gekry, dat hulle slegs een penning ontvang het en dus gelykgestel is met die andere. Hulle het wel die penning gekry, maar hulle het geen vreugde meer gehad nie. En die laastes het die penning *en* blydskap gehad. Dus het hulle toe eerstes geword. So word die eerstes weleens laastes.

Jesus wil sy dissipels hier leer, dat hulle loon groot is. Maar as hulle te veel oor die loon nadink en nie voel dat dit 'n groot voorreg is om Hom te mag volg en dien nie, dan word hulle ook laastes. Dan gaan die vreugde so gou weg. Hulle kan eerstes bly, wanneer hulle nie alleen die lange dag van hulle lewe Hom dien nie, maar wanneer hulle dit ook met blydskap doen. Dan sal hulle ook met vreugde en dankbaarheid die andere begroet, wat eers 'n groot stuk van hulle lewe verknoei het en pas later Hom gevind het. Die liefde en blye diens maak alles mooi. Maar as ons die diens van God as 'n las beskou en as ons jaloers is op andere, dan word alles lelik. Dan kry ons wel ons penning, maar die penning gee ons dan geen vreugde meer nie. Deur jaloersheid en deur maar altyd weer uit te sien na loon, word ons die laastes. Dis die wet van die Koninkryk van die hemele. Die loon wat God ons wil gee, is nie alleen die beloning aan die einde nie, maar ook die blydskap terwyl ons nog besig is om te dien en ons te ontferm oor andere.

F. Laaste Lydensaankondiging

(Matt. 20:17-19; Mark. 10:32-34; Luk. 18:31-34)

Toe Jesus en sy dissipels al nader aan Jerusalem kom, het Jesus sy dissipels weer apart geneem en hulle in duidelike woorde nog eenmaal vertel van sy naderende lyde en dood. "Die Seun van die mens sal oorgelewer word aan die owerpriesters en skrifgeleerdes, en hulle sal Hom tot die dood veroordeel, en Hom oorlewer aan die heidene om Hom te bespot en te gésel en te kruisig, en op die derde dag sal Hy opstaan". Lukas verhaal ons, dat hulle niks hiervan begryp het nie. Hierdie woorde was vir hulle bedek en hulle het nie verstaan wat gesê is nie. Die dissipels was so gebind aan hulle aardse Messiasverwagting, dat die woorde van Jesus hulle nie eens geraak het nie.

G. Die Vraag van Salomé

(Matt. 20:20-28; Mark. 10:35-45)

Mattheüs verhaal ons, dat Salomé, die vrou van Sebedeüs, met haar seuns Johannes en Jakobus na Jesus gekom het en hulle voor Hom neergebuig het om iets van Hom te vra. Markus verhaal ons dat Johannes, het Hom ook gevra. Hulle vraag is: "Gee aan ons dat opvat: Salomé het Jesus gevra, maar haar seuns, Jakobus en Johannes, het Hom ook gevra. Hulle vraag is: "Gee aan ons dat ons mag sit in u heerlikheid, een aan u regter- en een aan u linkerhand". Hier kry ons alweer die vraag oor die beloning. Wat het die dissipels tog telkens gedink aan die loon, wat daar vir hulle wag! Hoe weinig sien hulle nog van die lyde van Jesus! Daarom antwoord Jesus: "Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word?" Jesus wil hulle laat verstaan, dat, as hulle dig by Hom in sy heerlikheid wil wees, hulle dan ook dig by Hom moet wees in sy lyde. Om naas die Koning van

smarte te sit, beteken dat jy self grote smarte dra. En nou vra Jesus hulle of hulle dit kan doen. Hulle antwoord: "Ons kan". Hulle weet wel dat die diens van Jesus lyde beteken en dit wil hulle ook wel dra, as hulle maar seker is van hulle loon.

Jesus weet dat Jakobus eenmaal om sy ontwil die marteldood sal sterwe en dat Johannes na die eiland Patmos verban sal word. Ja, hulle sal baie moet ly. Maar dan wys Hy hulle tereg: "Om te sit aan my regter- en aan my linkerhand, is nie vir My om te gee nie, maar dit is vir hulle vir wie dit deur my Vader toeberei is". Daar is dinge waaroor Jesus nou nie kan beskik nie, dit lê nog in die raadsbesluit van God. Die ewigheid sal dit eenmaal openbaar.

Die ander dissipels het verontwaardig oor Jakobus en Johannes geword. Dis seker verkeerd van hulle, want hulle was niks beter as die twee seuns van Sebedeüs nie. Ook hulle het te veel aan loon gedink. Daarom antwoord Jesus: "Elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy siel te gee as 'n losprys vir baie". O, my dissipels, wil Jesus sê, as julle altyd maar weer nadink om wat julle om My ontwil opgeoffer het en as julle altyd begerig julle hande uitstrek na die eer en heerlikheid wat aan julle gegee sal word, dan wandel julle op 'n vreeslike dwaalweg. Dan dien julle nie My nie, maar julleself. Julle moet julle volkome oorgee aan My en julle moet julle in hartlike liefde gee in die diens van mekaar. Dan kom julle loon wel en dan sal dit dubbel heerlik wees.

Hoofstuk XIX

DIE INTOG IN JERUSALEM

A. In Betánië

(Matt. 26:6-13; Mark. 14:3-9; Joh. 12:1-8)

Die laaste week van Jesus se omwandeling op aarde word deur alle evangelies die mees noukeurig beskrywe. Johannes verhaal ons, dat Jesus ses dae voor die pasga in Betánië gekom het. Betánië lê aan die oostelike kant van die Olyfberg, dig by Jerusalem. Hier in Betánië wil Jesus die nag en die volgende dag (sabbatdag) bly. Tot hier het 'n groot skare saam met Hom gekom. Nou gee Hy aan die skare bevel om deur te reis na Jerusalem. Hy wil tot voorbereiding van sy lyde 'n rustige dag verkeer in die kring van mense, wat Hom so besonder dierbaar was. Daar het hulle vir Hom 'n maaltyd gegee in die huis van Simon, die melaatse. Die naam van Simon wys daarop, dat Jesus hom van sy melaatsheid gereinig het, en dat hy seker uit dankbaarheid daarvoor hierdie maaltyd gegee het. "Wat hierdie maaltyd betref is daar 'n moeilikheid. Volgens Johannes was dit ses dae voor die pasga. Daaruit sou ons kan aflei, dat hierdie maaltyd plaasgevind het op die sabbatdag wat aan die intog voorafgegaan het. Mattheüs en Markus egter noem hierdie maaltyd eers na die intog. Dan is dit nie op Saterdag (sabbat) nie, maar op Woensdag, wat daarop volg, gehou. Ons meen, dat Jesus hier in Betánië in die stille vriendekring versterk is voor sy intog in Jerusalem.

Lasarus, wat Jesus opgewek het, was een van die gaste. Martha het bedien. Maria, die suster van Martha, was blykbaar by die begin van die fees nie aanwesig nie. Sy het eers gekom toe die maaltyd reeds aan die gang was. Sy het 'n pond egte, baie kosbare nardussalf geneem en die voete van Jesus gesalf en sy voete afgedroog met haar hare. Hierdie salf was baie kosbaar en het ongeveer £10 gekos. Mattheüs verhaal ons, dat Maria dit op Jesus se hoof uitgegooi het terwyl Hy aan tafel was. Met strome van kosbare nardus het sy Jesus se hoof en voete gesalf, en dit het sy in grote, oorstelpende ontroering gedoen. Ons lees, dat die huis vol geword het met die reuk van die salf. Nouliks was Maria klaar met haar daad van toewyding en oorgawe, of die dissipels begin op aanhitsing van Judas Iskariot haar gedrag af te keur. Hulle vind dit verkwistend en onnodig. Hierdie salf kon hulle liewers vir 300 pennings verkoop het en die geld vir die armes gegee het. Die dissipels het in meer as een opsig verkeerd geoordeel: a) Die ergste is, dat hulle nie die minste gevoel daarvoor het, dat hier 'n mens in oorgrote liefde en dankbaarheid aan Jesus alles wil gee wat sy het. In sulke oomblikke reken ons nie met die prys nie, maar met die oorgawe van die hart. b) Die dissipels verplaas hulle nie in wat daar in die hart van hierdie vrou omgaan nie. Hulle deel nie haar ontroering nie. Hulle sit onbewoë daarby, asof hulle hulself nie aan Jesus gebonde gevoel nie. c) Dit kom alles deur die aanhitsing van Judas. Eienaardig is dit, dat die nardus van Maria nie deurgedring het tot die harte van die dissipels nie, maar die giftige afkeer in die hart van hierdie dief, want Judas was 'n dief.

Jesus het Maria dadelik in beskerming geneem teen al die onbillike verwyte. Sy woorde was ernstig en diep: "Laat haar staan, waarom maak julle dit vir haar moeilik? Sy het 'n goeie werk aan My gedoen. Want die armes het julle altyd by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goeddoen; maar My het julle nie altyd nie. Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam vir die begrafnis gesalf." Jesus wil sê: Julle het die gewoonte om iemand te balsem na sy dood, en dan word daar nie op die koste gekyk nie. Maria het dit gedoen voor my begrafnis. Straks op die derde dag sal die vroue na my graf gaan om my liggaam te balsem, maar dan kan dit nie meer nie, want dan het Ek al opgestaan. En dan voeg Jesus hierby: "Voorwaar, Ek sê vir julle, orals waar hierdie evangelie oor die hele wêreld verkondig word, sal daar ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot 'n gedagtenis aan haar". Maria was een van die weiniges, wat enkele druppels van blydskap gemeng het in die bittere lydensbeker van Jesus.

B. Die Intog in Jerusalem

(Matt. 21:1-11; Mark. 11:1-11; Luk. 19:29-44; Joh. 11:12-19)

Op Sondagmôre, die eerste dag van die week, het Jesus Hom gereed gemaak om na Jerusalem te gaan. Van Betánië lei verskillende paaie na Jerusalem. Die gewone karavaanpad loop langs die suidelike helling van die Olyfberg en buig later om na die Noorde. 'n Ander pad gaan oor die Olyfberg heen en daal dan langs die tuin van Getsémané na die Kedrondal. Jesus het hierdie kortere pad geneem. Toe hulle by Betfage aan die Olyfberg kom, stuur Jesus twee van sy dissipels uit en sê vir hulle: "Gaan na daardie dorp reg voor julle, en dadelik as julle daar inkom, sal julle 'n eselsvul kry wat vasgemaak is, waar geen mens op gesit het nie. Maak hom los en bring hom. En as iemand vir julle sê: "Waarom doen julle dat? moet julle antwoord: Die Here het hom nodig, en dadelik sal hy hom hiernatoe stuur". Die twee dissipels het gegaan. Orals langs de pad ontmoet hulle 'n menigte van mense, want in Jerusalem was reeds die tyding versprei, dat Jesus in aantog was. Toe die twee dissipels Betfage binnegaan, het hulle alles presies so gevind soos Jesus gesê het. Die eienaar van die eselsvul was ongetwyfeld 'n volgeling van Jesus. Toe die twee dissipels met die vul by Jesus terugkom, het hulle hul klere daarop gelê en Hy het daarop gaan sit. In verband met hierdie beryding van die esel moet ons opmerk: a) Die esel was van die oudste tyd af in Israel 'n geliefde rydier. b) Hier word vervul die profesie van Sag. 9:9: "Kyk, jou Koning kom na jou, regverdig en 'n oorwinnaar is Hy, nederig en Hy ry op 'n esel — op 'n jong esel, die vul van 'n eselin".

Sagaria het die ry op die esel as 'n teken van nederigheid gesien. Dis van groot belang as ons bedink, dat die duisendes wat Jesus volg, gemeen het dat die tyd van die heilige oorlog teen die Romeine nou gekom het. Deurdat Hy op die eselsvul ry, gee Jesus duidelik te kenne dat sy Koninkryk anders is as wat hulle gehoop en verwag het.

Maar die dissipels het dit anders opgevat. Hulle het lankal verlang, dat Jesus Hom as Koning sou openbaar. En nou lyk dit vir hulle asof Hy self daardie verlange aanwakker. Daarom het hulle met die skare hulle klere op die pad oopgegooi, om hulle Koning die hoogste eer te bewys. Andere het takke van die bome afgekap en dit op die pad gestrooi. Toe het daar 'n skok deur die skare gegaan. Hulle sien wat gebeur en begryp, dat Hy Hom as Koning laat uitroep. By die gesig van die stad het die geesdrif geweldig gegroei. Hulle het God met luide stem geprys en gesê: "Hosanna! (= gee nou heil) Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Geseënd is die Koninkryk wat kom in die Naam van die Here, die Koninkryk van ons vader Dawid! Hosanna in die hoogste hemele." Hierdie woorde is woorde uit Ps. 118.

Die geesdrif het nou geen grense meer geken nie. En Jesus het te midde van dit alles rustig soos 'n Koning gesit. Toe sommige van die Fariseërs Hom vra om sy dissipels te bestraf, antwoord Hy: "Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die klippe uitroep". Jesus wil dat hulle Hom as Koning sal huldig op die laaste, grote Paasfees.

Toe Hy van die Olyfberg afdaal en Hy die stad met sy trotse geboue sien, het Hy in trane uitgebars. Hy is die enigste wat ween te midde van die duisendes wat juig. Midde tussen die Hosanna-klanke klink sy stem met diepe ontroering: "As jy tog maar geweet het, ja ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom, dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opgooi en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie." Ja, Jerusalem sien nie sy waaragtige heil nie. Vrede sou daar vir haar alleen wees deur die geloof aan Gods genade, maar nou roem die stad in homself en verwerp die Here en die verbond van sy genade. Die oordeel daarvoor kan nie uitbly nie. Die stad sal beleer en verwoes word. Hierdie intog was vir Jesus ook lyde. Daarin het Hy egter die skuld van die sonde op Hom geneem om self daarvoor te boet. En deur *sy* versoening sou Hy die mag ontvang om 'n ander lewe te skep. Dat dit die doel van sy koms was, wil Hy in hierdie dae in Jerusalem toon.

Die hele Jerusalem was op daardie oomblik in opskudding. Die Fariseërs moes magteloos toesien, dat Jesus van alle kante gehuldig is. Hulle het onder mekaar gemompel: "Sien julle dat julle niks vorder nie? Kyk, die hele wêreld gaan agter Hom aan."

Toe Hy in Jerusalem kom, het vele onder mekaar gevra: "Wie is hierdie man?" En die skare sê: "Dit is Jesus, die profeet van Nasaret in Galilea". In die tempel het vir die duisendes die eerste teleurstelling gewag. Dit was immers die groot oomblik! Nou sal Jesus sy Koninklike heerlikheid tog openbaar. Maar kyk, daar gebeur niks nie. Markus vertel ons rustig: "En Jesus het in die tempel gekom. En nadat Hy alles rondom bekyk het, en omdat dit al laat was, het Hy met die twaalf uitgegaan na Betánië." Diep teleurgestel het die duisendes weer na hulle slaapplekke teruggekeer. Maar hulle hoop, dat dit miskien tog môre sal gebeur.

C. Die Betekenis van die Intog

"Wat het Jesus met die intog bedoel? Daarop kan ons die volgende antwoord:

a. Dit was 'n gewigtige onderdeel van sy Messiaanse roeping. Dit *moes* plaasvind. Jesus moes een keer openlik as Koning Jerusalem binnegaan en "na sy tempel kom" (Mal. 3:1). Hy was immers Israel se Koning. Sy intog in Jerusalem was' *'n* openlike oproep tot die hele Israel om Hom as hulle Koning te erken. Maar dan moes hulle Hom volg en doen wat Hy wil. Die intog was dus noodsaaklik. Jesus moes, waar sy hele volk dit aanskou, sy aanspraak op die troon van Israel laat geld.

b. Die intog was die begin van sy lyde. Jesus het van die begin af geweet, dat die intog die einde sou wees, kyk Joh. 7:6-8. Noudat Hy Hom eenmaal as Koning laat huldig het, kon die Fariseërs Hom as 'n oproermaker by Pilatus aankla, en kon Hy as die "Koning van die Jode" gekruisig word.

c. Vir die volk van Israel beteken hierdie intog die grote botsing. Hier bots al hulle aardse verlangens na 'n koning teen die wil van Jesus. Daar moes 'n end kom aan die weifelende houding van die volk. Hulle het nog altyd heimlik gehoop, dat Jesus as aardse verlosser sou optree (kyk Joh. 6:15). Daarom laat Jesus Hom huldig as Koning, want Hy is immers hulle Koning. Maar dan laat Hy hulle dadelik daarna sien, dat Hy nie wil wat hulle wil nie. En dan moet die hele volk kies. Deur hierdie intog is alles op een punt saamgetrek. Dis die beslissende uur vir Israel. Wil hulle hul Koning volg of wil hulle 'n Koning hê wat hulle volg?

d. Vir die Fariseërs was dit ook nodig. Hulle het nou gesien, hoe maklik Jesus, as Hy dit gewil het, hulle planne'van vervolging kon verydel. Dit was vir Hom gemaklik gewees om die entoesiastiese skare te beweeg tot dade van geweld. As Jesus Hom straks laat gevange neem, dan is dit omdat Hy dit gewil het.

e. Vir Jesus self was dit 'n versoeking. Die gejubel van die skare was die herhaling van wat die duiwel Hom eenmaal in die oor gefluister het (Matt. 4:9). Maar Jesus het vas gestaan. So'n koningskap as wat die skare van Hom verwag, wil Hy nie hê nie.

f. En eindelik was dit 'n belofte van wat sou kom. Jerusalem het sy Koning juigend verwelkom. Dit was alles skyn, want hulle het in die waan gelewe, dat Jesus f gewil het wat hulle wil hê. Maar dis ook 'n voorspelling van wat eenmaal sal gebeur, as die hemelse Jerusalem met sy miljoene verlostes die Koning sal begroet.

D. Die verdroogde Vyeboom

(Matt. 21 :18-22; Mark. 11:12-14; 20-26)

In verband met die intog in Jerusalem behandel ons die verdroogde vyeboom en die groot vloekrede. Waar die beslissende uur vir Israel nou gekom het, daar laat Jesus dit uitkom in die vervloeking van die vyeboom. Sondag in die namiddag het Jesus met sy dissipels teruggekeer na Betánië. Maandagmôre het Hy met sy dissipels weer na Jerusalem gegaan. Hy het honger gehad, en toe. Hy op 'n afstand 'n vyeboom met blare

sien, het Hy daarnatoe gegaan in die hoop om iets daarvan te kry. Maar toe Hy by die boom kom, kry Hy niks as blare nie. Dit was 'n vreemde verskynsel, dat hierdie vyeboom al volop blare gehad het, want as reël het dit eers later geskied. Maar wat nog baie vreemder is, is dat hierdie vyeboom, hoewel dit vol blare is, geen enkele vrug dra nie.

Toe sê Jesus vir die boom: "Laat niemand ooit in der ewigheid van jou vrug eet nie!" Hierdie woorde het die dissipels gehoor. Hierdie gebeurtenis het ongetwyfeld 'n diepere bedoeling. Jesus het in hierdie vyeboom 'n duidelike teken van die toestand van sy volk Israel gesien. Wel blare, maar geen' vrugte nie. Wel 'n uiterlike vertoning van vroomheid, maar geen egte vroomheid nie.

Die vervloeking van die vyeboom is niks anders nie, as 'n verskriklike profesie van wat met die volk Israel en met elkeen wat geen vrugte dra nie, sal gebeur. Ons lees, dat hierdie vervloeking dadelik vervul is. Die volgende dag reeds was die vyeboom verdroog van die wortels af. Toe Petrus Jesus daarop opmerksaam maak, het Jesus oor die mag van die geloof hierdie kragtige woorde gespreek: "Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit ontvang, en julle sal dit verkry". Ons moet in ons gebed so seker wees van Gods verhoring, dat ons glo wat ons bid, sal gebeur. Maar dan moet ons ook vergewe, wat ons teen iemand het. "Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook ' julle oortredinge nie vergewe nie".

E. Die groot Vloekrede

(Matt. 23; Mark. 12:38-40; Luk. 20:45-47)

Jesus het reeds die stede Górasin, Betsaïda en Kapernaüm vervloek. Nou eindig Hy sy gesprekke hier in Jerusalem met 'n rede, waarin Hy met ontroerende gestrengheid al die vreeslike sondes van die Fariseërs tot op die wortel toe bloot lê. Drie jaar lank het die Fariseërs sy dringendste oproepe tot bekering met niks anders beantwoord as met vuile laster en die gemeenste beskuldigings. So'n stelselmatige vyandskap teen die Woord van God is byna nie meer menslik nie, dit is satanies. Vreeslik is dan ook die vonnis, wat Jesus oor hierdie mense uitgespreek het. In 'n reeks van ontsettende vloekspreuke noem Hy die lang lys van hulle sondes, veral in Matt. 23.

a. Hulle *skynvroomheid.* Hulle spreek mooi woorde maar doen dit nie (vs. 3, 4).

b. Al hulle lewensuitinge is vergiftigende *eersug.* Hulle doen alles om van die mense gesien te word (vs. 5-12).

c. Die *verderflike* van hulle handelswyse. Hulle sluit die Koninkryk van die hemele vir hulself en verhinder andere om daarin te gaan (vs. 13).

d. Hulle wrede *geldsug.* Hulle eet die huise van die weduwees op (vs. 14).

e. Die *verskriklike konsekwensies* van hulle prediking. Hulle volgelinge word nog slegter as hulleself (vs. 15).

f. Hulle *sinlose spitsvondigheid.* Hulle maak dwase onderskeidings en rafel Gods wet uiteen (vs. 16-22).

g. Hulle *grenslose oppervlakkigheid.* Hulle maak duisende verordeninge oor die kleinste dinge, maar die egte, sentrale gebooie van God laat hulle na (vs. 23, 24).

h. Hulle *skynheiligheid.* Hulle is soos witgepleisterde graftes (vs. 25-28).

i. Hulle *hardnekkige verset* teen Gods Woord. "Watter onskuldige bloed is al vergiet deur hierdie huigelaars, wat in die Naam van God alle gesante van God vermoor. "Slange, addergeslag, hoe sal julle wegvlug van die oordeel van die hel?" (Vs. 29-36).

Toe Jesus hierdie vreeslikste vonnis geëindig het, was dit asof Hy deur ontroering oorstelp was. Nog eenmaal rig Hy sy oë op, en terwyl Hy sy arms uitbrei na die skare sê Hy: "Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig die wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens

onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!" En toe gaan Jesus verder en sê: "Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal[1] sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" Enkele dae gelede het hulle hierdie woorde Jesus toegesing (Matt. 21:9), maar dit was slegs uiterlik. As hulle hul werklik bekeer, dan sal hulle Jesus weer sien as hulle verheerlikte Heiland. Maar as hulle dit nie doen nie, dan sal hulle Hom dan eers weersien in die dag, waarin alle oë Hom sal aanskou. Dit sal 'n vreeslike weersien wees.

Hoofstuk XX

REDE EN GELYKENISSE OOR DIE WEDERKOMS

A. Die Rede oor die Wederkoms

(Matt. 24; Mark. 13; Luk. 21:15-36)

Op Dinsdag voor sy kruisiging het Jesus nog meer woorde gespreek, sowel tot die skare as tot die dissipels. Johannes vertel ons van 'n gesprek, wat Jesus gehad het, toe enkele Grieke Hom wou sien. Dit was 'n lange en moeilike dag. Die son gaan reeds agter die berge van Judea onder. Dit was die oomblik, waarop vele besoekers van die tempel hulle gereed gemaak het om na huis te gaan. Jesus het ook saam met sy dissipels deur een van die poorte van die tempel na buite gegaan. Toe hulle deur die pragtige tempelpoort gaan, het een van sy dissipels gesê: "Meester, kyk watter klippe en watter geboue!" Maar Jesus het op daardie oomblik heeltemal ander dinge gesien. Na al die ervarings van die dag was sy gedagtes besig met die sware straf van God, wat oor Jerusalem sou kom. Vir die laaste keer verlaat Hy die tempel. Die grote, mooie geboue bly daar nou agter as 'n leë omhulsel, noudat Hy, die waaragtige Hoëpriester Hom daaruit terugtrek. Langsaam het hulle deur die Kedrondal gegaan en toe teen die Olyfberg uitgeklim. Jesus het toe gaan sit op die Olyfberg, regoor die tempel. Dit lyk of 'n deel van sy dissipels maar aangeloop het, want volgens Mark. 13 is alleen Petrus en Jakobus en Johannes en Andreas by Jesus. Hulle sê toe: "Vertel ons wanneer hierdie dinge (nl. die verwoesting van die tempel) sal wees, en wat is die teken wanneer al hierdie dinge volbring word, en wat is die teken van die voleinding van die wêreld?" Hierdie drie grote gebeurtenisse lê, volgens die dissipels, vlak by mekaar. Eers word die tempel verwoes, dan kry ons die wederkoms van Christus en dan die voleinding van die wêreld. Hulle het dit nie geweet, dat daar tussen die verwoesting van Jerusalem en die wêreldeinde nog vele eeue sou verloop nie. Jesus het telkens oor die val van Jerusalem en oor die val van die wêreld gespreek as twee dinge, wat by mekaar behoort. Die val van Jerusalem is 'n begin, 'n teken van die ondergang van die wêreld. Jesus sien hierdie twee saam as een vreeslike oordeelsvoltrekking van God.

Die rede wat Jesus toe gehou het, kan ons in twee dele verdeel. In die *eerste gedeelte* (Matt. 24:4-35) het Jesus gespreek oor *die tekens,* wat sou voorafgaan. In die *tweede gedeelte* (vs. 36-51) het Hy vermaan tot grote *waaksaamheid.*

1. *Die eerste gedeelte* val in vier dele uiteen:

a. Eers het Jesus in die algemeen gespreek oor die verdrukking wat sou kom (vs. 4-8). Daar sal valse Messiasse opstaan en daar sal verskriklike oorloë uitbreek. Maar dit alles is nog maar die begin van die smart, wat oor Jerusalem sou kom.

b. Dan spreek Jesus meer in die besonder oor wat daar met die gemeente sal gebeur (vs. 9-14). Die gemeente sal vervolg word, baie sal afval, maar tog sal die gemeente hom uitbrei oor die hele wêreld onder alle volke.

c. In die derde deel (vs. 15-28) gee Jesus 'n aangrypende skildering van die vreeslike rampe, wat eers oor Jerusalem en later oor die hele wêreld sal losbreek. In hulle doodsnood sal die mense hulle vasgryp aan valse christusse, wat wel deur die mag van die duiwel baie tekens en wonders sal doen, maar wat tog geen uitkoms sal kan gee nie.

d. En eindelik gaan Jesus in vs. 29-35 meer regstreeks in op die vraag van sy dissipels, nl. oor die tekens van sy wederkoms. Die hele natuur sal bewoë word. Vreeslike voortekens, soos sonsverduistering en sterrereëns, sal hierdie grote dag aankondig. En dan sal die mense in hulle angs en vertwyfeling die teken van die Seun van die mens sien, d.i. die Seun self soos Hy op die wolke kom. Ontsettende angskrete sal daar dan geslaak word deur almal, wat Hom gehaat en vervolg het. Maar van die gemeente geld dit: "As hierdie dinge begin gebeur, kyk dan op na bo en hef julle

hoofde op, omdat julle verlossing naby is" (Luk. 21:28).

2. *In die tweede gedeelte* van sy rede laat Jesus die toon van die profesie los en spreek Hy vermanend as 'n Leraar, sodat sy volgelinge sal waak. Hy gebruik 'n gelykenis van 'n kneg, aan wie sy heer die sorg van die huis toevertrou het. Maar die kneg het in eiesinnigheid sy mededienskknegte begin slaan. Plotseling kom sy heer en wat sal daar dan met hom gebeur? "Hy sal hom middeldeur sny en hom 'n deelgenoot maak van die geveinsdes. Daar sal geween wees en gekners van tande."

B. Die Vyf Verstandige en Vyf Onverstandige Jong Meisies

(Matt. 25:1-13)

Die drie gelykenisse, wat nou volg, word ook profetiese gelykenisse genoem. Jesus het hierdie gelykenisse uitgespreek met die oog op sy wederkoms. Hierdie gelykenisse het Jesus waarskynlik nog daardie selfde Dinsdagaand uitgespreek.

In hierdie gelykenis van die tien jong meisies vergelyk Jesus die dag van sy wederkoms met die koms van 'n bruidegom en bruid na die huis van die bruidegom. Volgens Joodse gewoonte het die bruidegom gelei. Dit het meesal plaasgevind in die aand, waarby spreek hier van 'n oosterse bruilof. So'n fees het uit drie dele bestaan: In die *eerste plek* het die bruidegom na die woning van die bruid gegaan om haar na sy eie woning te haal. In die *tweede plek* is die bruid in 'n feestelike optog na die woning van die bruidegom gelei. Dit het meesal plaatsgevind in die aand, waarby lampe saamgeneem moes word. Langs die pad het die vriendinne van die bruid hulle by die stoet aangesluit. En *eindelik,* as die stoet die woning van die bruidegom bereik het, het die eintlike fees begin.

Langs die pad het tien jong meisies nou op die bruidegom gewag. Vyf van hulle was verstandig genoeg om olie in hulle kanne saam met hulle lampe te neem, maar die ander vyf was onverstandig en het geen olie in kanne saamgeneem nie. Terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal aan die slaap geraak. Jesus bedoel hiermee, dat sy kerk op aarde nie altyd in gespanne verwagting sy koms tegemoet sal sien nie. As die jare verbygaan sal die spanning verminder en die kerk sal inslaap. Teen middernag was daar 'n geroep: "Daar kom die bruidegom, gaan uit hom tegemoet!" Die tien jong meisies word met skrik wakker en haas hulle om hulle lampe in gereedheid te bring. Toe blyk dit dat vyf van hulle geen olie genoeg het nie. Dit was hulle dwaasheid, hulle onvoorsigtigheid. So sal dit in die laaste dag wees as Jesus kom. Dan sal daar in die kerk ook baie wees, wie se lampe uitgegaan het. Die lig van die geloof brand nie meer in hulle hart nie, die vlam van liefde is uitgedoof, die olie is op. Dit kom daarvandaan, dat hulle nooit waarlik met hulle hele hart Jesus verwag het nie. Hulle het meegedoen met die andere, maar in hul siel was daar geen lewe nie. En deur die lange wagtyd is die laaste vonkie geloof volkome gedoof. Hulle is dor en dood van binne.

Die dwase jong meisies vra toe aan die ander vyf of hulle hulle kan help, maar hulle kan nie omdat daar dan vir hulle te weinig olie sal wees. In die dag van die wederkoms van Christus kan ons mekaar nie help nie. Dan staan elke mens in volle verantwoordelikheid vir homself. Dit baat hom nie of sy vader of moeder of vrou of kind nog geloof het nie, hy moet dit self hê.

Ondertussen het die bruidegom gekom. Die verstandige jong meisies gaan hom tegemoet. Hulle is wel beskaamd oor hulle slaap, maar is tog bly dat hulle nog in staat is om hom te verwelkom. En die dwase jong meisies soek nog orals na olie, maar as hulle dan eindelik aanklop by die feessaal, dan is die deure reeds gesluit. Op hulle klaende geroep kry hulle as antwoord: "Ek ken julle nie".

In hierdie gelykenis laat Jesus duidelik sien, dat sy wederkoms nie dadelik sal wees nie, daar sal 'n lang tyd verloop. Hy toon aan dat die kerk op aarde aan die slaap sal raak. Maar een ding is beslissend in daardie grote dag: of daar nog olie van die H. Gees is, of die lamp van ons geloof nog brand in ons hart. As dit nog so is, dan sal die end tog heerlik wees. Maar as dit nie so is nie, dan sal ons nooit kan ingaan nie.

"Waak dan, sê Jesus, omdat julle die dag en die uur nie weet, waarop die Seun van die mens kom nie."

C. Die Talente

(Matt. 25:14-30)

Hierdie tweede gelykenis het heeltemal 'n ander onderwerp. As ons waaksaam moet wees, dan moet ons ook ons roeping as diensknegte van Christus verstaan. Ons mag nie maar lydelik neersit en sy koms afwag nie. Nee, ons moet ons gawes en talente gebruik en daarmee werksaam wees met die oog op sy koms. Dit leer Jesus ons in die gelykenis van die talente. Wat die vorm betref herinner hierdie gelykenis ons sterk aan die van *die ponde,* wat Jesus vroeër in Jerigo uitgespreek het (Luk. 19:11-27). Tog is daar verskilpunte en die gedagtegang is ook nie gelyk nie.

'n Man het op reis gegaan en het sy besittings aan sy slawe oorgegee. Vir die een het hy vyf talente gegee (tesame byna £2000), vir 'n ander het hy twee gegee en vir 'n ander het hy een gegee. Ons moet daarop let, dat hier 'n duidelike verskil is met die gelykenis van die ponde. Dáár het elke kneg een pond ontvang, hier ontvang die een meer as die ander.

Toe die man na 'n lang tyd terugkom, het die slaaf wat vyf talente ontvang het, nog vyf talente gewin. Sy heer het hom geprys en gesê: "Oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer." Die slaaf wat twee talente ontvang het, het twee ander talente daarby verdien. Hy is deur sy heer met dieselfde woorde begroet.

Heel anders was dit met die slaaf, wat een talent ontvang het. Hy het in 'n soort jaloersheid op sy medeslawe in medelyde met homself en in boosheid op sy heer, sy talent begrawe en niks daarmee uitgevoer nie. Toe sy heer hom roep, het hy hom beskuldig dat hy 'n harde man is, wat alleen maar aan eie wins dink. Hierdie beskuldiging klink so vreemd, omdat ons uit alles wat ons tot nou toe gehoor het, sy heer juis leer ken het as 'n vriendelike en goedgunstige man. Maar hierdie slegte en luie slaaf, wat die een talent begrawe het, wil blykbaar sy eie luiheid bedek deur sy heer te beskuldig. En hy doen dit in bitter woorde. Geen wonder dat sy heer, wat dit heel goed gevoel het dat al hierdie beskuldigings alleen maar uitvlugte was, hom streng behandel het, die talent van hom weggeneem het en hom in die buitenste duisternis laat werp het. Wie met sy talente woeker, sal in die rykdom van die genadelewe toeneem. "Vir elkeen wat het, sal gegee word en hy sal oorvloed hê; maar van hom, wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het". Die derde slaaf is 'n waarskuwende voorbeeld. Elkeen moet tevrede wees met sy talente. Die oneweredige bedeling van gawes kom tog van God. Daarom moet ons dit dankbaar uit sy hand aanvaar.

As ons die gelykenis van die talente naas die van die ponde stel, sien ons die volgende belangrike *verskilpunte:*

a. In die gelykenis van die ponde ontvang alle slawe eweveel, in die van die talente nie. Daaruit blyk, dat die ponde en talente op verskillende sake sien. Die pond is ons roeping van Christus, dis die "Woord (Bybel) waarmee Hy ons roep. Daarin staan ons almal gelyk: elkeen een pond, een roeping, een Bybel. Maar ons staan nie gelyk in gawes van hart en verstand nie. Die een is baie verstandiger, begaafder as die ander. Ons het almal verskillende talente. Die een het meer en die ander minder. In die gelykenis van die talente laat Jesus ons dus sien, dat ons almal wel verskillende gawes het, maar ons moet al hierdie kragte met blydskap in sy diens bestee.

b. In die gelykenis van die ponde word nog gespreek van mense, wat nie wil hê dat hulle heer oor hulle koning moet wees nie. Daardie element ontbreek hier.

c. Die loon is in die gelykenis van die ponde anders as in die van die talente. In die van die ponde ontvang die slawe loon na die maat van wat hulle gewin het. In die van die talente word hulle almal begroet met presies dieselfde woorde: "Gaan in in die vreugde

van jou heer". Die onderskeid van talente word nie gebruik as maatstaf van beoordeling nie.

Die onderskeie belyders van die Naam van Jesus sal eendag op onderskeie wyse beloon word. "Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai" (2 Kor. 9:6). Die sonde wat die man met die een talent vergiftig het, is *selfmedelyde.* Selfmedelyde verlam 'n mens en maak hom slap. Hierdie sonde word gebore uit hoogmoed, en dan gaan 'n mens homself bekla as die slagoffer van 'n harde maatskappy of van 'n wrede noodlot.

D. Die Laaste Oordeel

(Matt. 25:31-46)

In die gelykenis van die talente het Jesus aan sy dissipels duidelik geleer, dat hulle straks in die tyd van sy afwesigheid, dus na sy hemelvaart, al hulle gawes en talente moes bestee in sy diens. In hierdie nuwe gelykenis laat Hy sien hoe ons Hom moet dien. Moet ons handel drywe? Nee, maar ons moet met grote ontferming in hierdie wêreld van lyde en jammer elkeen help, wat ons moet help. Jesus laat dit sien, deur te vertel wat daar op die groot dag van die oordeel sal gespreek word. Dan sal die regverdiges, die egte dissipels, salig gespreek word. Dan sal Hy sê vir die wat aan sy regterhand is: "Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die Koninkryk wat vir julle toeberei is van die grondlegging van die wêreld af". Hulle word salig gespreek omdat hulle Jesus gevoed, gekleed en besoek het. Op hulle verwonderde vraag wanneer hulle dit gedoen het, sal die antwoord wees: "Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen". Dan sal Hy ook vir die ongelowiges en huigelaars aan sy linkerhand sê: "Gaan weg van My af, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele". Waarom is die oordeel so hard oor hulle? Omdat hulle geloof nie in die liefde werksaam was nie. Hulle het die geloof gehad, maar nie die werke nie. Dit was dus 'n dooie geloof. Hulle het alleen aan hulleself gedink en die armste, geringste broeders nie gehelp nie. In hierdie tussentyd, noudat Jesus in die hemel is, kan ons Hom dus dien deur armes te help, siekes te besoek en te verpleeg en hulle die evangelie te verkondig. Wat ons vir hierdie mense doen, doen ons vir Jesus. Ons dien Hom daarmee. Aan die end van hierdie gelykenis teken Jesus die sterk kontras, wat in die oordeelsdag gesien sal word tussen die regverdiges en onregverdiges: "En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe".

Hoofstuk XXI

DIE PAASMAALTYD EN DIE NAGMAAL

A. Die Verraad van Judas

(Matt. 26:14-16; Mark. 14:10, 11; Luk. 22:3-6)

Hierdie klein gebeurtenis in Betánië het in die hart van Judas 'n proses tot rypheid gebring, wat al 'n lang tyd in hom gaande was. Judas het 'n beslissing geneem om Jesus sy Meester aan die owerpriesters te verraai. In die stille aand het hy van Betanië af na die stad gegaan, en nadat hy deur die owerpriesters toegelaat was, vertel hy aan hulle dat hy bereid was om aan hulle die geheime skuilplekke, waar Jesus verkeer, te verraai sodat hulle Hom maklik kan gryp. Dat dit hom om loon te doen was, blyk uit die vraag: "Wat wil u my gee?" Die owerpriesters het hulle hieroor verbly. Die Sanhedrin het juis die vorige dag besluit, dat dit onmoontlik sou wees om Jesus op die fees te vang. Hierdie onverwagte hulp gee hulle nou meteens 'n baie goeie kans. Uit die heilige tempelskat het hulle vir Judas dertig silwerstukke afgeweeg. Vir hierdie prys van ongeveer £4 het Judas *sy* Meester verkoop. Hierdie loon was seker nie hoog nie, dit was die prys van 'n slaaf in die oue tyd (Ex. 21:32). Judas en die owerpriesters het dit op daar die oomblik begryp, dat in hulle duiwelse koophandel die profesie van Sag. 11:12 vervul is: "Toe het hulle my loon afgeweeg: dertig sikkels silwer".

Dis uiters moeilik om na te gaan, hoe Judas tot hierdie verskriklike daad gekom het. Dit lyk of daar reeds lankal in *sy* hart 'n groeiende verset teen Jesus gewees het. Toe Jesus oor sy lyde begin te spreek, het die ander dissipels getrou aan Hom gebly, maar dit lyk of daar in Judas weersin ontwaak het teen sy Meester, wat nog steeds weier om Koning te word. Daar in Kapernaüm, toe Jesus die aardse koningskap afgewys het, het sy sataniese gedagtes in hom ontwaak en het hy Jesus begin haat. Het Hy toe maar heengegaan uit die dissipelkring! Maar nee, hy het by Jesus gebly maar sy liefde was dood. Hy dink alleen nog maar aan homself, aan geld en eer. Noudat Jesus alle kanse om Koning te word laat verbygaan het, nou was die diens van Jesus vir Judas 'n marteling. Uiterlik het hy nog wel met die dissipels saamgelewe, maar innerlik was hy reeds volkome afgeskeie. En toe Jesus daar in Betánië weer oor sy dood en begrafnis gespreek het, toe het dit by hom tot rypheid gekom. So 'n Meester wil hy nie hê nie.

B. Die Voorbereiding vir die Paasmaaltyd

(Matt. 26:17-19; Mark. 14:12-16; Luk. 22:7-13)

Donderdag het aangebreek, "die eerste dag van die ongesuurde brode". Gedurende die sewe dae, wat volg op Paasfees moes Israel ongesuurde brood eet (Ex. 12:19). Die dag voor Paasfees is reeds saamgetel, omdat op hierdie dag alle suurdeeg uit die huise verwyder is. Hierdie verwydering van die suurdeeg het die diepere betekenis gehad, dat die sonde self uit die harte moes verwyder word (1 Kor. 5:7). Op hierdie dag het die dissipels na Jesus gekom met die vraag, waar hulle vir Hom moet klaarmaak om die pasga te eet. Onder pasga moet ons hier die paaslam verstaan, wat geslag moes word as herinnering aan die verlossing uit Egipte (Ex. 12). In die dae van Jesus was dit die gewoonte, dat elke huisgesin soveel moontlik die Paasfees in die huislike kring vier. Die lam is gebraai sonder dat 'n been gebreek mag word. Voorts is daar groot, plat, ronde koeke gebak. Hulle was dun en bros, sodat hulle met die hand gebreek kon word. Voorts is daar bitter kruie gereed gemaak as herinnering aan die moeites en vervolging, wat Israel in Egipte ondergaan het. Dan is daar 'n soort pap uit verskillende soorte vrugte gekook. En eindelik mog die wyn nie ontbreek nie. Al hierdie dinge is in gereedheid gebring vir die plegtige Paasmaaltyd, wat in die aand van daardie dag geëet moes word.

Jesus het vir hierdie doel Petrus en Johannes saam uitgestuur met die opdrag, dat hulle die stad deur die poort moes binnegaan. Dan sou hulle 'n man ontmoet, wat 'n kruik water dra. Hulle moes die man volg tot die huis waar hy ingaan. Daar moet hulle vir die

eienaar van die huis sê: "Die Meester laat weet: my tyd is naby. By jou sal Ek die pasga hou met my dissipels." Jesus gee hier opsetlik geen aanwysing aan sy dissipels, by wie Hy die pasga wil vier nie. Dit moes vir die ander tien 'n geheim bly. Jesus het dit ongetwyfeld gedoen, dat Judas dit nie vooraf sal weet nie. Jesus het dit nie geduld, dat Judas aan die owerpriesters die plek van die Paasmaaltyd sou verraai nie.

Petrus en Johannes het gehoorsaam en alles net so gevind soos Jesus dit vir hulle gesê het. Aan hulle is 'n groot bovertrek aangewys, klaar reggemaak. Dit was seker die huis van 'n gelowige, wat die opdrag van Jesus begryp en graag aanvaar het. Daardie dag het Petrus en Johannes dit baie druk gehad met al die voorbereidsels. Hulle mog self hulle lam slag. Die bloed is opgevang in 'n goue skottel en dan uitgegiet op die altaar.

C. Die Opening

(Matt. 26:20; Mark. 14:17; Luk. 22:14-18; Joh. 13:1)

Dis Donderdagaand. Sodra die eerste drie sterre sigbaar was, is daar vanaf die tempel driemaal op die silwer trompet geblaas as 'n teken dat die dag verby was en dat die groot Paasdag begin het. Op daardie uur het Jesus saam met sy dissipels gegaan na die huis van die gasheer, waar Petrus en Johannes reeds alles klaar gemaak het. Jesus het aan die tafel aangelê en die dissipels het weerskante van Hom aangelê. Toe sê Jesus vir hulle: "Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly". Hy het daaraan gedink, dat hierdie paaslam die simboliese aanduiding van Homself was. Hy was die waaragtige Paaslam, wat geslag is tot versoening van ons sondes (1 Kor. 5:7). Hier op aarde sal Hy dit nooit meer saam met sy dissipels eet nie, "totdat dit in die Koninkryk van God vervul is nie". Toe het Jesus die eerste beker geneem, gedank en gesê: "Neem dit en deel dit onder julle. Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok totdat die Koninkryk van God gekom het nie." Hier dink Jesus aan die groot Paasmaaltyd aan die end van die dae, as die ryk van God tot sy heerlikheid sal gekom het.

D. Die Voetwassing

(Luk. 22:24-27; Joh. 13:2-20)

Ooreenkomstig die vaste gewoonte het die huisvader na die eerste beker opgestaan en sy hande gewas. Toe Jesus opstaan om dit te doen, merk Hy dat sy dissipels juis in 'n heftige woordestryd was oor die vraag, wie van hulle die grootste geag moet wees. Die moeilikheid was: wie van hulle mag die ereplek aan die tafel inneem. Moes Petrus hoër sit as Johannes? Jesus het sy dissipels al meer hieroor gewaarsku, en veral omdat die Fariseërs dit gedoen het. Hierdie keer egter het die twis Hom soveel pyn aangedaan, dat Hy sy dissipels op 'n besondere, onvergeetlike wyse wou vermaan. Hy het sy boklere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak. Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en het begin om die voete van sy dissipels te was en af te droog met die doek, wat Hy omgehad het. Die gasheer het gesorg dat daar 'n bak en water was, maar daar was nie 'n bediende om hulle voete te was nie. In sulke gevalle moes die minste van die geselskap die andere se voete was. Hierdie vernederende werk wou die dissipels nie doen nie, hulle het self nie eens die voete van Jesus gewas nie. En nou het Jesus self hierdie vernederende werk verrig. Hy het Hom daarvoor nie te hoog geag nie, ook al was Hy die Koning van die wêreld. Met verbasing en skaamte het die dissipels dit aanskou en toegelaat, ook Judas Iskariot. "Wat sal daar op daardie oomblik omgegaan het in die hart van Jesus en in die hart van hierdie verraaier!

Toe Jesus by Petrus kom, het hy dit geweier en gesê: "Here, gaan U my voete was?" Jesus antwoord: "As Ek jou nie was nie, het jy geen deel met My nie". Toe het Petrus gesê: "Here, nie alleen my voete nie, maar ook die hande en die hoof". Jesus antwoord: "Hy wat klaar gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein; julle is rein, maar nie almal nie". Die dissipels het voor die maaltyd 'n bad geneem. Hulle was dus letterlik opgevat rein, alleen hulle voete het op die pad weer

onrein geword deur die stof. Maar Jesus het dit veral geestelik bedoel. Die dissipels was rein, omdat hulle in Jesus geglo het, omdat hulle sy woord aangeneem het (Joh. 15:3). Tog moes hulle *daagliks* opnuut deur die Meester gereinig word. Al is ons sondes vergewe, tog word ons as gelowiges daagliks deur die wêreld besmet. Daarom is daaglikse bekering noodsaaklik. Die dissipels was rein behalwe Judas. Hy was in hierdie diepere sin nie rein nie.

Toe Jesus klaar was, het Hy weer sy boklere aangetrek, aan tafel gegaan en die uitlegging gegee, van wat Hy gedoen het. Hy, die Meester, het as bediende sy leerlinge gedien. Hoeveel te meer moes hulle dan leer om mekaar te dien! En nou stry hulle daaroor wie die grootste van hulle is. Hulle moet dit begryp, dat daar in die Koninkryk van die hemele geen konings en maghebbers is nie. Wie daar die meeste is, is almal se dienaar. Wie daar die hoogste staan die vernedfer hom die diepste. Jesus dien ons almal tot in die dood toe. Hoeveel te meer moet ons nou mekaar dien! Niemand mag homself daarvoor te hoog ag nie, waar Jesus Hom so diep verneder het. Jesus het ons hier 'n voorbeeld gegee. Ons is ook skuldig om mekaar se voete te was. Geen offer moet vir ons te swaar wees en geen vernedering te diep in die Koninkryk van God nie. Ons moet hier navolgers van Christus wees.

Toe het Jesus in grote ontroering hierdie woorde gespreek: "Ek spreek nie van julle almal nie, Ek weet wie Ek uitverkies het, maar dat die Skrif vervul word: Hy wat saam met My brood eet, het sy hakskeen teen My opgelig" (Ps. 41:10).

E. DIE PAASMAALTYD

Die volgorde in die Paasmaaltyd was as volg:

a. Na die eerste beker is die bitter kruie in suur sous gedoop en geëet.

b. Daarna is die ongesuurde brode en die lam binnegebring en op tafel gesit.

c. Weer is bitter kruie geëet, nadat dit in die pap gesteek was.

d. Die rondgang van die tweede beker. Hierby is dan deur die jongste in die huisgesin gevra na die betekenis van al hierdie gebruike.

e. Die huisvader vertel dan die geskiedenis van die verlossing uit Egipte. Daarop word die eerste deel van die lofsang (Hallel) gesing (Ps. 113, 114).

f. Daarna het die huisvader sy hande gewas, en twee brode geneem en gebreek, terwyl hy hierdie woorde uitspreek: "Dit is die brood van die ellende, wat ons vaders in Egipteland geëet het". Daarna het die huisvader ook van die lam geëet, nadat hy eers gedank het. Dan het alle aanwesiges geëet.

g. Aan die slot van die maaltyd het die huisvader 'n laaste stuk van die lam geneem en daarna mog niemand meer eet nie. Die huisvader het dan weer sy hande gewas. Dan is die derde beker rondgegee en gedrink. Daarna is die tweede deel van die lofsang (Hallel) gesing (Ps. 115-118). Aan die end daarvan het die vierde beker rondgegaan.

F. Die Aanwysing van die Verraaier

(Matt. 26:21-25; Mark. 14:18-21; Luk. 22:21-23; Joh. 13:21-30)

Terwyl hulle besig was met die Paasmaaltyd is Jesus deur 'n hewige ontroering aangegryp. Hy dink aan Judas wat Hom nog in daardie selfde nag sal verraai: "Voorwaar Ek sê vir julle, een van julle sal My verraai". Dit was nie die eerste keer dat Jesus op die verraad van Judas gesinspeel het nie (Joh. 6:10), maar tot nou toe het sy dissipels daar nooit veel aandag aan geskink nie. Maar nou het Jesus dit so openlik uitgespreek, dat die dissipels baie bedroef geword en angstig gevra het: "Is dit miskien ek, Here?" Toe antwoord Jesus: "Hy wat saam met My *sy* hand in die skottel insteek, hy sal My verraai. Die Seun van die mens gaan wel heen soos daar van Hom geskrywe is, maar wee daardie man deur wie die Seun van die mens verraai word! Dit sou vir hom goed gewees het as daardie man nie gebore was nie." Op daardie selfde oomblik het Judas hom na

Jesus toe gebuig en het geveinsdelik gevra: "Is dit ek, Here?" Jesus antwoord hom: "Jy het dit gesê". Toe het Jesus 'n stukkie van die lam geneem en dit in die bitter sous ingedoop en dit aan Judas gegee. Nadat Judas die stukkie geneem het, het die satan in hom ingevaar. Rustig en seker het Jesus Judas aangekyk en gesê: "Wat jy doen, doen dit haastig". Die ander dissipels het dit nie verstaan nie, maar hulle het gemeen dat Judas iets vir die fees moes gaan koop of dat hy iets aan die armes moes gee, omdat hy die beurs gehad het. Toe Judas dan die stukkie geneem het, gaan hy dadelik uit. En dit was nag, ja, die ewige nag van Gods oordeel.

G. DIE INSTELLING VAN DIE NAGMAAL

(Matt. 26:26-29; Mark. 14:22-25; Luk. 22:19, 20; 1 Kor. 11:23-25)

Toe Judas die saal verlaat het, voel Jesus dat sy einde nou naderkom. Hy het toe vir die laaste maal 'n stuk brood geneem, gedank, dit gebreek en gesê: "Neem, eet, dit is my liggaam wat vir julle gebreek word, doen dit tot my gedagtenis". Jesus spreek nou nie meer oor die verlede nie. Hy laat die ou geskiedenis van die verlossing uit Egipte nou los. Hy sê nie: "Dit is die brood van die ellende wat ons vaders in Egipte geëet het". Nee, Hy gaan nou uit die simbool oor in die werklikheid. Hy is self die brood en Hy is self die ware Paaslam. Hy is die ware Paasbrood, wat gebreek is tot verlossing van die wêreld. "Neem, eet!" Dit beteken: glo in My en in my offer, wat Ek vir julle volbring het. Van nou af is die Paasfees nie meer 'n herinnering aan die lam wat in Egipte geslag is nie. Maar nou is dit die herinnering die gedagtenis aan die ware Paaslam, Jesus Christus, wat vir ons sondes gesterf het.

Almal het 'n oomblik geswyg. Toe het Jesus die derde beker van die Paasmaaltyd geneem, die beker van danksegging, en gesê: "Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis". Die O.T. van skaduwees en simbole het nou verbygegaan. Hierdie beker is nou die teken van die nuwe testament deur die bloed van Jesus, wat ons sondes gedra het. As ons hierdie brood eet en hierdie beker drink, dan neem ons Jesus self op in ons hart. Dan word ons een met Hom en met sy offer. Want Hy het gebreekte brood gegee. Sy eie liggaam moes eers verbreek, d.i. gedood word, sodat Hy ons sou kan red.

H. Die hoëpriesterlike Gebed

(Joh. 17)

Nadat Jesus sy afskeidswoorde tot sy dissipels gespreek het, het Hy sy oë na die hemel opgehef en gesê: "Vader, die uur het gekom, verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik". Verder het Jesus in hierdie hoëpriesterlike gebed gebid vir sy werk, sodat vele God sou ken en in Hom die ewige lewe vind. Verder het Hy vir sy dissipels gebid, sodat hulle in diepe blydskap deur sy genade sou lewe en veilig sou wees te midde van die versoeking en bewaard sou bly van die Bose. Eindelik het Hy gebid vir almal, wat deur die woorde van die Apostels in Hom sou glo, sodat hulle almal een mag wees in Hom en sodat hulle eenmaal sy heerlikheid kan aanskou, wat die Vader Hom gegee het.

I. Die End van die Paasmaaltyd

(Matt. 26:30; Mark. 14:26; Joh. 18:1)

Na die hoëpriesterlike gebed het hulle almal vir die laaste keer saamgesing uit die tweede gedeelte van die Hallel (Ps. 115-118). Hulle het saam uit die vierde beker gedrink. Toe het hulle van die oppersaal afgedaal na die straat. Deur die stille strate van Jerusalem het hulle na die poort van die stad gegaan en vandaar oor die spruit Kedron, waar daar 'n tuin was. Hier het hulle in die tuin van Getsémané gegaan. So het Jesus sy lyde tegemoet gegaan.

Hoofstuk XXII

IN GETSÉMANÉ

A. Op Pad daarheen

(Matt. 26:31-35; Mark. 14:27-31; Luk. 22:31-38; Joh. 13:36-38)

Op die sombere tog na Getsémané het Jesus sy dissipels nog 'n keer daarop gewys, wat daardie nag met Hom sou gebeur. Die gesprek het begin met 'n vraag van Petrus: "Here, waar gaan U heen?" Petrus het dit toe nog nie begryp, dat Jesus tot in die diepte van die dood sou ingaan nie. Jesus antwoord hom en sê: ""Waar Ek heengaan, kan jy My nou nie volg nie, maar later sal jy My volg". Hulle tyd het nog nie gekom nie, maar later sal ook hulle om sy ontwil die dood moet smaak. Na hierdie woorde het Jesus hulle openlik vertel, dat hulle almal in hierdie nag ontrou sou word, "Want daar is geskrywe: Ek sal die herder slaan, en die skape van die kudde sal verstrooi word" (Sag. 13:7). Jesus voeg nog hierdie belofte daaraan toe: "Maar nadat Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uit na Galilea gaan". Tog het die dissipels Hom nou nog nie begryp nie. Petrus het hom geërger aan hierdie sombere woorde van Jesus, soos hy dit ook in Sesarea-Filippi gedoen het toe Jesus sy lyde aangekondig het. Hy sê vir Jesus: "Here, waarom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U gee." Toe Jesus hierdie woorde hoor, is sy siel met 'n diepe smart vervul, want Hy weet wat daar met Petrus wat so vol vertroue is nog daardie selfde nag sal gebeur. Daarom kyk Jesus hom aan en sê: "Simon, Simon, kyk, die satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie mag ophou nie; en as jy eenmaal bekeerd is, moet jy jou broeders versterk." Toe Petrus en ook die ander dissipels nog voortgaan om te betuig, dat hulle terwille van Jesus die dood sal trotseer, het Jesus vir Petrus gesê: "Sal jy jou lewe vir My gee? Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, die haan sal sekerlik nie kraai totdat jy My driemaal verloën het nie." Petrus het stil gebly. Jesus herinner hulle toe daaraan, hoe Hy hulle vroeër uitgestuur het sonder beurs en knapsak en skoene en hulle het niks kort gekom nie. Maar nou het die tye verander. Die tyd van vervolging sou nou vir hulle aanbreek, en daarom is dit nou nodig vir hulle om wel 'n beurs en 'n knapsak saam te neem. "En wie dit nie het nie, moet sy kleed verkoop en 'n swaard koop. Want Ek sê vir julle, dat dit wat geskrywe is, nog aan My vervul moet word: En Hy is saam met die misdadigers gereken" (Jes. 53:12). Die woorde oor die beurs en die swaard het Jesus ongetwyfeld figuurlik bedoel. Dit was in elk geval nie sy bedoeling, dat sy dissipels hulle ooit met die swaard teen hulle vyande sou verdedig nie. Hulle swaard sou van nou af die "Woord van God wees (Ef. 6:17). Maar die dissipels het hierdie woorde letterlik opgevat. Twee van hulle het toe hulle swaarde uitgetrek en dit aan Jesus getoon. Jesus wou op daardie oomblik nie verder met hulle redeneer nie en sê: "Dit is genoeg".

B. Die Uur van Benoudheid

(Matt. 26:36-46; Mark. 14:32-46; Luk. 22:39-46)

Toe hulle by Getsémané kom, het Jesus geweet dat die Sanhedrin 'n bende sou stuur, wat Hom daar sou soek en vind. Hy moet nou oorgelewer word in die hande van sondaars. Daarom het die verskrikking van die lyde aan die ingang van Getsémané op Hom geval. Daarom laat Hy agt van sy dissipels by die ingang agter. Hy voel dat Hy in daardie nag die verskrikking van die dood moet deurworstel. Daarom neem Hy alleen Petrus, Jakobus en Johannes saam en gaan met hulle dieper die tuin in.

Toe het Hy begin om bedroef en baie benoud te word. Daarom sê Hy vir hulle: "My siel is diep bedroef tot die dood, bly hier en waak saam met My". Hy sou van God verlaat word en die dood as verskriklike straf oor die sonde sou oor Hom kom. As daar 'n mens was wat na die lewe gedors het, dan was dit Hy. Die dood, die duisternis, die verlating was so vreemd vir Hom, dat Hy verbaas was oor hierdie gruwel en baie beangs was. Hy het tot die dood toe benoud geword. Hier moes Hy die verskrikking eers ten volle

deurworstel, sodat Hy in sy lyde 'n gewillige offer sou wees. Dit moes te vore vasstaan, dat daar aan sy gehoorsaamheid niks ontbreek het nie, anders het sy offer geen waarde gehad nie. In Hebr. 5 lees ons, dat Jesus gehoorsaamheid geleer het uit wat Hy in Getsémané gely het. Hy het Hom toe nie ver van sy drie dissipels verwyder nie, sodat hulle Hom in sy gebedsworsteling kon sien en hoor. Daar het Hy toe op sy knieë geval en gesmeek: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil".

Die woord "beker" herinner aan die Israelitiese gesinslewe. Dit was in Israel die gewoonte dat elkeen in sy beker sy spys en drank kry, sy deel wat die huisvader oor hom beskik. Daarom is hierdie beeld ook dikwels gebruik, wanneer daar aan God gedink word. Alle mense is in sekere sin kinders van God en God gee aan elke mens die deel, wat Hy oor hom beskik het. Die een kry in sy beker vreugde en die ander moeite en sorge. Ook Jesus kry 'n beker uit die hand van sy Vader, maar die inhoud van die beker is so vreeslik, so vol van smart, dat Hy soos 'n kind vra of die beker nie by Hom kan verbygaan nie. Hoeseer Jesus ook teen die lydensbeker opgesien het, tog het Hy Hom heeltemal oorgegee aan die wil van sy Vader. Jesus was ook vlees soos ons. Die gees in Hom moes die vlees volkome oorwin. Nie die verskrikking van sy vlees nie, maar die wil van God tot verlossing van die wêreld moes die beslissing gee. So het Hy geveg teen die verskrikking en het Hy die swakheid van sy vlees beheers. Nie een enkele oomblik was die vlees die meerdere in Hom nie. In die begeerte na die verlossing van die wêreld was Hy dit met die Vader volkome eens.

So het Hy biddende die vlees in sy mag. Toe staan Hy op en gaan na sy drie dissipels. Meer as ooit het Hy in hierdie nag behoefte aan vriendskap en steun gehad. Maar toe Hy by hulle kom, het Hy hulle aan die slaap gevind. Toe sê Hy vir Petrus: "So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie? "Waak en bid dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak." Jesus het wel die vlees in Hom beheers, maar dit wil nie sê dat die verskrikking nie telkens weer met nuwe krag op Hom aankom nie. Telkens was daar weer die vreeslike angs. Daarom gaan Hy weer weg om alleen te stry. Vir die tweede maal het Hy gebid en gesê: "My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied". Daar is 'n opklimming in die gebed van Jesus. Sy hart was nou rustiger. Hy sien nou, dat al daardie lyde oor Hom moet kom en dat Hy die beker moet leeg drink tot op die bodem. Maar nou kan Hy dit met grote oorgawe in die hande van sy Vader lê: "Laat u wil geskied".

Toe kom Hy en kry die drie dissipels weer aan die slaap, want hulle oë was swaar. Hy het hulle met rus gelaat en weer vir die derde maal gaan bid en dieselfde woorde gesê. Hy sien weer hoe daardie vreeslike lyde op Hom aankom, maar Hy voel Hom nou rustiger. Sy Vader was by Hom. Hy het Hom daardie beker gegee en uit sy hande wil Hy dit ontvang. Nee, nie die Fariseërs en nie Pilatus sou Hom al daardie leed aandoen nie. Dit is die Vader in die hemel wat dit gewil het, dat sy Seun dit alles sou dra. En sal Hy Hom dan nie onder die wil van sy Vader buig nie?

Toe het 'n engel uit die hemel aan Hom verskyn en Hom versterk. Noudat die dissipels in gebreke gebly het om hulle Meester te ondersteun, nou het God self gesorg vir 'n trooster in die grootste van alle smart. Dit was juis die oomblik toe Hy in 'n sware stryd gekom het en met groter inspanning gebid het, sodat sy sweet geword het soos bloeddruppels wat op die grond val. Jesus het hier innerlik deurworstel wat Hy op Golgota sou ly. Hy het vreeslik in daardie angs geworstel, maar Hy het die Vader biddend vasgehou. Deur hierdie gebedsworsteling het Hy ook die verskrikking eindelik oorwin.

Vir die laaste maal staan Hy op en gaan na sy dissipels. Hy het nou hulle hulp nie meer nodig nie, wat dit betref mag hulle nou maar langer slaap en rus. Die stryd is nou volstry, die grote Hoëpriester het Hom soos 'n lam oorgegee in die hande van *sy* Vader. Maar nou is die uur ook naby, dat die Seun van die mens oorgelewer word in die hande van sondaars. "Staan op, laat ons gaan, hier is hy naby wat My verraai!"

C. Die Gevangeneming

(Matt. 26:47-56; Mark. 14:43-50; Luk. 22:47-53; Joh. 18:1-11)

Nouliks het Jesus die stryd in Getsémané uitgestry en vir sy dissipels gesê, dat hulle moes opstaan, of daar het 'n bende aangekom, gewapend met swaarde en stokke. Hierdie bende was deur die Sanhedrin gestuur. Aan die hoof van hierdie bende was Judas. Hy het daardie aand van die Paassaal na die paleis van die hoëpriester gegaan. Die saak het vir die owerpriesters nou baie ingewikkelder geword, want hulle sou Jesus nou nie kan oorval nie, immers Jesus was van alles op die hoogte. Die ou plan om Jesus op 'n stil plek uit die weg te ruim moes hulle nou laat vaar. Hulle sal nou die moeilike, offisiële weg moet bewandel, die weg van openbare arrestasie en geregtelike vonnis. Dit sal wel erg moeilik wees om 'n aanklag te vind, maar hulle mag nie langer aarsel nie. Hulle besluit toe tot arrestasie. Dadelik is die tempelwag met hulle voorman opgekommandeer, maar hulle was bevrees dat hierdie magte te min was. Daarom het hulle dadelik 'n berig na Pilatus gestuur en om militêre hulp gevra. Vanuit die vesting Antonio is daar toe 'n bende soldate gestuur. Al hierdie dinge is 'n bewys, dat hulle op 'n bloedige geveg gereken het.

Johannes verhaal ons, dat Judas die afdeling soldate en die dienaars van die owerpriesters en die Fariseërs geneem het. Hulle het daar in Getsémané gekom met fakkels en lampe en wapens. Enkele Fariseërs en owerpriesters het saamgegaan, en het hulle by die troepe aangesluit om getuie van Jesus se arrestasie te wees.

Judas, die verraaier, het vir hulle 'n teken gegee en gesê: "Die een wat ek sal soen, dit is Hy, gryp Hom". In sy senuagtige haas het Judas 'n fout gemaak. Hy het te vinnig geloop. Daardeur het dit gekom dat hy by Jesus was, toe die soldate nog 'n end agter hom was. Hy het lynreg na Jesus geloop, Hom omhels met die woorde: "Gegroet, Rabbi!" Toe het hy Hom gesoen. Blykbaar wou Judas dit so laat voorkom het, asof hy deur die soldate oorval was en nou haastig Jesus kom waarsku vir die naderende gevaar. Tot die end toe het hy probeer om daarvoor te sorg, dat sy mede-dissipels nie die indruk kon kry dat hy 'n verraaier was nie. Maar hierdie spel van Judas was so satanies, dat Jesus hom van Hom afgeskud het en verontwaardig gesê het: "Judas, verraai jy die Seun van die mens met 'n kus?"

'n Oomblik later het die soldate gekom. Hulle sien Judas by Jesus staan. Hulle weet nou wie hulle moet gryp, maar in verleentheid het hulle 'n oomblik stilgestaan. Toe het Jesus self die leiding geneem. Met onbegryplike kalmte het Hy hulle tegemoet gegaan en hulle gevra: "Wie soek julle?" Hulle antwoord Hom: "Jesus, die Nasaréner". Toe Hy sê dat dit Hy is, het daar 'n skok deur almal gegaan. Hulle het agteruit gegaan en op die grond geval. In een oomblik laat Jesus sien, dat een woord van Hom voldoende was om hulle almal te vernietig. Wat baat hulle swaarde en stokke teenoor iemand, wat in die majesteit van God staan? Hulle mog Jesus gryp en weglei, maar dan is dit alleen omdat Hy dit so gewil het.

Toe hulle weer opgestaan het, het Jesus nog 'n keer gevra: "Wie soek julle?" Jesus antwoord: "Ek het vir julle gesê, dat dit Ek is. As julle My doen soek, laat hierdie manne weggaan." Op hierdie oomblik van die gevangeneming het Jesus in sy troue en onbegryplike liefde aan sy dissipels gedink. Toe kom hulle nader en slaan die hande aan Jesus en gryp Hom. Die dissipels was deur hierdie selfoorgawe van Jesus heeltemal in die war. Wat moes daar nou van sy koningskap tereg kom? Hulle het dit nou nog nie verstaan, dat die weg van lyde en van versoening van ons sondes die weg tot die heerlike koningskap in genade was. Veral Petrus was erg verontwaardig. Hy het meteens sy swaard getrek en die oor van die slaaf van die hoëpriester afgekap. Hierdie teken van verset het byna tot 'n algemene geveg gelei. Die soldate wou die dissipels met geweld gryp, maar ook hier het Jesus weer die leiding geneem. Hy staan daar tussen hulle as 'n koning. Hy buk, raak die oor aan en genees dit. Toe sê Hy vir Petrus: "Sit jou swaard in sy plek terug, want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan. Of dink jy dat Ek nie nou my Vader kan bid, en Hy sal vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar stel nie? Hoe sou dan die Skrifte vervul word, dat dit so moet gebeur?"

Jesus wil hiermee sê: Dit nie die mense wat My straf nie, Petrus. Dis my Vader in die hemel, wat hierdie lyde oor My laat kom, terwille van die sondes van die wêreld. En uit sy hand wil Ek die beker van smarte vrywillig aanvaar.

Petrus het toe teruggestaan, beskaamd en teleurgestel. Terwyl die soldate vir Jesus gebind het, het die owerpriesters en ouderlinge met blydskap gestaan en kyk. Jesus sê vir hulle: "Het julle teen 'n rower uitgekom met swaarde en stokke om My gevange te neem? Dag vir dag het Ek by julle gesit en leer in die tempel, en julle het My nie gegryp nie. Maar dit het alles gebeur dat die Skrifte van die profete sou vervul word."

Jesus is toe as 'n rower gebind en deur die Kedrondal heen gelei na die Sanhedrin, wat nog in daardie nag vergader het. Toe het al die dissipels Hom verlaat en gevlug.

D. Die Jongman

(Mark. 14:51, 52)

Markus verhaal ons van 'n sekere jongman, wat Jesus gevolg het. Hierdie jongman was waarskynlik Markus self. Dis opmerklik dat alleen Markus hierdie geskiedenis verhaal. Dis heel waarskynlik dat Jesus met sy dissipels die laatste maaltyd in die huis van Maria, die moeder van Markus, gehou het. Ons moet ons die gang van sake dan so voorstel, dat Judas, toe hy die bende van die Sanhedrin verkry het, eers na die huis van Maria gegaan het om te sien of Jesus nog daar was. Markus was toe nog 'n jongman. Toe die soldate daardie nag daar aankom om te sien of Jesus nog daar was, het hy wakker geskrik. Hy is deur die koms van die soldate gewaarsku, dat daar onraad gebroei het. Haastig het hy uit sy bed opgestaan om Jesus te gaan waarsku. Hieruit sien ons die persoonlike verbondenheid en die argloosheid van hierdie jeugdige volgeling van Jesus. In sy haas het hy geen tyd gehad om aan te trek nie. Hy het maar alleen 'n laken omgeslaan, en so het hy op straat gegaan na Getsémané om Jesus te waarsku. So het hy daar van ver af gesien, hoe Jesus gevange geneem is. Die soldate het hom daar gegryp, maar hy het die laken laat staan en het nakend van hulle weggevlug. Dit was Markus se herinnering aan daardie nag van verskrikking, en hierdie herinnering vertel hy ons in sy evangelie.

Hoofstuk XXIII

DIE VEROORDELING DEUR DIE SANHEDRIN

A. Die Voorondersoek

(Joh. 18:12-14, 19-24)

Vir die owerpriesters en skrifgeleerdes het die moeilike oomblik nou aangebreek. Alles het anders verloop as wat hulle verwag het. Alles het in volkome stilte en rus verloop. Die gevolg hiervan was, dat die Romeinse soldate nie daaroor gedink het om Jesus na die vesting Antonio te bring nie. As Hy Hom verweer het, dan sou hulle Hom as 'n rebel in die gevangenis opgesluit het en later veroordeel het. Maar noudat daar geen enkele daad van verset was nie het die Romeinse offisier vanselfsprekend Jesus in die hande van die Sanhedrin gelaat. Hulle moet nou 'n aanklag teen Hom vind en getuies soek.

Daar lê in al hierdie dinge 'n duidelike, sigbare leiding van God. Die Sanhedrin se plan was om Jesus heimlik uit die weg te ruim, maar hierdie plan het nou misluk. Die Sanhedrin het nog gehoop, dat Jesus en sy dissipels hulle sou verset. Maar nou het dit anders gegaan as hulle gedink het. Die Sanhedrin moet nou dadelik 'n aanklag teen Hom bedink. Dit was die wil van God, dat Israel deur hulle hoogste geregshof hulle offisieel sou uitspreek oor die Messias.

Jesus is toe gelei na die huis van Annas. Annas was 'n man van groot invloed in Israel. Hy was oud maar nog skerp en helder van verstand. Deur sy rykdom het hy 'n baie aansienlike invloed op die gang van sake gehad. Die goewerneur sou nie graag die wil van Annas weerstaan nie, want hy het deur sy geld magtige vriende tot selfs in Rome. Vroeër was Annas hoëpriester, en na hom is die hoëpriesterlike amp agtereenvolgens deur vyf van sy seuns, 'n kleinseun en 'n skoonseun beklee. Die laaste, nl. die skoonseun, was Kajafas. Annas het tydens die hoëpriesterskap van Kajafas 'n baie belangrike rol gespeel. Hy is toe ook nog as hoëpriester aangespreek.

Annas was blykbaar gevra om 'n voorondersoek in te stel, sodat hulle as die Sanhedrin begin 'n aanklag sou kan indien. Hierdie voorondersoek van Annas het egter op niks uitgeloop nie. Annas het Jesus begin ondervra oor sy dissipels. Daarop wou Jesus geen antwoord gee nie. Toe het hy Jesus oor sy leer ondervra. Ook daarop wou Jesus nie antwoord nie. Hy het alleen dit gesê: "Ek het ronduit met die wêreld gespreek, Ek het altyd in die sinagoge geleer en in die tempel waar die Jode van alle kante bymekaarkom, en in die geheim het Ek niks gespreek nie. Wat ondervra u My? Ondervra hulle wat gehoor het wat Ek met hulle gespreek het, hulle weet tog wat Ek gesê het." Hieroor was een van die dienaars van Annas so verontwaardig, dat hy Jesus in die aangesig geslaan het en gesê het: "Antwoord U die hoëpriester so?" Jesus wend hom na hierdie dienskneg en sê: "As Ek verkeerd gespreek het, getuig dan van die verkeerdheid; maar as Ek reg gespreek het, waarom slaan jy My?" Annas het nie geweet, wat Hy moes sê nie. Daarom het Hy Jesus geboeid na Kajafas, die hoëpriester, gestuur.

B. Voor die Sanhedrin

(Matt. 26:57-68; Mark. 14:53-65; Luk. 22:63-71)

Intussen het die lede van die Sanhedrin saamgekom, sewentig in getal. Gewoonlik het hierdie groot Raad êrens in een van die geboue van die tempel vergader, maar omdat dit nag was en alles geheim was, moes hierdie sitting in die paleis van Kajafas gehou word. Die getuies is eers opgeroep. Haastig het hulle 'n menigte getuies saamgebring. Dit was almal mense, wat belus was op beloning. Hulle getuienisse was egter so uiteenlopend, dat daar geen eenstemmigheid verkry kon word nie. En tog moes daar volgens die wet twee of drie getuies wees, wat heeltemal eenstemmig was. Anders mog daar geen doodvonnis uitgespreek word nie, (Deut. 17:6). Eindelik het daar tog twee getuies opgetree, wie se getuienis byna eenparig was. Die een sê: "Hierdie man het gesê: Ek

kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou". Die ander een beskuldig Jesus dat Hy gesê het: "Ek sal hierdie tempel wat met hande gemaak is, afbreek en in drie dae 'n ander een opbou wat nie met hande gemaak is nie". So selfs was hulle getuienis nie eenders nie. As Kajafas die moeite geneem het om die saak ernstig te ondersoek, dan sou hy verneem het dat hierdie twee getuies vals was. Jesus tog het van sy liggaam aileen dit gesê: "Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek dit oprig". Die woorde "wat met hande gemaak is" is dus slegs 'n versinsel. Maar Kajafas neem nie die moeite nie. Dis 'n regsitting waarin nie die reg gesoek word nie, waarin ook nie die verstand spreek nie, maar waarin die onstuimige hartstog teen Jesus voortdurend aan die woord is. Tog kon Kajafas hierdie twee aanklagte moeilik aanvaar.

Maar hy weet 'n ander weg: hy staan op, rig hom na Jesus en sê: "Antwoord U niks nie? Wat getuig hierdie manne teen U?" Jesus het stil gebly en geen antwoord gegee nie. As Hy voor 'n vergadering gestaan het, wat werklik die reg gesoek het, dan sou Hy wel geantwoord het. Maar hier help geen enkele woord nie. Hier is geen reg nie, maar alleen haat. Jesus wou Hom ook nie verontskuldig voor hierdie valsaards nie.

Toe antwoord die hoëpriester en sê vir Hom: "Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God is?" Jesus moes onder eed verklaar, dat Hy die Christus, die Seun van God is. Op hierdie vraag kon Jesus nie swyg nie. Hy is die Messias en dit wil Hy selfs voor die Sanhedrin nie verloën nie. As hulle Hom as Messias nie wil aanvaar nie, laat hulle Hom dan doodmaak. Nie om een of ander misdaad kan hulle Hom doodmaak nie. Hulle moet Hom alleen veroordeel, omdat Hy die Messias is en omdat Israel so'n Messias nie begeer nie. Daarom antwoord Jesus: "Ja, Ek is die Christus. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel." Daniël het gesê dat die Seun van die mens sou kom op die wolke van die hemel (Dan. 7:13), en Dawid het gesê, dat die Messias aan die regterhand van die Here sou sit (Ps. 110:1). Dit sou van nou af aan vervul word, d.i. van nou af begin dit, deur die vernedering gaan Ek tot die verhoging. Eenmaal sal julle onregverdige regters voor my troon staan. En hoe vreeslik sal julle oordeel in daardie dag wees, as julle jul nie bekeer nie.

Hierdie magtige woorde van Jesus het ongetwyfeld 'n diep indruk gemaak. Die hoëpriester het egter nie eers gesidder nie. In geveinsde smart oor soveel godslastering het hy sy klere geskeur en gesê: "Hy het godslasterlik gespreek, wat het ons nog getuie nodig! Daar het julle nou sy godslastering gehoor. Wat dink julle?" Toe antwoord almal: "Hy is die dood skuldig". Ons moet aanneem dat Nikodemus en Josef van Arimatea nie daarby was nie. Dis waarskynlik dat Kajafas die lede van die Sanhedrin, wat enigsins verdag is, nie laat aansê het nie.

Daarmee was die saak van Jesus voorlopig beslis. Daar het toe 'n afskuwelike toneel gevolg. Die diensknegte van die hoëpriester het in sy gesig gespuug en Hom met die vuis geslaan. Hulle het toe 'n doek oor sy gesig gegooi en Hom geslaan, terwyl hulle spottende vra: "Profeteer vir ons, Christus! "Wie is dit wat U geslaan het?" Daar het Jesus in hulle midde gestaan, gebonde, bespot, gehoon en geslaan. Dit was of die hel teen Hom losgebreek het. Dit was die lyde wat Hy vir ons gedra het. Hoe swaar was vir Jesus die weg om tot die waaragtige koningskap in genade te kom!

C. Die Verloëning van Petrus

(Matt. 26:69-75; Mark. 14:66-72; Luk. 22:54-62; Joh. 18:15-27)

Dit was vir Petrus die donkerste nag in sy lewe. Toe Jesus gevange geneem is, het hy weggevlug. Later het hy Johannes ontmoet. Saam met Johannes het hy toe van ver af die soldate en Jesus gevolg tot by die huis van Annas. Volgens die eerste drie evangelies lyk dit, of Petrus en Johannes saam deurgeloop het na die huis van Kajafas. Die verloëning van Petrus sou dan plaasgevind het net na afloop van die verhoor voor Kajafas. Volgens die evangelie van Johannes het die verloëning voor die verhoor by Kajafas plaasgevind. Ons moet ons die verloop van sake dan só voorstel:

Johannes het die toegang tot die paleis van die hoëpriester verkry, omdat hy 'n bekende van die hoëpriester was. Johannes het also met Jesus in die huis van Annas gegaan, maar Petrus het met die soldate agtergebly in die binneplaas van die paleis. Van daaruit kon hy Jesus sien staan. Sombere gevoelens was daar in die hart van Petrus. Hy het die gevoel asof hier orals vyande op hom loer. Bowendien was sy hart gepynig deur die bitter teleurstelling van daardie nag. Waarom het Jesus tog nie sy mag geopenbaar nie? Alles in Petrus het daarteen in opstand gekom. Hier verkeer hy nou in die binneplaas saam met die soldate en diensmeisies. Petrus oorskat nog sy kragte. Daar is by hom gebrek aan selfkennis. Daarom het Jesus hom gewaarsku, dat hy Hom driemaal sal verloën voordat die haan kraai. Jesus het gewaarsku: "Waak en bid dat julle nie in versoeking kom nie". Petrus het hierdie vermaning so gou vergeet en hier soek hy nou waarlik die plek van versoeking op. Hy het toe daar by die soldate in die middel van die binneplaas gaan sit. Daar tussen die soldate as vyande van Jesus swyg hy as hulle met Jesus die spot drywe. Reeds hier het hy Jesus al verloën. Maar nou volg 'n verloëning met die daad. Die diensmeisie, wat hom binnegelaat het, het na hom toe gekom en gesê: "Jy was ook by Jesus, die Galileër!" Maar Petrus het dit ontken en gesê: "Ek weet nie wat jy sê nie". Petrus begin dit benoud kry. Hy wil die binneplaas verlaat, maar toe hy uitgaan na die poort toe sien 'n ander meisie hom. Sy sê toe vir die wat daar was: "Hierdie een was ook by Jesus, die Nasaréner". Petrus het dit met 'n eed ontken. En om nou te toon, dat hy niks gemeen met Jesus het nie, gaan hy terug en begin hom selfs in te meng in die gesprek van die soldate. Maar nou verraai sy Galilése tongval hom. Dit duur dan ook nie lank nie of een van die soldate sêr "Waarlik, jy is ook een van hulle, want ook jou spraak maak jou bekend". Petrus het toe begin om homself te verwens en te sweer, dat hy Jesus nie ken nie. Op daardie oomblik het die haan die tweede maal gekraai. Petrus het bleek geword. Opeens het hy wakker geword uit sy roes van boosheid en ergernis. Angstig kyk hy om hom heen. Juis toe gaan die deur van die huis van Annas oop. Jesus word nou van Annas na die paleis van Kajafas gelei. Hy moes oor die binneplaas heen, waar Petrus was. Petrus sien toe vir Jesus. Jesus draai Hom om en kyk Petrus aan. Die blik van Jesus verraai vir Petrus, dat Jesus alles weet wat hy gedoen het. Petrus kon dit nie weerstaan nie. Die gekraai van die haan het verder sy siel deurboor. Deur selfverwyt en skaamte gedrywe vlug hy die voorpoort uit en toe hy buitekant kom, het hy in trane uitgebars. Hierdie trane gee te kenne sy diepe berou en belydenis.

Wat moet dit vir Jesus gewees het! Dat Hy in die aangesig geslaan is, was vreeslik, maar Jesus weet dat dit uit haat was. Maar dat Petrus, die eie dissipel, een van die drie wat altyd by Hom was, Hom verloën en op so manier, dit was duisendmaal erger as daardie vuisslae.

Petrus se berou het hom nie tot wanhoop gebring nie. Hoe dringend het hy nou behoefte aan die teenwoordigheid van sy Heiland. Geen wonder nie, dat hy een van die eerstes was, wat Jesus na sy opstanding opgesoek het.

D. Die Tweede Sitting

(Matt. 27:1; Mark. 15:1; Luk. 22:66)

Die evangelies vertel ons, dat die Sanhedrin in die môre 'n tweede sitting gehou het. Waarskynlik is hierdie vergadering gehou om die vonnis, wat reeds in die nag uitgespreek was, te bekragtig. Daar was in daardie tyd 'n bepaling, dat 'n doodvonnis alleen oordag mag uitgespreek word. Hierdie tweede sitting was voltalliger as die eerste. Daar word altans vele mense genoem, wat daarby teenwoordig was. In hierdie tweede sitting is alleen die vonnis bevestig, en verder is daar beraadslaag met watter aanklag hulle Jesus voor Pilatus sou bring.

E. Saamvatting

'n Vreeslike nag was nou verby. Dit het begin met die Paasmaaltyd en geëindig met 'n doodvonnis. Op 'n paar punte moet ons hier die aandag vestig:

a. Jesus is nie in 'n opstootjie gedood nie, maar Hy is offisieel deur die hoogste regbank van sy volk tot die dood veroordeel. Hy is as 'n misdadiger tereggestel. Die menslike regbank het Hom tot die dood veroordeel, sodat ons eenmaal voor die goddelike regbank sou vrygespreek word. Hy was sonder sonde en sonder skuld. Deur sy vonnis bedek Hy ons skuld en ons sonde.

b. Ons mag by hierdie geskiedenis dit nooit uit die oog verloor nie, dat dit ons self is, wat dit alles aan Jesus gedoen het. Die hoogmoedige Fariseërs, wat Jesus haat, woon ook in ons hart. Die wêreldse Sadduseër, wat die wêreld liefhet, die lawwe diensknegte, wat Jesus geslaan het terwille van 'n fooi, is ook in ons. Die ontroue Petrus, wat in sy bitter teleurstelling opeens alle geloof oor boord werp en sy Meester verloën, is ook in ons hart. Ons sou dieselfde kan doen. Die hele Sanhedrin is 'n weerspieëling van wat daar in ons hart is. Voor die regbank van ons hart word Jesus veroordeel. Ons bose luste en begeertes haat Hom.

> "Vir my moet Hy daar staan!
> Ek doen deur my sondes Hom al die smarte aan."

Eers as ons dit diep voel, kan ons leer begryp dat Jesus dit alles verdra het, sodat Hy ons ook vir ewig sou red.

c. Gods hand is in dit alles. Die Sanhedrin kon Jesus alleen tot die dood veroordeel. Dis God wat gesê het, dat Hy tot redding van die wêreld Homself moes offer tot in die dood. Ons moet bo al die mense uitsien en verstaan, dat God die wêreld so liefgehad het, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het tot in die dood van die kruis, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore gaan nie.

d. Daar is geen bladsy in die wêreldgeskiedenis, waarin ons so sterk en so suiwer die lig van God sien. Jesus het nie teruggeskel nie. Hy het sorgvol aan *sy* dissipels bly dink. Self is Hy verlate en Hy het hulle nie verlaat nie. Self verrade het Hy niemand verraai nie. Self geslaan en belaster het Hy tot die end toe probeer om hierdie sondige mense tot bekering te roep. Teenoor die bitterste duisternis staan hier die onbevlekte Lig. Alle sataniese magte in die wêreld het op Hom aangestorm, maar Hy bly die liefdevolle Heiland, sonder haat en sonder bitterheid.

e. Let op die grootheid van Jesus. As Hy daar voor sy regters staan, is Hy geen oomblik klein en bang nie. Hy staan daar trots soos 'n koning. Hy neem self die leiding. Hy is so sterk en so groot. Dit kom daarvandaan, dat Hy eers in Getsémané sy smart met God deurworstel het. Daarom kon Hy teenoor die mense so sterk wees. Hy staan met opgerigte hoof voor sy aanklaers.

Hoofstuk XXIV

DIE VEROORDELING DEUR PILATUS

A. Jesus na Pilatus gelei

(Matt. 27:2, 11-14; Mark. 15:1-5; Luk. 23 11-7; Joh. 18:28-38)

Vroeg in die môre is Jesus uit die paleis van Kajafas na die regshuis van Pilatus geneem. Pilatus het in Sesarea gewoon maar met die groot feeste was hy meesal in Jerusalem met die oog op die gevare van opstand. Hierdie keer het sy vrou saamgekom. Pilatus het in die paar jaar van sy goewerneurskap reeds verskillende dade gedoen, wat die haat van die Joodse volk opgewek het (Luk. 13:1-5). Hy het reeds die vorige aand toestemming gegee, dat Jesus gearresteer mog word. Hy het reeds van Jesus geweet. Die lede van die Sanhedrin het ongetwyfeld verwag, dat Pilatus somaar dadelik hulle doodvonnis sou bekragtig. Hy sou wel geen moeite doen om die saak te ondersoek nie. Maar toe hulle by die paleis van Pilatus kom, het alles teëgeval. Dit was onaangenaam dat die lede van die Sanhedrin nie binne die geregshuis mog gaan nie. Dit was immers 'n huis waar die suurdeeg nie weggeneem was nie. As hulle binnegaan, dan sou hulle hul verontreinig en dan kon hulle die Paasfees nie vier nie. Hulle as aanklaers moes dus buite bly staan, terwyl Jesus binne gelei is en deur Pilatus ondervra is. Maar daar was nog 'n moeilikheid. Pilatus was onwilliger as hulle verwag het. In plaas van eenvoudig die Joodse vonnis te bekragtig sonder verdere ondersoek, het hy meteens begin vra na die beskuldiging wat hulle teen Jesus inbring. Volgens Romeinse reg mag niemand veroordeel word, tensy daar 'n deugdelike beskuldiging teen hom ingebring word nie. Hulle antwoord en sê vir hom: "As Hy geen kwaaddoener was nie, sou ons Hom nie aan u oorgelewer het nie". Pilatus begryp heel goed, dat dit geen argument was nie. Hy het al bemerk, dat die owerpriesters en skrifgeleerdes Jesus alleen oorgelewer het uit 'n sekere jaloersheid en bittere haat (Mark. 15:10). Daarom sê hy: "Neem julle Hom en oordeel Hom volgens julle wet". Die Jode antwoord: "Dis ons nie geoorloof om iemand dood te maak nie". Hulle is met niks anders tevrede as met die doodstraf nie. Die Jode begryp egter nou dat hulle 'n aanklag sal moet indien.

Daarom kom hulle dadelik met drie sware beskuldigings (Luk. 23:2): a) Hy verlei die volk. b) Hy verbied om aan die keiser belasting te betaal. c) Hy sê dat Hy Christus, die Koning, is. Ons moet daarop let, dat al hierdie drie politieke aanklagte is. Die Jode het dit goed begryp, dat Pilatus nie spoedig iemand tot die dood sou veroordeel op grond van die feit dat Hy beweer dat Hy die Seun van God is nie. Sulke godsdienstige vrae laat Pilatus koud. Daarom beweer hulle nou, dat Jesus 'n oproermaker is.

In die tweede plek moet ons daarop let, dat al hierdie drie aanklagte heeltemal ongegrond is. As Jesus werklik gedoen het wat die Jode sê, as Hy Homself werklik Koning gemaak het, dan sou alle Jode Hom juis met geesdrif aangehang het, want dan was Hy 'n aardse Messias soos hulle dit wou hê. Toe Pilatus hierdie drie aanklagte hoor, het hy hom verwonder dat Jesus geen woord sê nie. Met verwondering sê hy toe vir Jesus: "Hoor U nie hoe baie dinge hulle teen U getuig nie?" Maar Jesus het selfs op geen enkele woord geantwoord nie, sodat Pilatus hom baie verwonder het. Hy gaan toe weer in die regshuis in en roep Jesus en sê vir Hom: "Is U die Koning van die Jode?" Jesus vra hom: "Sê U dit uit Uself, of het ander dit u van My gesê?" Pilatus antwoord: "Is Ek dan 'n Jood? U volk en die owerpriesters het U aan my oorgelewer. Wat het U gedaan?" Jesus antwoord: "My Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my Koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het dat Ek nie aan die Jode oorgelewer sou word nie. Maar nou is my Koninkryk nie van hier nie." Jesus laat hom verstaan, dat Hy tot 'n ander wêreld behoort.

Weer het daar verwondering in die hart van Pilatus gekom. Hierdie mens was vir hom so gans anders as andere, Hy het werklik iets koninkliks in sy houding en in sy woorde. Daarom vra hy: "U is dan tog 'n Koning?" Jesus antwoord: "Ja, Ek is 'n Koning. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom om vir die waarheid te getuig.

Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem." Hierop het Pilatus nie geweet wat hy moes sê nie. Die wysgere het hom vroeër gesê, dat niemand die waarheid kan ken nie. Daarom trek hy spottend die skouers op en met 'n glimlag sê hy: "Wat is waarheid?" Hiermee het hy die onderhoud beëindig. Hy begryp dit nou goed, dat Jesus geen gevaarlike oproermaker is nie. Hy gaan toe weer uit na die Jode en sê vir hulle: "Ek vind geen skuld in Hom nie!" Maar hulle het aangehou en gesê: "Hy maak die volk oproerig met sy leer die hele Judea deur, vandat Hy in Galilea begin het tot hier toe". Hier is nou 'n uitweg vir Pilatus. As Jesus uit Galilea is, dan is dit ook eintlik nie sy saak nie, dis dan die saak van Herodes. Herodes was in daardie dae toevallig ook in Jerusalem met die oog op die fees.

B. Jesus voor Herodes

(Luk. 23:8-12)

Toe Herodes Jesus sien, was hy baie bly, want hy was al geruime tyd begerig om Hom te sien, omdat hy baie van Hom gehoor het, en hy het gehoop om een of ander teken te sien wat deur Hom gedoen sou word. Herodes is die viervors van Galilea. Hy was vroeër bang, dat Jesus niemand anders was as Johannes die Doper nie, wat uit die dode opgestaan het (Matt. 14:2), maar nou het hy alle vrees verloor. Jesus was blykbaar 'n gewone mens, en nou is Hy 'n gevangene. Die ondersoek van Herodes het op 'n grote teleurstelling uitgeloop. Jesus het dit begryp dat Herodes alleen op sensasie belus was. Dit het by Herodes nie om reg gegaan nie, maar om die genot van 'n gesellige môre. Jesus het op die beskuldigings hier niks geantwoord nie. Herodes was sonder raad en het sy soldate beveel om Jesus te bespot. Hy werp Hom toe 'n blink kleed om. So'n blink kleed is in Rome gedra deur mense, wat begerig was na 'n hoë ereamp. So het Herodes vir Jesus na Pilatus teruggestuur.

C. Jesus en Barabbas

(Matt. 27:15-26a; Mark. 15:6-15; Luk. 23:13-25; Joh. 18:39, 40)

Toe Pilatus sien dat Jesus weer na hom teruggebring word, het daar iets van weersin in hom opgekom. Wat wil die Jode tog met hierdie Man hê? Pilatus self gevoel hoe langer hoe meer bewondering vir Jesus. Pilatus, wat self 'n swak en weifelende karakter gehad het, voel dat Jesus oneindig meer van 'n egte koningskap het as hyself. Nee, hierdie Man mag nie veroordeel word nie. Met beslistheid het hy vorentoe getree en gesê: "Julle het hierdie Man na my gebring as een wat die volk afvallig maak. En nou het ek in julle teenwoordigheid ondersoek ingestel en in hierdie Man geen skuld gevind aan die dinge waarvan julle Hom beskuldig nie; ja, ook Herodes nie, want ek het julle na hom gestuur, en daar is deur Hom niks gedoen, wat die dood verdien nie. Nadat ek Hom dan gekasty het, sal ek Hom loslaat." Toe het daar 'n storm van verset losgebreek. Teen so'n woede van die volk voel Pilatus hom nie opgewas nie, daarom soek hy na 'n nuwe lis om van hierdie saak af te kom. Dit was die gewoonte om elke jaar op die Paasfees iemand los te laat. Meteens kom hy op die gedagte, dat daar 'n berugte moordenaar of rower was, wat by 'n oproer in die stad gegryp was. Sy naam is Barabbas. Hierdie Barabbas was moontlik betrokke in die oproer op die Huttefees (Luk. 13:1-5). Barabbas word nou deur Pilatus naas Jesus gestel met die woorde: "Wil julle hê dat ek vir julle die Koning van die Jode moet loslaat?" Pilatus doen asof Jesus reeds gevonnis is. Hy laat die keuse oor aan die volk, maar daardeur gee hy die saak ook heeltemal in die hande van die volk.

Hy is vas daarvan oortuig dat die volk vir Jesus sal kies, waar Jesus vir hom oneindig baie hoër staan as Barabbas. Toevallig is Pilatus op daardie oomblik gesteur deur 'n bode van sy vrou. Sy het na hom gestuur en gesê: "Moet tog niks te doen hê met die regverdige man nie, want ek het vannag in 'n droom baie gely om sy ontwil". In hierdie kort oomblik het die owerpriesters hulle verderflike werk gedoen. Hulle het orals die mense opgesteek om te eis, dat Barabbas moet losgelaat word. Barabbas was vir hulle tenminste 'n man met moed, wat nie geaarsel het om na die swaard te gryp en die oorlog teen die vyand aan te bind nie. As hulle Jesus by hom vergelyk, dan was Jesus

iemand, wat altyd weifel en aarsel. Die skare behoef slegs die lydende gestalte van die Seun van die mens aan te sien om te begryp, dat Hy nooit Messias sou word in die sin soos hulle die Messias verwag nie. Daardeur het dit gekom, dat toe Pilatus weer vra: "Wie van die twee wil julle hê, moet ek vir julle loslaat?" hulle uit duisende monde uitskreeu: "Weg met Hom, en laat vir ons Barabbas los!"

Pilatus kan sy ore haas nie glo nie. Wil die volk nou werklik hê, dat Barabbas losgelaat en Jesus veroordeel word? Wat besiel die skare? Daarop spreek Pilatus hulle weer toe, omdat hy Jesus wou loslaat. Maar hulle hou aan met roep en sê: "Kruisig, kruisig Hom!" Vir die derde maal vra hy vir hulle: "Watter kwaad het Hy dan gedoen? Ek het in Hom niks gevind, wat die dood verdien nie. Ek sal Hom dan kasty en loslaat." Maar hierdie woorde het verlore gegaan in die rumoer en gegil van die massa. Soos 'n orkaan klink dit oor die voorplein: "Hy moet gekruisig word!"

Wat hierdie oomblikke vir Jesus gewees het, kan ons ons selfs in die verste verte nie indink nie. Hy wat jarelank, dag en nag, die mense gedien het en hulle uit siektes en pyn verlos het, word hier weggewerp soos 'n waardelose misdadiger. In die waansin van die sonde keer hulle hul van Hom af, en bekroon al sy liefde met niks anders as smaad en veragting nie.

D. Die Géseling

(Matt. 27:26-30; Mark. 15:15-19; Joh. 19:1-7)

Pilatus was te veel oortuig van die onskuld van Jesus, sodat hy nog altyd geen vonnis wil vel nie. Hy sal Barabbas loslaat, maar sien geen kans om Jesus te kruisig nie. Toe besluit hy om Jesus te laat gésel. Dit kon hy wel doen, ook al het Jesus geen bepaalde misdaad gedoen nie. Hy gee toe aan die diensdoende offisier bevel om Jesus te gésel. Daarop neem die soldate Jesus met hulle saam in die goewerneur se paleis en bring die hele leërafdeling teen Hom bymekaar. Die géselriem, wat hulle gewoonlik gebruik het, was voorsien van harde beentjies of stukkies lood. Daarmee het hulle op die ontblote rug geslaan, totdat die bloed aan alle kante uitloop. Van hierdie géseling het die soldate spoedig genoeg gehad. Maar toe kry hulle 'n sataniese inval. Hulle het gedurende die proses gehoor, dat Jesus voorgee dat Hy 'n Koning is. Nou volg daar 'n afgryslike spel van wreedheid en spot. Hulle het 'n rooi mantel om Hom gewerp. Toe het hulle 'n kroon van dorings gevleg en dit op sy hoof gesit en 'n riet in sy regterhand. Hulle val toe op hulle knieë voor Hom en bespot Hom en sê: "Wees gegroet, Koning van die Jode!" Hulle spuug op Hom en neem 'n riet en slaan Hom op sy hoof. Die soldate self speel nou natuurlik die rol van oorwonnenes. Asof hulle in dodelike angs verkeer vir hulle magtige oorwinnaar, kniel hulle voor Jesus neer.

Maar dan keer die rolle meteens om. Nou is hulle die oorwinnaars en Jesus hulle gevangene, daarom slaan hulle Hom in die gesig. Dis of daar 'n storm van duiwelse begeertes deur die harte van al die mense gevaar het. Dan word dit skielik stil, want Pilatus kom weer uit die geregshuis. Hy gebied dat hulle Jesus na buite moet bring. Sy plan is nou om openlik te laat konstateer, dat die géseling geskied het, dat die straf voltrek is en dat daarmee die proses beëindig is. Daarom sê hy: "Kyk, ek bring Hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek in Hom geen skuld vind nie". Jesus staan toe daar met die rooi mantel en die doringkroon as 'n spotbeeld van wat die sonde van die mens se koninklike amp gemaak het. "Daar is die mens!" roep Pilatus uit.

Maar nou breek daar 'n orkaan los. Kragtig klink die woorde van die skare daar oor die voorplein: "Kruisig, kruisig Hom!" Ons wil nie 'n Messias hê, wat Hom so laat bespot nie! Pilatus voel dat hy misgetas het. Hy het gedink, dat die volk medelyde met Jesus sou kry, dat hulle self van Jesus hou en Hom vereer, en dat al hierdie geskreeu slegs daar was weens die lasterpraatjies van die owerpriesters. Weer het hy hom vergis. In die teensin, wat die volk toon, was daar iets wat Pilatus nie deursien het nie, anders sou hy Jesus nie só met die doringkroon en die rooi mantel vorentoe gebring het nie. Hy het die siel van die Joodse volk nie geken nie, daarom het hy telkens misgetas.

Maar nou merk hy dat dit by hulle erns was. Die skare neem al meer 'n dreigende houding aan. Hy sê toe vir hulle: "Neem julle Hom en kruisig Hom, want ek vind geen skuld in Hom nie". Ook dit was dwaasheid. Pilatus het heel goed geweet, dat die volk nie die reg het om Jesus te kruisig nie. Nou is dit die beslissende punt. As hy werklik van oordeel is, dat die proses op 'n end is, dan moet hy Jesus nou buitentoe bring en die skare uiteen laat jaag. Maar in plaas dat hy dit doen, begin hy opnuut met die mense te onderhandel. Hy aarsel en daarom voel die volk, dat die pleit nog nie verloor is nie. Nou kom die leidsmanne van die volk dreigend vorentoe en sê: "Ons het 'n wet en volgens ons wet moet Hy sterf, omdat Hy Homself die Seun van God gemaak het". Eindelik laat hulle hul valse aanklagte oor belasting en oproermaak los, en kom hulle openlik voor die dag met die aanklag waarop die doodvonnis in die Sanhedrin uitgespreek is.

E. Die Vonnis

(Joh. 19:8-16)

Johannes verhaal ons dat Pilatus nog meer bevrees geword het, toe hy nou die werklike aanklag hoor, op grond waarvan die Sanhedrin die doodvonnis oor Jesus uitgespreek het. Die eerste aanklagte was versinsels, wat hy onontvanklik verklaar het. Maar nou blyk dit, dat daar nog meer agter sit. Die saak kom dus in 'n nuwe stadium. Op sigself geneem, sou Pilatus natuurlik kan sê dat hy daarmee niks te maak het nie, want hy bemoei hom nie met godsdienstige sake nie. Hy ag dit in elk geval nodig om opnuut op die saak in te gaan. Hy laat Jesus weer binnelei om Hom nogeens te verhoor. Toe Jesus teenoor hom staan, vra hy: "Waar is U vandaan?" Die mense sê dat U die Seun van God is, hoe sit dit eintlik in mekaar? Daar is iets in Jesus, wat Pilatus nuusgierig maak. Hierdie mens het iets bonatuurliks in Hom. Pilatus herinner hom die droom van sy vrou, hy herinner hom die talryke wonderverhale wat daar oor Jesus in omloop is. Sou hierdie mens werklik iets goddeliks in Hom hê? Werk daar bonatuurlike kragte in Hom? Dan was dit nie ongevaarlik om Hom te veroordeel nie, want dan sou die vloek van die gode hom wel kan tref wat hierdie mens aanraak. Ons lees, dat Jesus hom geen antwoord gegee het nie. Hoe sou Hy aan hierdie heiden die raaisel van sy afkoms duidelik maak?

Hierdie swye van Jesus het Pilatus verleë gemaak. Met barse stem vervolg hy: "Praat U nie met my nie? Weet U nie dat ek mag het om U te kruisig en mag het om U los te laat nie?" Toe het Jesus hom geantwoord: "U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u oorlewer, groter sonde." Weer gevoel Pilatus die sterk indruk wat Jesus op hom maak. Weer gaan hy buitentoe. Hy kyk nou vasberadener as tevore. Nee, hy kan Jesus nie veroordeel nie. Ook hierdie nuwe aanklag was dwaas en ongegrond. Toe die owerstes van die volk sien, dat hy besluit het om nie te wyk vir hulle geskreeu nie, begin hulle opnuut te roep: "As u Hom loslaat, is u nie die keiser se vriend nie. Elkeen wat homself koning maak, kom in verset teen die keiser." Elke mens wat sê dat hy koning is, breek daarmee die gesag van die keiser af. As Pilatus dit nie insien nie, dan is hy onbekwaam om te regeer en dan is hy self oorsaak van opstand en verwarring.

Hierdie laaste wapen was skerp en gevaarlik. In Rome het Tiberius geregeer, 'n agterdogtige man, wat bang was vir elke begin van opstand. Daar is kans dat Pilatus kan teruggeroep word. En sou hy sy eie loopbaan wil prysgee om Jesus te red? Die Jode het nie graag hulle op die keiser beroep nie, want daardeur erken hulle dan hul eie politiek afhanklikheid. Maar noudat dit om Jesus gaan, deins hulle vir geen enkele middel terug nie. Pilatus voel, dat dit alles nie meer baat nie. Met 'n gebaar van moedeloosheid laat hy 'n kom water haal en was sy hande voor die skare met die woorde: "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man, julle kan toesien!" Na hierdie woorde het die Jode die wraak van God oor hulleself ingeroep: "Laat sy bloed op ons en ons kinders kom!" Op vreeslike wyse is ongeveer veertig jaar later hierdie woorde vervul. Gedurende die beleg van Jerusalem in die jaar 70 is daar daagliks sowat 500 inwoners van Jerusalem aan kruise vasgespyker. Duisende is as slawe verkoop en in Rome voor die wilde diere gewerp. Vreeslik is die wraak van God oor hierdie woorde, maar dit alles het

hulle toe nog nie geweet nie.

Pilatus laat Jesus vorentoe bring na die plek Gabbata, in Grieks Lithostrotos (met klippe bedek). Daar staan die regterstoel. Om die Jode nog eenmaal te terg, roep hy uit: "Daar is julle Koning!" Toe skreeu hulle: "Neem weg, neem weg, kruisig Hom!" Pilatus sê vir hulle: "Moet ek julle Koning kruisig?" Op barse toon antwoord die owerpriesters: "Ons het geen koning behalwe die keiser nie". Toe het Pilatus die doodvonnis oor Jesus uitgespreek. Johannes sê, dat dit omtrent twaalfuur was (waarskynlik 11 uur Romeinse tyd), die tyd van voorbereiding vir die pasga. Jesus is veroordeel om gekruisig te word.

So het Israel hulle Koning doodgemaak, toe selfs 'n heiden dit begryp het dat Hy werklik 'n Koning was. Regverdig verklaar, en tog veroordeel en gekruisig!

Hoofstuk XXV

DIE KRUISIGING

A. Op Pad na Golgota

(Matt. 27:31, 32; Mark. 15:20-22; Luk. 23:26-32; Joh. 19:17)

Die doodvonnis moes dadelik voltrek word. Die soldate het die rooi mantel van Jesus weggeneem en Hom weer sy klere aangetrek. Van die doringkroon egter lees ons niks meer nie. Dis nie onmoontlik, dat Jesus dit op sy tog na Golgota gedra het nie. Volgens Romeinse gewoonte moes die misdadiger self sy kruis na die plek van teregstelling dra. Spoedig het die stoet vertrek. Voorop gaan die Romeinse offisier, dan volg enkele soldate. Daaragter kom dan die misdadigers. Voor elke misdadiger loop 'n man met 'n bord, waarop die misdaad van die veroordeelde geskrywe staan, sodat elkeen dit kan lees. Agter die kruisdraers volg weer soldate en daaragter 'n menigte van nuusgieriges. Onder hierdie nuusgieriges is daar ook die skrifgeleerdes en Fariseërs met voldane gesigte om getuies te wees van die dood van Jesus.

Slegs twee gebeurtenisse tydens die tog na Golgota word ons in die evangelies beskrywe. Die eerste is die ontmoeting van Simon van Ciréne. Dit het spoedig geblyk, dat Jesus weens die vreeslike pynigings van daardie Vrydagmôre nie in staat was om self sy sware kruis na Golgota te dra nie. Hulle het toe vir Simon van Ciréne, wat daar verbygegaan het, gedwing om Jesus se kruis te dra. Sonder vorm van proses is hierdie onskuldige man gedwing om die kruis van Jesus op sy skouers te dra. Al wat ons van hierdie Simon weet, is dat hy van die veld af gekom en hy die stoet verbygekom het, en dat hy die vader van Alexander en Rufus was (Mark. 15:21).

Lukas .verhaal ons nog 'n tweede gebeurtenis. Toe die stoet al op die ruimere pad, wat na Golgota lei, gekom het, het vele vroue uit Jerusalem ook gevolg. Hierdie vroue het rou bedryf en Jesus bekla. Toe Jesus dit hoor, het Hy Hom omgedraai en vir hulle gesê: "Dogters van Jerusalem, moenie oor My ween nie, maar ween oor julleself en julle kinders". Enkele oomblikke terug het die volk uitgeroep: "Laat sy bloed op ons en ons kinders kom!" Op 'n vreeslike wyse sal hierdie woorde bewaarheid word. "Want daar kom dae", sê Jesus, "waarin hulle sal sê: Gelukkig is die onvrugbares en die moederskote wat nie gebaar, en die borste wat nie laat drink het nie". Dan sal hulle begin om vir die berge te sê: "Val op ons! en vir die heuwels: bedek ons!" Hierdie vroue is nie gelowige vroue, wat Jesus vroeër gevolg het nie. Dis vroue uit Jerusalem, wat uit blote nuusgierigheid die stoet gevolg het.

B. Gekruisig

(Matt. 27:33-44; Mark. 15:23-32; Luk. 23:33-38; Joh. 19:18-24)

In die vorige hoofstuk het ons gesien, dat dit volgens die evangelie van Johannes omtrent twaalf uur was, toe Pilatus die doodvonnis gevel het. Dit moet beteken so tussen 9 en 12 uur, want volgens Luk. 23:44 was dit omtrent twaalf uur, toe die , duisternis oor die aarde gekom het. Markus sê, dat die kruisiging om 9 uur was.

Golgota beteken hoofskedel. Hierdie heuwel het sy naam gekry waarskynlik weens die vorm van 'n hoofskedel. Daar is Jesus met twee ander veroordeeldes ontklee, sodat hulle alleen 'n lendedoek aangehad het. Toe is die drie kruise opgerig. Nadat die kruise opgerig is, is die bene en arms eers met toue aan die kruis vasgemaak, daarna is hulle daaraan vasgespyker. Die straf van die kruisdood was oorspronklik afkomstig van die Fenisiërs, maar later is dit deur die Romeine oorgeneem. Die Romeine het die kruisdood so afskuwelik beskou, dat hulle dit alleen toegepas het op slawe en verder in die besette gebiede.

Vir die Jode was die kruisdood 'n besondere weersinwekkende iets, omdat dit 'n heidense straf was en omdat hulle die vloek van God daarin gevoel het (Deut. 21:23; Gal. 3:13). ,

Voordat hulle Jesus gekruisig het, het hulle Hom wyn met mirre gemeng gegee om te drink. Dit werk bedwelmend, sodat die pyne versag word. Jesus het gedurende al die tyd van sy verhoor niks te drink gehad nie. Tog het Hy geweier om dit te drink. Hy wil die smarte van die dood met helder bewussyn dra.

Bo die kruis is daar 'n opskrif geplaas, waarin die misdaad vermeld is. Die opskrif bo die kruis van Jesus was in Hebreeus, Grieks en Latyn nl. "Jesus die Nasaréner, die Koning van die Jode". Op die afbeelding van die kruis sien ons gewoonlik die letters INRI. Dis die Latynse vorm van hierdie opskrif (Iesus Nasarénus Rex Iudaeorum).

Die owerpriesters , het probeer om Pilatus te beweeg om die opskrif te verander, maar hy het geweier. En so blyk dit, dat Israel hulle Koning gekruisig het.

Toe die soldate hulle werk gedoen het, kon hulle begin om die buit te verdeel. Dit was die gewoonte om die klere van die gekruisigdes onder die soldate te verdeel. Daar was vier soldate en Jesus het vyf kledingstukke gehad. Elke soldaat kry 'n deel, die een die hoofdoek, die tweede die gordel, die derde die oorkleed en die vierde die sandale. Toe het net die lyfrok oorgebly, wat van kosbare stof gemaak was. Dis die onderkleed en dit was sonder naat, van bo af in een stuk gewewe. Hierdie onderkleed kon hulle nie verdeel nie, daarom het hulle die lot daaroor gewerp. Sonder dat hulle dit geweet het, was hierdie ruwe soldate die oorsaak dat vervul is wat daar in Ps. 22:19 staan.

So het Jesus daar aan die kruis gehang tussen twee rowers. 'n Grote skare nuusgieriges het gestaan en kyk hoe Jesus ly. Die verbygangers het hulle hoof geskud en gespot. Die owerpriesters het ook saam geskimp en gesê: "Ander het Hy gered, Homself kan Hy nie red nie. Laat die Christus, die Koning van Israel, nou van die kruis afkom, sodat ons kan sien en glo! Hy het op God vertrou, laat Hy Hom nou red as Hy behae in Hom het." Al hierdie spotwoorde roep hulle mekaar toe. Hulle is te deftig om met 'n gekruisigde te spreek, maar hulle sê dit tog wel so, hard, dat Jesus dit hoor. Tot selfs die rowers aan die regter- en linker-hand van Jesus het ook begin spot.

Maar Jesus het teenoor al hierdie spot geswyg. Slegs een woord uit die eerste tyd van die kruisiging is aan ons oorgelewer. En dit was nie 'n woord van vloek of van toorn nie, maar 'n woord van genade. Dit was die *eerste kruiswoord:* "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie". In die vreeslikste smarte, te midde van spot en skande, dink Jesus aan sy vyande en smeek Hy die Vader om vergewing.

C. Die Berouvolle Rower

(Luk. 23:39-43)

Lukas vertel ons van die *tweede kruiswoord.* Hy sê dat een van die kwaaddoeners, wat opgehang was, Jesus gesmaad en gesê het: "As U die Christus is, verlos Uself en ons". Deur Mattheüs en Markus word ons meegedeel, dat ook die rowers wat saam met Jesus gekruisig was, Hom bespot het. Maar dan moet daar in die hart van een van hulle 'n groot omkeer gekom het. In die begin het hy nog saam gespot, maar langsamerhand begin hy te swyg en na te dink. Op 'n bepaalde oomblik kan hy hom nie langer bedwing toe hy die ander rower so hoor spot nie. Hy bestraf hom toe en sê: "Vrees jy ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? Ons tog regverdiglik, want ons kry die verdiende loon van ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie". En meteens wend hy hom tot Jesus en met grote eerbied sê hy: "Dink aan my, Here, wanneer U in u Koninkryk kom". Hy gevoel dit, as straks die dood oor hom kom, dan sink hy weg in die duisternis, want hy is 'n sondaar voor God. Hy erken Christus as die Koning van die heerlikheid, daarom pleit hy by Hom om genade. Met grote ontferming antwoord Jesus hom: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy met My in die paradys wees".

D. Vrou daar is u Seun

(Joh. 19:25-27)

Hoe sterk Jesus in die eerste ure, aan die kruis nog aan andere gedink het en vir andere

gesorg het, blyk uit die *derde kruiswoord,* wat Hy tot sy moeder gespreek het. Tussen al die spotters en toeskouers het Jesus enkele vriende opgemerk. By sy kruis het gestaan sy moeder, sy moeder se suster, Maria, die vrou van Klopas en Maria Magdalena. Sy moeder se suster was waarskynlik Salomé, die moeder van Jakobus en Johannes. By hierdie vroue het die apostel Johannes ook gestaan. Toe Jesus sy moeder in haar oorstelpende verdriet sien, het Hy Hom tot haar gerig en gesê: "Vrou, daar is u seun!" En vir Johannes sê Hy: "Daar is jou moeder!" Jesus wys Maria daarop dat sy in die verdriet wat haar nou tref, troos sou kan vind by Johannes, sy dissipel. Haar eie seuns, die broers van Jesus, het nog nie in Hom geglo nie, daarom kon hulle hul moeder moeilik troos. Sowel Maria as Johannes het Jesus se woorde begryp. Van daardie uur af het Johannes haar dan ook in sy huis geneem. So was die eerste drie kruiswoorde geen klagte nie. Jesus het nie oor Homself gespreek nie. Sorgsaam en liefdevol dink Hy aan sy vervolgers, aan die boetvaardige sondaar en aan sy moeder.

E. Die Duisternis

(Matt. 27:45, 46; Mark. 15:33, 34; Luk. 23:44, 45)

Om twaalfuur in die middag van daardie droewe Vrydag het dit plotseling begin donker word. . 'n Gewone sonsverduistering was dit nie, want so'n sonsverduistering kom alleen voor by nuwe maan, nooit by volle maan nie. Hierdie duisternis het oor die hele aarde gekom tot drieuur toe. Dit was asof die heelal saam ly, noudat sy Koning gekruisig word. Hierdie duisternis het op Golgota onder die mense ontsetting en angs teweeggebring. Die owerpriesters en die nuusgieriges het soos angstige kinders na Jerusalem teruggegaan. Die wêreld is vir hulle nou so somber en so geheimsinnig. Selfs die soldate hou op met dobbel en lag.

Vir Jesus self het daar nou 'n hele nuwe tydperk van lyde gekom. Dit was asof God nou 'n gordyn tussen Hom en die mensewêreld geskuif het, en asof Hy nou alleen met sy Seun te doen het. Die mense sien niks en hoor niks meer nie. Dit het benoud stil op Golgota geword. Ook in die hart van Jesus het dit al donkerder geword. Solank Hy nog die wêreld gesien het, kon Hy nog sy oë op andere rig, want daar was soveel dinge om voor te sorg. Maar nou in die diepe duisternis is Hy so alleen, en nou sluip die donker magte van die hel op Hom aan. In die ontsettende angste wat Hom aangryp, soek Hy na die lig van God. Altyd was sy Vader by Hom, daarom het Hy na die opwekking van Lasarus gesê: "Ek het geweet dat U My altyd verhoor" (Joh. 11:42). Maar nou is dit asof Hom ook hierdie ruspunt ontval, asof die Vader Hom nou vir Hom gaan verberg. Sy hele siel skrei na die lig van God en Hy vind dit nie meer nie. Dis of daar rondom Hom niks anders is as een oneindige afgrond van duisternis nie. Hy soek en Hy tas na die liefdevolle hand van God, maar dis of Hy niks as toorn vind nie, asof God Hom verstoot. Hy hang nou tussen hemel en aarde. Die aarde het Hom verwerp, en die hemel, God self, ken Hom nie meer nie. 'n Ewigheid van naamlose lyde stort hom oor Hom uit. Die sonde van die hele menslike geslag word saamgepers in sy siel, en die toorn van God druk soos 'n sware las op Hom. Hier moet Jesus die helse smarte vir sy volk ly. Hier het Hy die hel deurlewe, terwyl Hy daar in die duisternis hang. So verskriklik was hierdie lyde in Hom, dat Hy dit nie meer kon bedwing nie. Om drieuur het Hy met 'n groot stem uitgeroep: "Eli, Eli, lama sabachtani, d.i. My God, my God, waarom het U My verlaat?" Dis die *vierde kruiswoord.* Dis so treffend dat Jesus in sy diepste smarte God tog nog *sy* God noem. Hy weet dat God tog nog Hom toebehoort, ook al voel Hy nou Gods gemeenskap nie meer nie. Hy gebruik nie die Vadernaam nie, maar Hy laat God tog nie los nie. Dis tog nog sy God.

Ook is dit opmerklik dat Jesus in die grootste smarte so dig by die Bybel lewe. Vroeër het Hy in die woestyn die duiwel met woorde uit die Bybel verslaan. En nou aan die kruis lewe sy gedagtes weer in dieselfde Bybelboeke, waaruit Hy al soveel krag en troos geput het.

F. Die Sterwe van Jesus

(Matt. 27:47-50; Mark. 15:35-37; Luk. 23:46; Joh. 19:28-30)

Dadelik na hierdie vierde kruiswoord het dit weer lig geword. Drie uur lank moes Jesus die helse smarte ly om ons daarvan te kan verlos. Nou het die mense daar rondom die kruis weer moed. Sommige spot nog oor die woord "Eli". Hulle het blykbaar die Hebreeuse woord nie begryp nie, en daarom roep hulle spottend uit: "Daar roep Hy Elia. Wag, laat ons sien of Elia kom om Hom af te haal." Jesus egter slaan nie meer ag op wat die mense sê nie. In sy hart was die stryd nou volstry. Binne in sy hart begin die lig weer op te gaan. Hy wou nog iets uitroep maar sy stem wou ingee. Hy roep toe uit: "Ek het dors!" Dis die *vyfde kruiswoord.* Iemand het toe 'n spons geneem, dit in asyn gesteek en op 'n hisopstingel gesit en aan sy mond gebring. Nadat sy droë mond bevogtig was, het sy krag teruggekeer. Dadelik daarna roep Hy as 'n ontsaglike, triomfroep oor die wêreld die heerlike woord van verlossing uit: "Dit is volbring!", die *sesde kruiswoord.* Die sware Middelaarswerk, die versoening van die wêreld is volbring. Nou wag die ewige Koninkryk vir Hom.

Toe Hy dit gesê het, was die dood daar. Nou volg die *sewende kruiswoord.* Jesus het toe met 'n groot stem uitgeroep: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor!" (Ps. 31:6). Hier het Vader en Seun mekaar vir ewig gevind. Dis nou nie meer: my God! (Elohim) nie, maar Vader.

Toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit.

G. Die Tekens

(Matt. 27:51-56; Mark. 15:38-41; Luk. 23:45-49; Joh. 19:31-37)

Op die oomblik toe Jesus gesterf het, het daar 'n siddering deur die hele skepping gegaan. Vele tekens is daar in en buitekant Jerusalem gesien. Die *eerste teken* was die skeuring van die voorhangsel van bo af na benede. Dit beteken dat die toegang tot God vir alle volke oopstaan, noudat die groot Hoëpriester sy offerande volbring het. Daar is nou geen priesters, geen bemiddelaars .meer nie, die weg na God toe is nou oop vir elkeen wat Jesus as die volmaakte Hoëpriester ken en in Hom glo. Die hele diens van skaduwees, die hele tempeldiens het nou verval, noudat die werklikheid daarvan gekom het.

Die *tweede teken* is die bewing van die aarde en die skeur van die rotse.

As *derde teken* noem Mattheüs die oopgaan van die grafte en die opstaan van die ontslape heiliges. Na Jesus se opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in Jerusalem gekom en aan baie verskyn. Sommige meen, dat hulle nie in 'n gewone menslike liggaam rondgegaan het nie, maar dat hulle hul alleen aan die uitverkorenes geopenbaar het. Andere meen, dat hulle opgevaar het soos Henog en Elia. Die gewone opvatting is, dat hulle as getuies van Jesus se opstanding hulle in Jerusalem vertoon het, en later 'n gewone dood gesterf het.

As *vierde teken* noem die evangelies die uitroep van verbasing van die Romeinse kaptein. Deur al die geheimsinnige verskynsels, die duisternis, die aardbewing het hy so onder die indruk gekom dat hy hardop uitgeroep het: "Waarlik, Hy was die Seun van God!" Waar Israel hulle Here verwerp het, daar kom die heidene en eer Hom.

As *vyfde teken* noem Johannes die feit, dat die bene van Jesus nie soos die van die ander twee gekruisigdes met geweld gebreek is nie. Omdat die middag al verstryk het en die aand al naderkom, wil hulle die liggame van die gekruisigdes nie langer daar laat hang nie. Om sesuur op Vrydagaand begin die sabbat. Omdat die twee rowers nie dood was nie, is hulle bene gebreek. Maar Jesus was al gestorwe, daarom het hulle dit nie nodig geag om sy bene te breek nie. Een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek en dadelik het daar bloed en water uitgekom. Johannes het hierin duidelik die vervulling van twee profesieë gesien, nl. Ps. 34:21 en Sag. 12:10. Die profeet Sagaria sê: "Hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het".

Die skare het hierna huis toe gegaan en "het op hulle borste geslaan".

H. Die Begrafnis

(Matt. 27:57-61; Mark. 15:42-47; Luk. 23:50-56; Joh. 19:38-42) Dit het al laat geword. Maria en die vroue het saam oorleg gepleeg, wat hulle met die liggaam van Jesus sou doen. Toe kom daar 'n ryke man, Josef van Arimathéa. Hy was 'n lid van die Sanhedrin, maar hy het met hulle raad en handelswyse nie saamgestem nie (Luk. 23:51). Hy was 'n goeie en regverdige man, wat self ook die Koninkryk van God verwag het. Hy het dit gewaag om na Pilatus te gaan en die liggaam van Jesus te vra. Pilatus was verwonderd dat Jesus al dood was. Toe die kaptein dit bevestig, het hy die liggaam aan Josef geskenk.

Terwyl hy besig was om die liggaam van Jesus in linne toe te draai, het Nikodémus daar aangekom met 'n mengsel van mirre en alewee. Hulle het die liggaam toe saam met die speserye in linne toegedraai. Naby die plek waar Jesus gekruisig is, was daar 'n tuin en in die tuin 'n nuwe graf waar nog nooit iemand in gelê was nie. In hierdie nuwe graf, wat aan Josef van Arimathéa behoort, het hulle Jesus neergelê. Die vroue wat saam met Jesus van Galilea gekom het, het ook gevolg en die graf gesien en hoe hulle sy liggaam daarin neergelê het. Hier is Jes. 53:9 vervul: "By 'n ryke was Hy in sy dood".

Hoofstuk XXVI

DIE OPSTANDING EN DIE VERSKYNINGS IN JUDEA

A. Jesus staan uit die graf op

(Matt. 28:2-4)

Die Fariseërs en die owerpriesters was bang, dat Jesus se dissipels sou kom en dan *sy* liggaam steel en sê dat Hy opgestaan het. Hulle het toe van Pilatus 'n wag gekry, maar self het hulle na die graf gegaan en die graf verseker deur die steen te verseël in die teenwoordigheid van die wag. Op die môre van die derde dag, die eerste dag van die week, het daar toe 'n groot aardbewing gekom en 'n engel van die Here uit die hemel het neergedaal en die steen van die opening van die graf weggerol en daarop gaan sit. Sy gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu. Die wagters het so verskrik geword, dat hulle soos dooies geword het. Sommige van hulle het na die owerpriesters gegaan om te vertel, wat daar gebeur het. Die Sanhedrin het gou bymekaar gekom en die wagters omgekoop om die leuen te versprei, dat Jesus se dissipels in die nag gekom en sy liggaam gesteel het. So het Jesus uit die graf opgestaan as die Vors van die lewe. Sy opstanding is 'n bevestiging van die waarheid van sy woorde en dade. Deur sy opstanding het Hy bewys, dat Hy waarlik die Seun van God is. Hy is deur die Gees van God uit die dode opgewek (Rom. 8:11). Die opstanding van Jesus is van die allergrootste betekenis. Die lewende Christus kan ons nou sy geregtigheid skenk. Sy opstanding is die grond van ons regverdigmaking.

B. Die Vroue

(Matt. 28:1-10; Mark. 16:1-8; Luk. 24:1-11; Joh. 20:1)

Heel vroeg op die môre van die eerste dag van die week, net nadat Jesus opgestaan het, het sommige vroue hulle gereed gemaak om die liggaam van Jesus met speserye te gaan salf. Onder hierdie vroue was daar Maria, die vrou van Klopas, Maria Magdalena en Salomé. Behalwe hierdie drie noem Lukas ook nog die naam van Johanna, die vrou van Gusa, wat Jesus ook vroeër met haar besittings gedien het (Luk. 8:3). Hulle het saam na die tuin van Josef van Arimathéa gegaan. Die vroue het blykbaar nie geweet, dat die graf verseël was nie. Hulle het ook nie geweet van die soldate, wat daar wag gehou het nie. Hulle was maar net oor een ding bekommer: hoe sal hulle die sware steen voor die opening van die graf kan wegrol? Maar toe hulle by die graf kom, het hulle tot hul grote verbasing gemerk dat die steen al afgerol was. Die graf lê daar donker en oop.

Die eerste gedagte wat daar in hulle opgekom het, was 'n gedagte van skrik en vrees, dat die liggaam van Jesus geroof was. Hierdie gedagte het so 'n ontsetting in hulle harte gewek, dat Maria Magdalena nie verder kon gaan nie. In groot droefheid en ontsteltenis het sy na die stad teruggekeer om die verskriklike tyding aan die dissipels te boodskap (Joh. 20:1). Die ander vroue was ook diep geskok, maar hulle het na die graf toe gegaan. Bewende en met 'n kloppende hart het hulle nadergekom tot by die opening van die graf. Toe hulle ingaan, kry hulle nie die liggaam van Jesus nie. Toe hulle moedeloos wou buitentoe gaan, merk hulle die engel. Hy het daar by die ingang van die graf soos 'n jongman met 'n blink kleed gesit (Mark. 16:5). Toe die vroue naderkom, merk hulle dat daar nog 'n ander een was, wat naas hom gestaan het (Luk. 24:4). Toe sê die engel: "Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Waarom soek julle die Lewende by die dode? Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan." Die engel herinner hulle daaraan, hoe Jesus vir hulle gesê het toe Hy nog in Galilea was: "Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense en gekruisig word en op die derde dag opstaan" (Matt. 16:21; 17:22, 23; 20:18, 19). Jesus het werklik opgestaan, "daar is die plek waar hulle Hom neergelê het". Moenie langer hier bly nie, sê die engel, maar "gaan haastig en sê vir sy dissipels: Hy het opgestaan uit die dode en gaan voor julle uit na Galilea. Daar sal julle Hom sien." Terwyl die engel nog spreek het

die vroue die woorde van Jesus herinner.

Haastig het hulle van die graf af weggegaan met vrees en groot blydskap. Bo hulle hoofde skyn daar nou die stralende lig van 'n nuwe dag.

C. Maria Magdalena

(Mark. 16:9-11; Joh. 20:11-18)

Maria Magdalena kon dit in haar droefheid nie langer uithou in Jerusalem nie, en daarom het sy angstig en somber na die graf teruggekeer, nadat sy die droewe nuus aan Petrus en Johannes meegedeel het. Daar het sy toe alleen by die graf gestaan, terwyl die ander vroue op pad na Jerusalem was om die blye boodskap aan die dissipels te bring. Hier by die graf het Jesus die eerste aan haar verskyn, en toe aan die vroue wat op pad na Jerusalem was. Daar by die graf het sy gestaan en ween. En terwyl sy ween buk sy na die graf toe en sien twee engele daar sit met wit klere aan. Hulle vra haar waarom sy ween. Sy sê vir hulle: "Omdat hulle my Here weggeneem het, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie". In haar droefheid het sy nie eens gesien, dat dit engele was nie. Terwyl sy nog spreek, voel sy dat daar iemand agter haar staan, maar sy meen dat dit die tuinier was. Sy sê vir hom: "Meneer, as u Hom weggedra het, sê vir my waar u Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem". Sy wis nie dat dit Jesus was nie. Eers toe Jesus haar aanspreek as Maria, het sy Hom herken en uitgeroep: "Rabboeni? d.i. Meester!" Met altwee hande wil sy haar aan Jesus vasgryp om Hom nooit weer los te laat nie. Maar Jesus sê vir haar: "Moenie My aanraak nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broers en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God." Dis die eerste woorde van die opgestane Christus. Maria moet dit leer, dat sy in aardse sin Jesus nie meer kan vashou nie. Op geestelike wyse wil Hy van nou af een met sy broeders wees. Maria is dankbaar, alles is nou weer stralend en juigend in haar.

Maar ook *die vroue,* wat op weg na Jerusalem was, sou die voorreg hê om die opgestane Jesus te ontmoet. Terwyl hulle op weg was, kom Jesus meteens hulle teë en sê: "Wees gegroet!" Toe kom hulle nader en gryp sy voete en aanbied Hom. Maar Jesus sê vir hulle: "Moenie vrees nie. Gaan heen en vertel my broers, dat hulle na Galilea moet gaan, en daar sal hulle My sien."

D. Petrus en Johannes

(Luk. 24:12; Joh. 20:2-10)

Dit blyk duidelik uit Mark. 16:9, dat Jesus eers aan Maria Magdalena verskyn het. Ons moet ons die gang van sake dan so voorstel: Maria Magdalena het dadelik teruggekeer na Jerusalem, toe sy bemerk het dat die steen voor die graf weggerol is. Daar het sy toe aan Petrus en Johannes die droewe boodskap oorgebring en vir hulle gesê: "Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie". Ons lees, dat Petrus en Johannes toe saam na die graf toe gehardloop het. Intussen het Maria Magdalena ook graf toe gegaan. Toe sy daar kom, was Petrus en Johannes reeds al weer op weg terug na Jerusalem. Daar het hulle eers die boodskap van die vroue gekry, dat Jesus opgestaan het. Johannes het die eerste by die graf gekom, en terwyl hy neerbuk, sien hy die doeke lê, maar hy het nie ingegaan nie. Toe kom Petrus agter hom aan en gaan in die graf in en sien die doeke lê. Petrus was flinker in sy optrede, minder aarselend as Johannes. Êrens in 'n hoek van die graf sien hy die doek lê, wat op Jesus se hoof was. Hierdie doek was netjies opgerol. Daarop het Johannes ook in die graf gegaan. Toe hy die sweetdoek, wat op Jesus se hoof was, daar sien lê, was hy dadelik oortuig, dat dit hier geen rowerswerk was nie. Meteens straal daar in Johannes 'n lig: Jesus moet opgestaan het. Toe pas begin hy hom te herinner, wat Jesus vroeër van sy opstanding gesê het. Ons lees dat, toe hulle alles gesien het, hulle geglo het.

Op twee punte moet ons hier let:

a. Aan altwee dissipels het geen engel verskyn nie. Hulle het so dikwels al uit Jesus se mond oor sy opstanding gehoor, dat hulle dit moes begryp. Die vroue het die berig uit die mond van 'n engel gekry, omdat hulle nie altyd by Jesus in sy omwandeling was nie.

b. Daar is 'n tipiese verskil tussen Petrus en Johannes. Petrus is die man van daad, Johannes is meer aarselend, maar ook dieper van gedagte. Petrus is die eerste wat in die graf gegaan het, Johannes is die eerste wat begryp het.

E. Petrus

(Luk. 24:34; 1 Kor. 15:5)

Op dieselfde eerste dag van die week het Jesus ook nog aan Petrus verskyn. Jesus weet wat daar in die siel van Petrus omgaan sedert hy Hom verloën het. Van hierdie verskyning is daar verder niks opgeteken nie. Die gesprek met Petrus was van 'n intieme aard. Die gebroke bande is hier weer herstel, sodat die vurige Petrus van nou af getrou aan sy Meester sou bly. Jesus het hom verseker van die vergifnis van sy sondes. Hier is die Middelaar ook Herder.

F. Die Emmaüsgangers

(Mark. 16:12, 13; Luk. 24:13-35)

Op die aand van die opstandingsdag het daar twee manne in die rigting van die dorpie Emmaüs geloop, wat agt myl van Jerusalem af was. Een van hulle heet Kleopas. Dis waarskynlik dieselfde Kleopas, waarvan ons in Joh. 19:25 lees. Hy was dus die vader van Jakobus en Joses. Sy vrou Maria het ook by die kruis gestaan. Hierdie twee manne was in 'n druk gesprek oor die dinge wat daar in die laaste dae in Jerusalem gebeur het. Terwyl hulle daar loop, het Jesus Hom by hulle aangesluit, maar hulle oë is gehou sodat hulle Hom nie kon herken nie. Belangstellend informeer Jesus na die onderwerp, waaroor hulle so druk in gesprek was. Kleopas vra of Jesus 'n vreemdeling in Jerusalem is, sodat Hy nie die dinge weet wat daar gebeur het nie, die dinge aangaande Jesus, die Nasaréner. Ag, hulle het tog so gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos!

Toe antwoord Jesus: "O onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie?" En toe het Hy hulle begin vertel van Moses. Het Moses nie geprofeteer, dat God eenmaal 'n profeet soos hyself sou verwek nie? (Deut. 18:15). Verder het Hy oor die profete gespreek. En toe het Hy vir hulle begin uitlê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het. Nooit was al die voorspellings in die O.T. duideliker vir hierdie twee wandelaars as nou nie.

Toe hulle in Emmaüs aankom, het Jesus gemaak of Hy verder wou gaan, maar hulle het by Hom aangedring om daardie nag by hulle te bly. In die huis het dit so anders gegaan as gewoonlik. Dit was die gewoonte by 'n maaltyd, dat die gasheer die brood breek en dit aan die gaste gee. Hier vind nou net die omgekeerde plaas. Jesus is hierdie ware Gasheer. Hy neem self die brood en breek dit, nadat Hy eers gedank het, en gee dit aan hulle. Toe gaan hulle oë oop en hulle herken Hom, en Hy het uit hulle gesig verdwyn. Hulle sê vir mekaar: ""Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?" Hulle kon dit nou nie langer daar in Emmaüs uithou nie. Hulle het haastig opgestaan en na Jerusalem teruggegaan om dit aan die dissipels te boodskap. Ons moet hier op die volgende punte let: a) Jesus gaan na sy opstanding anders met sy dissipels om as vroeër. Vroeër kon hulle gewoon met Hom saamgaan, nou verskyn Hy aan hulle. Hy vertoon Hom aan hulle, wanneer Hy wil. Hulle kan nie meer by Hom kom nie, maar Hy besoek hulle. Jesus behoort na sy opstanding eintlik al tot die hemelse wêreld. b) Die dissipels herken Hom nie. Jesus het anders geword. Hulle herken Hom nie weens hulle droefheid, en weens die feit dat hulle vroeër nooit goed gelet het op wat daar in die Bybel staan nie. c) Die dissipels kan 'n lange weg met Jesus wandel sonder Hom te herken. Dan sien hulle eers agteraf, dat dit Hy gewees

het.

Al hierdie dinge is 'n voorbereiding van wat daar na die hemelvaart sal gebeur. Jesus verskyn nou nie meer aan ons nie, maar Hy gaan op geestelike wyse met ons om. Hy laat sy teenwoordigheid in ons hart gevoel as Hy wil. Ons is dikwels verblind deur ons droefheid, ons aardse begeertes en verwagtings deurdat ons nie genoeg aandag skenk aan Gods Woord nie. As ons dig by die Bybel lewe, dan sien ons die hand van Jesus elke dag in ons lewe.

G. Die Apostels

(Mark. 16:14; Luk. 24:36-49; Joh. 20:19-23)

Toe die Emmaüsgangers in Jerusalem kom, vind hulle die deure van die huis waarin die apostels vergader het gesluit. Die apostels het uit vrees vir die Jode hulle met opset teruggetrek agter geslote deure. Daar het toe al 'n blye stemming onder hulle geheers. Die meedeling van die vroue het hulle eers nie heeltemal vertrou nie, maar die meedelings van Petrus en Johannes het hulle oortuig. En veral toe later op die dag die tyding hulle bereik het dat Jesus aan Petrus verskyn het, het alle twyfel verdwyn. Ja, die Here het waarlik opgestaan! En nou kom die twee Emmaüsgangers hulle geloof nog versterk. Twee van die twaalf apostels ontbreek, Judas en Thomas. Thomas wou aan al hierdie verhale geen geloof heg nie, en het eensaam rondgeswerwe met sy somber gedagtes. Terwyl hulle daar byeen was, het Jesus in hulle midde verskyn. Die eerste woord van hulle verheerlikte Meester was: "Vrede vir julle!" Hulle het verskrik en baie bang geword en gemeen dat hulle 'n gees sien. Hy sê vir hulle: "Waarom is julle ontsteld en waarom kom daar twyfel in julle harte op? Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk, want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie."

Toe hulle van blydskap nog nie glo nie, sê Hy vir hulle: "Het julle hier iets om te eet?" Daarop gee hulle Hom 'n stuk gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek, en Hy het dit geneem en voor hulle oë geëet. Daarna het Hy toe met hulle begin spreek van sy lyde en sterwe. Hy lê hulle uit, dat die wet van Moses, die boek van die Psalms en die boeke van die profete *sy* sterwe en *sy* opstanding al voorspel het. Ons lees dat Hy toe hulle verstand geopen het om die Skrifte te verstaan. Daarna, toe Hy wou heengaan, sê Hy nog 'n keer vir hulle: "Vrede vir julle!" en dan gaan Hy voort: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook". Om hulle vir hul apostoliese taak te bekwaam, blaas Hy op hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees". Dis 'n simbool van die uitstorting van die H. Gees. Hier is sy dissipels amptelik bekragtig deur die H. Gees vir hulle arbeid in die Koninkryk van die hemele.

Toe het Hy met hierdie woorde geëindig: "As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou". Dit beteken dat hulle die evangelie van genade orals moet preek. En orals waar die mense hulle bekeer en in Hom glo, daar mag hulle in sy Naam sê, dat hulle sondes vergewe is. En as hulle hul nie bekeer en nie in Hom glo nie, dan moet hulle hulle aansê, dat hulle sondes eenmaal in die oordeelsdag vir hulle sal toegereken word.

H. Thomas

(Joh. 20:24-29)

Thomas was nie daarby toe Jesus aan die dissipels verskyn het nie. Hy was somber en pessimisties (kyk Joh. 11:16). Selfs die boodskap van Petrus het hom nie laat glo, dat Jesus opgestaan het nie.

Maandagmôre, die dag na die verskyning, het die tien dissipels na hom toe gekom om hom van die verskyning van Jesus te vertel. Diep in sy hart het hy spyt gevoel, dat hy die vorige aand nie daar by sy mededissipels was nie. Maar in plaas dat hy sy spyt betuig, begin hy op bittere wyse: "As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien

en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie". Koppig en eiesinnig het hy aan *sy* sombere gevoelens vasgehou. Hy bly volhard in sy ongeloof. Die apostels het hulle natuurlik maar verbeel, dat dit Jesus was, so redeneer hy.

Toe dit weer Sondagaand was, 'n week na die dag van die opstanding, was die dissipels weer byeen in dieselfde vertrek. Nou was Thomas daarby. Ons lees dat Jesus binnegekom het terwyl die deure gesluit was. Hy het tussen hulle gestaan en gesê: "Vrede vir julle!" Toe rig Hy Hom tot Thomas en sê: "Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy, en moenie ongelowig wees nie maar gelowig".

Op daardie oomblik het Thomas gevoel asof hy deur die grond sink. Nou sien hy hoe deur en deur sondig sy bittere woorde gewees het. Nou voel hy, hoe hy die opgestane Jesus pyn gedoen het deur hardnekkig vas te hou aan sy sombere gedagtes. Huiwerend kom hy nader, maar toe hy by Jesus was, kon hy nie doen wat hy gesê het nie. Dit was vir hom onmoontlik om nou sy hande in die gate van die spykers te lê. Sy oë oortuig hom, sodat hy met groot eerbied uitroep: "My Here en my God!" Toe sê Jesus vir hom: "Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het".

In die geskiedenis van Thomas moet ons op die volgende punte let:

a. Hoe somberheid en pessimisme 'n mens eiesinnig en hoogmoedig kan maak. Thomas bly eensaam omdat hy die ander apostels as kinders beskou het.

b. Solank Thomas eensaam, hoogmoedig en eiesinnig was, kon Jesus hom nie ontmoet nie. Jesus het eers na Thomas toe gekom, toe Thomas saam met die ander apostels was en dus sy hoogmoed afgelê het.

c. Die bittere, trotse woorde, wat Thomas gespreek het, is hom deur Jesus weer voorgehou. Van elke ydele woord moet ons rekenskap aflê. Jesus vergewe die sonde van Thomas wel, maar Hy laat hom tog voel hoe dwaas hy was.

d. Toe Thomas eenmaal geglo het, was sy geloof ook groot en diep. Hy is die eerste van al die apostels wat Jesus as God bely het.

Hoofstuk XXVII

DIE VERSKYNINGS IN GALILEA EN DIE HEMELVAART

A. Aan die Meer van Tiberias

(Joh. 21:1-14)

Nog voor *sy* dood het Jesus vir *sy* dissipels gesê, dat Hy na *sy* opstanding aan hulle in Galilea sou verskyn (Matt. 26:32). Hierdie belofte en hierdie bevel het Hy na sy opstanding tot tweemaal toe herhaal, eers deur middel van die engel (Matt. 28:7) en later het Hy self persoonlik aan die vroue meegedeel, dat hulle die tyding aan die dissipels moet oorbring (Matt. 28:10). Eers agt dae na die opstanding, toe Thomas tot sekerheid gekom het, kon hulle gevolg gee aan hierdie bevel van Jesus. Spoedig na die Sondagaand, waarop Jesus aan Thomas verskyn het, het hulle vertrek na Galilea. Sodra hulle in Galilea aankom, het vier van hulle blykbaar rondgegaan om die gelowiges saam te roep. Sewe dissipels wag daar by die meer van Tiberias nou rustig op die verskyning van Jesus. Onder hierdie sewe was Simon Petrus, Thomas, Natanaël, Jakobus en Johannes. Petrus wou die tyd nie ledig deurbring nie, en stel toe voor dat hulle gaan vis vang. Daar is nog onrus in die hart van Petrus. Jesus het hom wel alles vergewe, maar tog het die onrus in sy siel gebly, dat hy nie meer 'n visser van mense kan wees nie. Die ander ses het toe saam met hom gegaan, en hulle het dadelik in die skuit geklim. Maar in daardie nag het hulle niks gevang nie.

Toe dit dag word, merk hulle dat daar iemand op die strand staan. Dit was Jesus, maar die dissipels het nie geweet dat dit Hy was nie. Jesus sê vir hulle: "My kinders, het julle nie 'n stukkie om te eet nie?" Kortaf en mismoedig antwoord hulle: "Nee". Toe sê Hy vir hulle: "Gooi die net aan die regterkant van die skuit, en julle sal kry". Hulle het die net toe aan die regterkant ingegooi, en hulle vangs was so groot dat hulle nie meer in staat was om dit te trek nie. Toe eers het in Johannes die gedagte gekom, dat dit Jesus was. Sulke bevele kan Jesus alleen gee. Alleen Jesus het mag selfs oor die visse (Ps. 8:9). Hy fluister toe vir Petrus in die oor: "Dit is die Here!" Toe Petrus hoor dat dit Jesus was, laat hy die net los, gord sy bokleed om en werp homself in die meer om die eerste op die strand by Jesus te wees. Ons vind hier weer dieselfde verskynsel as by die graf. Johannes is die eerste om te begryp, Petrus is die eerste om te doen. Intussen het die ander dissipels die skuit na die kant toe gebring met die net vol visse.

Toe hulle by Jesus kom, sien hulle 'n koolvuur en vis daarop lê en brood. Hierdie koolvuur en brood en vis is waarskynlik deur ander vissers daar gelaat. Toe sê Jesus vir hulle: "Bring van die vis wat julle nou gevang het". Jesus sê nie: "die visse wat Ek gevang het nie". Hy gee aan die dissipels die volle eer, ook al het hulle werk alleen deur sy seën vrug gedra. Daarin is 'n afskaduwing van geestelike waarhede: alles wat ons as mense vir Jesus doen, het alleen daardeur vrug, dat Hy met ons is, dat Hy dit deur ons doen. Watter seën oor die arbeid! As Hy teen ons is, is alle arbeid vrugteloos. Buite Hom is ons lewe en arbeid vergeefs. Soms hou Hy ook sy seën in, sodat ons op Hom sou let en sy hand in die lewe sou erken.

Die dissipels was skaars klaar met hulle taak om die net op te trek, toe Jesus vir hulle sê: "Kom eet!" Daar sit hulle neer rondom die vuur. Dit was weer soos vroeër, maar tog heeltemal anders. Jesus het deur sy opstanding so hoog, byna onbereikbaar geword. Hy was aan die maaltyd so dig by hulle en tog so veraf. Niemand van hulle het gewaag om Hom te vra wie Hy is, omdat hulle wis dat dit die Here was (Joh. 21:12). Toe het Jesus die brood geneem en dit aan hulle gegee, en so ook die vis. Dit was die derde keer dat Jesus aan sy dissipels verskyn het na die opstanding.

B. Ampsherstel van Petrus

(Joh. 21:15-23)

Hierdie verskyning van Jesus het veral tot doel gehad om Petrus weer in sy amp te herstel. Na die ontbyt daar op die strand het Jesus Hom na Petrus gewend met die vraag: "Simon, seun van Jona, het jy My liewer as hulle hier?" Petrus moet nou antwoord of hy hom nog met andere durf vergelyk. Dit moet nou uitkom of sy ou sonde van selfverheffing deur sy verloëning van Jesus gebreek is. Jesus spreek hom aan as Simon. Dit dien hier vir hom tot beskaming. Dis of Jesus wil sê: Ek noem jou nie Petrus nie, want op 'n egte Petrus lyk jy nie. Toe Petrus hierdie woorde hoor, het hy diep geskok gevoel en bedroef. Hy antwoord: "Ja, Here, U weet dat ek U liefhet". Petrus durf hom nie meer met andere vergelyk nie, hy weet nou wel hoe gevaarlik dit is. Daarom sê hy nie: "meer as andere" nie. Toe sê Jesus vir hom: "Laat my lammers wei". Hier gee Jesus hom weer sy opdrag. Hy het die plek van apostel verspeel deur sy verloëning, en nou gee Jesus dit aan hom terug. Na enige swye, vra Jesus hom weer: "Simon, seun van Jona, het jy My lief?" Jesus laat nou die woorde: "liewer as hulle hier" weg. Hy lok nou slegs die liefde van Petrus uit. Petrus antwoord: "Ja, Here, U weet dat ek U liefhet". Weer dra Jesus aan hom die toesig oor sy skape op: "Pas my skape op". Daarna het Jesus hom vir die derde maal gevra: "Simon, seun van Jona, het jy My lief?" Hieroor het Petrus bedroef geword, omdat Jesus hom vir die derde maal hierdie vraag stel. Hy voel daarin 'n duidelike sinspeling op sy drievoudige verloëning. Sou Jesus dan aan sy liefde twyfel? Daarom antwoord hy met nadruk: "Here, U weet alles, U weet dat ek U liefhet". Jesus sê vir hom: "Laat my skape wei".

Met groot nadruk laat Jesus op sy laaste woorde die waarskuwing tot Petrus volg, dat hy vroeër wel sy eie weg gegaan het in volkome vryheid, maar dat, as hy oud geword, 'n ander hom teen sy sin sal lei en bring waar hy nie wil wees nie. Noudat hy hom aan Jesus verbonde voel, nou sal Jesus hom gord en bring waar hy nie wil wees nie. Hy sal selfs die marteldood sterf tot verheerliking van Jesus.

Op hierdie wyse het Jesus hom in sy amp herstel. Nou mag niemand hom meer verwyt, dat hy Jesus verloën het nie. Sy sonde is nou openlik bely in die kring van die apostels, en Petrus is weer openlik in sy apostelamp herstel. Petrus het nou heelwat beskeidener en nederiger geword. Die versoeking daardie nag in die binneplaas van Kajafas se paleis het in die hart van Petrus 'n groot ootmoed gewek. Jesus het vir Petrus daarop gesê: "Volg My". Maar toe Petrus vir Johannes sien, sê hy: "Here, maar wat van hom?" Weer was Petrus voorbarig. Die Here openbaar elkeen se lot tog na sy vrymag. Daarom sê Hy: "As Ek wil dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? Volg jy My." Dis ook 'n woord vir Johannes. Hy moet rekening hou met die moontlikheid, dat hy sou lewe tot die wederkoms van Jesus. Dit het teen die natuur van Johannes ingegaan, want hy was iemand wat graag stil by Jesus wou wees.

C. Die Koningsverskyning

(Matt. 28:16-20; Mark. 16:15-18; 1 Kor. 15:6)

Volgens Matt. 28:16-20 het Jesus self sy dissipels bevel gegee om na Galilea te gaan "na die berg waar Hy hulle bestel het". Sy bedoeling was nie om op daardie berg alleen aan sy elf apostels te verskyn nie, maar ook aan die baie ruimer kring van sy dissipels, wat orals versprei in Judea en Galilea gewoon het. Daarom het Jesus dan ook enkele dae na sy verskyning by die meer van Tiberias op hierdie berg in Galilea aan 'n groot skare verskyn. Jesus het ook sy broers deur die vroue laat aansê, dat hulle na Galilea moet gaan (Matt. 28:10). Dis heel waarskynlik, dat die verskyning op die berg, waarvan Mattheüs ons vertel, dieselfde is as die aan "vyf honderd broeders tegelyk" (1 Kor. 15:6). Wel spreek Mattheüs alleen van die elf dissipels, maar dit sluit nie uit, dat daar ook vele andere by kon gewees het nie. Nog eenmaal wil Jesus sy gelowiges ontmoet. Nie minder nie as vyfhonderd was dan ook daar byeen.

Jesus het hulle opsetlik beveel om na Galilea te gaan. Daar het Hy die langste en die meeste gearbei. Elke pad wat die land hier deurkruis, was al so menigmaal deur Hom bewandel. En hoeveel maal het Hy aan die oewers van die meer van Galilea gepreek? Galilea was die land van herinnering. Daarom wil Jesus hulle daar ontmoet. Toe die

vyfhonderd daar saam was, het daar 'n groot verwagting in hulle harte geleef. Elkeen van hulle het 'n eie geskiedenis met Jesus, die een was deur Hom genees van melaatsheid of van blindheid, die ander was deur Hom geroep uit die donkerheid van ongeloof en sonde. Jesus het hulle almal so onnoemlik veel gegee.

Terwyl hulle daar byeen was, het Jesus aan hulle verskyn, gekleed in 'n onbeskryflike heerlikheid en majesteit. So indrukwekkend was sy verskyning, dat al die vyfhonderd neergeval het aan sy voete en Hom as hulle Koning en God aanbid het. Daar was nog enkeles wat getwyfel het, of hierdie hemelse verskyning wel Jesus was.

Toe het Jesus nadergekom en gesê: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde". Alles wat op aarde gebeur rus van nou af in my hand. Moenie bang wees vir magte en konings nie, Ek is die Koning van die konings en Here van die here. Toe wend Jesus Hom meer besonder tot sy apostels en sê: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die H. Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hulle wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat glo, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word." Daarna het Hy weer tot almal gespreek: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld". Hulle sal hulle weleens verlate voel, en hulle sal dan dink dat Hy nie met hulle is nie.

Maar Hy is altyd in hulle nabyheid. Toe het Hy uit hulle gesig verdwyn. In almal se harte het die herinnering aan hierdie verskyning gelewe as die heiligste oomblik in hulle lewe.

D. Jakobus

(1 Kor. 15:7)

Paulus vermeld ons in 1 Kor. 15 nog die verskyning aan Jakobus. Na alle waarskynlikheid is hier nie die apostel Jakobus, die broer van Johannes, bedoel nie, maar Jakobus, die broer van Jesus. Hierdie broer van Jesus het vroeër nie in Hom geglo nie (Joh. 7:5). Nou het Jesus aan hom verskyn. Wat Jesus vir hom gesê het, weet ons nie. Wel mag ons vermoed, dat hierdie verskyning tot sy bekering gelei het. Dit blyk ook hieruit, dat ons hom en ook sy ander broers na die hemelvaart in die kring van die gemeente vind (Hand. 1:14).

E. Die Hemelvaart

(Mark. 16:19; Luk. 24:48-52; Hand. 1:4-12)

Die veertig dae na die opstanding was vir die dissipels 'n tyd van wonders. Na die grote verskyning op die berg het hulle teruggekeer na Jerusalem. Ons moet aanneem, dat dit op bevel van Jesus geskied het. Hier in Jerusalem het hulle toe gewag.

Die hemelvaart word ons in die evangelies baie sober beskrywe. Die lyde van Jesus is vir ons breed en noukeurig geskilder, sy hemelvaart word slegs in enkele woorde vermeld. Dis eintlik alleen Lukas, wat daar iets uitvoeriger op ingaan. Toe die elf dissipels in Jerusalem was, het Jesus aan hulle verskyn. Dis sy tiende verskyning. Hierdie verskyning het waarskynlik heel vroeg in die môre plaasgevind. Jesus het toe met hulle oor die aardse werk gespreek en oor die roeping, wat daar nou verder op hulle rus. Toe sê Hy vir hulle: "Julle is getuie van hierdie dinge. En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle (nl. die H. Gees). Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte."

Nadat Hy dit gesê het, het Hy saam met sy dissipels in die rigting van Betánië gegaan. Dan daal hulle af in die Kedrondal en klim teen die Olyfberg op. Dis sy laaste wandeling op aarde saam met sy dissipels. Onderweg het Hy nog met hulle gespreek oor die koms van die H. Gees. Hulle sou met die H. Gees gedoop word, soos Johannes hulle vroeër met water gedoop het. Daarop vra sy dissipels of die tyd dan nou nie gekom het, dat Hy

die koninkryk vir Israel weer oprig nie. Hulle lewe nog altyd in aardse gedagtes en meen, dat Jesus Israel weer tot 'n koninkryk met mag sou maak. So weinig het hulle nog van die Koninkryk van die hemele begryp. Jesus wil nou nie meer hierdie dinge breedvoerig met hulle bespreek nie. Kort en ernstig antwoord Hy: "Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; maar julle sal krag ontvang wanneer die H. Gees oor julle kom, en julle sal my getuie wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde". Dis die laaste woorde, wat Jesus op aarde gespreek het. Die dissipels moet geen dromers word, wat stilsit en wag totdat die Koninkryk kom nie. Hulle moet getuie word, wat die wêreld ingaan met die boodskap van Jesus. En dan kom die Koninkryk deur hulle prediking *oor* die *hele* wêreld. Dis die Koninkryk wat Jesus wil *oprig, en* hulle moet mede-arbeiders wees.

Na hierdie woorde het hulle op die top van die Olyfberg aangekom. Daar staan Jesus in hulle midde as 'n Koning. Toe hef Hy sy hande op en seën hulle, en terwyl Hy hulle seën, is Hy opgeneem in die hemel, en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. So is Moses en Elia op die berg van verheerliking ook deur 'n wolk weggeneem (Luk. 9:34-36). Geen wa van vuur met perde van vuur soos by die hemelvaart van Elia nie (2 Kon. 2:11), maar die stille ligtende heerlikheid van 'n wolk wat omhoog wegtrek. Toe hulle nog stip na die hemel kyk, staan daar twee engele in wit klere by hulle wat sê: "Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."

Eenmaal sal Hy weer kom op die wolke van die hemel, en in daardie dag sal Hy as Regter van die lewendes en die dode verskyn. Tot daardie dag moet die dissipels die opdrag vervul, wat Hy hulle gegee het. Hulle moet die sendingsbevel uitvoer.

Vir die dissipels was die eerste indruk die van aanbidding. Ons lees dat hulle Hom aanbid het. Droefheid het hulle hart vervul, dat Hy nou heengegaan het en dat aan die verskynings nou 'n end gekom het. Jesus was na sy menslike gestalte van hulle geskeie. En tog het hulle na Jerusalem teruggegaan met groot blydskap. Dis 'n blydskap oor die eer en heerlikheid, waarin Jesus nou deel. Maar dis ook 'n blydskap daaroor, dat hulle apostels mag wees en dat hulle sy boodskap orals mag preek. Dis ook 'n blydskap daaroor, dat hulle straks met die H. Gees vervul sal word. Dis 'n blydskap daaroor, dat hulle nou 'n Voorbidder aan die regterhand van die Vader het. Ja, dis 'n blydskap daaroor dat Jesus nou vanuit die hemel sy kerk deur sy Woord en Gees regeer. So het die Koning teruggekeer na sy hemelse paleis en is Hy gekroon met eer en heerlikheid. So is dan die laaste woord van die evangelie: blydskap oor Jesus (Luk. 24:52).

So eindig die woorde en dade van Jesus op aarde. Nou spreek Hy deur sy dienaars en sy gemeente, wat Hy omgord met krag uit die hoogte. Daar in die bovertrek in Jerusalem is die klein gemeente bymekaar. Al hulle gedagtes is besig met die verheerlikte Christus. Hulle hele hart is een groot verlange na die vervulling van sy belofte. Sy woorde en dade was kragtig en het hulle uitwerking gehad, ook al is Hy deur die Jode verwerp.

LITERATUUROPGAWE

Ds. S. G. de Graaf — *Verbondsgeschiedenis,* Dl. II.

Prof. dr Karl Bornhäuser — *Das wirken des Christus durch Taten und Worte.*

Dr. J. H. Bavinck — *Geschiedenis der Godsopenbaring,* Dl. II — *Het Nieuwe Testament* (Dl. II is van dr J. H. Bavinck).

Stock en Renkema — *Handboek voor de Beoefening der Bijbelsche Geschiedenis,* Dl. II, N.T. dr P. J. S. de Klerk — *Handboek Gewyde Geskiedenis.*

Dr. J. Ridderbos — *Predikende het Evangelie des Koninkrijks.*

Dr. P. A. E. Sillevis Smitt — *Handboek voor de heilige Geschiedenis,* Dl. II, N.T.

Dr. P. A. E. Sillevis Smitt — *Johannes de Dooper.*

Dr. A. Kuyper — *Uit het Woord,* Dl. I.

Ds. J. van Andel — *Handleiding Gewijde Geschiedenis.*